

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen  
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften  
Journal of Humanities



Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns  
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 56 | Volume 56 | **DESEMBER 2016**  
Nommer 4-2 | Number 4-2 | **DECEMBER 2016**





**Tydskrif vir Geesteswetenskappe**  
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**  
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**  
**Journal of Humanities**

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751  
Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

---

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opperig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra  
The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

---



**4-2**

Uitgewer/Publisher

**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**  
**The South African Academy for Science and Arts**

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Arcadia 0007

Desember/December 2016



# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

## Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

## Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

## Journal of Humanities

### Hoofredakteur/Editor in Chief:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature

### REDAKSIE / EDITORIAL BOARD

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/ Linguistics

CS (Fanie) de Beer – Filosofie, Inligtingkunde/Philosophy, Information Science

LM (Lourens) du Plessis – Regsfilosofie/Philosophy of Law

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics

DS (Dave) Lubbe – Rekeningkunde/Accountancy

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/ Philosophy of Education

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/  
Theory of Literature

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology

### REDAKSIERAAD/ADVISORY EDITORIAL BOARD

#### Nasionaal/National

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese  
Burgerskaponderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic  
Citizenship Education

#### Internasionaal/International

James Athanasou – Psigometrie/Psychometrics (University of Technology, Sydney, Australia)

Reuven Bar-On – Emosionele Intelligensie/Emotional Intelligence (University of Texas, Medical Branch  
USA)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Canterbury, UK)

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam,  
Nederland)

Sebastian Kortmann – Regswetenskap/Law (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious  
Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit  
Leuven, België)

Belle Wallace – Onderwys vir begaafde leerders/Education for gifted learners (Oxford, UK)

**Ex officio:** D (Dionē) Prinsloo – Hoof Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

*Journal of Humanities* by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

**Intekengeld vir 2016 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):**

**Subscription fees for 2016 in South Africa (VAT and postage included):**

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*: R285,00 per jaargang/volume

*S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*: R250,00 per jaargang/volume

Nuusbrief /Newsletter: R95,00 per jaargang/volume.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

**Rig korrespondensie aan/Correspondence to:**

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Arcadia 0007, Suid-Afrika/South Africa.

publikasies@akademie.co.za; www.akademie.co.za

Tel: 0861 333 786 x 4; Faks/Fax: 012 329 0293

**TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE**  
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**  
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**  
**Journal of Humanities**

*Jaargang 56 Nommer 4-2, Desember 2016 / Volume 56 Number 4-2, December 2016*

**Inhoudsopgawe**

**NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (2):**

**B.J. (BENNIE) VAN DER WALT**

Onderweg na 'n Christelik-filosofiese analise van evolusie en evolusionisme: Die bydrae van 'n konsekwent probleem-historiese metode / *Toward a Christian-philosophical analysis of evolution and evolutionism: The contribution of a consistent problem-historical method* ..... 1091

**OTTO TERBLANCHE**

Die Nederlandse akademiese boikot teen Suid-Afrika: 'n Ontleding / *The Dutch academic boycott against South Africa: An analysis* ..... 1113

**GERALD STELL EN GERALD GROENEWALD**

'n Perseptuele verslag van Afrikaans in Namibië: Tussen lingua franca en sosiaal-eksklusiewe taal / *A perceptual account of Afrikaans in Namibia: Between lingua franca and socially exclusive language* ..... 1128

**MILTON VAN WYK EN LESLEY LE GRANGE**

Die geleefde ervarings van primêre skoolonderwysers binne 'n kultuur van performatiwiteit / *The lived experiences of primary school teachers within a culture of performativity* ..... 1149

**DANIE STRAUSS**

Die geesteswetenskaplike agtergrond van die natuurwetenskappe / *The humanities background of the natural sciences* ..... 1165

**SOPHIA DU PLESSIS EN JOHAN FOURIE**

“'n Droewige laslap op die voos kombars van onreg”: 'n Statistiese analise van konsentrasiekampbewoners / “A miserable patch upon a great wrong”: A statistical analysis of concentration camp residents ..... 1178

**SUSAN MEYER**

Natuurgesentreerde skryfwerk as ekosisteem: 'n Ondersoek na *Boomkastele: 'n Sprokie vir 'n stadsmens* (Schalk Schoombie). Deel 1 / *Nature writing as ecosystem: An analysis of Boomkastele: 'n Sprokie vir 'n stadsmens (Schalk Schoombie). Part 1* ..... 1200

**SUSAN SMITH**

“Landskapverinniging” as sentrale motief in die gedig “tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid” in die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog / *Landscape endearment as central motive in the poem “tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid” in Mede-wete (2014) by Antjie Krog* ..... 1213

**LOUIS VAN STADEN EN CARISMA NEL**

Leerbenaderings en akademiese prestasie van EBW-onderwysstudente / *Learning approaches and academic achievement among EMS-education students* ..... 1227

## **AKTUEEL: DEBAT**

---

### **INA WOLFAARDT-GRÄBE**

Redakteursnota..... 1245

### **DANIE GOOSEN**

Hermeneutiek, sisteme en state / *Hermeneutics, systems, and states* ..... 1246

### **KOOS MALAN**

Anderkant verstaatlike konstitusionalisme ..... 1252

## **BOEKBESPREKING / BOOK REVIEW**

---

Francois Verster – *Amsterdam tot Zeeland: Slawestand tot Middestand? 'n Stellenbosse slawegeskiedenis, 1679–1834* deur Hans Heese ..... 1266

Michael le Cordeur – *Slaafs* deur Bettina Wyngaardt ..... 1269

Linda Zöllner – *Swanesang. Die einde van die Kompanjiestyd aan die Kaap, 1771-1795* deur Karel Schoeman ..... 1272

Cobus Ferreira – *Verwoerd: Só onthou ons hom* (Hersiene uitgawe) deur Wilhelm J. Verwoerd (samesteller) ..... 1275

## **TAALRUBRIEK**

---

### **Tom McLachlan**

Oor die skryfwyse van Afrikaans I ..... 1280

## **UITNODIGING**

---

**Spesiale uitgawe:** Taal- en Letterkundekommissies, 100 jaar ..... 1283

**Boekeprojek:** Afrikaanse digters, skrywers en dramaturge ..... 1284

**Keurders: November 2015 – Oktober 2016** ..... 1285

**Inhoudsopgawe:** Jaargang 56 Nommer 4-1, Desember 2016 / Volume 56 Number 4-1, December 2016 ..... 1287

## Onderweg na 'n Christelik-filosofiese analise van evolusie en evolusionisme: Die bydrae van 'n konsekwent probleem-historiese metode

*Toward a Christian-philosophical analysis of evolution and evolutionism: The contribution of a consistent problem-historical method*

**B.J. VAN DER WALT**


Skool vir Filosofie

Potchefstroomkampus

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

E-pos: benniejvanderwalt@gmail.com



Bennie van der Walt

**BENNIE VAN DER WALT** studeer aan die (destydse) Potchefstroomse Universiteit vir CHO en die Vrije Universiteit van Amsterdam en behaal die grade ThB en DPhil (Filosofie). Vanaf 1970 tot 1974 was hy senior lektor in Filosofie aan die Universiteit van Fort Hare, vanaf 1975 tot 1999 direkteur van die Instituut vir die Bevordering van die Calvinisme, later herdoop tot die Instituut vir Reformatoriese Studie, en (vanaf 1980) ook professor in Filosofie. Sedert sy emeritaat (1999) is hy navorsingsgenoot – tans by die Skool vir Filosofie op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Deesdae skryf hy heelwat artikels vir geakkrediteerde tydskrifte in Afrikaans en publiseer ook monografieë in Engels. Van sy geskrifte is ook vertaal in onder andere Hongaars, Nederlands, Koreaans, Spaans, Portugees, Xhosa en Tswana. Hy het twee eregrade van instellings in Korea en Hongarye asook die Stalsprys (vir Filosofie) van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang.

**BENNIE VAN DER WALT** studied at the Potchefstroom University for Christian Higher Education and at the Free University of Amsterdam and obtained the degrees of ThB (Theology) and DPhil (Philosophy). From 1970 to 1974 he was senior lecturer in Philosophy at the University of Fort Hare; from 1975 to 1999 he was director of the Institute for Reformational Studies and also (from 1980) professor in Philosophy at the Potchefstroom University for Christian Higher Education. After his retirement (1999) he was appointed as research fellow of the School of Philosophy at the North-West University (Potchefstroom Campus). He has written many books and articles in refereed journals. Some of his writings were translated into the English, Dutch, Hungarian, Korean, Spanish, Portuguese, Xhosa and Tswana languages. He received two honorary degrees from institutions in Korea and Hungary and also the Stals Prize (for Philosophy) from the South African Academy for Science and Arts.

**ABSTRACT*****Toward a Christian-philosophical analysis of evolution and evolutionism: The contribution of a consistent problem-historical method***

*This article intends to gain more clarity about the philosophical presuppositions underlying evolutionary theories and evolutionism as a worldview. In the light of the wide confusion and disagreement among Christians and Christian scholars it may be helpful toward a better understanding of these burning issues.*

*From about the middle of the previous century the evolutionary theory and evolutionistic worldview were hotly debated topics in the Netherlands as well as in South Africa. In 1963 the Christian philosopher, Dirk H. Th. Vollenhoven (1892–1978), delivered three guest lectures on this topic in South Africa, which have not yet been published in either English or Afrikaans. In spite of the fact that these three lectures could not cover the developments during the last fifty years, they are still relevant for the continuing debate today. Vollenhoven's special contribution was that he uncovered the basic ontological and anthropological presuppositions underlying evolution and evolutionism.*

*To enable a better understanding of Vollenhoven's analyses, the first section of this essay provides a brief overview of his approach – which is often complicated for non-philosophers – especially how his thetic-critical method is applied in his consistent problem-historical method of historiography. For the present issue the following four distinctions are important: (1) His division of Western intellectual thinking into four main periods, viz. pre-synthetic ancient philosophy, synthetic patristic and medieval thinking, post- or anti-synthetic Christian and anti-synthetic secular philosophy. (2) Vollenhoven's division of the history of philosophy according to different successive normative currents. Among these, positivistic rationalism is of special importance to understand the emergence of evolutionism. (3) His distinction according to his doctrine of modalities between the four kingdoms of matter, plants, animals and humans. (4) The difference between mythologising, purely cosmological (or structural) and cosmogono cosmological (or genetic) thinking, of which only the first and the last can accommodate evolution and evolutionism.*

*The second section is devoted to Vollenhoven's first lecture, dealing with the basic philosophical starting points required by evolutionism. Apart from acknowledging change or evolving in reality, they are the following four: (1) A belief in progress; (2) positivism (a sub-current of late rationalism); (3) a monistic ontology, and (4) a supposed continuity between at least two of the four kingdoms.*

*In his second lecture Vollenhoven indicates how various types of evolutionism developed from different ontological and anthropological presuppositions, especially in the case of monistic thinkers. These scholars accepted a basic unity as origin of reality which divides into a higher and a lower section. Consequently they had to explain the relationship between the higher and lower divergence, resulting in the following theories, each giving birth to a different kind of evolutionary theory: (1) a priority theory (instrumentalism and vitalism); (2) an interaction theory (with zoological and phytological sub-types); (3) parallelism (with unrestricted and restricted sub-types). Representatives of each of these viewpoints are mentioned. In the case of the zoological interaction theory among mythologising, monistic thinkers, special attention is given to the philosophical background of German national-socialism and racism of e.g. Adolf Hitler.*

*The fourth section deals with Vollenhoven's third lecture in which he sketches his own viewpoint. Since he acknowledged the dynamic, evolving nature of creation, Vollenhoven held a different viewpoint on evolution if compared to his predecessors in the Reformational*

*tradition, like Kuyper, Bavinck and Diemer (cf. Van der Walt 2016a) as well as his contemporary, Dooyeweerd. They emphasised the fixed nature of species. Employing his theory of different modalities or aspects of reality and their subject-object relations, he explains the relations as well as the differences between the four kingdoms. He furthermore provides valuable insight into the difference between struggle for survival (a subject-subject relation) and adaptation (a subject-object relation).*

*Vollenhoven's conclusion was that Christian scholars need not reject evolution (he uses the term "transformation") in any one kingdom. However, evolutionism (called "transformism") should be rejected since it does not honour the ontic difference between (at least two of) the four kingdoms of matter, plants, animals and human beings.*

*As mentioned above, Vollenhoven's aim with these three lectures was not to cover every existing form or representative of evolution/evolutionism. (An impossibility to do so in merely 45 minutes per lecture.) Also, his cryptic style is often difficult to follow and needs explanation. Moreover, only short notes on his second and third lecture survived (see Addendum) and had to be reconstructed in the light of his other publications.*

*For his critical eye, and suggestions to accomplish the above "reconstruction" of Vollenhoven's lectures, I would like to thank the Vollenhoven expert, Dr. Kornelis A. Bril of the Netherlands. I do hope that our combined effort had rendered Vollenhoven's analysis accessible to a wider readership.*

**KEY CONCEPTS:** Adaptation, Christian viewpoint, consistent problem-historical method, cosmogonic thought, cosmological thought, evolution, evolutionism, evolving, experimental methods, idea of progress, philosophy, mythological thought, monism, national-socialism, parallelism, positivism, priority theory, rationalism, theories of interaction, thetical critical method, transformation, transformism.

**TREFWOORDE:** Aanpassing, Christelike standpunt, evolusie, evolusionisme, eksperimentele metodes, filosofie, konsekvent probleem-historiese metode, kosmogoniese denke, kosmologiese denke, mitologiserende denke, monisme, nasionaal-sosialisme, parallelisme, positivism, prioriteitsleer, rasionalisme, teties-kritiese metode, transformasie, transformisme, vooruitgangsgeloof, wisselwerkingsteorieë, wording.

## OPSOMMING

Hierdie bydrae soek na helderheid oor die filosofiese grondslae of uitgangspunte van die hedendaagse steeds gewilde evolusieteorieë en evolusionistiese lewensvisies asook die verskil tussen evolusie of wording en evolusionisme. Op dié wyse wil dit ook vir Christene en Christendekers, onder wie daar nog steeds groot verwarring oor die aangeleentheid heers, van hulp wees. Met die oog daarop word drie nog ongepubliseerde lesings oor die evolusionisme wat die Christelike wysgeer, Dirk H. Th. Vollenhoven (1892-1978), in 1963 by die destydse Potchefstroomse Universiteit vir CHO gelewer het hier bekend gestel en ontleed. Om sy filosofiese analise goed te kan begryp, word ter inleiding eers die hoofkontoere van sy konsekvent probleem-historiese metode uiteengesit.

Die eerste hoofafdeling handel daarna oor vyf filosofiese voorvereistes vir die ontstaan van die evolusionisme in die algemeen, naamlik 'n genetiese denkwys, vooruitgangsgeloof, 'n positivistiese en monistiese filosofie asook die aanvaarding van kontinuïteit tussen ten minste twee van die ryke van stof, plant, dier en mens. Die tweede afdeling toon aan hoe verskillende

ontiese en antropologiese uitgangspunte tot 'n verskeidenheid evolusionismes lei. Onder hulle was ook dié van Hitler se rassitiese nasionaal-sosialisme. Die derde hoofafdeling bied Vollenhoven se eie standpunt teenoor die voorafgaande. Hy aanvaar wel evolusie of transformasie binne dieselfde ryk, maar nie evolusionisme of transformisme wat die ryke sou transendeer nie. Vanuit sy eie filosofie bied hy ook nuwe insigte oor die verskil tussen die stryd om bestaan en aanpassing.

## 1. INLEIDING: LEEMTES IN DIE CHRISTELIKE NADENKE OOR EVOLUSIE EN EVOLUSIONISME

Hoewel baie – sowel Christene as mense van ander oortuigings – vandag evolusie en evolusionisme (die verskil tussen die twee sal in die verloop van hierdie artikel duidelik word) óf beide eenvoudig verwerp, óf eenvoudig as wetenskaplik bewese feite aanvaar, gaan die debat daaroor – 'n eeu nadat Charles Darwin die debat geopen het – op wetenskaplike vlak nog steeds voort. 'n Voorbeeld daarvan net uit Nederland is die onlangse werke van onder andere Klapwijk (2009), Driessen & Nienhuis (2010), Flipse & Harinck (2011), Kruyswijk (2011), Kwakkel & Van Houweligen (2011).

In vorige bydraes oor hoe Christene met die evolusieteorie en evolusionisme omgaan, het alreeds die volgende drie gebreke duidelik na vore gekom (vgl. Van der Walt 2016a en 2016b).

Eerstens het hierdie denkers nie besef dat die evolusionisme ten diepste nie bloot 'n biologiese en/of teologiese probleem is nie. Dit is filosofies van aard, omdat dit daarin gaan om die verhouding van God tot die geskape aardse werklikheid (ontologie), die verhouding tussen die ryke van stof, plant, dier en mens (kosmologie) en oor 'n denker se visie op die mens (antropologie).<sup>1</sup>

Tweedens het hierdie wetenskaplikes, veral dié wat 'n sintese tussen Skrifgeloof en evolusie nagestreef het, dikwels van evolusie/isme in die algemeen uitgegaan sonder om duidelik te maak dat daar baie verskillende soorte evolusionismes bestaan. Strauss (2009:107) merk tereg op dat die baie verskillende menings in die hedendaagse biologiese wetenskappe dit onsinnig maak om die evolusieteorie as 'n enkele uniforme en samehangende standpunt te beskou.

Derdens het hulle meestal ook die (Christelike) lewensbeskoulike vertrekpunte waarvolgens hulle die evolusieleer beoordeel nie duidelik uitgespel nie.

In die lig hiervan is dit belangrik om nou aandag te gee aan die beskouing van 'n Christelike filosoof wat alreeds in die vorige eeu hierdie leemtes probeer oorkom het toe evolusie en evolusionisme ook 'n hewige debat uitgelok het.

## 2. AGTERGROND OOR VOLLENHOVEN EN SY FILOSOFIE

Gedurende die vyftiger- en sestigerjare het daar 'n uitruilskema van professore tussen die Potchefstroomse Universiteit vir CHO en die Vrije Universiteit (VU) van Amsterdam, Nederland bestaan. Een jaar het van die VU se bekendste professore in verskillende vakgebiede aan die PU vir CHO gaslesings aangebied. So byvoorbeeld die teoloog G.C. Berkouwer en J.H. Bavinck, die filosowe H. Dooyeweerd, S.U. Zuidema en H. Van Riessen, die bioloog J. Lever, die

<sup>1</sup> Strauss, 'n Suid-Afrikaanse filosoof, is een van die weiniges wat in talle publikasies (vgl. Strauss 2004 en 2009:106-118, 479-491 en verder Van der Walt 2016a se bibliografie) baie huidige vorme van die evolusionisme vanuit 'n reformatories-Christelike filosofie beskryf en ontleed het.

opvoedkundige, J. Waterink en die historikus, M.C. Smit. By 'n volgende geleentheid het byvoorbeeld die letterkundige G. Dekker, die filosoof, H.G. Stoker, die bioloog J.A. van Eeden en die ekonoom, F.J.J. Coetzee weer aan die VU lesings gegee (vgl. Schutte 2005:337 e.v.). Die Christelike filosoof, Dirk H.Th. Vollenhoven (1892-1978) behartig vanaf 1 Augustus tot 30 September 1963 meer as 25 lesings op Potchefstroom en ook 12 op Pretoria en 11 op Bloemfontein (vgl. Stellingwerff 1992:224.)

## 2.1 Vollenhoven reeds bekend op Potchefstroom

Vollenhoven se filosofie was destyds nie onbekend in Potchefstroom nie. Prof. Jan A.L. Taljaard (1915-1994), dosent in Wysbegeerte aan die destydse PU vir CHO, het nie net in 1955 onder Vollenhoven gepromoveer nie (vgl. Taljaard 1955), maar ook van Vollenhoven se geskifte vir sy studente in Afrikaans vertaal. Daaronder was Vollenhoven se sistematiese filosofie (vgl. Vollenhoven 2005a en 2010) asook sy probleem-historiese weergawe van die geskiedenis van die Westerse intellektuele denke (vgl. Vollenhoven 1956 en vir 'n latere Engelse weergawe daarvan Vollenhoven 2005d en 2005e). Ook sy hoofwerk skryf Taljaard (1976) in 'n Vollenhoven-lyn. Hierbenewens het N. Theo van der Merwe (1932-2004) ook aan die VU sy doktors eksamens afgelê en tree op as assistent van Vollenhoven. Deur sy inset verskyn die eerste druk van Vollenhoven (1962) se *Schematische Kaarten* (vgl. Vollenhoven 2000 vir 'n heruitgawe).

## 2.2 Vollenhoven se filosofie teen 1963

Vollenhoven het hom alreeds vroeg in die geskiedenis van die Westerse filosofie verdiep (vgl. Vollenhoven 1933:71-309). Hy beplan ook om (saam met sy promovendi) die hele geskiedenis in detail te behandel. Van homself het daar reeds 'n lywige werk (618 bladsye) oor die voor-Platoniese, antieke Griekse denke verskyn (Vollenhoven 1950). Vir sy studente in die Pedagogiek verskyn daarna 'n vereenvoudigde weergawe van die hele Westerse intellektuele geskiedenis (Vollenhoven 1956). Soos reeds genoem, word dit aangevul met sy *Schematische Kaarten* (1962) waarin die hele Westerse denke vanaf die Griekse tot op datum op 'n baie nuttige, oorsigtelike wyse weergegee word.

Hoewel prof. Vollenhoven aan die einde van 1963 aan die VU emeriteer, sou hy na sy aftrede nog (tot 1975) onverpoosd voortwerk en het hy ook die resultate van sy verdere navorsing by maandelikse *privatissima* (lesings vir belangstellendes) by die VU aangebied. Nogtans het sy lewenslange besinning oor sistematiese en historiese probleme teen 1963 'n sekere mate van afronding bereik.

Die waarde van Vollenhoven (2011a) se gaskolleges lê ook daarin dat hy vir 'n gehoor (studente en dosente aan die PU) moes klasgee wat nie met sy metode op hoogte was nie. Hy het dus ekstra moeite gedoen om sy soms ingewikkelde historiografiese metode so duidelik en verstaanbaar moontlik oor te dra. Van die meeste van sy Potchefstroom-lesings is destyds bandopnames gemaak (vgl. Addendum).

## 2.3 Vollenhoven, 'n Christelike filosoof

Vollenhoven was nie net 'n oortuigde *Christen* wat daarby ook 'n *filosoof* was nie. Hy wou 'n *Christelike filosofie* daarstel. (In Vollenhoven 1933 noem hy dit nog 'n "Calvinistiese" filosofie.) Die "Christelike" het vir hom beteken dat hy Christus wou volg – ook in sy filosofie. Christus self verwys voortdurend na die "wet en die profete", die toenmalige Bybel (vandag ons Ou Testament). Daarom noem Vollenhoven sy eie filosofie ook 'n Skrifmatige of Skrifgehoorsame filosofie.

In een van sy lesings van 1963 op Potchefstroom (vgl. Vollenhoven 2011a:231 e.v.) omskryf hy sy eie wysbegeerte dus as 'n filosofie wat opgebou is in eerbied vir God se Woord en bewondering vir die veelkleurigheid van sy skepping. Soos uit die herpublikasie van sy geskrifte en vertalings daarvan in Engels (vgl. bibliografie) asook uit die publikasies van Tol (2010 en 2011) blyk vandag nuwe belangstelling in Vollenhoven se Christelike benadering. Hoe hierdie Christelik-Skrifmatige filosofie lyk, vind 'n mens ook duidelik in Vollenhoven se 1963-gaslesings.

## 2.4 Eers na 50 jaar gepubliseer

Vollenhoven se gaslesings op Potchefstroom het eers byna 'n halwe eeu later in druk verskyn (vgl. Vollenhoven 2011a). Hoe dit uiteindelik gebeur het, is nie net 'n interessante verhaal nie. (Dit word kortliks in 'n Addendum tot hierdie artikel beskrywe.) Dit herinner 'n mens daaraan dat kwaliteitswerk die tand van die tyd oor dekades – selfs eeue – kan oorleef.

## 2.5 Drie lesings oor die evolusionisme

Onder die lesings deur Vollenhoven aangebied, was daar nie minder nie as drie oor die evolusionisme. Die rede was ongetwyfeld omdat destyds in Nederland en Suid-Afrika warm debatte daaroor gevoer is (vgl. Van der Walt 2016a en 2016b).

Die vraag kan natuurlik gestel word of lesings van byna 'n halwe eeu gelede vandag nog enigsins aktueel en relevant kan wees. Aktueel is hulle beslis – die debat duur vandag onverpoosd voort (vgl. inleiding). Om die volgende vier redes bly Vollenhoven se bydrae oor die onderwerp ook nog relevant. Dit bied oplossings vir die leemtes hierbo (by die inleiding) vermeld.

In die eerste plek benader hy die evolusionisme vanuit 'n duidelike, eie tetiese vertrekpunt en tref byvoorbeeld 'n duidelike onderskeid tussen evolusie as teorie (transformasie) en evolusionisme as omvattende lewensvisie (transformisme).

In die tweede plek bevraagteken hy die moontlikheid van 'n geslaagde versoening of sintese tussen die Christelike geloof in God as Skepper en evolusionistiese denke (transformisme).

In die derde plek toon hy aan dat daar verskillende tipes evolusionisme bestaan en nie iets soos “die evolusionisme” (enkelvoud) nie.

In die vierde plek ontbloom hy die dieper filosofiese wortels van verskillende tipes evolusionisme. Die geheim van sy diepgaande kritiek lê in Vollenhoven se metodologie. Vir begrip oor Vollenhoven se standpunt is dit dus nodig om vooraf daaraan aandag te gee.

## 3. VOLLENHOVEN SE METODOLOGIE

Eers volg iets oor Vollenhoven se meer algemene teties-kritiese metode, waarna meer in besonderhede op sy historiografiese metode gelet sal word.

### 3.1 'n Teties-kritiese metode

Wat word met so 'n metode bedoel?<sup>2</sup>

---

<sup>2</sup> Vir besonderhede, vgl. onder andere Vollenhoven 2005a:6-8, 2010:16-18 asook Tol 2010:30-32, Kok 1996:8-19 en Van der Walt 2014a:24-25.

### 3.1.1 *Teties*

“Teties” dui daarop dat ’n denker, om die probleme waarvoor die wetenskap ’n mens stel te verstaan, nie anders kan nie as om ’n voorlopige eie standpunt te formuleer. Om eenvoudig ’n ander standpunt óf te aanvaar óf van die hand te wys, is nie voldoende nie. Dit moet vanuit ’n eie posisie gemotiveer word.

In Vollenhoven se eie ontologie of werklikheidsvisie (2005a:14-16) sien hy ’n duidelike onderskeid, maar ook samehang tussen God, sy skepping en sy verordeninge wat vir sy skepping geld. Sy antropologie of mensvisie (2005a:61-62) behels onderskeid sowel as samehang tussen die prefunksionele menslike hart en verskillende liggaamlike funksies of modaliteite. Die hart, die sentrum van religie, bepaal die rigting van elke mens se lewe, sodat die mens nie as ’n ding (stof, plant of dier) beskou mag word nie.

Om net by die eie, tetiese te bly staan kan egter in dogmatisme ontaard. Om daarsonder die geskiedenis van die filosofie te probeer bestudeer, impliseer relativisme of eklektisisme. Laasgenoemde hou in dat ’n denker nie werklik tot ’n gestelde probleem deurdring nie, maar hier en daar enkele gedagtes optel en – sonder om eers te vra of hulle mekaar kan verdra – te aanvaar.

### 3.1.2 *Krities*

“Krities” impliseer om ernstig kennis te neem van hoe ander denkers probleme gestel en opgelos het. ’n Christelike filosoof mag nooit sweer by menslike meesters, hoe gewild ook al, nie. Sy voorgangers en tydgenote mag verkeerde antwoorde op korrek gestelde vrae bied of selfs met ’n heeltemal verkeerde probleemstelling begin het wat ’n juiste oplossing onmoontlik maak.

Om krities te wees beteken egter allermins die eenvoudige afwysing van ’n ander oortuiging. Dit kan ook tot die aanbeveling van ’n ander standpunt lei. Selfs al impliseer dit die handhawing van die eie filosofie, behels dit nogtans ’n waardevolle toets daarvan.

### 3.1.3 *’n Tweevoudige program*

Vereenvoudig sou ’n mens kon sê dat Vollenhoven vanaf die begin ’n dubbele program wou volg. Aan die een kant ’n kritiese konfrontasie met die Westerse denkgeskiedenis. Reeds met sy inougurele rede op 26/10/1926 (vir ’n Engelse vertaling, vgl. Vollenhoven 2013) was dit al duidelik.

Aan die ander kant wou hy ook sy eie Christelik-filosofiese standpunt duideliker uitwerk. Dit blyk uit die hele reeks uitgawes van sy *Isagôgè Philosophiae* (Inleiding tot die filosofie) vanaf 1930 (vgl. Vollenhoven 2010. Vir ’n Nederlands-Engelse weergawe van die finale edisie van 1945, vgl. Vollenhoven 2005a.) Uiteindelik het Vollenhoven se navorsing oor die 2750-jarige geskiedenis van die Westerse denke volgens sy probleem-historiese metode soveel tyd in beslag geneem dat hy nie sy eie sistematiese wysbegeerte verder kon uitbou nie. Omdat geen metode neutraal kan wees nie, word sy eie filosofie egter duidelik in sy probleem-historiese metode gereflekteer.

### 3.1.4 *Een metode met twee kante*

Dit is duidelik dat die tetiese en kritiese nie twee afsonderlike metodes is nie, maar in wisselwerking saamgaan, een metode vorm. Vollenhoven (2005a:8) vat dit soos volg saam:

It is by maintaining that which is tenable in one’s own position, by critically examining not only the result acquired by others but also the result of one’s own thinking at an earlier

time, and by having the courage to accept the implications of one's position, that one can make progress through struggle and attain a double profit: a reinforced *position* and a more definite *rejection* of whatever is inconsistent with it.

Om Vollenhoven se kritiese analise van die evolusionisme te verstaan en waardeer, is, behalwe sy eie filosofie (wat nie hier behandel kan word nie) veral 'n elementêre kennis van sy konsekwent probleem-historiese metode 'n vereiste. Daarsonder mag sy analise en terminologie abrakadabra vir oningewydes wees.

### 3.2 Hooftrekke van die konsekwent probleem-historiese metode

Toegepas op die historiografie van die filosofie van die Weste, heet Vollenhoven se teties-kritiese metode die konsekwent probleem-historiese. Eenvoudig gestel, het hy daarvolgens gepoog om (op konsekwente wyse) sowel aan die basiese ontiese en antropologiese filosofiese probleme aandag te gee soos wat hulle histories in die Westerse denke ontwikkel het. Net vier hoofkontoere van die metode word hier geskets.<sup>3</sup> Verdere besonderhede volg later by Vollenhoven se analise van die evolusionisme.

#### 3.2.1 'n Eerste onderskeiding: vier hoofperiodes

As Christelike filosoof stel Vollenhoven aan elke Westerse denker – vanaf die antieke Grieke van 750 v.C. tot ongeveer 1975 n.C. – heel eerste die vraag wat hy/sy se houding teenoor die Woordenbaring van God was. (Hy doen dit nie om te veroordeel nie, maar slegs om die feitlike situasie vas te stel.)

Die antieke Griekse, Hellenistiese en Romeinse filosowe (tot ongeveer 100 n.C.) het die Woord nog nie geken nie. Die Christelike Kerkvaders (vanaf ongeveer 150 n.C.) en die Middeleeuse denkers (tot ongeveer 1500 n.C.) het 'n versoening of sintese tussen hulle Christelike geloof en die pagane antieke filosofieë probeer bewerkstellig. Daarom noem Vollenhoven die voor-Christelike denke voor-sintese denke en die Christelike daarna sintesedenke.

Vanaf die Renaissance (ongeveer die 16e eeu) val die sintesedenke uiteen en 'n tydperk van na-sintese of anti-sintese beheers die Westerse denke. In hierdie derde hoofperiode van die Westerse wetenskaplike geskiedenis was daar egter twee radikaal verskillende tendense. Die een, wat met die sestiende-eeuse Reformasie begin, het anti-sinteties gedink, omdat dit die antiekheidse element binne die sintese verwerp het om weer ten volle reg aan God se Woord te laat geskied. Vollenhoven noem hierdie die anti-sintetiese regse of Christelike tradisie.

Die dominante tendens vanaf die Renaissance en daarna tot op vandag was egter 'n anti-sintetiese linkse of sekulêre beweging. Om presies die teenoorgestelde rede het hierdie denkers sintesedenke afgewys – hulle wou van die Christelike element daarin ontslae raak. Aanvanklik is probeer om die antieke pagane denke te laat herleef. Omdat repristinasië nie kon werk nie, neem die outonome menslike verstand later oor en vervang die plek van God se openbaring.

Soos nog sal blyk, is die evolusionistiese denke een van die vrugte van hierdie antisinteties-linkse, sekulêre rigting. Vollenhoven sê dit nie eksplisiet nie, maar veronderstel dit wel. Brill

<sup>3</sup> Vir die detail vgl. Vollenhoven 2000, 2005d en 2005e asook die verduidelikings deur Brill 1986, 2005 en Van der Walt 2014a. Laasgenoemde bron bespreek ook enkele punte van kritiek op Vollenhoven se historiografie van die Filosofie.

(1993:44) vestig uitdruklik die aandag daarop. Die God van die Bybel – as Skepper en Wetgewer – verdwyn uit die Westerse denke om deur 'n sekulêre (bv. evolusionistiese) lewensvisie vervang te word.

### 3.2.2 'n Tweede onderskeiding: normatiewe strominge

Binne bogenoemde drie (eintlik vier) hoofperiodes onderskei Vollenhoven verder verskillende filosofiese strominge. Dit is *normatiewe rigtings* (vandag “waardes” genoem) deur denkers in verskillende filosofiese skole gedurende 'n bepaalde tyd voorgestaan

Alreeds die antieke Griekse denkers het klem gelê op wetenskaplike kennis, want kennis is mag. Sommige van hulle kan dus intellektualiste genoem word, maar hulle was nog nie rasionaliste nie. Laasgenoemde filosofiese rigting het eers vanaf ongeveer 1600 n.C. in die Westerse wêreld begin veld wen om daarna vir drie eeue die toon aan te gee.

#### *Rasionalisme*

Wat word met rasionalisme bedoel? Die woord is afgelei van die Latyn *ratio* wat “verstand” beteken. God het die mens met 'n verstand toegerus, maar die sekulêre Westerse denke het 'n Rede daarvan gemaak. Vollenhoven verduidelik:

... what then is reason (*ratio*)? Reason is the intellect supplied with apriori's. From whom do these apriori's come? Are they, like the intellect, a gift of God, or are they a mental invention of a philosophy adrift? And what does the overt or covert acknowledgement of “reason” imply? It implies *that human thought contains the laws for the cosmos in itself*. Therefore reason is no more than an idol. But in that case reason does not exist. Naturally this last statement does not imply that rationalism has not existed... For even if an idol is nothing, idolatry is a huge and dreadful power (Vollenhoven 2005d:75).

Die *ratio* was dus veel meer as net verstand. Dit was, soos Vollenhoven skryf, met apriories toegerus. Wat het dit ingehou?

#### *Apriorisering*

Behalwe dat kleure, geure en klanke nou vanuit die rede aan die werklikheid toegeskryf moes word, moes selfs begrippe en oordele (binne in die rede geplaas) die buitewêreld konstitueer (vgl. Brill 1986:228 e.v.). Rasionalisme het ook beteken (soos Vollenhoven skryf) dat die norme vir die hele lewe, wat vroeër as bestaande buite die rede beskou is, nou subjektivisties na binne die rede verskuif is. Die mens is outonoom verklaar – sy eie wetgewer en wetgewer vir alles buite homself. Enige norme van buite, soos die Christelike geloof in God as Wetgewer, word verwerp. Die verabsoluteerde menslike verstand is in alle opsigte beskou as dié leidster na vooruitgang en 'n eventuele paradys.

#### *Verskillende strominge*

Vanaf ongeveer 1600 tot 1830 het die ouere of vroeëre rasionalisme (in drie opeenvolgende substrominge) die toneel van filosofie, wetenskap en kultuur oorheers. Dit word deur die jongere of later rasionalistiese strominge (ongeveer 1830-1900) opgevolg (Vollenhoven 2005d:155). Die verskil tussen vroeëre en latere rasionalisme word later verduidelik.

Die eerste substroming was die positivistiese. Eers gedurende hierdie tydperk word die evolusieteorie 'n moontlikheid by voorbeeld Lamarck (1744-1829) en Darwin (1809-1882)

(vgl. Vollenhoven 2005d:80-81 en 2005e:86). Waarom dit die geval was, sal later duidelik word.

Omdat God se gebooië (saamgevat in die liefdesgebod) nie meer binne die outonome, sekulêre rasionalisme gegeld het nie, verval by die positivisme ook die Bybelse onderskeid tussen goed en kwaad. Alleen die sterkstes behoort te oorlewe (Darwin se “survival of the fittest”).

### 3.2.3 *’n Derde onderskeiding: ryke*

Behalwe die normatiewe *rigting*, huldig elke denker ook ’n standpunt oor die vertikale ontiese *struktuur* van die werklikheid en gevolglik oor die verhouding tussen die ryke.

Volgens sy modaliteitsleer (vgl. Vollenhoven 2005a:25) onderskei Vollenhoven tussen fisies gekwalifiseerde materie, die biotiese gekwalifiseerde planteryk, die psigiese gekwalifiseerde diereryk en die menslike ryk wat aan talle meer aspekte vanaf die analitiese tot by die pistiese of gelooffaset deel (vgl. Vollenhoven 2005a:63 e.v.). Hiervolgens kan bepaal word of ’n denker ’n duidelike onderskeid tussen byvoorbeeld dier en mens maak. Dit bepaal hoe ’n wetenskaplike se hele ontologie (werklikheidsvisie) en antropologie (mensvisie) daar uitsien. Die groot verskeidenheid ontologieë en antropologieë sal hieronder nog ter sprake kom.

### 3.2.4 *’n Vierde onderskeiding: strukturele en genetiese denke*

Vollenhoven onderskei die volgende wysgerige visies oor die ontstaan en die aard van die werklikheid.

Eerstens die mitologiserende of teogonies-kosmogoniese denke. Dit maak gebruik van allerlei soorte mites om die ontstaan van die gode en hoe hulle die wêreld tot stand sou gebring het te verklaar (vgl. Vollenhoven 2000:342). Reeds die eerste vers van die Bybel (Gen.1:1) openbaar egter God se verset teen sulke geloofsfantasieë. Son, maan en sterre is byvoorbeeld nie gode wat gedien moet word nie. Hulle is skeppings van God en dien die mens deur tye en jare vas te stel. Sulke mitologiserende denke kan wel evolusionisme akkommodeer.

Tweedens was en is daar nog steeds die louter of suiwer kosmologiese denkers. Soos dié naam aandui, wil hulle nie teogonies-kosmogonies oor die ontstaan en die ontwikkeling van die gode en kosmos spekulêr nie, maar beperk hulle tot die bestaande vaste strukture wat van ewigheid af sou bestaan. So ’n tipe denker kan nie evolusionisties dink nie, omdat dit die statiese en nie die veranderlike in die werklikheid beklemtoon (vgl. Vollenhoven 2000:330).

Derdens was en is daar ook kosmogono-kosmologiese denkers. “Kosmogono” dui daarop dat genese of ontwikkeling binne die kosmos wel erken word, maar godegenerasies (soos in die mitologiserende denke) word ontken. Teenoor die suiwer kosmologiese denkers se fokus op die vaste strukture, erken hierdie soort denkers wording in die kosmos en die aktiewe handeling van die mens.<sup>4</sup> Soos nog sal blyk, is kosmogono-kosmologiese denke een van die vereistes vir ’n evolusionistiese filosofie.

---

<sup>4</sup> Hoewel Vollenhoven self nie hierdie soort wysbegeerte aanvaar nie, voel hy hom van die drie opsies die naaste daaraan verwant.

#### 4. VERSKILLENDE UITSPRAKE VAN VOLLENHOVEN OOR EVOLUSIE EN EVOLUTIONISME

In verskillende van sy geskrifte is daar informasie oor Vollenhoven se standpunt ten opsigte van evolusie en evolutionisme versprei.<sup>5</sup> Hoewel hierdie bronne ook in ag geneem sal word, word hier gefokus op Vollenhoven se mees breedvoerige en heel waarskynlik finale uiteensetting van sy standpunt in sy bogenoemde drie lesings van 1963. In die geval van die tweede en derde lesing (wat in Vollenhoven 2011a ontbreek), word gebruik gemaak van hulle rekonstruksie deur dr. Kornelis A. Bril met die oog op 'n uiteindelijke Engelse publikasie (vgl. Addendum). Aangesien die finale teks van die gerekonstrueerde vertaling nog nie beskikbaar is nie, word hier 'n eie, voorlopige weergawe daarvan gegee, sodat Afrikaanssprekende lesers alreeds 'n voorproef kan hê.

Vollenhoven se drie lesings het oor die volgende gehandel: (1) die gemeenskaplike filosofiese grondslae of trekke van die evolutionisme in die algemeen; (2) die interne verskeidenheid onder evolutioniste en die probleme daaraan verbonde; (3) sy eie standpunt in dié verband.

#### 5. TIPIESE FILOSOFIESE UITGANGSPUNTE VAN DIE EVOLUTIONISME IN DIE ALGEMEEN

Hierbo (3.2.1) is reeds vermeld dat evolutionistiese denke eers binne die sekulêre anti-sintetiese en dan alleen binne die genetiese kosmogono-kosmologiese en mitologiserende denke kon ontstaan (3.2.4). Daarbenewens noem Vollenhoven vier ander basiese voorwaardes vir die moontlikheid van evolutionisme. Die eerste twee hou verband met bepaalde normatiewe *rigtings* en die volgende twee vereis sekere visies op die *struktuur* van die werklikheid.

##### 5.1 Vooruitgangsgeloof

Die geloof in die vooruitgang van mens en werklikheid kom reeds by die tweede substrooming binne die vroeëre rasionalisme, die Aufklärung of verligting na vore. Volgens hierdie denkers het die voorafgaande scientialistiese intellektueles hulle te veel met die abstrakte wetenskap en te min met die konkrete praktyk besig gehou. Wetenskap het dan ook beperk gebly tot die boonste elite van die samelewing. Denkers van die Aufklärung wou hulle wetenskaplik-filosofiese denkebeelde ook op die breë samelewing toepas.

Omdat hulle rasionaliste was, was dit gevaarlik. Die feit dat hul filosofie die massas van die man op die straat beïnvloed het, het byvoorbeeld tot die Franse Revolusie (1789) gelei. Want, hoewel by sommige, soos byvoorbeeld Pascal (1623-1662) en Hamann (1730-1788), hul Christelike geloof hul rasionalisme tot 'n mate getemper het, was ander, soos byvoorbeeld Hume (1711-1776), Voltaire (1694-1778) en Rousseau (1712-1778), volledige sekulêre denkers. Vooruitgang moes deur die menslike rede self bewerk word. Dit was selfvooruitgang en -vervolmaking deur die outonome mens.

Terloops moet ook vermeld word dat alle verligtingsdenkers ook nie die vooruitgangsgeloof gedeel het nie (vgl. Rousseau se leer van terug na die natuur). Die rede daarvoor was dat sommige van hulle louter kosmologiese en nie kosmogono-kosmologiese gedink het nie.

Vooruitgangsgeloof het ook nog nie noodwendig evolusie beteken nie. Die vooruitgang waarin die verligting geglo het, was menslike, kulturele vooruitgang. Die latere evolusieteorieë

<sup>5</sup> Vgl. bv. Vollenhoven 1957; 1992:180-183 en 320-321; 2005a:21 en 2005b:142-143.

(binne 'n daaropvolgende rasionalistiese stroming) sluit daarby aan, maar pas hulle vooruitgangsgeloof ook op die natuur, dus die hele werklikheid toe.

Vir verligtingsdenkers soos Lessing (1729-1781), Hegel (1770-1831) en Kant (1724-1804) het dit oor die vervolmaking van die mens deur middel van kulturele vooruitgang gegaan. Laasgenoemde persoon deel die mensheid byvoorbeeld in die wittes, geles, rooies en swartes in, waarvan die laaste groep nog nie vanuit die natuur 'n kultuurstaat sou bereik het nie (vgl. Kant 1998, oorspronklik van 1800). Ook in die geval van Hegel vind ons dieselfde neerbuigende en vernederende hoogmoed van die Europese verligtingskultuur wat die menswees van Afrikane met 'n dik swart pen deurstreep het (vgl. Haenen 2016:54-60).

Toe hierdie soort filosofie later met die evolusionisme gekombineer word, is dit op talle ander vakgebiede toegepas. 'n Voorbeeld is die invloedryke werk van die antropoloog, Tylor (1870). Hy onderskei tussen ses ontwikkelingsfases by die mensheid: laere, gematigde en hoëre wildheid, laere, gematigde en hoëre barbarisme!

## 5.2 Aktiewe rasionalisme

'n Tweede normatiewe filosofiese stroming maak 'n evolusieteorie eers werklik moontlik. Dit was die eerste stroming binne die jongere of latere rasionalisme, die positivisme.

Vollenhoven noem dit *aktiewe* rasionalisme, want die latere rasionaliste se belangstelling in hoe kennis tot stand kom, het verskuif. Terwyl vroeë rasionaliste die *denkresultaat* (bv. oordele en konsepte) beklemtoon het, lê die klem by die latere op die *kenaktiwiteit*.

Metodes van ondersoek word dus belangrik. Net soos wat die keninhoud vroeër apriories geplaas is, is die metodes ook gesien as dinge wat apriories binne die rede sou lê en op die werklikheid toegepas moet word (Vollenhoven 2005d:76).

Om wetenskaplik aanvaarbaar te kon wees, moes 'n mens dus die regte metodes toepas. Vroeëre wetenskaplikes, wat volgens 'n kontemplatiewe metode die natuur *beskou* het, was uit die mode. Volgens die nuwe positivistiese denke moes die natuur met byvoorbeeld eksperimentele en statistiese metodes *gemanipuleer* word. Op dié wyse word natuurwette ontdek wat die wetenskap in staat stel om natuur en mens te beheers (vgl. Bril 1986:218 e.v. en 1993:34).

Die rede kon nou egter nie meer norme vir antwoorde op fundamentele lewensvrae bied nie. Die vroeëre aprioriese redelike kennis oor goed en kwaad het verdwyn. Ook die geloof in 'n aangebore (aprioriese) godsidee, waarin die vroeëre rasionalisme nog geglo het, is verwerp. Die positivis, Darwin (1809-1882), ontken byvoorbeeld die godsbewyse van Paley (1743-1805) (vgl. Vollenhoven 1992:282). Hy erken dat hy 'n agnostikus geword het – hy weet nie meer of God bestaan of nie. Die sekularisasie van die Westerse denke neem met die positivisme in intensiteit toe.

Vollenhoven (2011:162) vestig egter ook in hierdie geval weer die aandag daarop dat nie alle positivistiese evolusioniste kon wees nie, omdat nie almal kosmogonies-kosmologies gedink het nie.

## 5.3 Monisme

Behalwe normatiewe *rigtings* is ook twee beskouinge oor die *strukture* van die werklikheid noodsaaklik om evolusionisties te kan dink. Die eerste is 'n monistiese filosofie wat sewe verskillende tipes evolusionisme tot gevolg kan hê. Die monisme en dualisme staan voor die raaisel van die eenheid en verskeidenheid van die werklikheid en probeer daarvoor verklarings vind.

Kok (1996:31) verduidelik die verskil so: Diegene wat beweer dat die werklikheid essensieel tot slegs een beginsel gereduseer kan word, is moniste. Hulle wat twee basiese beginsels postuleer, is dualiste.

Moniste gaan dus uit van één oorsprong van alles wat vertikaal in 'n hoëre en laere afsplitsing verdeel. Die dualiste verklaar die oorsprong van die werklikheid uit twee korrelate beginsels ('n hoëre en 'n laere).<sup>6</sup> Darwin was 'n duidelike monis.

Volgens Vollenhoven is altwee opsies onbybelse standpunte. In die geval van die monisme, omdat God en sy skepping nie onderskei word nie, maar as eenheid beskou word. Indien die monisme nog 'n god of die God erken, word hy met die kosmos vereenselwig. Spinoza (1632-1677), 'n monis, kon dus praat van *deus sive natura* (god of natuur) en die evolusionis, Ernst Haeckel (1834-1919) van *theophysis*, 'n soort goddelike natuur.

Ook die dualisme is vir 'n Skrifmatige filosofie onaanvaarbaar, omdat dit ook die skepping ontken en God en die wêreld as ewige korrelate beskou word (vgl. Vollenhoven 2005b:268).

Volledigheidshalwe moet hier bygevoeg word dat, hoewel Vollenhoven in sy analise van die evolusionisme die dualiste verontagsaam het, hy later die tekort in sy analise erken het (vgl. Brill 1993:38 en in Vollenhoven 2000:305). Hier onderskei hy dan tussen konsekwente en inkonsekwente evolusioniste. Volgens laasgenoemde tipe dualistiese evolusioniste (populêr onder Christene) sou die liggaam van die mens wel uit die diereryk ontstaan het, maar die siel word deur God daarin geskep (kreasianisme genoem). Hier word evolusie dus deur 'n digotomiese mensvisie – 'n onbybelse gedagte – moontlik gemaak.

Dit bring ons by die laaste (vierde) basiese vereiste vir evolusionistiese denke.

#### 5.4 Kontinuiteit tussen ten minste twee ryke

Omdat nie alle denkers wat aan vooruitgang glo, positivisties en monisties dink nie noodwendig evolusioniste is nie, moet hierdie laaste karaktertrek nog bykom.

Soos so pas genoem, word daar by monistiese denkers (a.g.v. die afsplitsing uit die oorspronklike eenheid) tussen die hoëre en laere divergensie onderskei. Dit bepaal ook hoe hulle die ryke van stof, plant, dier en mens beskou, waar die grense tussen hierdie ryke lê. Soos nog hieronder sal blyk, kan die grens tussen wat hoër en wat laer sou wees op verskillende vlakke getrek word.

Omdat evolusioniste altyd progressie, vooruitgang leer en wel van 'n laere na 'n hoëre ryk, vereis dit die erkenning van ten minste twee ryke. Volgens Vollenhoven (1992:183) beteken so 'n evolering egter 'n verkeerde visie op die ryke. Die korrekte verband is dié van *vroeëre* tot *latere* ryke wat mekaar wel *veronderstel*, maar nie uit mekaar *voortvloei* nie.

Indien (volgens die spesifieke tipe monisme) die menseryk as die hoogste ryk beskou word, is evolusie nie nodig nie, want dan staan die menslike teenoor die drie laere ryke (vgl. bv. die antropologiese wisselwerkingsteorie onder 6.1.2). Word die grens egter op laere vlakke geplaas, bestaan daar geen ontiese of wesentlike verskil tussen mens en dier nie (ook die mens is 'n soogdier) en is (soos binnekort sal blyk), verskillende vorme van evolusionisme moontlik.

Nou volg 'n kort weergawe van Vollenhoven se tweede lesing.

<sup>6</sup> Die monisme kan diagrammaties voorgestel word met 'n punt (die oorspronklike eenheid) en 'n hoëre en laere pyltjie daaruit; die dualisme met 'n horisontale lyn met bokant die lyn die transendente en onderkant die lyn die nie-transendente (vgl. Vollenhoven 2011a:270).

## 6. DIE INHERENTE PROBLEMATIEK EN INTERNE VERSKEIDENHEID VAN DIE EVOLUTIONISME

Dikwels is evolutioniste self nie bewus van die verskille wat tussen hulle bestaan nie. Gewoonlik skryf hulle – om ’n eenheidsfront na buite te toon? – ook nie graag daaroor nie. Meestal is Christene wat ’n kompromie tussen hulle Christelike geloof en die evolutionisme voorstel nog minder van die interne verskille onder evolutioniste bewus – “evolutionisme” word ’n sambreelbegrip.

Hierbo is reeds duidelik gemaak dat die evolutionisme ook by mitologiserende denkers voorkom, maar meestal by genetiese (kosmogono-kosmologiese), monistiese denkers. Hier word dus eers aan die verskillende soorte evolutionismes, aandag gegee wat laasgenoemde konsepsie toelaat.

### 6.1 Drie hoofipes by die monistiese kosmogoniese denke

Omdat moniste moet besluit wat die verhouding tussen die hoëre en die laere afsplitsing uit die eenheid is, het drie verskillende teorieë ontstaan: prioriteitsleer, wisselwerkingsteorie (wwkt) en parallelisme. Volgens eersgenoemde beïnvloed die hoëre die laere; volgens die wwkt is daar wedersydse wisselwerking tussen die hoëre en laere; volgens die parallelisme ontwikkel die hoëre en laere parallel, sodat die een nie die ander beïnvloed nie.<sup>7</sup>

#### 6.1.1 Prioriteitsleer

In hierdie geval bestaan daar vier verskillende tipes (vgl. Vollenhoven 2011a:272).

- *Diegene sonder impetusteorie het geleer dat die hoëre die laere kontroleer (okkasionisme) of net beskou of beoordeel (ennoëtisme). Omdat ’n fundamentele, ontiese verskil tussen dier en mens veronderstel word, is evolutionisme nie moontlik nie.*
- *’n (Primêre) impetusteorie impliseer dat die laere ’n impetus of stoot uit die hoëre divergensie ontvang, sodat daar geen impuls vir evolusie vanuit die laere na die hoëre is nie.*

Omdat daar by die volgende twee tipes prioriteitsleer (die instrumentisme en die vitalisme) nie ’n wesentlike ontiese verskil tussen dier en mens bestaan nie, kan hulle evolutionisme akkommodeer.

- By die *instrumentisme* (vgl. Vollenhoven 2011a:11) is daar twee ryke in die hoëre afsplitsing uit die eenheid, naamlik die psigiese en bewussyn. In die geval van H. Bergson (1859-1941) se skeppende evolusie streef die dierlike instink as instrument na hierdie hoëre menslike sfere.
- Ook in die geval van die *vitalisme* bestaan daar nie ’n grondige verskil tussen die psigiese (wat ook by diere voorkom) en die menslike bewussyn nie. E. Spranger (1892-1963) sien ’n duidelike oorgang tussen die laere, vitale en die hoëre, psigiese.

<sup>7</sup> Diagrammaties: weer die monisme – ’n punt met twee pyle daaruit wat boontoe en ondertoe wys. By die prioriteitsleer slegs ’n pyl van die hoëre na die laer afsplitsing; in die geval van die wwkt ’n pyl van bona onder sowel as van onder na bo; by die parallelisme geen pyle nie, maar twee horisontale lyne vanuit sowel die hoëre as die laere (vgl. Vollenhoven 2011a:271).

'n Tweede tipe teorie binne die monistiese denke is verskillende wisselwerkingsteorieë.

### 6.1.2 *Wisselwerkingsteorie*

Daar bestaan drie variasies van hierdie teorie. Maar omdat die evolusionisme ten minste twee ryke veronderstel, is dit nie moontlik in die eerste tipe nie.

- *Antropologiese wwkt.* Hier staan die hoogste menseryk alreeds teenoor die laere ryke, sodat dit nie uit die laere hoef te ontwikkel nie. Dit gebeur wel by die volgende twee tipes.
- *Fitologiese wwkt.* Die naam (fitologies) dui aan dat dit hierin oor die planteryk gaan en dus 'n soort biologisme is. Die mens se evolusionêre oorsprong lê in die planteryk. Charles Darwin (1809-1882) en Thomas Huxley (1825-1895), Darwin se “bulldog” genome, het hierdie teorie voorgestaan. Volgens Darwin word daar 'n groter nageslag gebore as wat kan oorleef, sodat uiteindelik net die sterkste oorbly (sy leer van natuurlike seleksie). So 'n teorie het vanselfsprekend gevaarlike implikasies vir menslike norme.
- *Soölogiese wwkt.* Hierdie teorie kan ook “animalisme” genoem word omdat die mens daarvolgens uit die dier (Latyn: *animal*) sou evolueer het. Omdat in die diereryk 'n stryd om oorlewing heers, sou dit ook van die mens geld. Stryd, konflik en oorlog word as normaal en essensieel beskou – dit is 'n natuurlike snoeïmes. Lamarck (1744-1829) was 'n vroeë verteenwoordiger van hierdie rigting en later ook figure soos sir Arthur Keith (1866-1950) en S.R. Steinmetz (1862-1940). Om oorlog te verbied, sou beteken om die kollektiewe stryd in sy oorspronklike, essensiële vorm op te hef – 'n idee wat invloed aan die begin (1914) van die Eerste Wêreldoorlog gehad het (vgl. Brill 1993:39).

Dit is duidelik dat hierdie soort evolusionisme een van die gevaarlikstes is. God se liefdeswet asook sy skeppingsorde (struktuurwette) is oorboord gegooi in die vertroue dat “die natuur” (die diereryk) vir alle menslike verhoudinge die normatiewe koers sou aandui. Dit word nog skrikwekkender wanneer hierdie soort evolusionisme in die mitologiserende denke voorkom (vgl. hieronder by 6.2.2).

### 6.1.3 *Parallelisme*

Hier onderskei Vollenhoven twee subtipes. Die *beperkte* parallelisme sien 'n deterministiese parallel tussen liggaam en siel, soos by Samuel Alexander (1859-1938). By *onbeperkte* of volledige parallelisme is daar sprake van bewussyn (siel) selfs in die geval van atome. Alles is besiel (panpsigisme). Verteenwoordigers hiervan was onder andere Ernst Haeckel (1834-1919), C. Lloyd Morgan (1852-1936) en P. Theilhard de Chardin (1881-1955). (Vgl. ook die emergensieteorie, Brill 1986:138 e.v.)

## 6.2 **Evolusie by monisties-mitologiserende denkers**

Hier bestaan net een tipe monistiese evolusieteorie. Dit is analoog aan die hierbo genoemde soölogiese wwkt – en het nog gevaarliker morele implikasies vir menswees.

### 6.2.1 *Friedrich Nietzsche (1844-1900)*

Hierdie filosoof gaan in die finale voorlaaste fase van sy ontwikkeling (1883-1900) oor na die lewensfilosofiese stroming binne die irrasionalisme. Daarby dink hy mitologiserend en

monisties met 'n soölogiese wisselwerkingsteorie (vgl. Vollenhoven 2005b:290-293). Hy glo dus aan die wil tot mag wat tot die Uebermensch sou lei en wat aan geen (ander) norm as die wil tot mag gehoorsaam hoef te wees nie. Hoewel hy nie 'n anti-Semiet was nie, word hy dikwels as 'n voorloper beskou van verskillende Duitse ideoloë van die Derde Ryk in Nazi-Duitsland.

### 6.2.2 *Nasionaal-sosialisme van Adolf Hitler (1889-1945)*

Was die uitwissing van ses miljoen Jode en ander “donker” mense deur die Nazi's tydens WOII 'n toevallige gebeurtenis? (In totaal sterf ongeveer 48 miljoen soldate en burgerlikes in die oorlog.) Nee, want andersins sou die verskriklike wreedhede teen die mens onbegryplik wees. Iets daarvan kan 'n mens slegs verstaan as daarmee rekening gehou word dat die Nazi's eenvoudig hulle soort evolusionistiese filosofie (as 'n afgedwonge ideologie) konsekwent en konkreet op die samelewing toegepas het. Hulle idees het voete gekry. Dit geld veral van die Führer, Adolf Hitler.

#### *Hitler se filosofie*

Hitler het dieselfde tipe filosofie as Nietzsche (vgl. hierbo) gehuldig, naamlik 'n mitologiserende en monistiese met 'n soölogiese wisselwerkingsteorie. Sy denke ressorteer ook onder die tweede substroming binne die irrasionalistiese hoofstroom (vanaf die begin van die twintigste eeu), die lewensfilosofie. (Die eerste was die pragmatisme en die derde die eksistensialisme. Vollenhoven 2005d:159). Die norm binne die lewensfilosofie was desisionisme. Dit hou in dat die bron van reg en geregtigheid eenvoudig 'n aksie gegrond op 'n menslike magsbesluit sou wees. Menslike outonomie en subjektivisme in die geval van die vroeëre rasionalisme word hier ver oortref.

#### *Verskillende invloede op Hitler se denke*

Vollenhoven (2005b:276-279) beskryf die filosofiese agtergronde van die nasionaal-sosialistiese ideologie van Nazi-Duitsland soos volg. Hans Heyse (1891-1976) en Alfred Rosenberg (1853-1946) het dieselfde tipe filosofie as Nietzsche gehuldig. Heyse het die mens dus as 'n produk van die diereryk beskou. Rosenberg neem Nietzsche se teëstelling tussen die swak en sterk menslike nature oor. Hitler volg in dieselfde filosofiese lyn (vgl. Vollenhoven 2000:242).

Daar was ook ander soortgelyke invloede op Hitler werkzaam. Een daarvan was dié van 'n Oostenrykse denker, Josef Lanz (1874-1954). Hy huldig 'n rassistiese filosofie van “Kampf ums Dasein”. Hitler het nie net sy geskifte versamel en bestudeer nie. (Verskeie van Lanz se geskifte is in sy biblioteek gevind toe Duitsland deur die geallieerde magte aan die einde van WOII beset is.) Op twintigjarige ouderdom het Hitler Lanz persoonlik besoek. Ook van Hitler se medestanders, soos Heinrich Himmler (die latere hoof van die SS), is deur Lanz beïnvloed. Daar is verder okkulte, mitologiese trekke in Hitler se denkwêreld. Onder andere in sy verheerliking van die Ariese ras teenoor ander donkerder rasse soos die Slaviese en Joodse (vgl. Vollenhoven 2005b:278).

#### *Sekulêre norme*

Maar genoeg om aan te toon watter verskriklike gevolge sekere tipes evolusionistiese denke kan hê. 'n Vraag wat nog oorbly, is hoe dit moontlik was dat Hitler, sy voorgangers en medestanders, so suksesvol kon wees om hulle ideologie deur die meerderheid van die Duitse

volk te laat aanvaar. Dat dit ook afgedwing is, is waar, maar heel waarskynlik bestaan daar 'n belangriker rede. Eenvoudig omdat miljoene mense se norme, as gevolg van die voortgaande sekularisering van die Westerse denke en kultuur, so gedisorïenteerd geraak het dat hulle bereid was om die goeie vir die bose te verruil.

Na Vollenhoven se analise van die verskillende vorme van evolusionisme en sy (implisiete) verwerping daarvan, sal 'n mens graag wil weet wat sy eie standpunt inhou. Dit bied hy in sy derde (gerekonstrueerde) lesing met die titel:

## 7. TRANSFORMASIE EN TRANSFORMISME

Dit wil lyk asof Vollenhoven alreeds teen 1945 en nie eers in 1957 of 1963 nie 'n duidelike standpunt oor evolusie gehuldig het.

### 7.1 Sy visie teen 1945

Vollenhoven (2005a:21-22) skryf in die Nederlandse teks (met 'n latere Engelse vertaling) van die uitgawe van 1945 van sy *Isagôgè philosophiae* eers dat hy (volgens Gen. 1:1) aanvaar dat God in die begin die hemel en aarde geskep het. Dan volg die volgende woorde:

The word “earth” only implicitly refers to the wealth created in it by God. Holy Scripture denotes the relationship of “earth” to this variegated multiplicity as a relationship of that which was initially encompassing to that which was initially encompassed (Genesis 1:2) and the evolving of the latter out of the former as the work of the Spirit of God, who guides all of this, reciprocally connected, to development.

Tipies van Vollenhoven is dit 'n baie kriptiese uitspraak en dus nie maklik verstaanbaar nie. Dit hoef egter nie in stryd te wees met sy latere visie nie. Vollenhoven dink toe alreeds nie louter kosmologies nie, maar erken ontwikkeling of evolvering hoewel hy eers in 1963 eksplisiet onderskeid tussen evolusie en evolusionisme sou maak.

Na bostaande uitspraak volg daar twee opmerkings. Die eerste lui dat die evolvering (afgelei van die Latyn *evolvere* wat “ontrol” beteken) nie op God van toepassing is nie. Vollenhoven dink dus ook nie mitologiserend waarvolgens gode ook sou ontwikkel het nie.

Tweedens word opgemerk dat hierdie evolvering nie met die gangbare idees oor evolusionisme vereenselwig moet word nie, want laasgenoemde veronderstel die afleibaarheid van die hoëre (ryke) uit die laere (ryke), van die latere uit die eerdere.

### 7.2 Verdere verduideliking

Behalwe die derde Potchefstroom lesing (van 1963) bied Vollenhoven in die 1992 heruitgawe van sy geskifte (bladsy 181-184 en 320-322) verdere informasie. (Die twee artikels waarin dit voorkom, dateer uit 1963 en waarskynlik 1964). Dit en Vollenhoven (2005c) word in die hiervolgende rekonstruksie verwerk.

Kernagtig vat Vollenhoven sy eie standpunt (vertaal) soos volg saam: “Evolusie is 'n progressie van transformasie, terwyl evolusionisme progressie van transformisme is” (Vollenhoven 1992:181). Wat presies hy met die onderskeid bedoel, verg verduideliking. Vooraf volg egter eers 'n intermezzo om die aandag te vestig op Vollenhoven se verskil met sy voorgangers in die reformatoriese tradisie.

### 7.2.1 *Vollenhoven erken evolusie*

Volgens Vollenhoven (2011b:159) het sy voorgangers en tydgenote (Kuyper, Bavinck, Diemer en Dooyeweerd) in 'n Aristotelies-skolastieke tradisie louter kosmologies gedink.<sup>8</sup> Hulle kon dus nie reg laat geskied aan die genetiese of wordende element van die skepping nie. (Volgens Vollenhoven bestaan daar nie net 'n *stand* van sake nie, maar ook 'n *gang*.) Gevolglik het hierdie reformatoriese denkers se eie wysgerige visies hulle nie toegelaat om transformasie binne dieselfde ryk te aanvaar nie.

### 7.2.2 *Ooreenkoms en verskil met geesgenote*

Vollenhoven en Dooyeweerd verwerp wel albei die evolusionisme as lewensvisie.<sup>9</sup> Vollenhoven erken egter evolusie of transformasie binne dieselfde ryk, terwyl dit vir Dooyeweerd onaanvaarbaar was, omdat hy van konstante, onveranderlike soorte in die plante- en diereryke uitgaan (vgl. o.a. Dooyeweerd, 1959).

Volgens Vollenhoven (1992:181) is die soortbegrip egter nie net vaag nie, maar ook te star, omdat soorte nie onveranderlik hoef te wees nie. Die onderskeid tussen die ryke van stof, plant, dier en mens is duideliker as dié tussen soorte, omdat hulle aan verskillende modaliteite deel en daarvolgens duidelik van mekaar onderskei kan word (vgl. 3.2.3 hierbo en 7.4.1 hieronder).

## 7.3 **Darwinistiese evolusionisme**

Soos nou geblyk het, erken Vollenhoven wording, evolusie of transformasie binne dieselfde ryk van stof, plant of dier. Dit beteken egter nie dat Vollenhoven die gangbare evolusionistiese teorieë sonder meer oorneem nie.

In die algemeen kan gesê word dat in die vroeëre en latere Darwinistiese leer aanpassing by die omgewing, die stryd om bestaan en die oorlewing van die sterkste belangrike gedagtes was. Soos aangetoon, is die stryd ook op die mens van toepassing gemaak – oorlog is as iets noodsaaklik beskou. Volgens die latere Sosiaal-Darwinistiese Sosiobiologie moet die mens ook in ander opsigte soos die dier lewe (vgl. Van der Walt 2007).

Vollenhoven tipeer hierdie Darwinistiese strydteorie as 'n subjek-subjek-verhouding, maar verkies eerder 'n aanpassingsteorie wat 'n subjek-objek-verhouding veronderstel.

## 7.4 **Subjek-objek-verhouding**

Om te verstaan wat Vollenhoven op die oog het, volg hier eers 'n verduideliking van wat hy (en ook Dooyeweerd) met subjek- en objekfunksies bedoel.

### 7.4.1 *Subjekfunksies*

Volgens sy modaliteitsleer (vgl. 3.2.3 hierbo) sien Vollenhoven 'n ander soort verband tussen die hoëre/latere en die laere/vroeëre ryke. As subjekte vertoon stoflike dinge 'n aritmetiese of getalsaspek, 'n ruimtelike en fisiese. Bo en behalwe die drie, is plante ook organiese dinge en

<sup>8</sup> Vir Vollenhoven se tipering van Dooyeweerd se filosofiese konsep, vgl. Van der Walt 2014b:147 e.v.

<sup>9</sup> Dieselfde by Strauss (2009:106), wat onderskei tussen evolusie as die geleidelike ontwikkeling binne sekere grense en evolusionisme wat 'n kontinue ontwikkeling vanaf nie-lewende materie na plante, diere en die mens veronderstel.

diere psigiese wesens. Die mens vertoon nog veel meer modaliteite of funksies: die analitiese, historiese, linguale, sosiale, ekonomiese, estetiese, juridiese, etiese en pistiese of geloofsfunksies (vgl. Vollenhoven 2005a:37 en 38). Hierdie is almal subjekfunksies, behorende tot die vier ryke wat hulle verskillende aandui. Daarbenewens is slegs die mens met 'n (prefunksionele) hart toegerus, sodat hy/sy tussen goed en kwaad kan kies.

#### 7.4.2 *Objekfunksies*

As gevolg van objekfunksies bestaan daar egter ook 'n verband tussen al die ryke. Die volgende twee voorbeelde maak duidelik wat hier bedoel word. Vir 'n insek (n biologiese wese) kan 'n klip (iets fisies) waaronder dit kan skuil, 'n biologiese objekfunksie vervul. Op die oog af is 'n trouwing slegs 'n stukkie goud of platinum, 'n metaal – 'n fisiese subjek. Maar in werklikheid is dit ook ekonomies waardevol, esteties mooi en dra dit veral die etiese boodskap van wedersydse trou tussen man en vrou – objekfunksies in die menslike ryk. Elke ding in elk van die vier ryke het dus deel aan alle aspekte van die werklikheid, indien nie as subjek nie, dan wel as objek.

#### 7.4.3 *Subjek-objek-verhoudings en evolusie*

Dit gaan volgens Vollenhoven by transformasie of evolusie van soorte nie om *stryd* of 'n subjek-subjek-verhouding nie, maar om *aanpassing*, dit wil sê 'n subjek-objek-relasie. As byvoorbeeld, as gevolg van klimaatsverandering, 'n diersoort in 'n kouer omgewing kom ('n gewysigde subjek-objek-verhouding), het diere met 'n digter vag of wol 'n groter oorlewingskans. 'n Soortgelyke aanpassing kan plaasvind wanneer plantsaad aan die warmer noordelike of kouer suidelike kant van 'n bergreeks versprei. Na 'n langer of korter tyd, kan genetiese veranderinge, 'n noodsaaklike voorwaarde vir evolusie, plaasvind.

Vollenhoven merk verder op dat so 'n transformasie positiewe evolusie, maar ook negatiewe devolusie kan inhou. So byvoorbeeld die verlies van gesigsvermoë van diere wat in grotte begin woon. (Hy is egter nie seker of selfs so 'n devolusie ook as positiewe aanpassing beskou moet word nie.)

### 7.5 **Mens en evolusie**

Die derde lesing van Vollenhoven handel ook oor die mens en evolusie, maar soos reeds genoem, is daar van hierdie toespraak slegs kriptiese notas beskikbaar. Daaruit blyk egter wel dat Vollenhoven se visie van 1963 'n duidelike ooreenkoms toon met sy vroeë standpunt (Vollenhoven 1957). Eerstens huldig Vollenhoven 'n eie visie op menslike norme en waardes en tweedens op die menslike struktuur.

#### 7.5.1 *Norme*

Volgens hom (Vollenhoven 1992:209-210) is die evolusionisme een van die uitlopers van die historisme wat alle norme as relatief beskou. In die geval van die evolusionisme bestaan nogtans die vertroue dat die “natuur” uit ape mense sou voorbring. Dit lei egter tot die verdierliking van menslike norme, nie alleen in die verhouding tussen man en vrou nie, maar ook in ander menslike relasies – 'n uiters gevaarlike standpunt.

Dit hang daarmee saam dat die evolusionisme die werklikheid (wat alleen die aardse werklikheid sou insluit) onder een noemer tuisbring (monisties dink) en die bestaan van God ontken. Dit kan gevolglik ook nie reg laat geskied aan God se verordeninge vir die mens nie. Ook menslike verantwoordelikheid kom in gedrang.

### 7.5.2 *Liggaam en siel*

In hierdie verband wys Vollenhoven op twee verskille met die evolusionisme.

In die eerste plek op die modale verskille tussen mens, plant en dier. Soos hierbo reeds vermeld (vgl. 7.4.1), vertoon die mens talle addisionele fasette of funksies (vanaf die analitiese tot die geloof) in vergelyking met die dier.

In die tweede plek erken ’n evolusionistiese mensvisie ook nie die prefunksionele hart of siel van die mens nie. Daarin word ’n religieuse keuse gemaak tussen gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan God se verordeninge, saamgevat in sy liefdesgebed, word rigting gekies tussen goed en kwaad.

Daar kan volgens Vollenhoven nie tussen liggaam en siel (of hart) aanpassing of evolusie bestaan nie (vgl. die inkonsekwente evolusionistiese denke by dualisties-denkende Christene onder 5.3 hierbo). Dit is volgens hom onmoontlik, omdat die verhouding tussen prefunksionele hart en die liggaamlike nie ’n subjek-objek-verhouding is nie. Dit is nie eers ’n subjek-subjek-verhouding nie – die mens is één in hart en liggaam (funksiemantel).

## 8. GEVOLGTREKKING

Sowel vanuit sy eie tetiese visie, as vanuit sy kritiese analise van die wysgerige (ontiese en antropologiese) uitgangspunte van die evolusionisme, het Vollenhoven die volgende geleer. Hy erken ten volle die genetiese of wordingsproses in die gang van die skepping. Evolusie of transformasie deur byvoorbeeld aanpassing binne dieselfde ryk is dus moontlik. Evolusionisme of transformisme wat die ryke oorskry deur ’n ontiese kontinuïteit tussen hulle te veronderstel, is nie vir hom as Christenfilosoof aanvaarbaar nie. Dit berus op spekulasie (Vollenhoven 1992:321). Hy lê gevolglik klem daarop dat Christendenkers nie moet probeer om verkeerde (evolusionistiese) teorieë met die Bybelse skeppingsgedagte te versoen of “Christelik” te probeer doop nie (vgl. Vollenhoven 1992:183).

In sy derde gaslesing van 1963 benadruk hy egter dat, hoewel gelowige Christene hulle nie deur die evolusionistiese mode moet laat meesleur nie – wat *gangbaar* is, is nie noodwendig *aanvaarbaar* nie – hulle nie net die evolusionisme bloot intuïtief moet verwerp nie, maar duidelike filosofiese gronde moet verskaf waarom hulle dit afwys. Hoewel heelwat vrae nog onbeantwoord bly, is dit veral in hierdie opsig wat Vollenhoven se bydrae waardeer kan word.

### **Addendum: Hoe dit gebeur het dat Vollenhoven se 1963-Gaslesings in 2011 in Nederlands gepubliseer is en binnekort ook in Engels sal verskyn**

Die meeste van Vollenhoven se 25 lesings op Potchefstroom is op ’n destydse Uhrer bandmasjien opgeneem. (Dit het twee groter en twee kleiner rolle beslaan, ’n totaal van 2340 meter met ’n speeltyd van altesaam 18 uur.) Die skrywer het die voorreg gehad (nog as teologiese student) om die meeste van die lesings by te woon en notas te maak. Die bande is in 1970 oorhandig aan dr. Kornelis Bril van Nederland. Bril laat die bande gedurende 1970-1971 by die destydse Centrale Interfaculteit van die VU oortik. Maar, omdat die tikster nie bekend was met die name van al die baie filosowe, asook Vollenhoven se terminologie nie, was dit nie vir publikasie bruikbaar nie.

Teen 2007 was die ou tipe bandopnamemasjiene nie meer beskikbaar nie. Die geluidsbande moes – met moeite – omgesit word op 3 DVD’s. Eers daarna kon dr. Bril die moeisame werk begin om, terwyl hy na Vollenhoven luister, die getikte teks (van 1970-1971) te korrigeer en

redigeer. Uiteindelik – byna 50 jaar nadat die oorspronklike lesings gelewer is – kon Vollenhoven se *Gastcolleges, erfenis voor het heden* by 'n spesiale Vollenhoven Symposium aan die VU (Augustus 2011) in ontvangs geneem word.

By hierdie geleentheid is besluit dat Vollenhoven se 1963-lesings nog steeds waardevol is en daarom 'n wyer leserskring in Engels regverdig. Die Vollenhoven Stichting (met Nederlandse borge) en die Skool vir Filosofie op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit het dus ooreengekom om elk die helfte van die vertaalkoste te dra. Probeer slaie met verskillende vertalers het die proses vertraag totdat 'n Vollenhoven-kenner, prof. John Kok (vgl. Kok 1992) ingewillig het en tans reeds ver gevorder het met die Engelse vertaling. Dit word deur Bril (alreeds 84 jaar) en andere gekontroleer en sal heel waarskynlik deur Dordt College Press in die VSA uitgegee word.

Ongelukkig is slegs Vollenhoven se eerste lesing oor evolusionisme in 1963 op band vasgelê en kon net dit later (vgl. Vollenhoven 2011b: 159 e.v.) in Nederlands gepubliseer word. Terwyl aan die vertaling van al die lesings in Engels gewerk is, ontdek my vrou in my biblioteek my destydse kriptiese aantekeninge van die oorspronklike lesings van Vollenhoven. Daaronder was gelukkig nog ook my notas van Vollenhoven se tweede en derde lesing oor die evolusionisme. Hoewel onvolledig, kon Bril, 'n bioloog, met behulp van hierdie notas en met sy kennis nie alleen van Vollenhoven se denke nie (vgl. Bril 1986 en 2005), maar ook die evolusionisme (vgl. Bril 1993) die twee ontbrekende lesings ten dele rekonstrueer, sodat hulle nou ook deel van die beoogde Engelse publikasie sal word.

## BIBLIOGRAFIE

- Bril, K.A. 1986. *Westerse denkstructuren; een probleemhistorisch onderzoek*. Amsterdam: VU Uitgeverij.
- Bril, K.A. 1993. De opkomst en de ontwikkeling van het evolutionisme en de probleemhistorische methode van Vollenhoven. *Philosophia Reformata*, 58:28-48.
- Bril, K.A. 2005. *Vollenhoven's problem-historical method; introduction and explanations*. Sioux Center, Iowa: Dordt College Press.
- Dooyeweerd, H. 1959. Schepping en evolutie. *Philosophia Reformata*, 24:113-159.
- Driessen, A. & Nienhuis, G., reds 2010. *Evolutie: wetenschappelijk model of seculier geloof?* Kampen: Kok.
- Flipse, A. & Harinck, G., reds 2011. *Waar komen we vandaan? Anderhalve eeu evolutiedebat in protestants-christelijk Nederland*. Amsterdam: VU Dokumentatie Centrum.
- Haenen, H. 2016. *Ubuntu en Nelson Mandela; Afrikaanse filosofie van versoening*. Budel: Damon.
- Kant, I. 1998. Bestimmung des Begriffs einer Menschenrasse. In Weischedel, W., red. *Immanuel Kant; Werke in sechs Bänden*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft. Band 6, pp. 67-80.
- Klapwijk, J. 2009. *Heeft evolutie een doel? Over schleppling en emergente evolutie*. Kampen: Kok.
- Kok, J.H. 1992. *Vollenhoven: his early development*. Sioux Center, Iowa: Dordt College Press.
- Kok, J.H. 1996. *Patterns of the Western mind; a reformed Christian perspective*. Potchefstroom: Institute for the Reformational Studies. (Reprint 1998 by Dordt College Press, Sioux Center, Iowa).
- Kruyswijk, H.H. 2011. *Baas in eigen Boek. Evolutie en Schriftgezag bij de Gereformeerde Kerke in Nederland (1881-1981)*. Hilversum: Verloren.
- Kwakkel, G. en Van Houwelingen, P.H.R. 2011. *In den beginne en verder*. Groningen: De Vuurbaak.
- Schutte, G. 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika 1880-2005*. (2 dele). Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.
- Stellingwerff, J. 1992. *D.H.Th. Vollenhoven (1892-1978); reformator der wijsbegeerte*. Baarn: Ten Have.
- Strauss, D.F.M. 2004. *Paradigms in Mathematics, Physics and Biology – their philosophical roots*. Bloemfontein: Tekskor.
- Strauss, D.F.M. 2009. *Philosophy, discipline of the disciplines*. Grand Rapids, Michigan: Paideia Press.
- Taljaard, J.A.L. 1955. *Franz Brentano as wysgeer; 'n bydrae tot die kennis van die Neo-Positivism*. Franeker: T. Wever.

- Taljaard, J.A.L. 1976. *Polished lenses; a philosophy that claims the sovereignty of God over creation and also over every aspect of human society*. Potchefstroom: Pro Rege Pers.
- Tol, A. 2010. *Philosophy in the making; D.H.Th. Vollenhoven and the emergence of Reformed Philosophy*. Sioux Center, Iowa: Dordt College Press.
- Tol, A. 2011. Reformational philosophy in the making. *Philosophia Reformata*, 76(2): 187-215.
- Tylor, E.B. 1871. *Primitive culture; researches into the development of mythology, philosophy, religion, art and custom*. London: John Murray.
- Van der Walt, B.J. 2007. Contemporary guidance on the relationship between male and female: reflections on an evolutionistic ethic. In Van der Walt, B.J. *Transforming power*. Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa, pp. 378-415.
- Van der Walt, B.J. 2014a. A Scripturally oriented perspective on the history of Western intellectual thinking: the origin, contours of and questions about the consistent problem-historical method. In Van der Walt, B.J. *Constancy and change; historical types and trends in the passion of the Western mind*. Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa, pp. 18-37.
- Van der Walt, B.J. 2014b. *At the cradle of a Christian philosophy in Calvin, Vollenhoven, Stoker and Dooyeweerd*. Potchefstroom: ICCA.
- Van der Walt, B.J. 2016a. Kontra of pro evolusie? Drie Christelike bioloë se besinning oor die ontstaan van die wêreld. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, vir publikasie aanvaar in jg.52(3).
- Van der Walt, B.J. 2016b. Die wêreldbeeld van die gereformeerde bioloog, Jan Lever (1922-1010). Van evolusieteorie na evolusionistiese geloof? *Koers*, jg.81, nr. 1, beskikbaar by <http://dx.doi.org/10.19108/KOERS.81.1.2253>.
- Vollenhoven, D.H.Th. 1933. *Het Calvinisme en de reformatie van de Wijsbegeerte*. Amsterdam: H.J. Paris.
- Vollenhoven, D.H.Th. 1950. *Geschiedenis der Wijsbegeerte. Deel 1: Inleiding in de geschiedenis der Griekse Wijsbegeerte vóór Plato en Aristoteles*. Franeker: T. Wever.
- Vollenhoven, D.H.Th. 1956. *Kort overzicht van de Geschiedenis der Wijsbegeerte voor den Cursus Paedagogiek MOA*. Amsterdam: Uitgeverij THEJA.
- Vollenhoven, D.H.Th. 1957. De wijsbegeerte van het evolutionisme. *Mededelingen van de Vereniging voor Calvinistische Wijsbegeerte*, Januarie: pp. 8-9.
- Vollenhoven, D.H.Th. 1962. *Schematische Kaarten met register behorend by "Kort overzicht van de Geschiedenis der Westerse Wijsbegeerte"*. Amsterdam: Vrije Universiteit.
- Vollenhoven, D.H.Th. 1992. *Vollenhoven als wijsgeer; inleidingen en teksten*. (Reds A. Tol & Bril, K.A.). Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2000. *Schematische Kaarten; filosofische concepties in probleemhistorisch verband*. (Reds Bril, K.A. & Boonstra, P.J.). Amstelveen: De Zaak Haes.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2005a. *Isagôgè philosophiae; introduction to philosophy*. (Eds Kok, J.H. & Tol, A.). Sioux Center, Iowa: Dordt College Press.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2005b. *Wijsgerig Woordenboek*. (Red Bril, K.A.). Amstelveen: De Zaak Haes.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2005c. Evolusie. In Vollenhoven, D.H.Th. *Wijsgerig Woordenboek* (Red K.A. Bril). Amstelveen: De Zaak Haes, pp. 142-143.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2005d. *The problemhistorical method and the history of philosophy*. (Ed Bril, K.A.) Amstelveen: De Zaak Haes.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2005e. *De probleem-historische metode en de geschiedenis van de Wijsbegeerte*. (Red Bril, K.A.). Amstelveen: De Zaak Haes.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2010. *Isagôgè philosophiae 1930-1945; filosofie in de traditie van de Reformatie*. (Tekskritiese uitgawe deur Tol, A.). Amsterdam: VU Uitgeverij.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2011a. *Gastcolleges Wijsbegeerte: erfenis voor het heden*. (Reds Bril, K.A. en Nijhoff, R.A.). Amstelveen: De Zaak Haes.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2011b. Evolutionisme. In Vollenhoven, D.H.Th. *Gastcolleges Wijsbegeerte; erfenis voor het heden*. Amstelveen: De Zaak Haes, pp. 159-166.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2013 (oorspronklik 1926 in Nederlands). *Reformed epistemology; the relation of Logos and Radio in the history of Western Epistemology*. (Transl. and introd. by Tol, A., ed by Kok, J.). Sioux Center, Iowa: Dordt College Press.

# Die Nederlandse akademiese boikot teen Suid-Afrika: 'n Ontleding

*The Dutch academic boycott against South Africa: An analysis*

**OTTO TERBLANCHE**

Departement Geskiedenis, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit,  
Port Elizabeth.

E-pos: otto.terblanche@nmmu.ac.za



Otto Terblanche

**OTTO TERBLANCHE** is in die Paarl gebore en het sy tersiêre opleiding by die Universiteit van Stellenbosch begin waar hy die BA en BAHons grade in Geskiedenis verwerf het. Sy MA en DPhil grade in Geskiedenis het hy by die Universiteit van Port Elizabeth (UPE) – tans die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (NMMU) – verwerf. Hy is in 1976 as dosent in Geskiedenis by die UPE aangestel. Hy is sedert 1994 betrokke by navorsingsprojekte in Nederland en België (Vlaandere). Hy het sedertdien wyd gepubliseer oor die politieke en kulturele betrekkings tussen Nederland/België (Vlaandere) en Suid-Afrika. Sy boek *Nederland en die Afrikaner: Gesprek oor apartheid* het in 1998 verskyn. Hy het in 2011 as medeprofessor in Geskiedenis afgetree. In 2012 is hy aangestel as navorsingsgenoot in Geskiedenis aan die NMMU.

**OTTO TERBLANCHE** was born in Paarl and started his tertiary education at the University of Stellenbosch where he obtained the BA and BAHons degrees in History. The MA and DPhil degrees in History were obtained at the University of Port Elizabeth (UPE) – currently the Nelson Mandela Metropolitan University (NMMU). He was appointed as lecturer in History at UPE in 1976. Since 1994 he has been involved in research projects in the Netherlands and Belgium (Flanders). He has published widely on the political and cultural relations between the Netherlands/Belgium (Flanders) and South Africa. His book *Nederland en die Afrikaner: Gesprek oor apartheid* was published in 1998. He retired in 2011 as an associate professor in History. In 2012 he was appointed as a research associate in History at the NMMU.

## ABSTRACT

### *The Dutch academic boycott against South Africa: An analysis*

*The year 1960 was a watershed in South Africa's history. The shootings at Sharpeville, 21 March 1960, had a negative impact on South Africa's foreign relations. South Africa and the Netherlands became estranged. The boycott and sanctions movement would set in.*

*In 1962 the UN General Assembly set up the Special Committee against Apartheid. In 1968 the General Assembly asked all member states to suspend cultural, educational and sporting exchanges with South Africa. In 1980 the General Assembly adopted a resolution asking all member states to take steps to prevent all cultural, academic, sports and other exchanges with*

South Africa. A similar resolution was adopted in 1983. The European Community adopted a series of measures in 1985, *inter alia* to discourage cultural, sporting and scientific contacts with South Africa.

The Soweto uprising in 1976 and the death of Steve Biko in 1977 led to an outcry in the Netherlands. The Dutch government thus froze the Cultural Accord with South Africa in 1977 and it was finally abandoned in 1981.

The Anti-Apartheidsbeweging Nederland (AABN) (*Anti-apartheid movement of the Netherlands*) published in 1980 a Zwartboek over wetenschappelijke kontakten tussen Nederland en Zuid-Afrika (*Black book concerning scientific contacts between the Netherlands and South Africa*). The AABN strongly condemned scientific and academic contacts between the Netherlands and South Africa. They were also very supportive of the African National Congress (ANC). Dr. Zola Skweyiya of the scientific bureau of the ANC visited the Netherlands in 1980. He was received with open arms at Dutch universities.

The Dutch universities were a formidable ally in the anti-apartheid struggle. The Rev. C.F. Beyers Naudé received an honorary doctorate in 1972 from the Vrije Universiteit Amsterdam (VU). The VU severed its ties with Potchefstroom University in 1974 and 1976. White South African academics were no longer allowed to lecture at the VU.

The ANC stalwart, Govan Mbeki, received an honorary doctorate in 1978 from the Universiteit van Amsterdam (UvA). The ceremony was a demonstration of solidarity with the ANC and its leaders. The Govan Mbeki Fund was launched in 1977 to support South African students financially who could not complete their studies because of apartheid. The ANC was very much involved with the fund. The President of the ANC, Oliver Tambo, was invited to give a speech at the opening of the academic year in 1983.

The Rijksuniversiteit Utrecht (RUU) severed its ties with South African academic institutions in 1979. A bust of Paul Kruger was stolen from the Senate Chamber in 1979. Kruger was seen as a symbol of the apartheid policy. Winnie Mandela received an honorary doctorate from the RUU in 1986. This gesture was widely criticized. An anti-apartheid fund was also launched in 1986.

The Rijksuniversiteit Groningen (RUG) severed its ties with South African academic institutions in 1978. A follow up motion to that effect was accepted in 1985. The only contact that was acceptable was contact that was supportive of the anti-apartheid struggle. A Winnie Mandela Fund was launched in 1986 to support students that had to flee South Africa because of apartheid. The Rijksuniversiteit Leiden (RUL) severed its ties with South African academic institutions in 1978. The Dutch universities with the aid of the anti-apartheid organisations did their utmost to isolate and boycott white South Africa. In this process they were very supportive of the ANC.

The Dutch academic boycott had a negative effect in many ways. Many white South African students could no longer study at Dutch universities. Dutch as an academic language in South Africa would also lose ground. The same applied to Afrikaans in the Netherlands. The younger Afrikaans-speaking academics would pursue other academic avenues in the broader European and American context.

**KEY TERMS:** The Netherlands, South Africa, Cultural Accord, apartheid, anti-apartheid, African National Congress (ANC), academic boycott, United Nations, Amsterdam, Anti-Apartheidsbeweging Nederland (AABN), Dutch universities, Potchefstroom University

**TREFWOORDE:** Nederland, Suid-Afrika, Kulturele Verdrag, apartheid, anti-apartheid, African National Congress (ANC), akademiese boikot, Verenigde Nasies, Amsterdam, Anti-Apartheidsbeweging Nederland (AABN), Nederlandse universiteite, Potchefstroomse Universiteit

## OPSOMMING

Die jare '60 en '70 in Nederland is gekenmerk deur 'n demokratiseringsproses. Dit sou daartoe lei dat die jeug medeseggenskap sou opeis in beleidsake. Dit was veral van belang wat die universiteitswese betref. Die links-radikale studentemassa was dus 'n faktor wat nie verontagsaam kon word nie. Nederlandse universiteite was onder druk om meer maatskaplik betrokke en relevant te word. Anti-apartheid het dus 'n populêre slagspreuk geword. Nederland en Suid-Afrika het toenemend vreemd geword vir mekaar.

Nederlandse universiteite in Amsterdam, Utrecht, Groningen en Leiden het almal hul akademiese bande met Suid-Afrikaanse universiteite verbreek. 'n Boikot- en isolasiebeleid is gevolg, aangevuur deur links-radikale studente en anti-apartheidsorganisasies. Nederlandse universiteite het eredoktorsgrade toegeken aan anti-apartheidsaktiviste soos C.F. Beyers Naudé, Govan Mbeki en Winnie Mandela, vanweë hulle uitgesproke teenstand teen apartheid. Die universiteite het ook noue bande met die ANC gesmee.

Blanke Suid-Afrikaanse studente en dosente was dus nie meer welkom op die kampusse van Nederlandse universiteite nie. Jonger Afrikaanssprekende akademici het hul rug al hoe meer op Nederland gekeer. Nederlands as akademiese taal het dus veld verloor in Suid-Afrika. Daarenteen het Engels as akademiese taal veld gewen.

## 1. INLEIDING

Die jaar 1960 was 'n waterskeiding in Suid-Afrika se geskiedenis. Op 21 Maart 1960 is 69 swartes deur die polisie doodgeskiet by Sharpeville buite Vereeniging. Dit was 'n doodskoot vir Suid-Afrika se internasionale betrekkinge. Nederland het met skok en verontwaardiging gereageer. Die anti-apartheidsbeweging in Nederland het momentum gekry. Die eerste anti-apartheidsorganisasie in Nederland, die Comité Zuid-Afrika (CZA), is in November 1957 gestig en in Maart 1960 heropgerig. Die CZA het eers ná Sharpeville sterk op die voorgrond getree (Muskens 2014: 48-53, 61). Dit was ook die begin van die sanksie- en boikotbeweging teen Suid-Afrika. Die druk op Suid-Afrika sou jaar na jaar toeneem (De Boer 1999:81-88).

Suid-Afrika en Nederland het in die jare sestig al hoe verder uitmekaar gedryf. Suid-Afrika was die toonbeeld van 'n konserwatiewe, nasionalistiese staat. Daarteenoor is die jare '60 in Nederland gekenmerk deur 'n kulturele revolusie. Dit was die era van vernuwing, modernisering en demokratisering. Dié jare is gekenmerk deur 'n generasiekloof, 'n gesagskrisis, toenemende polarisasie en opstandigheid by die jeug. Studente-opstande sou ook mettertyd volg. Die demokratiseringsproses sou daartoe lei dat die jeug medeseggenskap sou opeis in beleidsake. Dit was veral belangrik wat die universiteitswese betref. Nederlandse universiteite was onder druk om meer maatskaplik betrokke en relevant te word. Dit is in die lig hiervan dat Schutte die volgende stelling maak: "Nederland en Zuid-Afrika waren elkaar inderdaad vreemd geworden" (Schutte 2005:462-470; Terblanche 1998:15-19).

## 2. OPTREDE VAN VERENIGDE NASIES EN EUROPESE GEMEENSAP

Die Nederlandse akademiese boikot teen Suid-Afrika moet beoordeel word teen die agtergrond van die anti-apartheidsaksies wat deur die Verenigde Nasies (VN) en die Europese Gemeenskap (EG) veral ná 1960 onderneem is. Die Algemene Vergadering van die VN het reeds in 1962 die “Special Committee against Apartheid” opgerig. In 1968 het die Algemene Vergadering alle lidstate gevra om kulturele, opvoedkundige en sportbande met Suid-Afrika op te skort, en in 1973 het die Algemene Vergadering apartheid as “a crime against humanity” verklaar. Die Algemene Vergadering van die VN het in Desember 1980 ’n resoluksie aanvaar waarin ’n beroep op alle lidlande gedoen is “to take steps to prevent all cultural, academic, sports and other exchanges with South Africa”. Alle kulturele en akademiese samewerking met Suid-Afrika moes gestaak word, “including the exchange of scientists, students and academic personalities, as well as cooperation in research programmes.” ’n Beroep is op alle akademiese instellings gedoen om alle bande met Suid-Afrika te verbreek (United Nations 1994:66,73,355).

In Mei 1981 het die VN ’n “International Conference on Sanctions against South Africa” in Parys georganiseer. Alle lidlande is versoek om kulturele en wetenskaplike kontakte met Suid-Afrika op te skort. Die konferensie het klem gelê op die konstruktiewe betekenis van ’n kulturele en akademiese boikot. Die Algemene Vergadering het vervolgens in Desember 1983 ’n “Programme of Action against Apartheid” goedgekeur. ’n Beroep is op alle lidlande gedoen om alle kulturele en akademiese samewerking met Suid-Afrika te staak. Dit sluit in die uitwisseling van wetenskaplikes, studente en akademici (United Nations 1994:366, 382).

Die Europese Gemeenskap (EG) se optrede teen Suid-Afrika was tot en met 1977 van ’n lae intensiteit en meer simbolies van aard. Die Soweto-opstand van 1976 sou egter vir ’n kentering sorg. Die EG het naamlik in September 1985 wydlopende sanksies ingestel wat kulturele, sport- en wetenskaplike kontakte met Suid-Afrika betref (Olivier 2006:26-30).

## 3. OPSEGGING VAN KULTURELE VERDRAG

Die Kulturele Verdrag tussen Nederland en Suid-Afrika is op 31 Mei 1951 in Den Haag onderteken. Die Verdrag is deur die Nederlandse parlement goedgekeur en in Mei 1953 bekragtig. Die Verdrag het as oogmerk gehad om “de vriendschappelijke betrekkingen, die steeds tussen beide volken hebben bestaan, te bestendigen”. Die Verdrag wou deur vriendskaplike uitwisseling en samewerking tussen beide lande kennis en begrip bevorder van die werksaamheid op geestelike, intellektuele, artistieke, wetenskaplike, opvoedkundige en tegniese gebied. Voorsiening sou gemaak word vir die uitwisseling van die wetenskaplike personeel van instellings van hoër onderwys, dosente, onderwysers, navorsers en studente. Boeke, tydskrifte en ander publikasies sou oor en weer geskenk word. Beurse sou ook beskikbaar gestel word aan studente en akademici (Stichting “VN-jaar voor de sankties tegen Zuid-Afrika” 1983:34-35).

Die Soweto-opstand wat op 16 Junie 1976 uitbreek het, het die Kulturele Verdrag onder groot druk geplaas. Die Nederlandse regering het in ’n nota herbevestig dat hy apartheid prinsipieel afkeur. Die progressiewe kabinet van Den Uyl het bly glo aan die voer van ’n kritiese dialoog. Twee gebeure in September 1977 was egter vir die Nederlandse regering die laaste strooi. Eers was daar die dood van die Swartbewussynsleier, Steve Biko, en daarna is visums geweier aan drie verteenwoordigers van die Nederlandse Hervormde Kerk wat Suid-Afrika wou besoek. Op 23 September 1977 het die Nederlandse regering gevolglik besluit om die Kulturele Verdrag te bevries. Om verder sout in die wonde te vryf, het die Suid-Afrikaanse

owerheid in Oktober 1977 alle Swartbewussynsorganisasies verbied, asook die voorste swart koerant in Johannesburg, *The World*, en die Christelike Instituut van Beyers Naudé. Die Nederlandse regering het daarop besluit om die Kulturele Verdrag met Suid-Afrika op te sê (Van der Watt 1992:1-4; De Boer 1999:334-336, 346-356).

Die wetlike proses om die Verdrag tot niet te verklaar, is daarna aan die gang gesit. Die wetsontwerp om die Verdrag amptelik op te sê is in April 1981 deur die Tweede Kamer en in Junie 1981 deur die Eerste Kamer aangeneem. Dit het baie implikasies vir Suid-Afrikaanse burgers gehad. Alle Suid-Afrikaanse burgers moes byvoorbeeld vanaf 1 Januarie 1983 aansoek doen om 'n visum om Nederland te besoek. Suid-Afrikaners wat Nederland wou besoek vir doeleindes van sport, kultuur en wetenskap het nie noodwendig 'n visum ontvang nie (*Amandla* 1983:25; *Zuid-Afrika* 1983:1).

'n Ander implikasie was dat Nederlandse regeringsbeurse vir akademië en studente verval het. Die uitwisseling van akademië is daardeur nadelig getref. Die visumbeleid is ook ná 1985 verder verskerp. Die Verdrag van Schengen, 1985, het dit vir Suid-Afrikaanse studente en dosente wat langer as drie maande in Nederland wou bly, baie moeilik gemaak (De Waard-Bijlsma & De Waard 2010:24, 31-33).

#### 4. ZWARTBOEK OVER WETENSCHAPPELIJKE KONTAKTEN

Die Anti-Apartheidsbeweging Nederland (AABN), opgerig in 1971, het in Maart 1980 'n "Zwartboek over wetenschappelijke kontakten tussen Nederland en Zuid-Afrika" gepubliseer. Volgens die AABN word daar op universiteite en kolleges nie genoeg gedoen om die kontakte met Suid-Afrikaanse akademiese instellings te beëindig nie. Inteendeel, sedert die Kulturele Verdrag bevries is (1977), lyk dit asof die kontakte aansienlik uitgebrei het. In die voorafgaande twee jaar is daar byvoorbeeld by die AABN meer as twintig gevalle aangemeld van toenemende akademiese samewerking met "apartheidsinstellings". Van hierdie gevalle is in die "Zwartboek" bespreek. Die AABN sou in hierdie verband as 'n waghond optree (AABN 1980:66).

Die AABN het selfs die indruk gekry dat die Nederlandse owerheid 'n aktiewe rol gespeel het by "het leggen van kontakten met 'apartheidswetenschappers'". Volgens die AABN was daar te veel geheimsinnigheid rondom hierdie "apartheidskontakten". Hulle pleit dus vir groter openheid wat wetenskaplike- en onderwyskontakte met Suid-Afrika betref. Besoeke van Suid-Afrikaanse akademië aan Nederlandse onderwysinstellings moet dus aangemeld word. Die AABN het daarom gepleit dat wetenskaplike- en onderwyskontakte met Suid-Afrika beëindig word. Dit het beteken dat die Nederlandse regering nie meer betrokke moet wees by die lê van kontakte nie. Die AABN het ook gepleit dat die Kulturele Verdrag opgesê word en dat alle besoeke van Suid-Afrikaanse wetenskaplikes aan Nederland stopgesit moet word. Hulle het ook geëis dat Suid-Afrikaanse afgevaardigdes nie internasionale kongresse bywoon nie (AABN 1980:66-68).

Die AABN het die African National Congress (ANC) sterk ondersteun. Die verbreking van die bande met die "apartheidstaat" Suid-Afrika was slegs één kant van die munt. Daarnaas moes kontakte opgebou word met die ANC, die bevrydingsbeweging van Suid-Afrika. Die ANC het gestreef na 'n demokratiese staat, gebaseer op die wil van die hele volk, wit en swart, aldus die AABN. Die AABN het gepleit dat die onderwys- en navorsingsprogramme van die ANC ondersteun moet word. Universiteite en kolleges moes hiertoe 'n finansiële bydrae lewer. Universiteite en kolleges moes ook die inhoud van hul navorsing en onderwys in diens stel van die bevryding van Suid-Afrika. In dié verband moes nou saamgewerk word met die ANC. Dit was ook belangrik dat studente van die ANC, wat hul in die buiteland bevind het, hul

universiteitsopleiding voltooi. Want ná bevryding van Suid-Afrika sal geskoolde kaders onontbeerlik wees (AABN 1980:65-68).

## 5. STEUN VIR DIE ANC

In die jare '70 het baie Nederlandse universiteite en tegniese kolleges mosies aangeneem waarin geëis is dat die kontakte met die apartheidstaat Suid-Afrika en sy wetenskaplike instellings verbreek word. Dikwels is daaraan toegevoeg: “tenzij deze kontakten een steun aan de strijd tegen apartheid betekenen”. Die standpunt is naamlik gehuldig dat die stryd teen apartheid die beste ondersteun kan word deur die ANC met alle moontlike middele, ook vanuit Nederlandse wetenskaplike instellings, te ondersteun (*Zuidelijk Afrika Nieuws*, April 1980:14).

Dr. Zola Skweyiya van die wetenskaplike buro van die ANC het Nederland in Maart 1980 besoek. Sy besoek het saamgeval met die publikasie van die AABN se “Zwartboek over wetenschappelijke kontakten tussen Nederland en Zuid-Afrika: Steun het ANC.” Sy besoek van twee weke, 6–21 Maart 1980, is deur die AABN georganiseer. Dr. Skweyiya het die universiteite en tegniese kolleges van Groningen, Enschede, Wageningen, Nijmegen, Delft, Utrecht, Leiden, die Vrije Universiteit Amsterdam en die Universiteit van Amsterdam besoek. Hy het gepoog om meer permanente kontakte te lê tussen die ANC en die Nederlandse universiteite en tegniese kolleges. Hy is met groot geesdrif ontvang. Opvallend was die positiewe gesindheid jeens die ANC van die kant van die bestuur van die universiteite en kolleges (*Zuidelijk Afrika Nieuws*, April 1980:14).

Tydens dr. Skweyiya se besoek is 'n groot aantal moontlikhede vir steun aan die ANC vanuit universiteitsgeledere geopper. Beurse kon byvoorbeeld aan ANC-studente toegeken word vir verdere studie in Nederland of in Lusaka, Zambië. Die Solomon Mahlangu Vryheidsskool van die ANC in Tanzanië kon op diverse maniere ondersteun word, sowel as die navorsingsafdeling van die ANC in Lusaka. ANC-wetenskaplikes kon ook gehelp word wat die finansiering van die drukkoste van hul verhandelinge betref. Navorsing kon ook aan Nederlandse universiteite gedoen word ten behoeve van die ANC (AABN, 11 April 1980: Verslag besoek Skweyiya aan Nederland).

Die Universiteit van Amsterdam het in Januarie 1978 'n eredoktoraat aan die ANC-versetstryder, Govan Mbeki, toegeken. As uitvloeisel daarvan het die universiteit die Govan Mbeki Fonds ingestel. Die fonds beoog om oor 'n tydperk van tien jaar 'n bedrag van 10,000 gulden per jaar ter beskikking te stel. Die bedoeling was om finansiële ondersteuning te gee aan Suid-Afrikaanse studente wat as gevolg van apartheid nie hul studie in Suid-Afrika kon voltooi nie. Die fonds is op 21 Maart 1980 amptelik van stapel gestuur. Dr. Skweyiya het hierdie geleentheid by die Universiteit van Amsterdam bygewoon. Dit was 'n gepaste einde vir sy besoek aan Nederland (AABN 1980:73).

## 6. VRIJE UNIVERSITEIT AMSTERDAM

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys het sy volwaardige universiteitstatus in 1951 verkry. In 1958 is 'n ooreenkoms onderteken tussen die Potchefstroomse Universiteit (PU) en die Vrije Universiteit te Amsterdam (VU). Die ooreenkoms het voorsiening gemaak vir die onderlinge uitwisseling van dosente. Die PU en VU was beide Gereformeerde instellings met die klem op 'n Christelike wetenskap. Die Suid-Afrikaanse apartheidsbeleid het weldra tot vervreemding gelei. Die eerste openbare debat oor apartheid by die VU het reeds in November 1959 plaasgevind. Die studentegemeenskap van die VU het meer en meer krities oor apartheid geword (Schutte 2005:394-395).

Nederland het in die jare '60 'n sosio-kulturele omwenteling ondergaan. Die universiteite is regstreeks daardeur geraak. Liberale en Marxistiese studente het 'n groter inspraak in die bestuur van universiteite geëis. Universiteite moes ook meer maatskaplik betrokke en relevant word. Daar was nou 'n groter klem op die Derde Wêreld en op menseregte. Teen 1970 het meer as die helfte van die studente aan die VU geen Gereformeerde agtergrond gehad nie. Dit is teen hierdie agtergrond dat die swart Amerikaanse burgerregteleier, Martin Luther King, in 1965 'n eredoktoraat van die VU ontvang het, tot die ontsteltenis van die NG Kerk-sinode. Voortvloeiend hieruit het die VU in 1971 'n nuwe doelstelling gekry, met klem op die rol van die Christen in die samelewing, gefokus op die nood van mense, kolonialisme en rassisme. Nederland en Suid-Afrika het inderdaad vreemdelinge vir mekaar geword (Schutte 2005:462-470, 656; Schutte 2010:128-129).

Die bekende ds. C.F. Beyers Naudé, direkteur van die ekumeniese, nie-rassige Christelike Instituut, was vanweë sy radikale anti-apartheidsuitsprake hoog geag in Nederlandse anti-apartheidskringe. Die VU het gevolglik op 20 Oktober 1972 'n eredoktorsgraad aan hom toegeken. Volgens die bekende Nederlandse historikus, prof. Gerrit Schutte, was dié eerbetoon “een afscheid van de oude traditie van ‘stamverwantschap’ en ‘geestverwantschap’” (Schutte 2005:511-514; Schutte 2010:139-141). Dit het 'n duidelike boodskap gestuur: “De VU koos tegen de apartheid en voor solidariteit met de slachtoffers daarvan” (Schutte 2005:656; Schutte 2010:139-141). In sy dankwoord by dié plegtigheid het Naudé 'n beroep op Christene gedoen “to lend full support to the removal of all forms of racial discrimination and racial injustice” (Vrije Universiteit 1975:1-7). In sy outobiografie het Naudé gemeld dat die Afrikaners én die NG Kerk die eredoktoraat as “verraad” beskou het (Naudé 1997:12; Schutte 2005:511-514, 656; Schutte 2010:139-141; Vrije Universiteit 1975:1-7).

Potchefstroom was steeds nie bereid om afskeid te neem van apartheid nie. Die universiteitsraad van die VU het in April 1973 'n eenparige besluit geneem dat apartheid eties en polities onaanvaarbaar was. In Oktober 1974 het die universiteitsraad van die VU gevolglik besluit om die ooreenkoms met die PU vir CHO op te sê. In Augustus 1976 het die VU finaal besluit om al sy amptelike bande met die PU te verbreek. Daar sou dus voortaan géén amptelike kontak tussen die twee universiteite meer wees nie (Schutte 2005:536-543, 561-567; Schutte 2010:146-162; *Beeld*, 26 Augustus 1976).

Die opsegging van die ooreenkoms met Potchefstroom het vir alle praktiese doeleindes 'n einde gemaak aan die akademiese uitwisseling tussen die twee universiteite. Wit Suid-Afrikaanse gasdosente was ook nie meer welkom op die VU-kampus nie. Die VU sou bewus-telik daarna strew om sedert 1973 meer kontak op te neem met swart Afrika. 'n Samewerkings-ooreenkoms is byvoorbeeld gesluit met die Universiteit van Botswana, Lesotho en Swaziland (UBLS). Bande is ook gesmee met universiteite in Zambië en Kongo/Zaire (*Trouw*, 6 Oktober 1973; Schutte 2005:624-633).

Die taalwetenskaplike, dr. R.P. Botha van Stellenbosch, is in Januarie 1976 uitgenooi as gasdosent aan die VU. Die uitnodiging is egter afgekeur deur die subfakulteitsraad van die afdeling Algemene Taalwetenskap, omdat dit strydig was met die internasionale oproep tot isolering van die apartheidsbewind. Botha is in 1980 opnuut benoem as hoogleraar in die Algemene Taalwetenskap aan die VU. Daar is luidrugtig teen sy benoeming geprotesteer en in Mei 1980 het die fakulteitsraad van Lettere aan die VU sy benoeming afgewys, onder meer omdat hy 'n blanke Suid-Afrikaner was. Die VU wou ook nie sy betrekkinge met swart Afrika-state skaad nie (*Trouw*, 22 Januarie 1976; *Die Burger*, 30 Mei 1980; *Zuid-Afrika*, Junie 1980; Schutte 2005:594-596).

Ander Suid-Afrikaners sou ook slagoffers word van die boikotstrewre. Dr. A.B. du Toit, dosent in politieke filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch, is einde 1977 genooi om 'n reeks lesings aan die VU te gee. Du Toit was bekend as 'n teenstander van die apartheidsbeleid. Vanweë die politieke verwickelinge in Suid-Afrika is die uitnodiging aan hom egter teruggetrek. Dit het die indruk gewek dat “een gastdocent mag marxist zijn, maoïst, atheïst”, maar nie 'n blanke Suid-Afrikaner nie. Die radikale studente sou Du Toit klaarblyklik aanvaar het as hy sou gekom het as verteenwoordiger van die ANC (AABN 1980:35-38; *Zuid-Afrika*, Januarie 1978; *Amandla*, Januarie 1978).

Die fakulteitsraad van die regs fakulteit aan die VU het in Oktober 1978 besluit om die Suid-Afrikaanse hoogleraar regsfilosofie, prof. J.D. van der Vyver, uit te nooi as 'n gasdosent aan die VU. Van der Vyver het kort tevore by die Potchefstroomse Universiteit ontslag geneem vanweë sy kritiese houding oor aspekte van apartheid. Radikale studente het daarteen in opstand gekom, want in hulle oë was Suid-Afrika “een land dat alleen maar geboycot mag worden”. Van der Vyver het gevolglik die uitnodiging van die hand gewys. Sy pogings om gedurende 1985/1986 as gasdosent navorsing aan die VU te doen, is ook verydel. Volgens die boikotgesindes aan die VU was Van der Vyver “geen echt bestrijder van de apartheid” (AABN 1980:38-40; *Amandla*, Desember 1978; *Zuid-Afrika*, November/Desember 1978 en Junie 1984; Schutte 2005:596-598).

Die Potchefstroomse Universiteit het in 1979 besluit om 'n eredoktoraat toe te ken aan prof. H. van Riessen, hoogleraar filosofie aan die VU. Van Riessen, wat simpatiek was jeens aspekte van apartheid, het die eredoktoraat aanvaar. 'n Storm van protes het toe losgebars. Die universiteitsraad van die VU het die toekenning van die eredoktoraat ten sterkste afgekeur. Die studenteraad het die aanvaarding van die eredoktoraat as 'n politieke daad beskou en 'n klap in die gesig van die aktiewe verset in Suid-Afrika. Van Riessen het op die ou end tog na Potchefstroom gegaan om die eredoktoraat persoonlik in ontvangs te neem (AABN 1980:17-18; *Amandla*, Mei 1979).

Die swart Suid-Afrikaner, J.M. (Johnny) Nchabeleng, het sy doktorsale eksamen aan die VU in Desember 1978 geslaag. Direk daarna het hy in diens van die VU getree. In die woorde van Schutte: “Voor hem geen boycot, maar positieve discriminatie” (Schutte 2005:591-593).

## 7. UNIVERSITEIT VAN AMSTERDAM

Die Universiteit van Amsterdam (UvA) het ook 'n leidende rol gespeel in die stryd teen apartheid. Die moontlike besoek van prof. N.J. Rhodie, sosioloog verbonde aan die Universiteit van Pretoria, in April 1973 aan Nederland het tot groot onmin aanleiding gegee. Hy sou ook lesings aan die UvA gegee het. Daar is in die Nederlandse pers na Rhodie as die “apartheidsosioloog” verwys, omdat hy in sy boeke 'n voorstander van apartheid sou gewees het. Die UvA-studente was sterk teen sy besoek gekant. Hulle was van mening dat geen materiële en morele steun verleen moes word aan mense wat die apartheidsidee propageer en ondersteun nie. Die betrokke studiegroepe het gevolglik einde Maart 1973 besluit om die uitnodiging aan Rhodie terug te trek (*Folio Civitatis*, 17 Maart 1973 en 31 Maart 1973).

Die eerste leerstoel Zuid-Afrikaanse taal- en letterkunde is in 1933 aan die UvA, toe nog bekend as die Gemeentelijke Universiteit, ingestel. Die bekende N.P. van Wyk Louw het die leerstoel van 1950 tot 1958 beklee as “buitengewoon hoogleraar.” Hy is opgevolg deur H. van der Merwe Scholtz, 1959–1962. Ná Scholtz se vertrek was die leerstoel vir 40 jaar onbeset op professorale vlak. As gevolg van politieke druk en akademiese boikotaksies is die leerstoel in die jare '70 opgehef. Die “College van Bestuur” van die UvA het eers in April 2000 die

nodige toestemming gegee vir die herinstelling van ’n “bijzondere” leerstoel Zuid-Afrikaanse letterkunde (Jansen 2014:385-395; Veltkamp-Visser 2003:50-53).

Die UvA het op 9 Januarie 1978 ’n eredoktoraat aan die ANC-strydros, Govan Mbeki, toegeken. Hy het in daardie stadium lewenslange gevangenisstraf op Robbeneiland uitgedien. Die voorstel is gemaak in die kader van die dertigjarige bestaan van die fakulteit Sosiale Wetenskappe aan die UvA. Dit het in die teken gestaan van “de strijd tegen het fascisme”. Die studentevakbond het binne ’n paar weke 1,000 handtekeninge versamel vir die toekenning van die eredoktoraat. Die AABN het die universiteit voorsien van die nodige inligting oor die ANC en Govan Mbeki. Die AABN het hulle ook beywer vir die vrylating van Mbeki en ander politieke gevangenes in Suid-Afrika. Die kollege van dekanen van die UvA het aanvanklik geweier om die eregraad te verleen. Die universiteitsraad het egter eventueel eenparig besluit om Mbeki te vereer (Muskens 2014:257-258; *Zuid-Afrika*, Januarie 1978).

Die verlening van die eredoktoraat het onder groot belangstelling in die Aula plaasgevind. Moeletsi Mbeki het die eregraad namens sy vader in ontvangs geneem. Die ANC is verteenwoordig deur sy sekretaris-generaal, Alfred Nzo. ’n Groot banier is ook in die Aula vertoon met die woorde: “Mbeki moet vrij”. Die plegtigheid was ’n demonstrasie van solidariteit met die ANC en sy leiers. Die plegtigheid het in die teken gestaan van ’n politieke manifestasie. Dit was “een konkrete, schitterende erkenning van het ANC”. Opvallend was die feit dat die AABN intiem gemoeid was met die verlening van die eregraad aan Mbeki. Politieke druk was dus deurentyd aanwesig, vóór en ná die plegtigheid (*Zuid-Afrika*, Januarie 1978; *Zuidelijk Afrika Nieuws*, Desember 1977 en Februarie 1978).

Die instelling van die Govan Mbeki Fonds deur die UvA is gekoppel aan die toekenning van die eredoktoraat aan Mbeki. Die College van Bestuur van die UvA het in Desember 1977 ’n besluit geneem om so ’n fonds te loods. Die College van Bestuur het besluit om oor ’n tydperk van tien jaar ’n bedrag van 10,000 gulden per jaar ter beskikking van die fonds te stel. Die doelstellings van die fonds was:

- Die finansiële ondersteuning van Suid-Afrikaanse studente wat as gevolg van die apartheidsbeleid nie in staat was om hul studie in Suid-Afrika te voltooi nie.
- Die stimulasie van wetenskaplike werk in ooreenstemming met die gedagtegang van Govan Mbeki, en die publikasie van die navorsingsuitsette.

Daar sal ook deurentyd oorleg gepleeg word met die ANC en die Mbeki-familie (AABN 1980:73).

Die eerste student wat finansiële ondersteun is deur die Govan Mbeki Fonds was M. Mancini. Hy het sy navorsing in Augustus 1982 voltooi by die Instituut vir Sosiale Studie. Sy publikasie het gehandel oor “A Survey of manpower training and development in South Africa” (Report on Govan Mbeki Fund, June 1983).

Aan die UvA is dit tradisie dat by die amptelike opening van die akademiese jaar ’n rede gehou word deur iemand van “buite”. In 1983 was dit vyf jaar sedert Govan Mbeki ’n eredoktoraat ontvang het; dit was ook vyf jaar sedert die instelling van die Govan Mbeki Fonds. Die UvA het dus reeds hegte bande met die ANC opgebou. Oliver Tambo, president van die ANC, is gevolglik gevra om die rede te hou op 5 September 1983. Dit was die eerste keer dat ’n president van ’n belangrike bevrydingsbeweging uitgenooi is. Die uitnodiging aan Tambo was “een politieke erkenning van het ANC als drager van het perspektief op een vrij Zuid-Afrika”. ’n Studentekoor het swart strydliedere in die Aula van die UvA gesing. Na die rede van Tambo is *Nkosi Sikelel’ iAfrika* gesing. Die verrigtinge het dus ’n sterk ANC stempel gedra (*Zuidelijk Afrika Nieuws*, Augustus 1983).

Die tema van Tambo se toespraak was “The role of Europe in the quest for peace in southern Africa”. Hy het hom sterk uitgespreek teen die “Pretoria-regime, dat nog steeds word geleid deur aanhangers van Adolf Hitler en de Nazi-Partij”. Volgens Tambo ken apartheid “dezelfde intense raciale haat als Hitler”. Hy was baie krities oor die Verenigde State wat slegs in eie belang handel, sonder om aandag te skenk aan die belange van die swart meerderheid in Suid-Afrika. Europa moes dus besluit of hy ondergeskik wil bly aan “grote broer Amerika”. Hy het Wes-Europa uitgedaag om vriendskapsbande met die ANC te vorm, gebaseer op die menslike strewe na vryheid, vrede en demokrasie (Grewel 1983).

## 8. RIJKSUNIVERSITEIT UTRECHT

Dr. Jan Smit, kernfisikus van die Potchefstroomse Universiteit, was vir ses maande (Desember 1978 tot Mei 1979) werksaam by die kernfisika instituut van die Rijksuniversiteit Utrecht (RUU). Dit het tot protesaksies onder die natuurkundestudente gelei. ’n Artikel in ’n studenteblad het geëis dat die kontakte met Suid-Afrika verbreek moes word, veral op die gebied van die kernfisika. Die artikel het daarop gesinspeel dat Suid-Afrika planne het om ’n atoombom te maak. Die blad was ongelukkig oor die aanstelling van Smit, omdat die Nederlandse regering reeds in September 1977 besluit het om die Kulturele Verdrag met Suid-Afrika te bevries. ’n Aksiekomitee “Verbreek de banden met Zuid-Afrika” is opgerig en daar is ook besluit om met ’n handtekeningaksie te begin. Hierdie veldtog teen Smit het groot belangstelling uitgelok in die Nederlandse dagblaaie. Die aksiekomitee het die publisiteit gekry wat hulle gesoek het.

Die Smit-sage het tot in die Nederlandse parlement gedraai. Die Nederlandse minister van Onderwys, A. Pais, het in antwoord op ’n vraag verklaar dat hy geen stappe gaan doen oor die teenwoordigheid van Smit by die RUU nie. Ondanks die hele bohaai oor die aangeleentheid het Smit sy volle termyn van ses maande uitgedien (Koppenol 1979:1-5; AABN 1980:41-42).

Die universiteitsraad van die RUU het in Maart 1979 ’n mosie aangeneem dat “het niet wenselijk is dat enig onderdeel van de RUU betrekkingen onderhoudt met in Zuid-Afrika gevestigde wetenschappelijke instellingen of met personen die aan deze instellingen werkzaam zijn”. In Mei 1979 het die raad ’n verdere besluit geneem dat die kontakte met Suid-Afrikaanse universiteite verbreek moes word totdat die Nederlandse regering die Kulturele Verdrag met Suid-Afrika herstel het (Koppenol 1979:5; Van Rinsum 2006:152).

In Utrecht het die stryd teen apartheid op velerlei fronte voortgewoed. Op 6 Maart 1979 is ’n beeldjie van Paul Kruger uit die Senaatsaal van die RUU gesteel. Volgens ’n Nederlandse tydskrif was daar ’n “spektakulêre kidnapping” van Kruger se beeld. Groot publisiteit is aan die saak gegee. Die beeld is in 1936 aan Utrecht geskenk deur ’n Suid-Afrikaanse universiteit by geleentheid van die 300-jarige bestaan van die RUU. Volgens die universiteitsraad was die beeld ongeveer R20,000 werd. Die aksiegroep “Beeldenstorm tegen apartheid” het verantwoordelikheid vir die diefstal aanvaar. Die aksiegroep het die beeld beskou as ’n simbool van die apartheidspolitiek. Hulle het aanvanklik daaraan gedink om die beeld op die swartmark ten behoeve van die ANC te verkoop.

Die universiteitsraad het daarop aangedring dat die beeld eers teruggegee moes word voordat verder oor die aksiegroep se eise onderhandel kon word. Die beeld is toe teruggegee. Die raad het hom toe bereid verklaar om ’n Tanzaniese Makonde-beeld, simbool van die anti-apartheidstryd, aan te skaf. Fondse is daarna ingesamel om die Makonde-beeld aan te skaf. Die restant is gebruik vir onderwysprojekte in vlugtelingkampe van die ANC. Die Makonde-vryheidsbeeldjie is in Maart 1980 in die Senaatsaal onthul. Die Kruger-beeldjie is intussen

veilig bewaar in die universiteitsmuseum. In 2004 het die Kruger-beeldjie 'n beskeie en onopvallende plek in die Akademiegebouw van die RUU gekry. Die teenwoordigheid van die Kruger-beeldjie is tekenend van die ryklik geskakeerde verhouding tussen die RUU en Suid-Afrika (Van Rinsum 2006:150-158, 177-178).

Twee lede van die sielkunde departement aan die Randse Afrikaanse Universiteit, dr. J. Raubenheimer en F. Hugo, is in 1985 genooi na 'n simposium by die RUU. Van albei die akademici is egter verwag om vooraf skriftelik te verklaar dat hulle die universele verklaring van menseregte onderskryf. Dit het hulle gedoen. Toe moes hulle ook nog sertifiseer dat hulle apartheid verwerp. Hul verklarings is aanvaar en visums is toegestaan. In Nederland aangekom, is hulle egter by hul hotel ingelig dat hulle nie welkom is by die RUU nie. As verduideliking is aangevoer dat die universiteit reeds in 1979 besluit het teen enige wetenskaplike betrekkinge met Suid-Afrikaners. Na aanleiding van die voorval het die Suid-Afrikaanse ambassade ernstig beswaar gemaak by die RUU. Die universiteit is daarvan beskuldig dat hulle rassisties teen die twee akademici gediskrimineer het op grond van hul Suid-Afrikaanse burgerskap (*Rapport*, 28 Julie 1985).

Die voormalige Boeregeneraals, J.C. Smuts en J.B.M. Hertzog, het in 1936 by geleentheid van die 300-jarige bestaan van die RUU eredoktorate in Regsgeleerdheid ontvang (Van den Bergh 2001:49). Op 11 Junie 1986, by geleentheid van die 350-jarige bestaan van die RUU, het Winnie Mandela, vrou van Nelson Mandela, 'n eredoktoraat in Regsgeleerdheid ontvang. Winnie Mandela was in Suid-Afrika 'n verbanne persoon en kon dus nie die land verlaat nie. Haar ere-doktoraat is derhalwe in ontvangs geneem deur die ANC-vertegenwoordiger in die Benelux. Die graad is aan haar toegeken omdat sy deur haar woorde en dae inhoud en betekenis gegee het aan die regte van die mens. Sy was 'n bron van inspirasie omdat sy haar beywer het vir die selfbeskikkingsreg en emansipasie van die swart bevolking, aldus die RUU (Van Rinsum 2006:160-161).

Mandela het in 'n onderhoud verklaar dat sy bly is dat universiteite 'n rol speel in die stryd teen apartheid. Daardeur is die res van die wêreld bewus van die toestand van die onderdrukte swartes in Suid-Afrika. Sy het haar weereens sterk uitgespreek ten gunste van die boikot en isolasie van Suid-Afrika op alle terreine (*U-blad*, 21 Maart 1986).

Daar is uit verskeie oorde kritiek uitgespreek op die eredoktoraat van Mandela. Die Suid-Afrikaanse ambassadeur in Nederland, D.V. Louw, het in 'n verklaring verwys na die volgende uitspraak van Winnie Mandela: "Together, hand in hand with our boxes of matches and our necklaces, we shall liberate this country". Louw het daarby gevoeg: "Het ANC gaat te werk volgens de blauwdrukken van andere communistisch-geïnspireerde revolutionaire groepen, t.w. extreme vormen van geweld die moeten dienen om de lokale bevolking onder dwang te zetten" (Suid-Afrikaanse Ambassade, Den Haag, geen datum). Die rubriekskrywer, J.A.A. van Doorn, het die RUU verwytdat hulle die eredoktoraat nie goed deurdink het nie. Hy was veral krities oor Mandela wat geweld teen die blankes openlik aanmoedig. Volgens Van Doorn was die eredoktoraat aan Mandela 'n premie op onbeheerste en onverantwoordelike geweld (*NRC*, 19 Junie 1986 en 10 Julie 1986).

'n Anti-apartheidsfonds is teen die einde van 1986 op inisiatief van 'n paar fakulteite opgerig. Die jaarlikse begroting was 35,000 gulden. Die fonds het as doelstelling gehad om 'n studiebeurs van twaalf maande toe te ken aan 'n student wat die slagoffer was van die apartheidsbewind in Suid-Afrika. Noue kontak is uiteraard met die ANC onderhou. Op 12 September 1988 is die eerste anti-apartheidsdag van die RUU georganiseer. By dié geleentheid is 'n anti-apartheidskoerant uitgegee (Van Rinsum 2006:163-164).

## 9. RIJKSUNIVERSITEIT GRONINGEN

In 1976 het die ekonoom, prof. H. de Haan van die Rijksuniversiteit Groningen (RUG), Suid-Afrika besoek. By sy terugkeer het hy te kenne gegee dat nie alles in Suid-Afrika afkeurenswaardig was nie. Hy het vervolgens sy Suid-Afrikaanse kollega, P. Strijdom, uitgenooi om in 1977 in Groningen lesings oor die Suid-Afrikaanse ekonomie te gee. Strijdom was geen voorstander van apartheid nie, maar van sy besoek wou die linkse studente niks weet nie. Pamflette is versprei waarin studente opgeroep word om nie sy lesing by te woon nie. Die anti-apartheidsproteste aan die RUG is veral geïnisieer deur die Groninger Studentebond wat geaffilieer was aan die Kommunistiese Party van Nederland. Daar was ook noue bande tussen die studentebond en die AABN (Muskens 2014:247-248).

In Januarie 1978 het die bestuur van die subfakulteit Wiskunde van die RUG besluit om 'n subsidie ter beskikking te stel vir 'n besoek van dr. L.C.A. van Leeuwen, wetenskaplike hoofmedewerker van die subfakulteit, aan Suid-Afrika. Hy sou onder meer lesings gee aan die universiteite van Pretoria en Bloemfontein. Linkse studente was erg verontwaardig hieroor en het 'n handtekeningaksie geloods. In hul petisie het hulle die toekenning van die subsidie skerp veroordeel en geëis dat die subfakulteit geen kontakte met Suid-Afrikaanse universiteite sou onderhou nie. Die uiteinde van die saak was dat dr. Van Leeuwen van sy omstrede reisplanne afgesien het (AABN 1980:45; *Amandla*, November 1978).

Die universiteitsraad het toe in April 1978 'n mosie aanvaar wat verklaar het dat die RUG "op geen enkele manier mag meewerken aan offisiële betrekkinge met Zuid-Afrika, tensy er sprake is van steun aan de strijd tegen apartheid" (*Amandla*, Augustus/September 1978). In Februarie 1985 het die universiteitsraad 'n verdere mosie aanvaar: "een duidelijk 'nee' tegen bestuurlijke én wetenschappelijke kontakten met Zuid-Afrika, zolang deze niet bijdragen aan de anti-apartheidstrijd". Die nuwe mosie moes dus nie alleen voorkom dat Suid-Afrikaners die RUG besoek nie, maar moes ook voorkom dat studente of wetenskaplike medewerkers van die RUG na Suid-Afrika gaan (*Amandla*, Maart 1985).

Die Suid-Afrikaanse ekonoom, H.B. Falkena, het in Mei 1979 sy doktorsgraad aan die RUG verwerf. Sy proefskrif het gehandel oor "Die makro-ekonomiese verband tussen die openbare en privaatsektor in Suid-Afrika". Falkena het onder meer die ekonomiese haalbaarheid van die apartheidsbeleid ondersoek. Die proefskrif was erg omstrede. Anti-apartheidsaktiviste het Falkena daarvan beskuldig dat sy proefskrif 'n aantal openlike rassistiese en propagandistiese uitsprake bevat. Die aktiviste het hom verwytdat hy propaganda vir die apartheidsbeleid gemaak het: "In feite was zijn zg. 'genuanceerde' visie doodordinair racisme in een wetenschappelijk jasje". Daar is ten onregte na Falkena verwys as 'n "pro-apartheidsfiguur" en 'n "racist". Sy proefskrif het juis vernietigende kritiek op die apartheidsbeleid bevat (AABN 1980:14-17; *Zuidelijk Afrika Nieuws*, Februarie 1980).

Die promosie-geleentheid is ontsier deur groot betogings. Anti-apartheidsaktiviste het vooraf vlugskrifte versprei waarin geprotesteer is teen die promosie van Falkena. Die verbreking van alle kontakte met Suid-Afrika is bepleit. Die vlugskrifte het dit baie duidelik uitgespel: "Apartheid is moord!" Studente het met plakkate betoog. Een van die plakkate het gelui: "Zuid-Afrika Moord Regiem". Die lawaai was onstigtelik, veral vanweë die gebruik van megafoons en dromme. 'n Student het selfs probeer om Falkena aan te rand. Die aktiviste het ook *Nkosi Sikelel' iAfrika* gesing (*Zuid-Afrika*, Mei 1979; *Nederlandse Post*, Julie 1979; Muskens 2014:246-247).

Die besoek van 24 Suid-Afrikaanse studente in Julie 1983 aan die RUG het 'n opskudding veroorsaak. Die studente was deel van 'n uitruilskema georganiseer deur die Nederlands-

Zuidafrikaanse Vereniging en die Genootskap Nederland-Suid-Afrika. Daar was ontsteltenis rondom die besoek aan die universiteitsbiblioteek en die vakgroep Onderwiskunde. By laasgenoemde moes van die studente hoor dat hulle nie welkom was nie. Daar is gesê dat die besoeke in stryd sou wees met die besluit van die universiteitsraad in 1978 dat die RUG geen offisiële kontakte met Suid-Afrika onderhou nie. Ironies het dié groep studente bestaan uit wit en swart studente (*de Volkskrant*, 1 Julie 1983; *Universiteitskrant*, 31 Augustus 1983).

Die universiteitsraad van die RUG het in Februarie 1986 die Winnie Mandela Fonds ingestel. Dié fonds het voorsiening gemaak vir 'n bedrag van 30,000 gulden per jaar, ofte wel 90,000 gulden oor drie jaar. Die hele universiteitsgemeenskap is opgeroep om die fonds finansiële te ondersteun. Die bedoeling van die fonds was om 'n student wat om politieke redes uit Suid-Afrika gevlug het die geleentheid te bied om verder aan die RUG te studeer. Die fonds is bestuur in noue samehang met die ANC. Die RUG het hierdie fonds gesien as “een daad in die stryd teen die apartheid in Zuid-Afrika”. Die eerste begunstigdes van die fonds, Richard en Kathrine Jurgens, het in November 1987 in Groningen gearriveer. Hulle sou onder begeleiding van die vakgroep Algemene Pedagogiek 'n jaar lank navorsing doen oor die onderwys in Suid-Afrika (*Universiteitskrant*, 16 April 1986 en 12 November 1987).

## 10. RIJKSUNIVERSITEIT LEIDEN

Die Rijksuniversiteit Leiden (RUL) het ook by geleentheid sterk standpunt ingeneem teen apartheid. Lede van verskillende studente-organisasies het byvoorbeeld in September 1976 betoog teen die besoek van prof. E. Hamman, rektor van die Universiteit van Pretoria. Hy was op 'n inligtingsbesoek aan die RUL. Die studente was gekant daarteen dat 'n verteenwoordiger van 'n uitsluitend blanke universiteit deur die universiteitsraad ontvang is. Die studente het plakkate rondgeswaai met slagspreuke soos: “Weg met die Vorster-kliek” en “Geen rassis op besoek” (*Beeld*, 24 September 1976).

Die universiteitsraad van die RUL het in Februarie 1978 'n mosie aanvaar dat kontakte met Suid-Afrika deur organe van die universiteit en deur lede van die Leidse universitêre gemeenskap slegs onderhou sou word, “indien en voor zover deze een bijdrage kunnen leveren tot verbetering en herstel van de elementaire mensenrechten in Zuid-Afrika” (Muskens 2014:256).

Die Leidse universiteitsraad het ook in 1980 geweier om die benoeming van O.J. van Leer as buite-universitêre lid van die raad te aanvaar vanweë sy opvattinge oor Suid-Afrika. Die Leidse Studentebond en anti-apartheidsorganisasies het die raad onder druk geplaas met hul bewering dat Van Leer 'n ondersteuner was van die apartheidsbewind. Dit was bekend dat Van Leer 'n genuanseerde uitkyk op Suid-Afrika gehad het. So iets was vir die linkse aksiegroepe totaal buite orde (*Zuid-Afrika*, September 1980).

Prof. J. Gouws van die Rhodes-Universiteit se besoek aan Leiden in September 1986 het ook vir 'n opskudding gesorg. Anti-apartheidsbetogers het deur middel van 'n blokkade-aksie probeer verhoed dat die publiek sy voorlesing bywoon. Die uiteinde van die saak was dat die polisie ingeroep is om 'n einde aan die blokkade-aksie te maak. Ironies genoeg, dit was bekend dat Gouws 'n teenstander van apartheid was. Die feit dat hy van Suid-Afrika gekom het, was genoeg rede vir die aktiviste om sake vir hom onplesierig te maak (*NRC Handelsblad*, 3 September 1986; *Amandla*, Oktober 1986).

## 11. SLOTBESKOUING

Nederlandse universiteite, en veral die linksgesinde studente, was 'n formidabele bondgenoot in die anti-apartheidstryd. Die aksies op die universiteitskampusse is meermale geïnisieer en

gerugsteun deur die bekende anti-apartheidsorganisasies. In dié verband was veral die AABN baie betrokke en aktief. Wat boikotaksies teen Suid-Afrika betref, het die AABN byvoorbeeld konseptekste vir mosies by die universiteitsraad aan die studente voorgelê. Vanweë die informele bande tussen die AABN en die Communistiese Partij Nederland (CPN), was die CPN ook op sommige kampusse aktief betrokke by studentebonde. Die meeste universiteite het dan ook op 'n gegewe moment die betrekkinge met Suid-Afrika verbreek (Muskens 2014:257, 260).

Die akademiese boikot van die jare sewentig en tagtig het groot skade aangerig. Gereelde akademiese en intellektuele kontak en uitruilprogramme het min of meer tot 'n einde gekom en die skakeling wat daar was, is tot die minimum beperk. 'n Hele generasie is op 'n intellektuele hongerdieet gevoer.

Min Suid-Afrikaanse studente het in die boikotjare die geleentheid en voorreg gehad om in Nederland te studeer. Oor 'n tydperk van 125 jaar, 1880–2005, het byna 500 Suid-Afrikaners aan die VU gestudeer. In die boikotjare, 1974–1989, was daar slegs 69 Suid-Afrikaanse studente aan die VU. In die jare 1903–1998 het byna 100 Suid-Afrikaners 'n doktorsgraad behaal aan die VU. In die boikotjare, 1974–1989, het slegs vier Suid-Afrikaanse studente 'n doktorsgraad aan die VU behaal (Schutte 2005:644, 697-703, 727). In 'n publikasie oor die Universiteit Utrecht wat in 2001 verskyn het, word genoem dat die laaste Suid-Afrikaanse doktorspromosie in 1980 plaasgevind het (Van den Bergh 2001:48).

'n Geslag Suid-Afrikaanse akademici het 'n Nederlandse studieperiode ontbeer weens hul kille afwysing. Vele jonger Afrikaanse akademici het ánder denkrigtings en akademiese geleenthede, binne die breër Europese én Amerikaanse konteks, benut. Afrikaanse studente het byvoorbeeld Amerikaanse of Engelse handboeke in plaas van Nederlandse boeke begin gebruik. Nederlands as akademiese taal het dus baie veld verloor in Suid-Afrika (Terblanche 1998:210-212).

## BIBLIOGRAFIE

- Anti-apartheidsbeweging Nederland. 1980. *Zwartboek over wetenschappelijke kontakten tussen Nederland en Zuid-Afrika*. Amsterdam: AABN.
- De Boer, S. 1999. *Van Sharpeville tot Soweto: Nederlands regeringsbeleid ten aanzien van apartheid, 1960–1977*. Den Haag: Sdu.
- Determeijer, B. 1988. *Utrecht en Vrijheid: Symbool van boerse koppigheid*. Utrecht: BSG.
- De Waard-Bijlsma, J. & De Waard, F. 2010. *Thuis in de Mauritsstraat: Een huis voor Zuid-Afrikaanse studenten in Utrecht*. Amsterdam: SAI.
- Fuchs, J.M. 1970. *Amsterdam, een lastige stad: Rellen, Oproeren en Opstanden in de loop der eeuwen*. Baarn: De Boekerij.
- Grewel, A. 1983. African National Congress. *De Groene Amsterdammer*, 14 September 1983 en 21 September 1983.
- Jansen, E. 2014. Oxford aan die Amstel: Leerstoel Suid-Afrikaanse letterkunde in Amsterdam 80 jaar oud. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, September 2014.
- Klein, G.L. 2001. De strijd tegen apartheid: The role of the anti-apartheid organizations in the Netherlands, 1960–1995. MA dissertation, Pretoria:UP
- Koppenol, W. 1979. *De stage van kernfysicus Jan Smit in Utrecht*. Utrecht: Ong. manuskrip.
- Kromhout, B. 2015. The Vrije Universiteit and South Africa: An ever-developing friendship. *Maandblad Zuid-Afrika*, September 2015.
- Mak, G. 2001. *Amsterdam: A brief life of the City*. Londen: Vintage.

- Mak, G. 2005. *De eeuw van mijn vader*. Amsterdam: Olympus.
- Muskens, R. 2014. *Aan de goede kant: Biografie van de Nederlandse anti-apartheidsbeweging, 1960:1990*. Soesterberg: Aspekt.
- Naudé, C.F.B. 1995. *My land van hoop: Die lewe van Beyers Naudé*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Naudé, C.F.B. 1997. *Verzet en verzoening: Autobiografie*. Baarn: Ten Have.
- Olivier, G. 2006. *South Africa and the European Union: Self-interest, ideology and altruism*. Pretoria: Protea.
- Rozenburg, R. 1986. *De Bloedband Den Haag-Pretoria: Het Nederlandse Zuid-Afrikabeleid sinds 1945*. Amsterdam: KZA.
- Ryan, C. 1990. *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*. Kaapstad: David Philip.
- Schutte, G.J. 1993. *De roeping ten aanzien van het oude Broedervolk: Nederland en Zuid-Afrika, 1960–1990*. Amsterdam: SAI.
- Schutte, G.J. 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika, 1880–2005*. Zoetermeer: Meinema.
- Schutte, G.J. 2010. *A Family Feud: Afrikaner Nationalism and Dutch Neo-Calvinism*. Amsterdam: Rozenberg.
- Stichting “VN-jaar voor de sanksies teen Zuid-Afrika”. 1983. *Verbreek kulturele kontakten met Zuid-Afrika*. Amsterdam.
- Terblanche, H.O. 1997. Suid-Afrika en Nederland – Vreemdelinge vir mekaar. Die jare ná 1960. *Historia*, Mei 1997.
- Terblanche, H.O. 1998. *Nederland en die Afrikaner: Gesprek oor apartheid. Die paginaruil tussen Trouw en Die Burger, 1963-1964*. Port Elizabeth:UPE.
- Terblanche, H.O. 2012. Amsterdam as ’n anti-apartheidstad. *Historia*, November 2012.
- Terblanche, H.O. 2014. Die Nederlandse kulturele boikot teen Suid-Afrika: ’n Ontleding. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Maart 2014.
- United Nations. 1994. *The United Nations and Apartheid, 1948–1994*. New York: United Nations.
- Van Beurden, J. & Huinder, C. 1996. *De vinger op de zere plek: Solidariteit met Zuidelijk Afrika, 1961–1996*. Amsterdam: Babylon-De Geus.
- Van den Bergh, E. (red.). 2001. *Over de banden tussen de UU en Zuid-Afrika*. Utrecht: EZA/UU.
- Van der Watt, S.E. 1992. Die opsegging van die Kultuurverdrag Nederland/Suid-Afrika: ’n Kritiese ontleding. MA-verhandeling, Bloemfontein: UOVS.
- Van Lakerveld, C. (red.). 1994. *Nederland teen Apartheid*. Amsterdam: Sdu.
- Van Rinsum, H.J. 2006. *Sol Iustitiae en de Kaap: Een geschiedenis van de banden van de Utrechtse Universiteit met Zuid-Afrika*. Hilversum: Verloren.
- Veltkamp-Visser, S. 2003. De eerste leerstoel Afrikaans in Amsterdam. *Zuid-Afrika*, April/Mei 2003.
- Vrije Universiteit. 1975. *Memorandum on the relationship between the Free University Amsterdam and the Potchefstroom University for Christian Higher Education: An exchange of views on apartheid*. Amsterdam: VU.
- Vrije Universiteit. 1976. *Verslag van een samenspreking tussen delegaties van de Vrije Universiteit en de Potchefstroomse Universiteit vir CHO*. Amsterdam: VU.

# 'n Perseptuele verslag van Afrikaans in Namibië: Tussen lingua franca en sosiaal-ekslusiewe taal

*A perceptual account of Afrikaans in Namibia: Between lingua franca and socially exclusive language*

**GERALD STELL**

Navorsingsgenoot, Departement Afrikaans  
Universiteit van Pretoria  
E-pos: geraldstell@gmail.com

**GERALD GROENEWALD**

Departement Historiese Studies  
Universiteit van Johannesburg  
E-pos: ggroenewald@uj.ac.za



Gerald Stell



Gerald Groenewald

**GERALD STELL** is medeprofessor in taalwetenskap aan die University of the West Indies en navorsingsgenoot aan die Departement Afrikaans van die Universiteit van Pretoria. Hy verwerf sy doktorsgraad in 2008 by die Vrije Universiteit Brussel. Sy proefskrif handel oor taalvariasie in die informele Afrikaanse gespreks-taal. Sy fokusgebiede sluit die verhouding tussen etnisiteit en taal, taalkontak, fonologiese en morfosintaktiese variasie in. Jongste publikasies omvat onder meer “Multilingual Accommodation in Namibia: An Examination of Six Ethnolinguistic Groups, Language Use in Intra- and Intergroup Interactions” (2016), “Ethnicity in discourse: The interactional negotiation of ethnic boundaries in post-apartheid Namibia” (2015), “Code-switching: Between Structural and Sociolinguistic Perspectives” (2015). Hy werk tans aan verskeie projekte, waaronder een wat handel oor die distinkiewe fonologiese en grammatikale kenmerke van informele variëteite van Afrikaans en Engels in Namibië.

**GERALD STELL** is an assistant professor of linguistics at the University of the West Indies and a research fellow in the Afrikaans Department of the University of Pretoria. He received his doctoral degree from the Free University of Brussels in 2008. His research so far has focused on language contact and language variation in Southern Africa with a specific focus on language variation in informal spoken Afrikaans. His focus areas include the relationship between ethnicity and language, language contact, phonological and morphosyntactic variation. Latest publications include “Multilingual Accommodation in Namibia: An Examination of Six Ethnolinguistic Groups Language Use in Intra- and Intergroup Interactions” (2016), “Ethnicity in discourse: The interactional negotiation of ethnic boundaries in post-apartheid Namibia” (2015), “Code-switching: Between Structural and Sociolinguistic Perspectives” (2015). He is currently working on several projects, including one that deals with the distinctive phonological and grammatical features of informal English and Afrikaans varieties used in Namibia.

**GERALD GROENEWALD** is 'n medeprofessor in die Departement Historiese Studies aan die Universiteit van Johannesburg. Hy het onder meer 'n MA in Afrikaans en Neerlandistiek en 'n PhD in Historiese Studies aan die Universiteit

**GERALD GROENEWALD** is an associate professor in the Department of Historical Studies at the University of Johannesburg. He graduated with inter alia a MA in Afrikaans and Dutch Studies and a PhD in Historical Studies from the

van Kaapstad verwerf. Hy doen navorsing oor die sosiale, ekonomiese en kulturele geskiedenis van die Kaap de Goede Hoop gedurende die 17de en 18de eeue, en het wyd hieroor gepubliseer, onder meer *Trials of Slavery, 1705–1794* (saam met Nigel Worden). Hy stel ook belang in die ontstaan en historiese ontwikkeling van Afrikaans waarvoor hy reeds etlike artikels en hoofstukke gepubliseer het.

University of Cape Town. His research focuses on the social, economic and cultural history of the Cape of Good Hope during the 17<sup>th</sup> and 18<sup>th</sup> centuries, about which he has produced numerous publications, among others *Trials of Slavery, 1705-1794* (with Nigel Worden). He is also interested in the origins and historical development of Afrikaans, and he has already published several articles and chapters focusing on these topics.

## ABSTRACT

### *A perceptual account of Afrikaans in Namibia: Between lingua franca and socially exclusive language*

*Afrikaans was first introduced in Namibia's current territory by migrant Oorlam and Baster groups who imposed it in its Cape Dutch form as a prestige language and inter-ethnic medium of communication. The status of Afrikaans in Namibia was consolidated during the South African regime which systematically promoted it while preventing indigenous languages from spreading out of their intra-ethnic contexts of use. A linguistic consequence of independence, which Namibia gained in 1990, was that English suddenly became the country's only official language, as well as the dominant language in education. Despite the hegemonic status that English acquired in Namibia, Afrikaans is today still popularly represented as the main lingua franca in Namibia, or at least as an important one. However, the position of Afrikaans in urban areas could nowadays be under threat from the sustained influx of migrants from Namibia's northern districts, including those that constitute the traditional homeland of the Ovambo, the country's numerically dominant group, where English is better known than Afrikaans. An indication of the pressure that Afrikaans might be subject to in Windhoek, Namibia's capital city, is the demographic preponderance that the Ovambo group has locally acquired within the last three decades. Based on a qualitative survey conducted among an ethnoracially representative sample of young Namibians, this article provides a description of the status and use of Afrikaans in contemporary Windhoek, as well as a reflection on its potential for locally maintaining itself as a lingua franca. It generally shows that Afrikaans has to compete with English in that function, while indigenous languages are still largely restricted to intra-ethnic contexts of use. Afrikaans is clearly perceived as the lingua franca with more "covert prestige" in that it is associated with informality and a sense of local identity. By contrast, English is generally associated with overt prestige and formal functions, and it is characteristically used as a lingua franca within groups that do not understand Afrikaans, such as among particular Ovambo migrants. It is not enough, however, to give an account of Windhoek's sociolinguistic profile in which English and Afrikaans are presented as the two main lingua francas without specifying which form of Afrikaans is used in which contexts as a lingua franca. Standard varieties of Afrikaans do not seem to possess enough neutrality to function as a medium of inter-ethnic interaction as they are perceptually amalgamated with "White Afrikaans", that is, the linguistic marker of an ethnoracial group, namely, the Afrikaners, that is still largely seen as self-insulating in the context of Windhoek. Those varieties of Afrikaans perceived as more neutral for the purpose of inter-ethnic communication are Coloured varieties of Afrikaans, with which various Non-Coloured ethnic*

*groups seem to identify. However, there are indications that English rather than those varieties tends to be used by Non-Whites in communication with Whites, even when Afrikaans is notionally shared as a native language. Where Standard Afrikaans is used in inter-ethnic communication, it is mostly unilaterally by Afrikaners, as it is apparently not widely used in informal contexts outside of that group. Also relevant to a description of the uses of Afrikaans as a lingua franca in the context of Windhoek is the practice among Non-Whites of combining it with English in the form of Afrikaans-English mixed codes. As regards the long-term prospects of Afrikaans in Windhoek, the data suggest that Afrikaans in its local Coloured varieties has potential for spreading as an attribute of a local urban identity among migrant groups, as it already has done among Ovambo born in the city or in the southern districts in general, to the point that language shift might be taking place among them from Oshiwambo to combinations of Afrikaans and English.*

**KEYWORDS:** Namibia, sociolinguistics, Afrikaans, English, ethnicity

**TREFWOORDE:** Namibië, sosiolinguistiek, Afrikaans, Engels, etnisiteit

### OPSOMMING

Die geskiedenis van Afrikaans in Namibië begin in die laat 18<sup>de</sup> eeu, toe Kaap-Hollands oor die Oranjerivier heen versprei is deur noordwaarts-migrerende Oorlams uit die Kaapkolonie. Kaap-Hollands, en later Afrikaans, het van dié tyd af ontwikkel tot 'n medium vir interetniese kommunikasie, waarvan die oorwig verder versterk is onder die Suid-Afrikaanse bewind (ca. 1920–1990). Vandag moet Afrikaans wedywer met Engels, wat Namibië se enigste amptelike taal geword het ná die land se onafhanklikheid in 1990. Op grond van perseptuele gegewens wat verkry is by 'n steekproef van jong Windhoekse inwoners, wys hierdie artikel dat Afrikaans in die stedelike konteks aansienlike bedekte prestige besit as 'n medium vir interetniese kommunikasie, terwyl Engels tipies gebruik word binne formele kontekste en vir kommunikasie met onlangse migrante uit die noordelike distrikte, waar Afrikaans histories minder sigbaar is. Die artikel toon ook aan dat die Kleurlingvariant van Afrikaans groter potensiaal het as Standaardafrikaans om as 'n neutrale taalkeuse te fungeer binne die interetniese konteks van kommunikasie tussen “nie-wit” etniese groepe omdat Standaardafrikaans gesien word as 'n kenmerk van lidmaatskap van die wit groep. Die posisie van Afrikaans as 'n lingua franca kan in die toekoms bedreig word deur ononderbroke migrasiestrome uit die noorde. Maar aanduidings dat taalverskuiwing dikwels plaasvind na Afrikaans (en Engels) onder lank reeds verstedelike lede van noordelike etniese groepe, dui daarop dat daar nog ruimte is vir die status quo.

### 1. INLEIDING

Afrikaans het gedurende die laat 18<sup>de</sup> en vroeë 19<sup>de</sup> eeu die suidelike deel van Namibië binnegekom as gevolg van die migrasie van verskillende Oorlamsgroepe. Deurdat dit deur die Suid-Afrikaanse owerheid stelselmatig bevorder is, het Afrikaans teen die middel 20<sup>ste</sup> eeu 'n sosiaal-hegemoniese posisie in die land verwerf, selfs al was die taal op geen stadium die huistaal van meer as 'n klein minderheid mense in die land nie. Ten spyte van die onafhanklike Namibië se “Engels-dominante” taalbeleid word Afrikaans vandag steeds dikwels beskryf as Namibië se mees prominente lingua franca wat saam met Engels en die inheemse Namibiese tale bestaan. Hierdie status maak die sosiolinguistiese situasie in Namibië baie anders as in Suid-Afrika, waar Afrikaans gesien word as kwynend. Die algemene vraag wat hierdie artikel stel, is waarom Afrikaans skynbaar 'n bevoorregte opsie in Namibië bly ten spyte van die

institusioneel ongunstige konteks, asook tot watter mate mens kan ver wag dat die taal hierdie posisie sal kan handhaaf in die afsienbare toekoms. Soos duidelik sal word, kan die antwoord op hierdie vraag nie geformuleer word sonder om voortdurende etniese/rassige fragmentasie as 'n deurlopende faktor te erken nie. Ten einde hierdie feit en sy taalkundige implikasies te illustreer, maak hierdie artikel gebruik van kwalitatiewe perseptuele data wat versamel is deur middel van onderhoude wat in 2011 en 2012 gevoer is met 'n etnies/rassig verteenwoordigende groep jong Windhoekse inwoners.

Hierdie artikel is soos volg georganiseer: afdeling 2 verskaf 'n kort historiese agtergrond vir die teenwoordigheid en status van Afrikaans in Namibië. In afdeling 3 word die vroeë rakende Afrikaans in Namibië geïdentifiseer. Die steekproef en die onderhoudsprotokol wat in die studie gebruik is, word ook bekendgestel. Afdelings 4 tot 7 verskaf 'n analise van die versamelde data. In afdeling 8 word ten slotte die mate waartoe die versamelde data die stabilisering oftewel verdere transformasie van Namibië se huidige veeltalige omgewing, asook die rol wat Afrikaans daarin kan speel, bespreek.

## 2. HISTORIESE AGTERGROND EN HUIDIGE SITUASIE

Toe die Nederlanders die Kaapkolonie in die 17<sup>de</sup> eeu gestig het, het die omgewing van die huidige Namibië bestaan uit 'n hoofsaaklik Khoe-sprekende bevolking in die suidelike helfte (daar word generies na hulle verwys as die “Namas”) en 'n hoofsaaklik Bantu-sprekende bevolking in die noordelike helfte. Die verskyning van sogenaamde Oorlamsgroepe (verwesterde Khoekhoen wat 'n vorm van Nederlands gebruik het) in die binneland van die Kaapkolonie en hul noordwaartse migrasie oor die Oranjerivier vanaf die laat 18<sup>de</sup> eeu, het daartoe gelei dat 'n vorm van Nederlands grondgevat het in die suidelike en sentrale dele van Namibië (Groenewald 2010:72-78; Stals & Ponelis 2001). In die eerste fase van hierdie uitbreiding het Nederlands gedien as 'n taalkundige merker van sosiale prestise eerder as 'n inter-etniese lingua franca. Die Oorlamsgroepe was hoofsaaklik diglossies, bestaande uit 'n tweetalige Nederlands-Nama Oorlams elite, en 'n toenemende Nederlands-Nama tweetalige onderklas (Dedering 1997:163-4). Die gebruik van 'n Nederlandse variëteit as inter-etniese lingua franca dateer vanaf die middel-dekades van die negentiende eeu toe Jonker Afrikaner se Oorlamsgroep die politieke oppergesag in sentraal Namibië verkry het, wat gelei het tot toenemende kontak met die naburige Bantu-sprekende bevolkings, veral die Herero's. Gedurende hierdie periode het ook heelwat Duits- en Nederlandssprekende sendelinge en handelaars hulle in hierdie gebied gevestig, wat gelei het tot die gebruik van 'n vorm van Nederlands as die taal van godsdiens, onderrig, regering en diplomatie – ook met nie-Oorlamsgroepe (Groenewald 2010:78-92; Stals & Ponelis 2001). Vanaf die 1870's af het die emigrasie van die sogenaamde “Basters” ('n groep met 'n gemengde Khoekhoen/Europese agtergrond) vanaf die Noord-Kaap na Rehoboth (suid van Windhoek) 'n sterk fondasie gelê vir die totstandkoming van 'n vorm van Nederlands as 'n plaaslike gevestigde moedertaal (Groenewald 2010:92-93). Daar moet daarop gelet word dat hierdie fondasie vanuit 'n demografiese perspektief hoofsaaklik “nie-Europees” was aangesien Europese moedertaalsprekers van Nederlands (of Afrikaans) baie min was, en hoofsaaklik yl verspreid in die suidelike dele van die land gewoon het (Groenewald 2010:93-95; Stals 2009:17-21). Toe die Duitse protektoraat, *Südwestafrika*, in 1884 uitgeroep is, het die Duitse bewindhebbers gevind dat Nederlands so wydverspreid onder die plaaslike bevolking was, dat hulle besluit het om dit as die *de facto* amptelike lingua franca te gebruik (Groenewald 2010:95-97; Steyn 1980:154). Gedurende die era van Duitse bewind (1884–1915) was daar ook 'n betekenisvolle toename

in die Nederlandsprekende Europese bevolking, veral in die suidelike helfte van die land (Trümpelmann 1948:109).


Ná Duitsland verslaan is in die Eerste Wêreldoorlog, het die Unie van Suid-Afrika die administrasie van die gebied (herdoop tot “Suidwes-Afrika”) oorgeneem, wat sou duur tot 1990. ’n Taalkundig belangwekkende maatreeël wat die Suid-Afrikaanse bewindhebbers geneem het, was die aanmoediging van wit Suid-Afrikaanse immigrasie, wat daartoe gelei het dat die aantal Afrikaanssprekendes geleidelik die Duitse koloniale bevolking verbygesteek het (Coetzee 1982). Die posisie van Afrikaans as moedertaal in die gebied is verder versterk toe “kleurling”-immigrante van die Kaapprovinsie daar gevestig is (Bruwer 1964:226). Nog ’n taalkundig belangrike maatreeël wat die Suid-Afrikaanse bewindhebbers geneem het, was die implementering van ’n taalbeleid gemodelleer op dié van Suid-Afrika, wat daartoe gelei het dat Afrikaans en Engels die gebied se amptelike tale geword het (Steyn 1980:195-6). Afrikaans het egter vanaf die 1950’s ’n hegemone status bereik met die plaaslike implementering van Suid-Afrika se apartheidsbeleid. Bevorderlik vir hierdie uitkoms was die skep van etniese gebiede in die vorm van “tuislande” en aparte woongebiede, asook die afdwing van aparte opvoedkundige geriewe wat slegs voorsiening gemaak het vir die veronderstelde huistale en Afrikaans as onderrigmediums en taalvakke (UNIN 1981). Albei hierdie faktore het effektief verhoed dat die inheemse tale oor etniese grense versprei het, waardeur net Afrikaans ’n praktiese opsie vir inter-etniese kommunikasie kon bied. Die oorgang na onafhanklikheid, wat begin het met die aanbreek van “tuisregering” in 1978, het egter gelei tot ’n grootskaalse transformasie van die plaaslike sosiolinguistiese landskap. Die eerste teken hiervan was die uitfasering deur die plaaslike regerings van Owamboland en Damaraland van Afrikaans as ’n onderrigmedium ten gunste van Engels (Steyn 1980:303). Ná onafhanklikwording is Afrikaans deur Engels vervang as Namibië se amptelike taal, en is dit in die onderwys gereduseer tot die rang van opsionele onderrigmedium in die laer primêre fase en as opsionele taalvak daarna (Maho 1998:185-91; Töttemeyer 2010).

Die verspreiding en status van Afrikaans en ander tale teen die einde van die Suid-Afrikaanse bewind word aangedui in die taalkundige opnames van die RGN, wat in 1978 en 1980 gehou is, soos opgesom in Prinsloo (1984). Uit hierdie ondersoek blyk dit dat Afrikaans as eerste huistaal gebruik is in 18% van huishoudings, en “betekenisvol gebruik” is in 32% van huishoudings.<sup>1</sup> Die etniese groepe wat Afrikaans genoem het as die taal wat hulle verkieslik gebruik, was die “Blankes” (72%), die “kleurlinge” (72%), en die “Basters” (98%). Onder die ander etniese groepe het die ekwivalente persentasies gewissel tussen 8% en 0%, met die Herero’s, Namas, Damaras en Tswanas wat die hoogste persentasies verteenwoordig; en die Kavango’s, Owambo’s en Capriviane die laagstes. Hierteenoor is Engels slegs deur 4% van huishoudings gebruik as ’n eerste taal, en is slegs deur die Herero’s en Capriviane geïdentifiseer as ’n taal wat bo Afrikaans verkies word. Laastens is geen inheemse taal beduidend as ’n huistaal buite die etniese groepe waarmee hulle geassosieer is gebruik nie. Die RGN-opname het ook vrae bevat oor taalstatus. Afrikaans is genoem as die gebied se belangrikste taal deur die meeste wittes, kleurlinge en Basters, en deur ’n groot gedeelte van die Namas en Damaras, “Boesmans”, Kavango’s en Tswanas. Hierteenoor is Engels beskou as belangriker as Afrikaans deur die Herero’s, Capriviane en Owambo’s, ten spyte daarvan dat die taal grootliks onbekend was. Elke inheemse taal is beskou as die belangrikste taal deur die etniese groep waarmee dit geassosieer is. Opsommenderwys: Afrikaans was inter-etnies gesproke die mees wydverspreide

<sup>1</sup> Hierdie persentasie sluit huishoudings in wat Afrikaans genoem het as ’n eerste, tweede of derde taal.

taal terwyl dit oor die algemeen 'n hoë sosiale status beklee het in die periode voor onafhanklikheid. Die posisie van Afrikaans was swakker en dié van Engelse sterker in die noorde, histories die tuiste van die Owambo's, Kavango's en Capriviane.

**TABEL 1:** Die dominante tale van Namibië, volgens streek


Namibië se administratiewe streke Totale bevolking: 1,830,330	Streke	Dominante huistale
	1 Caprivi	C: 88%
	2. Erongo	OS: 37%, AF: 22%, KK: 21%
	3. Hardap	AF: 44%, KK: 44%
	4. Karas	AF: 40%, KK: 26%, OS: 23%
	5. Kavango	KA: 91%
	6. Khomas	OS: 37%, AF: 24%, KK: 13%
	7. Kunene	HE: 42%, KK: 36%
	8. Oshana	OS: 97%
	9. Otjozondjupa	HE: 39%, KK: 27%, AF: 12%
	10. Omusati	OS: 95%
	11. Oshana	OS: 93%
	12. Oshikoto	OS: 87%
	13. Otjozondjupa	HE: 28%, KK: 22%, OS: 20%

OS = Oshiwambo, AF = Afrikaans, HE = Herero, KK = Khoekhoegowab, KA = Kavango, C = Capriviense tale

Bron: Namibia Statistics Agency 2001

Ná onafhanklikwording het die nuwe regering Engels tot Namibië se enigste amptelike taal verklaar. As gevolg hiervan het Afrikaans die meeste van sy vorige sigbaarheid in die openbare lewe verloor, terwyl dit in die onderwys grootliks afgegradeer is na die informele funksies van 'n addisionele onderrigmedium, soos ook die geval met Namibië se inheemse tale (cf. Harlech Jones 2001; Töttemeyer 2011). Afrikaans was die huistaal van slegs 9% van die bevolking ten tye van die 2011-sensus, en was steeds grootliks geassosieer met die suide (sien tabel). Naas Afrikaans was die hoofhuistale van die land, volgens grootte: Oshiwambo (48.9%), Khoekhoegowab (11.3%), Kavango (8.5%), Otjherero (8.6%), terwyl Engels die huistaal was van slegs 'n klein minderheid van 3.4%. Die voortgesette posisie van Afrikaans as 'n belangrike inter-etniese lingua franca kan afgelei word uit die feit dat dit die land se tweede grootste geletterdheidstaal is, met 37.5% van Namibiërs wat daarin geletterd is, wat dit plaas net na Engels en voor Oshiwambo (cf. Namibia Statistics Agency 2003). Hierdie status kan egter benadeel word deur die dinamika van noord-suid migrasie wat oorspronklik aan die gang gesit

is deur die opheffing van instromingsbeheer, en wat sedertdien onverpoos voortgeduur het. Een van die gevolge van noord-suid migrasie is dat die Owambo's nou demografies gesproke die belangrikste groep in die hoofstad, Windhoek, geword het, terwyl hulle hul steeds in groot getalle in ander stedelike sentra in die suide vestig (cf. Namibia Statistics Agency 2003; Peyroux 2004; Pendleton 1993:45-6). Aangesien hulle histories gesproke nie baie blootgestel was aan Afrikaans nie, is dit moontlik dat Owambo's tans meer met Engels identifiseer as met Afrikaans, aangesien Engels die enigste taal is wat konsekwent ondersteun word deur die onderwysstelsel. Hierdie faktor kan daartoe lei dat Engels houvas kry as 'n inter-etniese lingua franca waar Owambo's in groot getalle verteenwoordig is, tensy Owambo-migrante onder druk kom om Afrikaans aan te leer. Mens wonder ook of Oshiwambo self die potensiaal besit om 'n moontlike opsie te word vir inter-etniese kommunikasie, veral tussen Owambo's en ander etniese groepe wat verwante Bantu-tale praat. Hoe ook al, die periode ná onafhanklikwording het 'n nuwe sosiolinguïstiese landskap geskep met onafwendbare implikasies vir die posisie van Afrikaans in die land.



*Figuur 1: Namibië se huistale (2011)*

### 3. DIE VERKRYGING VAN PERSEPTUELE DATA OOR AFRIKAANS IN NAMIBIË

Wat die huidige status van Afrikaans in Namibië is, en wat die vooruitsigte is om sy historiese rol as lingua franca voort te sit, is die algemene vraag wat hierdie artikel probeer beantwoord deur middel van kwalitatiewe perseptuele data. Die plek wat gekies is om hierdie data te versamel, is die hoofstad van Namibië, Windhoek, waar Afrikaans die gevestigde lingua franca was teen die einde van die Suid-Afrikaanse periode (Ohly 1987). Die plaaslike status van Afrikaans het onder heelwat druk gekom as gevolg van sy afgenome sigbaarheid op regeringsvlak en in die onderwysstelsel ten gunste van Engels. Die uitbreiding van Engels is waarskynlik aangehelp deur die groot instroming van Owambo's wat deesdae omtrent 'n derde

van die stad se bevolking uitmaak (Namibia Statistics 2011). Dit het ook daartoe gelei dat Oshiwambo 'n belangrike taal in Windhoek geword het, indien nie op institusionele en opvoedkundige vlak nie, dan ten minste in terme van die aantal sprekers. Hoe Windhoekse inwoners regoor die plaaslike etniese spektrum Afrikaans ondervind, en wat hulle houding is teenoor die taal, is die algemene temas wat ons aangepak het in 'n reeks semi-gerigte onderhoude wat gevoer is met 'n etnies-verteenvoerwoordigende steekproef van die bevolking.

Die deelnemers het bestaan uit 32 manlike en vroulike studente op die hoofkampus van die Universiteit van Namibië (UNAM) in Windhoek, almal tussen 19 en 24 jaar oud, gekies op grond van hulle self-verklaarde etnisiteit. Die volgende etniese kategorieë is uitgekies: Owambo (“NO”/“SO”), Herero (“HE”), Damara (“DA”), Nama (“NA”), Kleurling (“KL”)<sup>2</sup> en Afrikaners (“AF”).<sup>3</sup> Op grond van die feit dat die Owambo's inmiddels die demografies-dominante groep in Windhoek geword het, is daar besluit dat die Owambogroep oorverteenvoerwoordig moet word (8 informante in plaas van 4 soos met die ander groepe), en is hulle onderverdeel in twee sub-kategorieë, naamlik dié wat onlangs uit die streke na die stad migreer het (“Noordelike Owambo's”, afgekort as “NO”) en dié wat in Windhoek of elders in die suidelike streke grootgeword het (“Suidelike Owambo's”, afgekort as “SO”). Soos later sal blyk, is hierdie onderskeid sosiolinguisties relevant op grond van die verkleinerende etiket “Ombwiti” wat deur die Noordelike Owambo-informante gebruik word wanneer hulle verwys na enige Owambo wat in die suide grootgeword het, en wat as gevolg daarvan vlotheid in Oshiwambo verloor het ten gunste van ander tale, gewoonlik Afrikaans en Engels. Die vergelykende kleiner demografiese verteenwoordiging van die ander etniese groepe op die UNAM-kampus het dit nie moontlik gemaak om 'n soortgelyke interne onderskeid te tref tussen +landelik en +stedelike oorsprong nie. Behalwe vir die Noordelike Owambo-groep, het al die groepe vlotheid in Afrikaans gerapporteer, terwyl Engels aan almal bekend is.

Met die opstel van die onderhoudsvrae is daar verwag dat gedetailleerde nadenke oor taal in die algemeen moeilik mag wees om te ontlok. Om hierdie rede is daar besluit dat die onderhoude voorsiening behoort te maak vir beide taalkundige temas en nie-taalkundige temas met moontlike taalkundige implikasies. Sentraal onder hierdie nie-taalkundige temas was dié oor intergroepeverhoudinge, wat daarvoor bekend is dat hulle oor die algemeen korreleer met taalhoudings. Taalkundige vrae in verband met taal het vrae ingesluit oor taal in die algemeen, en oor Afrikaans in die besonder. Die vrae oor taal in die algemeen het hoofsaaklik die volgende onderwerpe gedek:

- Huistaal of -tale, en die mate van identifikasie met hierdie taal of tale
- Tale wat buite die huis verwerf is, en die mate van identifikasie met hierdie tale
- Medium(s) van onderrig en sosialisering op skool
- Die taal of tale wat meestal gebruik word binne vriendekringe
- Die taal of tale wat meestal gebruik word met vreemdelinge

<sup>2</sup> Die term “kleurling” word in hierdie artikel gebruik as 'n etniese kategorie, eerder as een wat ras aandui. As 'n etniese groep, is Namibiese kleurlinge histories te onderskei van die Basters (cf. Bruwer 1964; Marais 1962).

<sup>3</sup> Hierdie etnolinguistiese kategorieë is die belangrikste etnolinguistiese kategorieë met 'n beduidende historiese teenwoordigheid in Windhoek. Kavango's, “Boesmans” en Tswanas is so skaars in Windhoek dat hulle gewoonlik in die kategorie “Ander” tuisgebring is, en laasgenoemde groepe het geen spesifieke residensiële areas gehad wat vir hulle opgesit is nie (Pendleton 1996). Dieselfde geld die “Basters”, wat oorweldigend in Rehoboth gewoon het gedurende die apartheidstyd. Duitssprekende Namibiese studente kon nie op die UNAM-kampus gevind word nie.

- Die taal of tale wat meestal in formele situasies gebruik word, of vir die bespreking van tegniese onderwerpe
- Persepsies van etniese verskille in die gebruik van tale

Vrae oor Afrikaans het meestal die volgende aspekte gedek:

- Die belangrikheid en bruikbaarheid van Afrikaans teenoor Engels
- Die kontekste waarbinne Afrikaans in Namibië gebruik word
- Die soorte Afrikaans in Namibië

Die informante se antwoorde het 'n aansienlike hoeveelheid perseptuele inligting oor intergroep-verhoudinge en taal opgelewer. Die verslag wat ons lewer van hierdie inligting word verdeel in vier afdelings. Afdeling (4) handel oor groepe en intergroep-grense, afdeling (5) oor taalstatus in die algemeen, afdeling (6) oor die gebruike en funksies van Afrikaans in daaglikse kommunikasie, en afdeling (7) oor die etniese variëteite van Afrikaans.

#### 4. SIENINGS OOR GROEPE EN INTERGROEP-GRENSE

Die onderhoudsdata dui daarop dat etniese/rassige grense beskou word as opvallend en uitstaande in Windhoek. Etniese en rassige stereotipering is wydverspreid, en reflekteer die stereotiperende praktyke wat Pendleton (1996) en LeBeau (1991) opgemerk het onder die inwoners van Windhoek kort ná onafhanklikwording. Die feit dat hierdie praktyke geneig is om te steun op 'n negatiewe basis, dui daarop dat etniese/rassige grense nie net opvallend nie, maar ook in 'n groot mate ondeurdringbaar is. Dit word onder andere geïllustreer deur die feit dat die informante die mees onmiddellike komponent van hul sosiale netwerke as enkel-etnies beskryf, wat veral die geval is onder blankes en Herero's. Die "hardheid" van intergroep-grense is geneig om tot uitdrukking te kom in persepsies van onwettigheid in intergroepverhoudinge (Giles et al. 1977; Giles 1979). Voorbeelde van hierdie persepsies is NO-informant 4, wat Herero's kwalik neem omdat hulle dink "hulle besit Namibië", of DA-informant 2 wat die spot dryf met kleurlinge omdat "hulle dink hulle het die beste van albei wêreld". Daar bestaan 'n algemene persepsie dat die Owambo's "te veel" is, en "te veel in beheer is" ten koste van ander etniese groepe, soos geïllustreer word in Uittreksel 1 van die onderhoud met HE-informant 2 wat Owambo-dominansie opsom in terme van 'n ontwikkelingswanbalans ten gunste van die Owambo-hartland.

"You only find Windhoek, Walvis Bay and Swakop are developing, and then after these places then it is only Owamboland like in Oshakati. Those places are developing fast. And if you go back to those places where you find Damaras, Hereros and Namas, it is still like normal towns, you won't find much development."

Daar is 'n tendens onder die informante om ras as 'n etniese grens te sien. Die wit Afrikaanssprekende informante maak geen onderskeid tussen die onderskeie "nie-wit" etniese groepe nie, behalwe vir kleurlinge, wat uitstaan omdat hulle Afrikaans as 'n moedertaal deel. Vanuit die perspektief van "nie-wit" informante word Windhoekse wittes oor die algemeen bymekaargegooi. Hulle tree "rassisties" op en hou hulle afsydig van ander etniese groepe: "They don't come to our parties" (KL-informant 4), "they go for lunch with their parents while we stay on campus" (DA-informant 2). Hul gedrag gaan terug na die ou apartheidsnorme, soos NO-informant 3 dit in Uittreksel 2 opsom:

- (2) “They are still stuck in the past because their parents and grandparents colonized Namibia, so some of them are still stuck in that age of black servants, maids and stuff like that.”

In ’n konteks van opvallende inter-etniese grense kan mens verwag dat etniese groepe ’n simboliese gehegtheid aan taal as ’n attribuut van etniese identiteit sal openbaar. Die meeste informante openbaar dan ook ’n simboliese gehegtheid aan hul onderskeie groepe se erfenistale. Hierdie simboliese gehegtheid word veral bewys deur die informante se algemeen positiewe antwoorde op die vraag of hulle van plan is om hul erfenistaal oor te dra na hul toekomstige kinders. Die idee van taal as ’n etniese attribuut kom sterk na vore in Uittreksel 3, waarin DA-informant 2 ’n neerhalende beskrywing gee van wat sy sien as die etnosentriese gedrag van Herero’s, waarvan die gebruik van Otjiherero sigbaar deel uitmaak.

- (3) “You would sit at a table with different tribes, but they [the Hereros] would prefer to speak in their language. They don’t like to diverge from their culture (...) They are too proud to let go of their ancestors, beliefs and what not.”

Etniese grense het ’n talige dimensie. Dit geld ook grense tussen etniese groepe wat skynbaar dieselfde taal deel. Afrikaans en Khoekhoegowab, skynbaar gedeel deur verskillende etniese groepe, vertoon etniese variasie volgens die informante wat hierdie tale praat (sien verder afdeling 7). Taalkundige verskille word ook opgemerk binne die Owambogroep deur die Owambo informante, die mees opmerklieke hiervan is die verskil tussen die twee dialekte van Oshiwambo, naamlik Oshidonga en Oshikwanyama, wat elk geassosieer word met twee historiese “sub-stamme” van die Owambogroep.

Etnosentriese geneigdhedes skyn daartoe te lei dat informante oor weinig betekenisvolle kennis beskik van inheemse etniese tale behalwe hulle eie. In die ondervinding van die informante word kennis van inheemse etniese tale buite die etniese ingroep (behalwe in die geval van Afrikaans en Khoekhoegowab) meestal verwerf deur “enkelwoord aanlering” (cf. Blommaert & Backus 2012). Die Herero informante ken enkele Khoekhoegowab-woorde, terwyl die Namas en Damaras enkele Otjiherero-woorde ken, soos ook die geval met een van die wit informante. Maar oor die algemeen hou kennis van meer as een inheemse taal, volgens die informante, verband met ’n “gemengde” etniese agtergrond, of die feit dat ’n mens grootgeword het onder ’n etniese groep anders as jou eie. Dié kategorie van Owambo’s na wie die Noordelike Owambo informante minagtend verwys as “Ombwiti” (sien afdelings 3 en 6) is ’n goeie voorbeeld van die laasgenoemde stereotipe (bv. “Some of them [Ombwiti] can speak Damara and Herero”, NO-informant 3).

Die etnolinguïstiese groepe onder dié wat in hierdie studie verteenwoordig is, wat oor die hoogste potensiaal beskik vir kennis van ’n ander inheemse etniese taal naas hulle eie, is die Owambo’s en Herero’s, aangesien hul onderskeie tale nou verwant is. Gevolglik is dit nie verbasend nie dat die Herero- en Owambo-informante aanspraak maak op verskeie vorme van bevoegdheid in mekaar se tale nie. Waar geen betekenisvolle sosiale kontak plaasvind met sprekers van Otjiherero of Oshiwambo nie, bly die bevoegdheid gedeeltlik (bv. “I could perhaps pick up a few things [of Otjiherero] but not the whole conversation”, NO-informant 1; “I can’t hear a whole sentence, only minor words like ‘mother’, ‘child’...”, NO-informant 3). Waar betekenisvolle sosiale kontak wel plaasvind, soos in die geval van NO-informant 3 en HE-informant 2, is bevoegdheid meer ontwikkel (bv. “I understand when my Herero friends talk to me in Herero, NO-informant 3; “Owambo and Herero it’s like mostly similar languages (...) We understand them...”, HE-informant 2), maar nooit tot die punt waar die gebruik van óf Engels, óf Afrikaans nie noodsaak word nie.

## 5. SIENINGS OOR TAALSTATUS

Volgens die informante speel beide Engels en Afrikaans 'n belangrike rol as lingua franca weens die lae vlakke van kennis van inheemse tale oor etniese grense heen. Die data onthul aansienlike verskille in die respektiewe status wat aan Engels en Afrikaans toegeken word. Op grond van die feit dat dit 'n onmisbare hoë-status taal in die Namibiese samelewing is, besit Engels duidelik “openlike prestige”. Dit word gesien as 'n essensiële medium vir sosiale bevordering, en as sodanig word sy oorwig in die openbare lewe en in die opvoedkundige sisteem meestal as legitiem beskou, selfs al geskied dit ten koste van die beperkte ruimte vir moedertaalonderrig. Hierdie siening word goed geïllustreer deur Uittreksel (4) waar NO-informant 2 haar besorgdheid te kenne gee oor die belangrike rol wat Oshiwambo in die noorde speel, wat sy as nadelig beskou vir suksesvolle tersiêre studie, wat by verstek Engels is.

- (4) “If you go to school in the north and then come to UNAM then it will be very difficult for you to put something in English because you were taught in Oshindonga (...) it's not good.”

Alhoewel die meeste informante Afrikaans as 'n belangrike taal beskou, het nie een van hulle 'n begeerte openbaar om Afrikaans te sien op gelyke wetlike vlak as die amptelike taal, Engels, nie. Onder die redes wat hiervoor aangevoer is, is dat dit nie kan wedywer met Engels as 'n “wêreldtaal” nie (bv. “everybody speaks English in the world”, KL-informant 3), en dat dit 'n negatiewe historiese konnotasie het gekoppel aan die apartheidsbewind (bv. “Afrikaans has bad memories”, HE-informant 1). Wat die plek van Afrikaans in die onderwysstelsel betref, is wit Afrikaanssprekendes die enigste groep wat hul ontevredenheid met die huidige taal-in-onderwysbeleid uitspreek. Volgens hulle behoort Afrikaans beter verteenwoordig te word as 'n onderrigmedium vir moedertaal-Afrikaanssprekendes.<sup>4</sup> Interessant genoeg word die wit informante se retoriese gehegtheid aan Afrikaans as 'n onderrigmedium nie gereflekteer in die kommentaar van die eweneens moedertaal-Afrikaanssprekende kleurlinginformante nie, soos dié van KL-informant 3, volgens wie Afrikaans as 'n “sub-taal” behandel moet word, aangesien dit slegs 'n “daaglikse ding” is wat “by die werk opgetel kan word.”

Afrikaans behou nogtans 'n mate van prestige. Selfs waar hulle dit hoofsaaklik as 'n tweede taal verwerf het, beskryf sommige informante Afrikaans as 'n noodsaaklike onderdeel van hul sosiale identiteit, asook 'n taal wat oor 'n groter uitdrukkingskrag beskik as Engels (bv. “I don't like English. I can express myself more easily in Afrikaans”, DA-informant 1; “I prefer to speak Afrikaans with my friends. English doesn't flow too easily”, HE-informant 1). Volgens die Noordelike Owambo-informante, wat nie vlot daarin is nie, dra Afrikaans nie noodwendig negatiewe konnotasies nie. Dit het praktiese waarde in Windhoek se konteks wat dit die moeite werd maak om te leer (bv. “If you don't speak it [Afrikaans], you kind of feel left out”, NO-informant 2). Hierdie persepsies dui daarop dat Afrikaans oor meer “bedekte prestige” beskik as Engels. Hulle weerspieël ook die bevindinge van die RGN se taalopnames van 1979 en 1980, waarvolgens Afrikaans oor die algemeen gesien is as die gunsteling gesproke taal na inheemse etniese tale (Prinsloo 1984, sien verder afdeling 2).

Die enigste formele domein waarbinne inheemse etniese tale skynbaar steeds gebruik word, is die onderwys, sy dit meestal op primêre vlak. Dié informante wat in Windhoek skoolgegaan het, kan die onderrig van inheemse tale net onthou as taalvakke (altyd aan leerders

<sup>4</sup> Dié siening is die sterkste uitgedruk deur W-informant 2, wat toevallig die enigste bestaande Afrikaans-medium skool in Windhoek ('n privaat skool) bygewoon het.

wat moedertaalsprekers van daardie tale is), of andersins as tale wat deur onderwysers gebruik word vir humoristiese doeleindes of om Engelse of Afrikaanse inhoud te verduidelik (sien verder afdeling 4). Dit blyk dat die onderrigmediums hoofsaaklik Engels, of dan Engels in kombinasie met Afrikaans, is. Engels as enkelmedium lyk na die dominante norm in die noordelike skole wat deur die Noordelike Owambo-informante bygewoon is. Ander informante rapporteer dat hulle Engels-mediumskole in meer suidelike gebiede bygewoon het, naamlik Walvisbaai en Windhoek. Die dominante norm in sentraal en suid-Namibië skyn egter verskeie kombinasies van Afrikaans en Engels te wees, met moontlik 'n mate van ruimte vir inheemse tale as mediums vir primêre onderwys in enkel-etniese landelike gebiede, soos byvoorbeeld gerapporteer deur dié twee Nama informante (NA 1, 3) wat dieselfde primêre skool in Tses, 'n oorwegend Khoekhoegowab-sprekende omgewing, bygewoon het. Afrikaans word weinig genoem as 'n dominante onderrigmedium. As illustrasie van dié enkele gevalle waar dit so is, het SO-informant 2 genoem dat Afrikaans die hoofonderrigmedium was by die multi-etniese skool wat sy in Tsumeb bygewoon het. Afrikaans was die enigste onderrigmedium by die privaat skool in Windhoek wat bygewoon is deur W-informant 2.

Vanuit 'n geografiese oogpunt word Afrikaans grotendeels geassosieer met sentrale en suidelike Namibië. Sy posisie skyn die sterkste te wees in die Khoekhoegowab-sprekende suidelike streke. In Keetmanshoop, die grootste stedelike gebied in die suide, funksioneer Afrikaans blykbaar as 'n onbetwisbare hoë-statustaal, terwyl – volgens KL-informant 4 wat 'n plaaslike primêre skool bygewoon het – Engels omtrent nooit plaaslik gehoor word nie. Dieselfde geld Lüderitz, nog 'n belangrike stedelike sentrum in die suide, waar – volgens NA-informant 2 wat daar grootgeword het – Afrikaans die mees sigbare taal is. Afrikaans skyn meer saam te leef met Engels in die stedelike sentra van sentraal Namibië. Afrikaans word in alle gevalle geassosieer met informele inter-etniese sosialisering, en word as sodanig meestal verwerf deur interaksie met ander etniese groepe op skool indien dit nie 'n moedertaal is nie. Engels word egter gemeld as 'n medium van inter-etniese sosialisering waar onlangse Owambo-migrante betrokke is. Bowendien lyk dit asof Engels Afrikaans oorskadu het in sommige multi-etniese skoolomgewings, soos gerapporteer deur die Damara informante met betrekking tot die (histories wit Afrikaanssprekende) hoërskool wat hulle in Windhoek bygewoon het. Dit kan 'n rede wees waarom ook Engels skynbaar 'n informele medium van interaksie geword het, soos toegelig in ons data deur DA-informante 2 en 3 wat daarop aanspraak maak dat hulle Engels gebruik wanneer hulle met mekaar praat (sien verder afdeling 6).

Opsommenderwys: Drie Namibiese veeltaligheidspatrone kom na vore uit die informante se kommentaar, wat elk Engels betrek as 'n taal wat algemeen met formaliteit geassosieer word. Die mees komplekse patroon neem die vorm aan van 'n triglossiese taalrepertoire wat die inheemse etniese tale (oor die algemeen geassosieer met informaliteit en intra-etniese kommunikasie), Afrikaans (oor die algemeen geassosieer met informaliteit en inter-etniese kommunikasie) en Engels (oor die algemeen geassosieer met formaliteit) omvat. Hierdie patroon word meestal geassosieer met suidelike etniese groepe, waarvan die Herero-, Nama- en Damara-informante die verteenwoordigers is. Die ander twee veeltaligheidspatrone is essensieel tweetalig. Owambo's wat onlangs vanuit die noorde gemigreer het, is geneig om diglossies in Oshiwambo en Engels te wees, terwyl die taalrepertoires van wittes en kleurlinge geneig is om slegs Afrikaans en Engels te bevat.<sup>5</sup> In die volgende afdeling fokus ons in

---

<sup>5</sup> Die Namibiese Duitssprekende bevolking vorm histories 'n triglossiese onderdeel van die blanke gemeenskap, met Engels, Afrikaans en Duits as hul basiese taalrepertoire (Kleinz 1984).

besonderhede op die spesifieke gebruik en funksies wat die informante assosieer met Afrikaans in daaglikse kommunikasie.

## 6. DIE GEBRUIK EN FUNKSIES VAN AFRIKAANS IN DAAGLIKSE KOMMUNIKASIE

As gevolg van die feit dat Engels die taal is wat universeel deur die huidige regering bevorder word, het Afrikaans die hoër funksies verloor wat dit besit het voor dit afgeskaf is as amptelike taal en afgeskaal is in die onderwysstelsel (sien afdeling 5 hierbo). Hierdie feit word gereflekteer deur die manier waarop die informante hul onderskeie taalrepertoires gebruik, waarin Engels gewoonlik gebruik word vir formele en Afrikaans vir informele doeleindes. Maar die funksionele onderskeid tussen die twee skyn nie so duidelik afgebaken te wees nie. Dit word bewys deur die informante se self-gerapporteerde taalkeuse(s) in informele kontekste, waarvan die voorbeeld wat ons gebruik het, die konteks is van interaksie met 'n dokter (nl. "If you were on an appointment with a local doctor, which languages would you use with her/him?"). Taalkeuses in so 'n konteks blyk aansienlik te varieer. Die gebruik van 'n enkeltalige Afrikaanse kode skyn die eerste keuse te wees vir wit Afrikaanssprekendes, en vir een van die kleurlinginformante. Die meerderheid van die ander informante sê dat hulle Engels sal kies, behalwe in die geval van een kleurlinginformant (KL-informant 2) wat sê hy sal beide Engels en Afrikaans gebruik, elk vir spesifieke funksies, waarvan hy die rasionaal in Uittreksel (5) verduidelik:

- (5) "Whenever I go to my doctor, we sit down, we have a conversation in English, but as soon as it comes to describing like let's say I have a flu and I sit down with him and I tell him doctor 'I have a flu can you give me something?' and he asks me, this is in English by the way, 'what's wrong?', then as soon as he asks that my brain goes into overdrive and I'd be like 'ja my neus is geblok, my tong is seer' and so on... I would switch to Afrikaans for the descriptive part".

Die ander informante sinspeel ook op die afsonderlike funksies wat Afrikaans en Engels verrig. Afrikaans word duidelik gekoppel aan ongenormeerde, spontane vorme van uitdrukking en Engels aan streng genormeerde vorme van uitdrukking, omdat "there are so many ways of expressing oneself in Afrikaans", terwyl "English has only precise words" (DA-informant 2). Daar is aanduidings dat Engels tegelykertyd die kenmerke besit van beide 'n meer formele en meer neutrale taal aangesien dit gebruik kan word "to keep things clear, and to keep things calm" (DA-informant 3). Laaste, maar nie die minste nie, Afrikaans is meer geneig om landelike waardes en Engels stedelike waardes te indekseer in 'n konteks van kodewisseling tussen hierdie twee tale en inheemse etniese tale (sien verder afdeling 8).

Taalkeuse in ontmoetings met vreemdelinge is nog 'n aanwyser van die sosiale status van 'n taal: Watter taal die eerste gebruik word in sulke kontekste dui aan dat dit funksioneer as 'n simbolies neutrale kode, wat beskou word as 'n hoër-status taal wat waarskynlik deur elkeen verstaan sal word (Myers-Scotton 1993; Bourhis 1984). Op grond van die antwoorde op die vraag: "What language would you use at first with a stranger in town?", lyk dit asof Afrikaans en/of Engels gesien word as die mees neutrale taalkeuses. Behalwe in die geval van die Noordelike Owambo's, vir wie Engels die enigste bruikbare taal is in so 'n situasie, blyk dit dat die "nie-wit" informante se antwoorde op hierdie vraag tot 'n groot mate bepaal word deur die veronderstelde ras van die gespreksgenoot. Daar is 'n sterk geneigdheid om wit vreemdelinge in Engels aan te spreek, en "nie-wit" vreemdelinge (swartes en kleurlinge) in Afrikaans. Engels word onderskeidelik gebruik deur drie Damara informante en een wit informant, en Afrikaans deur een kleurling en een wit informant.

Waarom Engels verkies word in die omgang met wit vreemdelinge word oor die algemeen nie verduidelik deur die informante nie. Dit kom egter na vore uit ander dele van die onderhoude dat om Engels eerder as Afrikaans met vreemdelinge te praat, simbolies gelade is. Dit neem byvoorbeeld duidelik ’n simboliese waarde aan as ’n vernederende handeling in die perspektief van HE-informant 2, wat daarvan hou om wittes in Engels aan te spreek “to tease them because they are not good at English”. KL-informante 2 en 3 erken albei dat hulle ongemaklik voel in die geselskap van wit Afrikaanssprekendes. Meer spesifiek, KL-informant 3 beskryf sy gevoel van ongemak wanneer hy “Kleurlingafrikaans” praat met wittes: “Our Afrikaans is different from theirs. I feel like I am offending them when I speak Afrikaans to them”. In hierdie geval, deur wittes in Engels aan te spreek, wat KL-informant 3 inderdaad doen, is duidelik ’n taalkundige kompensasiestrategie wat daarop gemik is om negatiewe sosiale oordele, veroorsaak deur ’n histories-gestigmatiseerde variëteit van Afrikaans, te probeer verhoed (sien verder afdeling 7).

Taalkeuses met vreemdelinge dui daarop dat Afrikaans – of eerder spesifieke variëteite daarvan, soos ons verder daarop sal uitwei in afdeling 7 – funksioneer as ’n neutrale kommunikasie-medium tussen “nie-wit” etniese groepe. Die variëteite van Afrikaans wat as sodanig funksioneer word volgens die informante gewoonlik op skool verwerp. Deurslaggewend in die verwerwingsproses is die gebruik van Afrikaans-Engels gemengde kodes in die klaskamer deur die onderrigpersoneel en, ewe belangrik, sosialisering in die skole se multi-etniese omgewings. Sommige informante maak daarop aanspraak dat hulle Afrikaans primêr verwerp het deur hul blootstelling aan kleurling- of Basterleerders, wat deur sommige van die Herero en Damara-informante beskryf word as sosiaal en taalkundig inklusief: DA-informant 1, byvoorbeeld, beskryf sy skoolvriendekring as hoofsaaklik kleurling, en voeg by dat “they always helped me out with my Afrikaans”. In ander gevalle skryf die informante hul verwerwing van Afrikaans toe aan die feit dat Afrikaans eenvoudig die dominante taal op die skool se speelgrond was, sonder dat dit duidelik met een spesifieke etniese groep geassosieer is (“everybody spoke Afrikaans at school”, HE-informant 2). Multi-etniese sosialisering is die proses wat die beste verduidelik waarom die “nie-wit” informante, behalwe vir die Noordelike Owambo’s, Afrikaans beskou as ’n kenmerkende taalkundige verskynsel van hul interaksie met vriende. Interessant genoeg word Afrikaans en/of Engels skynbaar soms gebruik in intra-etniese kontekste deur individue wat dit nie as hulle moedertaal beskryf nie. Dit word gerapporteer deur DA-informant 4, wat daarop aanspraak maak dat sy meestal Afrikaans gebruik in haar interaksies met DA-informante 2 en 3, met wie sy bekend is sedert haar skooldae (sien verder afdeling 5).

Te oordeel aan die informante se mees generiese opmerkings oor taalfunksies, skyn Engels en Afrikaans geassosieer te word met funksies wat hulle afsonder van inheemse etniese tale. Daar is egter tekens dat al drie tale nie noodwendig apart gehou word tydens gesprekke nie, veral in informele kommunikasiekontekste. Drie van die vier kleurlingdeelnemers erken dat hulle ’n gemengde Afrikaans-Engelse kode met mekaar gebruik. Die rasionaal van hierdie taalgedrag word vasgevang in Uittreksel (6), waarin KL-informant 2 dit verduidelik as ’n onbewustelik gebruikte middel om Engels te memoriseer:

- (6) “It [Afrikaans-English code-switching] is not controllable, it comes out like that. I think it is a self-defence mechanism so that you know we don’t forget our English because sometimes our Afrikaans overpowers us. So I think the English comes in you know so that we don’t forget that we have to speak English and know the correct terminologies rather than Afrikaans because Afrikaans is a daily thing.”

Afrikaans-Engels gemengde kodes word duidelik geassosieer met die skoolomgewing: SO-informant 1 onthou byvoorbeeld dat “Afrikaans en Engels” die norm was in haar hoërskool in Walvisbaai, terwyl Afrikaans buite die skool gedomineer het. Dit blyk dat die kombinasie van Engels en Afrikaans, volgens die siening van die “nie-wit” informante (behalwe vir die Noordelike Owambo’s) oor die algemeen ’n taalkundig-neutrale funksie in inter-etniese kontekste vervul, wat óf Engels óf Afrikaans nie op hul eie sou kon vervul nie. Selfs tussen Damaras en Namas, wat veronderstel is om ’n gemeenskaplike taal te deel, skyn Afrikaans-Engels gemengde kodes verkieslik te wees in bepaalde kontekste omdat, in die woorde van DA-informant 4, “[Namas] pretend to not understand Khoekhoegowab” in hul gewone pogings om as kleurlinge beskou te word.<sup>6</sup> In die konteks van intra-etniese kommunikasie is kodewisseling wat gelyktydig Engels, Afrikaans en ’n inheemse etniese taal betrek, wydverspreid onder alle swart groepe behalwe vir die Noordelike Owambo’s. Oor die algemeen word geen generiese verduideliking vir hierdie gedrag gegee nie, aangesien dit meestal beskryf word as onbewustelik (“It just comes automatically”, DA-informant 2). Skynbaar bestaan daar ’n kontinuum van taalpatrone wat wissel tussen gemengde kodes en meer enkeltalige kodes waaraan elk spesifieke omstandighedsfunksies toegeken word wat meestal afhang van die identiteit van die gespreksgenoot. DA-informant 2 verduidelik byvoorbeeld dat sy tuis meestal Khoekhoegowab gebruik om met haar ouers te kommunikeer, terwyl sy eerder Engels praat met haar broers en susters, en ’n gemengde kode wat Khoekhoegowab, Engels en Afrikaans insluit, met haar vriende (sien verder afdeling 7).

Daar is ook aanduidings uit die informante se kommentaar van die begin van taalverlies en moontlike taalverskuiwing. Sommige informante erken dat hulle nie meer vlot is nie, of besig is om vlotheid te verloor, in hul erfenistaal as gevolg van te veel Afrikaans of Engels praat, soos byvoorbeeld NA-informant 2 wat erken dat sy “Namawoorde” vergeet as gevolg daarvan dat sy altyd Afrikaans praat in haar tuisdorp, Lüderitz, waar “almal Afrikaans praat” (sien verder afdeling 5). Taalverskuiwing van Oshiwambo na Afrikaans en Engels blyk die norm te wees onder die Suidelike Owambo informante, wat almal sê hulle gebruik meestal hierdie twee tale tuis. Onder die mees spesifieke hiervan is SO-informant 2 wat sê dat sy na “ouer mense” luister wat haar in Oshiwambo aanspreek, maar hulle in “Engels en Afrikaans” antwoord, terwyl sy haar eie Oshiwambo as “nie baie goed nie” beskou. Die skuif na Afrikaans en Engels onder die Suidelike Owambo’s blyk ’n funksie te wees van hul sosiale netwerke, wat hulle almal beklemtoon etnolinguisties heterogeen te wees. Ons Suidelike Owambo-informante se lewensverhale van grootword in die suidelike distrikte reflekteer die “Ombwiti”-stereotipe (sien afdelings 3 en 4). Die feit dat die begrip “Ombwiti” ’n negatiewe waarde besit hou dalk verband met die lae status van migrante, en die gebrek aan taaljoaliteit wat tipies gekoppel is aan migrasie (Ehala 2010). Maar taalhandhawing skyn ook nie ’n kenmerk te wees van Owambo’s wat in die Owambo-hartland woon nie: die feit dat Engels die enigste huistaal is wat by haar familie in Ondangwa gebruik word, is volgens NO-informant 2 ’n aanduiding van ’n taalverskuiwende geneigdheid onder die plaaslike middelklasse.

---

<sup>6</sup> Om as kleurling beskou te word (om “deur te gaan vir kleurling”) was ’n algemene praktyk onder Namas gedurende die apatheidsbewind aangesien herklassifisering as “Kleurling” geassosieer is met ekonomiese voordele. Herklassifikasie was dikwels ’n opsie aangesien die fenotipologiese en kulturele verskille tussen die Namas en Baster-subgroep van die “kleurling”-raskategorie histories nie duidelik afgebakend was nie.

## 7. ETNIESE VARIËTEITE VAN AFRIKAANS

Die feit (soos beskryf in afdeling 6) dat Engels soms bo Afrikaans verkies word deur “nie-wittes” vir kommunikasie met wittes, dui daarop dat daar ’n waarneembare onderskeid bestaan tussen “nie-wit” en wit variëteite van Afrikaans. Selfs al het dit nie veel openlike prestige behou in die huidige Namibiese konteks nie, word “Wit Afrikaans” steeds beskou as ’n “beter” variëteit van Afrikaans. Dit word byvoorbeeld gesien as “hoë-vlak” of “korrek”, wat die gewone kenmerke is van ’n standaardtaalvariëteit. Hierdie onderskeid lei soms tot onverstaanbaarheid want “hulle [die wittes] gebruik daardie snaakse woorde” (HE-informant 3). Interessant genoeg, is onverstaanbaarheid nie wederkerig nie, aangesien beide wit informante daarop aanspraak maak om “nie-wit” variëteite van Afrikaans te verstaan. W-informant 2 som die skynbare paradoks op in Uittreksel (7):

- (7) “Dis partykeer moeiliker vir hulle [die “nie-wittes”] om abstrakte konsepte te verstaan. Dis moeiliker vir hulle om ons te verstaan as wat dit is vir ons om hulle te verstaan.”

Al erken hulle wel kleurlinge as taalkundig verwant (“Dis makliker om met hulle te kommunikeer op grond van taal”, W-informant 2), onderskei die wit informante oor die algemeen nie tussen “nie-wit” T2-sprekers van Afrikaans nie. Die “nie-wit” informante maak egter soms wel onderskeid tussen die T2-variëteite wat deur “nie-wittes” gepraat word. Die Herero’s, byvoorbeeld, praat ’n eiesoortige variëteit van Afrikaans, volgens KL-informant 3, wat onder andere gekenmerk word deur kodewisseling met Otjiherero:

- (8) “When they speak it [Afrikaans] it is lazy, due to their mother tongue being lazy. When a Herero speaks, it would be like ‘moshavi bra?’ [how are you brother?] you know they always mix with Otjiherero. They are very lazy”.

Die T2-Afrikaansspreekende informante bevestig dat hulle Afrikaans meng met hul onderskeie erfenistale. Waar dit binne ’n intra-etniese konteks gebeur, bly die basistaal gewoonlik die erfenistaal waarby Afrikaanse leksikale elemente ingevoeg word, of waaraan Afrikaanse sinsdele gevoeg word (“You would start with *ek weet mos* and then carry on in your own language [Khoekhoegowab]”, DA-informant 2; “I add *gy weet* to the end of my [Otjiherero] sentences because of the schools I attended”, HE-informant 2). Waar dit binne ’n inter-etniese konteks gebeur, word die basistaal gewoonlik Afrikaans (dikwels in kombinasie met Engels), waarby woorde uit inheemse etniese tale soms ingevoeg word om spelenderwys mens se eie etniese identiteit aan lede van ander etniese groepe te vertoon (“People laugh if you use Herero words in Afrikaans. They ask you what it means”, HE-informant 3). Die gebruik van taalelemente uit inheemse etniese tale in ’n inter-etniese konteks skyn ook op versoek te gebeur, soos verduidelik deur DA-informant 2 in Uittreksel (9):

- (9) “I would not use Damara [Khoekhoegowab] words when I speak to Coloureds, but they are interested in Damara [Khoekhoegowab] words. They would ask ‘How do you say this in your culture?’”

“Veretniseerde” vorme van Afrikaans kan ook gebruik word in ’n konteks van intra-etniese kommunikasie, soos opgemerk deur DA-informant 4, wat erken dat sy “Afrikaans met Damara-[Khoekhoegowab-]woorde” met DA-informante 2 en 3 gebruik.

Dit lyk asof dit die teenwoordigheid van elemente uit inheemse etniese tale is wat iets ’n etniese variëteit van Afrikaans maak, volgens die informante se sienings. Dit opper die vraag of daar enige neutrale variëteit van Afrikaans is wat gebruik word vir die doeleindes van inter-

etniese kommunikasie, en watter vorm dit aanneem. Te oordeel aan die taalkundige etikette wat deur die meeste T1- en T2-Afrikaanssprekende “nie-wit” informante gebruik word, is “Kleurlingafrikaans” die Afrikaanse variëteit wat as basis deur “nie-wittes” gebruik word. Hierdie variëteit van Afrikaans skyn verwerf te word deur sosialisering met kleurling- en Basterleerders op skool, asook met kleurlingonderwysers, wat in alle gevalle die enigste T1-Afrikaanssprekendes is wat spesifiek genoem is deur die T2-Afrikaanssprekende informante as mense wat ’n rol gespeel het in hul verwerwing van Afrikaans (sien verder afdeling 6). Die sentrale rol van die skool in die verwerwing van Afrikaans word verduidelik deur HE-informant 2 in Uittreksel (10), wat te kenne gee dat daar skole is waar mens “Wit Afrikaans” leer, en ander waar mens “Kleurlingafrikaans” leer.

- (10) “Primary school I was in a White school so I got used to their Afrikaans [‘White Afrikaans’] on primary school. So the Afrikaans I came to changed when I came to Jan Möhr [High School] because there were Coloureds and White Afrikaans and Coloured Afrikaans are very different. So when I came to Jan Möhr, my Afrikaans also changed, I got used to that one [‘Coloured Afrikaans’].”

Die siening van die kleurlinginformante oor die saak van wie “Kleurlingafrikaans” praat, staaf grootliks dié siening van T2-Afrikaanssprekende “nie-wittes”, behalwe in die geval van die Herero’s wat, volgens KL-informant 3, ’n eiesoortige variëteit van Afrikaans praat (sien hierbo). Wat die ander “nie-wit” T2-Afrikaanssprekende groepe betref, noem KL-informant 3 byvoorbeeld dat “Namas speak the same sort of Afrikaans as we [Coloureds] do” (’n indruk wat die Nama-informante deel). Hy merk ook in Uittreksel (11) op dat sommige Owambo’s hulle in so ’n mate Kleurlingafrikaans toegeëien het, dat hulle taalkundig gesproke ononderskeidbaar is van die kleurlinge, wat daarop dui dat – wanneer hulle na Afrikaans skuif – Owambo’s wat in die suide grootgeword het, na Kleurlingafrikaans skuif.

- (11) “Their Afrikaans is sometimes better than our Afrikaans, sometimes at the same level as ours. Out of all ethnic groups I’d say Wambos can speak the best Afrikaans next to Coloureds. They have a very close Coloured accent, so if you were to stand behind the wall, you would think I am talking to another Coloured.”

Indien Kleurlingafrikaans die ongemerkte Afrikaanse variëteit onder “nie-wittes” is, wat is die ongemerkte Afrikaanse variëteit vir kommunikasie tussen “nie-wittes” en wittes? Indien “wit Afrikaans” steeds gesien word as die “korrekte” variëteit van Afrikaans, m.a.w. die Afrikaanse variëteit met “openlike prestige” en standaardstatus (sien hierbo), beteken dit dat T2-Afrikaanssprekende “nie-wittes” onder druk is om bevoegdheid in dié variëteit te ontwikkel ter wille van interaksie met wit Afrikaanssprekendes? Antwoorde op hierdie vraag is tentatief ontlok deur middel van die vraag: “Kan jy ’n wit Afrikaanse aksent namaak?” Die feit dat reaksies op dié vraag hoofsaaklik negatief was (behalwe vir KL-informant 3: “It would be tiring, but I could pull it off”), dui daarop dat Standaardafrikaans nie gesien word as ’n ongemerkte taalmedium vir kommunikasie met wit Afrikaanssprekendes nie, en nie beskou word as ’n geldige opsie in só ’n konteks nie.

Indien “nie-wit” Afrikaanssprekendes nie daaraan gewoond is om hul Afrikaanse variëteite aan te pas wanneer hulle met wittes kommunikeer nie, beteken dit dat wit Afrikaanssprekendes omgekeerd onder druk voel om hul gewone Afrikaanse variëteite aan te pas wanneer hulle kommunikeer met “nie-wittes”? Die feit dat W-informant 2 bewus daarvan is dat “nie-wittes” sukkel met sekere “konsepte” (sien hierbo), dui miskien daarop dat wit Afrikaanssprekendes dalk hul leksikon aanpas in ’n konteks van inter-etniese kommunikasie. Meer as dit, soos om

'n kleurlingaksent na te maak, skyn nie 'n opsie te wees nie, aangesien “they may think we are making fun” (W-informant 3). Die geneigdheid onder wit Afrikaanssprekendes om ooreenvoudigde weergawes van Afrikaans te gebruik wanneer hulle kontak het met “nie-wittes”, word genoem deur W-informant 1, wat verwys na van haar familieleden wat “gebroke Afrikaans met swartes praat” – 'n praktyk wat sy afkeur weens die “vernederende” aard daarvan, in stede waarvan sy aanspraak maak daarop dat sy “normale Afrikaans” gebruik. Met ander woorde, deur te hou by “wit Afrikaans” in interaksie met “nie-wittes” kan deur wit Afrikaanssprekendes gesien word as die mees neutrale opsie anders as om Engels te gebruik.

## 8. BESPREKING

Ten spyte daarvan dat Engels Afrikaans vervang het as openbare taal, het Afrikaans aansienlike “bedekte prestige” in Namibië behou. Dit word deur baie mense as minder formeel as Engels gesien. Dit word ook beskou as 'n neutrale taalkeuse in die konteks van inter-etniese kommunikasie, waarvoor geen inheemse etniese taal beskikbaar is nie as gevolg van die huidige taal-in-onderwysbeleid en die relatief “harde” grense tussen etnolinguistiese groepe (vgl. afdelings 2 en 4). Afrikaans word nie net geassosieer met inter-etniese kommunikasie nie; dit is ook aanwesig in intra-etniese kontekste van kommunikasie buite daardie Namibiese gemeenskappe (nl. Afrikaners, kleurlinge en Basters) waarvan dit as die erfenistaal beskou word. In sommige gevalle lyk dit selfs asof daar 'n verskuiwing plaasvind weg van erfenistale na Afrikaans, veral in die geval van dié individue wat deurgaans vir “Ombwiti” (vgl. afdeling 6). Daar is twee belangrike sosiale faktore wat dit tans moontlik maak vir Afrikaans om sigself as 'n etnies-neutrale lingua franca te handhaaf. Die eerste faktor is die rol wat dit speel as 'n sosialiseringsmedium in etnolinguisties-diverse omgewings, veral in skole waar mens daaraan blootgestel word via interaksies met kleuring-/Basterleerders en onderrigpersoneel. Die tweede faktor is wat 'n sterk geneigdheid blyk te wees onder die demografies-belangrikste etnolinguistiese groep, naamlik die Owambogroep, om na ander tale te skuif, insluitende Afrikaans. Hierdie geneigdheid kan verduidelik word as 'n funksie van die Owambo's se lae sosiale prestige, wat oorgeërf is van hul historiese lae status as migrante en die daaraan gekoppelde landelike stigma wat aan hulle opgelê is (vgl. Sohn 2002; Peyroux 2000). Die uiteindelijke sosiolinguistiese impak van voortdurende in-migrasie van die noordelike streke na sentrale en suidelike Namibië is egter moeilik om te voorspel. Ons Owambo-informante wat eers onlangs in Windhoek aangekom het, sê dat hulle slegs Engels in inter-etniese kommunikasie gebruik omdat Afrikaans grootliks onbekend aan hulle is. Of groter getalle landelike Owambo's in stedelike gebiede uiteindelik die potensiaal van Afrikaans om as lingua franca te dien, sal benadeel, en daartoe sal lei dat Engels die funksies van Afrikaans oorneem, is 'n vraag wat mens op hierdie stadium stellig nie kan beantwoord nie.

Wat die toekoms ook al inhou vir Afrikaans, is dit belangrik om te beklemtoon dat wat mens in Windhoek “Afrikaans” noem, dikwels nie die tradisionele sienings van wat Standaardafrikaans is, weerspieël nie. Afrikaans word dikwels gelyktydig gebruik met Engels in spontane gespreksituasies. Wat ons informante, veral ons “nie-wit” informante, etiketteer as “Afrikaans”, kan dus miskien die beste beskryf word as 'n gemengde kode wat beide Afrikaans en Engels insluit (en waarskynlik ook inheemse etniese tale in kontekste van intra-etniese kommunikasie). Verstremeling met Engels lyk onafwendbaar in 'n algemene onderwysmilieu waar enkeltalige Engelse kodes baie meer waarskynlik gehoor word as enkeltalige Afrikaanse kodes, behalwe in periodes waar Afrikaans as 'n vak onderrig word. Daar is egter aanduidings in ons data dat Afrikaans-Engels gemengde kodes nie as bruikbaar

beskou word in die spesifieke konteks van kommunikasie tussen “nie-wittes” en wittes nie, waarvoor ons “nie-wit” informante meestal Engels beskryf as die mees neutrale taalopsie. Die gebruik van Engels in dergelike kontekste het ’n hoogs simboliese funksie: Sowel die persepsie van ’n sosiale gaping tussen “nie-wittes” en wittes as die historiese hoër status van wittes in die Namibiese samelewing dui daarop dat Engels as ’n moontlike taalkundige strategie vir statuskompensasie kan dien.

Afrikaans kan in die konteks van interetniese kommunikasie tussen “nie-wittes” nie van Engels geskei word nie. Maar watter soort Afrikaans word gebruik in die gemengde kodes wat deur Windhoekse “nie-wittes” gehanteer word? In die Suid-Afrikaanse konteks dra wit variëteite van Afrikaans ’n stigma van sosiale eksklusiwiteit (vgl. McCormick 2002). Op grond van hierdie stigma het die begrip Standaardafrikaans problematies geword omdat Standaardafrikaans histories gebaseer is op wit variëteite van Kaaps-Hollands (vgl. Pnelis 1993; van Rensburg 1989). Hierdie soort van stigmatisering is ook waarneembaar in ons Namibiese data. Die feit dat ons “nie-wit” informante Wit Afrikaans (en “korrekte” vorme van Afrikaans) sien as ’n attribuut van ’n moeilik genaakbare sosiale groep (vgl. afdeling 4), verklaar hoekom hulle nie Wit Afrikaans (en implisiet Standaardafrikaans) as ’n wenslike komponent van hul taalrepertoires beskou nie. Die Afrikaanse variëteit wat in stede daarvan deur “nie-wittes” as neutraal beskou word, is wat ons informante as “Kleurlingafrikaans” beskryf, nl. die variëteit van Afrikaans wat geassosieer word met sy kleurling- en Baster-moedertaalsprekers, en wat reeds sedert die negentiende eeu in groot dele van die huidige Namibië as lingua franca gevestig is. Engels het Standaardafrikaans onttroon en dit afgeskaal na ’n merker van wit wees. Intussen bewaar “Kleurlingafrikaans” sy status as ’n vooraanstaande opsie om ’n neutrale vorm van informaliteit te indekseer in interetniese kommunikasie onder die grootste deel van die bevolking.

## 9. GEVOLGTREKKING

Uit ons beperkte steekproef van informante se kommentaar kom ’n algemene sosiolinguistiese beeld tot stand waarin Afrikaans in Namibië verwys na ’n verskeidenheid taalkundige verskynsels. Dit kan verwys na óf ’n enkeltalige kode, óf ’n verskeidenheid gemengde kodes wat Engels en inheemse etniese tale kan insluit. Dit kan ook verwys na óf wit variëteite, perseptueel geassosieer met “Standaardafrikaans”, óf “nie-wit” variëteite, wat oor die algemeen as “kleurling” geëtiketteer word. Wat die taalpersepsies is in ander gebiede, veral in die noordelike distrikte, en ook in die suidelikste streke wat direk grens aan die Noord-Kaap, moet vasgestel word voordat mens tot ’n meer stelselmatige beskrywing van die status van Afrikaans in Namibië sal kan kom. Wat ons voorlopige gevolgtrekking is vir die status van Afrikaans in Namibië, gegrond op ons Windhoekse steekproef, is soos volg: Die taalbeleid wat die regering ná onafhanklikheidswording gevoer het, het waarskynlik daartoe gelei dat Afrikaans op formele terreine met Engels vervang is. Dit het ook dalk daartoe gelei dat Standaardafrikaans as ’n doeltaal onherstelbaar ondermyn is. Maar dit het dit ook moontlik gemaak vir “Kleurlingafrikaans” om sigself te vestig as ’n komponent van neutrale Namibiese taalrepertoires, wat tans gebruik word onder die “nie-wit” meerderheid van die Windhoekse bevolking, en moontlik ook onder die suidelike distrikte se bevolking. Of “Kleurlingafrikaans” hierdie status sal behou of nie, hang tot ’n groot mate af van die langtermynkapasiteit van die sentrale en suidelike distrikte om Owambo-migrante taalkundig te absorbeer, soos hulle in die verlede gedoen het.

## BIBLIOGRAFIE

- Blommaert, Jan & Ad Backus. 2012. Super diverse repertoires and the individual. *Tilburg Papers in Culture Studies* 24.
- Bourhis, R. Y. 1984. Cross-cultural communication in Montreal: Two field studies since Bill 101. *International Journal of the Sociology of Language*, 46:33-47.
- Bruwer, J.P. van S. 1964. Kleurlinge in Suidwes-Afrika. In: E. Theron & M.J. Swart (reds.). *Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika. 'n Verslag van 'n komitee van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aangeleenthede (Sabra) insake die Kleurlinge*. 219-232. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers.
- Coetzee, E.R. 1982. Die geskiedenis van landelike vestiging van Blankes in Suidwes-Afrika, 1915-1931. M.A.-verhandeling. Johannesburg: Rand Afrikaanse Universiteit.
- Dederling, Tilman. 1997. *Hate the Old And Follow the New. Khoekhoe and Missionaries in Early Nineteenth Century Namibia*. Stuttgart: Steiner.
- Düsing, Sandra. 2002. *Traditional Leadership and Democratisation in Southern Africa. A comparative study of Botswana, Namibia, and South Africa*. Hamburg: LIT.
- Ehala, M. 2010. Ethnolinguistic vitality and intergroup processes. *Multilingua* 29:203-221.
- Giles, H., Bourhis, R., & D. Taylor. 1977. Towards a theory of language in ethnic group relations. In H. Giles (ed.). *Language, ethnicity and intergroup relations*. 307-348. London: Academic Press.
- Groenewald, Gerald. 2010. Afrikaans as lingua franca in Namibië, ca. 1800-1920. *LitNet Akademies*, 7(3): 65-102.
- Harlech-Jones, Brian. 2001. Some prevalent assumptions in language policy, with contextualisations from Namibia. In Richard Trewby and Sandra Fitchat (reds.). *Language and Development in Southern Africa. Making the Right Choices*. 25-37. Kaapstad: Gamsberg McMillan.
- Klein, N. 1984. *Deutsche Sprache in Kontakt in Südwestafrika: der heutige Gebrauch der Sprachen Deutsch, Afrikaans und Englisch in Namibia*. Stuttgart: Steiner.
- Maho, Jounie F. 1998. *Few people, many tongues. The languages of Namibia*. Windhoek: Gamsberg Macmillan.
- McCormick, K. 2002. *Language in Cape Town's District Six*. Oxford: Oxford University Press.
- Mesthrie, R., Swann, J., Deumert, A. & W.L. Leap. 2009. *Introducing Sociolinguistics*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Myers-Scotton, Carol. 1993. *Social motivations for codeswitching: Evidence from Africa*. Oxford: Clarendon.
- Namibia Statistics Agency. 2003. *Namibia 2001. Population & Housing Census*. Windhoek: National Planning Commission.
- Namibia Statistics Agency. 2013. *Namibia 2011. Population & Housing Census. Main Report*. Windhoek: Namibia Statistics Agency.
- Pendleton, Wade. 1993. *Katutura: a Place Where we Stay. Life in a Post-Apartheid Township in Namibia. Katutura Before and Now*. Windhoek: Gamsberg McMillan.
- Peyroux, E. 2000. *Politiques d'habitat et pratiques résidentielles à Windhoek (Namibie): recompositions sociales et spatiales des périphéries d'une ville post-apartheid*. Proefskrif. Université de Paris X-Nanterre.
- Peyroux, Elisabeth. 2004. *Windhoek, capitale de la Namibie. Changement politique et recomposition des périphéries*. Johannesburg: IFAS.
- Ponelis, Fritz A. 1993. *The development of Afrikaans*. Frankfurt am Main: Lang.
- Prinsloo, Karel P. 1984. Die status van Afrikaans en ander hoofte in SWA/Namibië. In Karel P. Prinsloo & Christo van Rensburg (reds.). *Afrikaans: Stand, Taak en Toekoms*. Pretoria: HAUM, pp. 124-134.
- Pütz, Martin. 1995. Official monolingualism in Africa: A sociolinguistic assessment of linguistic and cultural pluralism in Namibia. 155-174. In Martin Pütz (red.). *Discrimination through language in Africa? Perspectives on the Namibian experience*. Berlyn: Mouton de Gruyter.
- Sohn, C. 2003. *Changement gestionnaire et recompositions urbaines post-apartheid. La question foncière à Windhoek*. Proefskrif. Strasbourg, Frankryk: Université Blaise Pascal.
- Stals, Ernst & Fritz Ponelis. 2001. *Só het Afrikaans na Namibië gekom: Afrikaans-Hollands in Namibië vóór die koloniale tyd*. Windhoek: Gamsberg McMillan.

- Stals, Ernst L.P. 2009. *Môrewind oor die Karasberge. 'n Kultuurhistoriese verkenning van die Karasstreek van die laat negentiende eeu*. Pretoria: Protea.
- Töttemeyer, A.J. 2010. Multilingualism and the language policy for Namibian schools. *PRAESA Occasional Papers*, 37.
- Trümpelmann G. P. J. 1948. Die boer in SWA. *Argiefjaarboek vir geskiedenis*, 11(2). Kaapstad: Die Staatsdrukker.
- Van Rensburg, M. C. J. 1989. Soorte Afrikaans. In T. J. R. Botha, F. A. Poneis, F. F. Odendal, J. G. H. Combrink (reds.). *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica, pp. 436-467.
- UNIN 1981. *Towards a language policy for Namibia*. Lusaka: United Nations Institute for Namibia.

# Die geleefde ervarings van primêre skoolonderwysers binne 'n kultuur van performatiwiteit

*The lived experiences of primary school teachers within a culture of performativity*

**MILTON VAN WYK**

Departement Kurrikulumstudie  
Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit Stellenbosch  
E-pos: mlvanwyk@live.co.za



Milton van Wyk



Lesley le Grange

**LESLEY LE GRANGE**

Departement Kurrikulumstudie,  
Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit Stellenbosch  
E-pos: llg@sun.ac.za

<p><b>MILTON VAN WYK</b> het die grade BEdHons, MEd en PhD (Kurrikulumstudie) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Sy belangstellingsveld is fenomenologie as 'n navorsingsmetode met 'n spesifieke fokus op primêre skoolonderwysers se wêreld van geleefde ervaring.</p>	<p><b>MILTON VAN WYK</b> obtained the degrees BEdHons, MEd and PhD from Stellenbosch University. His research interest is phenomenology as research methodology with a specific focus on primary school teachers' world of lived experience.</p>
<p><b>LESLEY LE GRANGE</b> is 'n Uitgelese Professor in die Departement Kurrikulumstudie, Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch. Hy doen navorsing en gee onderrig in die vakgebiede omgewingsopvoeding, navorsingsmetodologie, wetenskap-onderrig en kurrikulum en assessering. Hy het meer as 180 publikasies en dien op die redaksierade van agt eweknie geëvalueerde vaktydskrifte. Hy is die ontvanger van verskeie akademiese toekennings en pryse.</p>	<p><b>LESLEY LE GRANGE</b> is a Distinguished Professor in the Department of Curriculum Studies, Faculty of Education at Stellenbosch University. He teaches and researches in the fields of environmental education, research methodology, science education, and curriculum and assessment. He has more than 180 publications to his credit and serves on eight editorial boards of peer-reviewed journals. He is recipient of several academic awards and prizes.</p>

## ABSTRACT

### *The lived experiences of primary school teachers within a culture of performativity*

*The lived experiences of primary school teachers within a culture of performativity, is a study that aims to gain an indepth understanding of how primary school teachers experience the phenomenon of performativity and the meaning that they give to it.*

*Performativity has a particular meaning in this article and refers to what French philosopher Lyotard (1984) referred to as the shortest input/output ratio. It is about the pressure to perform in various spheres of life including in education, where measurable outputs are valued above the processes of education. Ball (2003:216) described performativity as a technology, "a culture and a mode of regulation that employs judgements comparisons and displays as means of incentive, control, attrition and change – based on rewards and sanctions." The article clarifies*

what performativity is and concepts that are related to this phenomenon. From this exercise it is inferred that performativity in education is used as a political and bureaucratic mechanism wherein teachers are required to demonstrate that they are accountable (in a pejorative sense) for their work. Conducting this study was important because there is a paucity of studies in South Africa that investigate what are the lived experiences of primary school teachers in a context where performativity is the dominant regime.

This qualitative study is guided by the hermeneutic-phenomenological research approach of Van Manen (1990). The unit of analysis of the study is teachers of primary schools located in the Groot Drakenstein Valley in the Western Cape Province. Data was gathered through phenomenological interviews and participants' own written narratives. Purposive sampling was used and the sample comprised 7 teachers whose ages varied from 40–59. The four existentials identified by Van Manen is used to guide the analysis of the data. The study produced the following findings: The existential "lived space" (spatiality) brought to the fore the emotional processes that participants had to endure in their attempts to conform to the discourse of performativity; the existential "lived body" (corporeality) highlighted issues related to accountability and the physiological side effects produced by performativity; the existential "lived time" (temporality) depicted teachers' past, present and future lived experiences within the educational landscape; the existential "lived other" (relationality) layed bare the interpersonal relationships between participants and other role players.

The study concludes that performativity discourses have significant implications for teachers. Both the physiological and emotional effects of performativity, changed (mostly negatively) teachers' commitment and how they view their teaching careers. Moreover, performativity changed the nature of relationships, not only the interdependent learner-teacher relationship, but also relationships with other role-players such as colleagues and curriculum advisors.

Futhermore, the study gives legitimacy to what Aoki (1999) called the curriculum-as-lived. He argued that the curriculum-as-lived by learners and teachers needs to be recognised along with the curriculum-as-planned and that the tensioned space between the two is a space of both struggle and creativity. He writes: "It is in this space of between that our teachers, sensitive to both curriculum-as-planned and curriculum-as-lived, dwell, likely finding it a tensioned space of ambiguity, ambivalence, and uncertainty but simultaneously a vibrant site ... but nevertheless a site that beckons pedagogic struggle, for such a human site promises generative possibilities and hope. It is, indeed, a site of becoming, where newness can come into being" (1999:81). The lived world of teachers and learners are mostly ignored by policy/curriculum makers – the reason why there remains a policy-practice gap, and why continued reference is made to the failure of curriculum implementation.

**KEYWORDS:** performativity, phenomenology, existentials, accountability, lived experience, teachers

**TREFWOORDE:** performatiwiteit, fenomenologie, bestaanswyses, toerekenbaarheid, geleefde ervaring, onderwysers

### OPSOMMING

Die doel van hierdie studie is om uiteindelik 'n diepgaande begrip te vorm oor die belewenisse van laerskoolonderwysers met betrekking tot die fenomeen van performatiwiteit en die betekenis wat hulle daaraan heg. Die navorsingsvraag is: Wat is die geleefde ervarings van primêre skoolonderwysers binne 'n kultuur van performatiwiteit.

In hierdie kwalitatiewe studie word daar op die hermeneuties-fenomenologiese navorsingsbenadering van Van Manen (1990) gekonsentreer. Die data is ingesamel deur fenomenologiese

onderhoude met die deelnemers te voer, asook vanuit die deelnemers se eie geskrewe narratiewe. Die vier fundamentele eksistensiële bestaanswyses van Van Manen (1990) is gebruik om die ontleding van die data te rig. Tydens hierdie studie is die volgende bevind: Die bestaanswyse van “geleefde ruimte” was vir die deelnemers ’n heroproep en herbeleef van werklike, emosionele ervarings wat hulle moes verduur in hul pogings om tot die performatiewe diskoers te konformeer. Die bestaanswyse van die “geleefde liggaam” het kwessies van toerekenbaarheid en fisiologiese nuwe-effekte na vore gebring. Die bestaanswyse van “geleefde tyd” het die deelnemers se geleefde ervarings uit hul verlede, die hede en ook die toekoms in die onderwyslandskap uitgebeeld. Die bestaanswyse van die “geleefde ander” het die interpersoonlike verhoudings tussen die deelnemers en betrokke groepe onthul.

## 1. INLEIDING

Hierdie studie spruit uit die eerste skrywer se belewenisse as ’n laerskoolonderwyser. Binne die konteks van die onderwys in Suid-Afrika moes hy aanskou hoedat die Suid-Afrikaanse regering, onder die invloed van globalisering, geleidelik nuwe maatreëls van toerekenbaarheid instel, wat direkte implikasies vir onderwysregulering ingehou het. Talle nasionale beleids-agendas van onder meer die apartheids- sowel as die post-apartheidsregering het daartoe gelei dat die algemene beleidsomgewing, en in besonder sy werksomstandighede, ingrypend verander het. Voortspruitend uit die onderwyservormings was daar ’n nuwe heersende regime van performatiwiteit wat effektiwiteit, doeltreffendheid en kwaliteit beklemtoon het en wat die oorheersende diskoers in die skoolpraktyk geword het. Binne hierdie diskoers – waarin die waarde van die onderwyser gedurig gemeet word – het die skrywer beleef hoedat daar ’n houdings- en gedragsverandering intree wat uiteindelik sy beroepslewe diepgaande sou beïnvloed. Hierdie navorsingsprojek is dus grootliks ’n persoonlike reis. Dit is ook ’n poging tot beter begrip van sy ervarings binne die kultuur van performatiwiteit. Vanuit ’n posisie van geleefde ervarings, verken en besin die skrywer nie net oor sy eie nie, maar ook oor die ervaringswêreld van ander in soortgelyke situasies.

## 2. DIE BEGRIP PERFORMATIWITEIT

Die begrip “performatiwiteit” is ’n interdisiplinêre vakterm, wat onder meer in linguistiek, sosiologie, die ekonomie en in die sosiale wetenskappe gebruik word. Volgens Perryman (2006:150) is die benoeming *performatiwiteit* vir die eerste keer deur Francois Lyotard, ’n Franse filosoof, in 1984 gebruik toe hy voorgestel het dat die postmoderne gemeenskappe behep is met doeltreffendheid en effektiwiteit, en dat hierdie doeltreffendheid, veral in die ekonomiese sektor, grootliks gemeet word aan ’n inset/uitset ratio.

Volgens Ball (2003b:216) is performatiwiteit

a technology, a culture and a mode of regulation that employs judgements, comparisons and displays as means of incentive, control, attrition and change – based on rewards and sanctions (both material and symbolic). The performances (of individual subjects or organizations) serve as measures of productivity or output, or displays of ‘quality’, or ‘moments’ of promotion or inspection. As such they stand for, encapsulate or represent the worth, quality or value of an individual or organization within a field of judgement.

Die genoemde konsepte van performatiwiteit druis lynreg in teen die metodes, kultuur en etiese stelsels van die privaat sektor. Die terminologie van die sakesektor sluit woorde in soos

“teikens”, “doelstellings”, “lewing”, “inset en uitset”, “aandele” en “toegevoegde waarde”, en dit het tans deel van die woordeskat in die onderwys geword (Storey 2007:261). In hierdie opsig argumenteer Barnett en Standish (2000:16), soos aangehaal in Le Grange (2006:904), dat die term performatiwiteit

... exposes the jargon and practices of efficiency and effectiveness, quality assurance and control, inspection and accountability that have become so prominent a feature of contemporary educational regimes. Whatever is undertaken must be justified in terms of an increase of productivity measured in terms of a gain in time.

Die toepassing van besigheidsbestuursteorieë en -praktyke in die onderwys, het daartoe gelei dat die werksomgewing van onderwysers ’n aantal veranderings ondergaan het. In hierdie nuwe werksomgewing wat onderworpe is aan die “deurdringende mark-ideologie en sy korresponderende regulerende struktuur” (Stromquist 2002 in Choi 2005:243), word daar toenemend van onderwysers verwag om rekenskap van die uitkomst of “produkte” van hul praktyk te gee. Dit is om hierdie rede dat regerings wêreldwyd al groter klem op die onderwyser se toerekenbaarheid plaas. Toerekenbaarheid (*accountability*) behels óf die verwagting óf die aanname van rekenskapgewing van gedrag, en dit beteken dat jy verantwoordbaar is vir jou daade, en veral die gevolge van daardie optredes. Volgens Møller (2009:39): “One has to answer questions about what has happened within one’s area of responsibility and provide a story or an account of practice; what has happened and why it has taken place”. Die besorgdheid oor “openbare of publieke toerekenbaarheid”, “kwaliteit” en “waarde vir geld” het aanleiding gegee tot *prestasiestuur* (Clouder, Oliver & Tait 2008:636).

## 2.1 Prestasiestuur as ’n kenmerk van performatiwiteit

In die relevante literatuur vind ons verskeie interpretasies van die begrip “prestasiestuur” (Mosoge & Pilane 2014:5). Prestasiestuur is die *modus operandi* van ’n toerekenbaarheidsregime. Die instrumentalistiese logika van prestasiestuur sluit organisatoriese strategieë, wat gerig is op oogmerke, resultate en teikens, in. Dit het ten doel om stelsels se produktiwiteit te verbeter en die metode is om prestasies van individue, departemente en organisasies te meet, te bestuur en te motiveer (Liew 2012:286). Volgens Hartle, Everall en Baker (2001:3) is prestasiestuur eerstens ’n proses waartydens onderwysers, ondersteunende personeel en hul onderskeie rolle aan die suksesse van leerders en die skool gemeet word. Tweedens, is dit ’n proses van die daarstelling van ’n gedeelde verstaan van wat bereik moet word en ook die wyse waarop dit gedoen moet word. Dit sluit voorts in dat die bestuur van personeel op so ’n wyse geskied, dat optimale prestasie haalbaar is. Derdens, is dit ’n proses om te verseker dat die personeel die regte dinge op die mees effektiewe wyse en na die beste van hul vermoë doen.

Volgens Orga (2003:1) het prestasiestuur ’n sleutelinstrument geword wat deur beleidmakers aangewend word om onder andere die toerekenbaarheid van onderwysers te verhoog. Fritzgerald (2008:114) suggereer dat

one of the ways to secure a level of direct and immediate commitment by teachers is via performance management policies and processes that describe what ought to occur in schools (at an organizational level), in staff rooms (at a professional level) and in classrooms (at a pedagogical level).

As ’n metode van “ouditering en bestuur” (Orga 2003:2) is daar in die onderwys prestasiestuurstelsels in plek gestel om die professionele werk van onderwysers te reguleer en te

beheer. Die aanwending van prestasiebestuur mag dus gesien word as ’n kenmerk van performatiwiteit, aldus Arthur (2009:442).

## 2.2 Bestuur en regulering van onderwysers se werk

Gleeson en Husbands (2001:4) verwoord ongeveer vyftien jaar gelede reeds die bestaan van hierdie vooringenomenheid in die onderwys:

At macro-educational levels, state direction prescribes the operating environment for schools with increasing precision, structured forms, curriculum, assessment regimes, all of which are increasingly managed. At micro-educational level, government exhibit increasing interest – through a concern with ‘effectiveness’ and ‘improvement’ – in direct interventions in pedagogy, professional development and institutional management.

Hierdie tendens duur vandag voort en kan waargeneem word in die mate waartoe die Suid-Afrikaanse regering, soos wat dit die geval in ander Westerse lande ook is, sy beheer oor openbare sektororganisasies, onder andere skole, verstewig het.

Regerings wêreldwyd het deur performatiwiteit toenemend beheer oor die professionele lewens van onderwysers bly handhaaf, veral met betrekking tot *wat* om te onderrig, *wanneer* om te onderrig, en toenemend ook, *hoe* om te onderrig (Burnard & White 2008:675). Suid-Afrika het nie hierdie verandering vrygespring nie. Dit blyk duidelik uit die herhaaldelike beklemtoning in die nasionale kurrikulumraamwerke van die postapartheid era, soos vervat in die nuutontwikkelde Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV), waar voorgeskryf word wat onderrig moet word, wanneer dit onderrig moet word en hoe dit onderrig moet word.

Behalwe vir ’n skoolgebaseerde assesseringsstelsel, is daar ook gestandaardiseerde toetse ingestel ten einde te assesseer en te monitor of skoolkinders die nasionale kurrikulumstandaarde bereik het en om die kwaliteit van onderwysers se onderrig te bepaal (Kim 2010:71). Voorbeelde van gestandaardiseerde toetse is onder meer die *Standard Assessment Tasks (SAT's)* in Engeland, die *National Assessment Program – Literacy and Numeracy (NAPLAN)* in Australië, die *National Assessment of Educational Achievement (NAEA)* in Korea en die *Jaarlikse Nasionale Assesserings (JNA's)* in Suid-Afrika. Daarby het die Wes-Kaapse Onderwysdepartement ook ’n stelsel, bekend as die *Sistemiese Evaluering*, ingevoer waar alle Graad 3-, 6- en 9-leerders in Geletterdheid en Gesyferdheid getoets word.

Volgens Ball (2003b:220) is inligtingsvervaardiging een van die werktuie van performatiwiteit waarmee onderwysers op ’n daaglikse basis te doene kry. Onderwysers se werkskedules en lesplanne, nagesiene eksamenskrifte, leerders se akademiese uitslae en verslaglewering van nie-onderrigpligte, dien as “bewyslewering van gehalte” (Ball 2003b:218) waaraan die onderwyser se waarde voortdurend gemeet word.

Een van die huidige internasionale neigings in opvoedkundige hervorming is die afwenteling van besluitnemingsmagte vanaf die sentrale regering na skoolvlak. Dit het tot skoolgebaseerde bestuur (Botha 2007:30), of “plekgebaseerde bestuur” (Ball 2003b:219) gelei. Binne die selfbestuurde skole – of wat Ball (2003a:6) “devolved, entrepreneurial institutions” noem – vind selfregulering plaas waartydens onderwysers hulself bestuur, gemeet aan ekstern ingestelde standaarde wat bepaal wat dit behels om ’n goeie onderwyser te wees. Hierdie “selfdophoudingsinspeksie-regime” (Wilkins, Busher, Kakos, Mohammed & Smith 2012:67) het te doen met die onderwyser se selftaksering (Choi 2005:245) en interne portuurgroep-evaluering (Biputh & McKenna 2010:282), wat volgens Ball (2003b:220) nog een van die instrumente van performatiwiteit is. Benewens interne monitoring word onderwysers ook aan

eksterne monitering, in die vorm van inspeksies, wat nog 'n instrument van performatiwiteit is (Ball 2003b:220), onderwerp.

### 3. DOELWIT EN NAVORSINGSVRAAG

Die doelwit van hierdie studie is om tot 'n in diepte begrip te kom van hoe primêre skoolonderwysers die fenomeen van performatiwiteit ervaar en betekenis daaraan heg.

Die volgende navorsingsvraag dien as fokus vir hierdie studie:

Wat beleef primêre skoolonderwysers werklik binne 'n kultuur van performatiwiteit?

### 4. METODOLOGIE

Ten einde hierdie navorsingstudie doelgerig te laat verloop, is daar besluit om 'n kwalitatiewe, fenomenologiese navorsingsbenadering te volg, en veral te konsentreer op die hermeneuties-fenomenologiese benadering van Van Manen (1990) om laerskoolonderwysers se daaglikse ervaringswêreld te verken. Die doel van fenomenologie, volgens Van Manen (1990:62), is om ander se belewenisse en reaksies te “leen” in 'n poging tot beter begrip van die fenomeen binne die konteks van die menslike ervaring. Die hermeneutiese fenomenologie, wat tegelykertyd beskrywend sowel as verklarend is, is as 'n geskikte navorsingsbenadering vir die verkenning van die verskynsel, bekend as *performatiwiteit*, gekies.

Van Manen (1990:101) suggereer vier fundamentele bestaanswyses wat gebruik kan word om die manier hoe mense die wêreld ervaar, te beskryf. Hierdie bestaanswyses is die “geleefde ruimte” (*spatiality*), die “geleefde liggaam” (*corporeality*), “geleefde tyd” (*temporality*), en die “geleefde ander” (*relationality*). Hierdie leefwêreld-bestaanswyses het gedien as riglyne vir refleksie en is aangewend om die ontleding van die data te rig.

In hierdie studie is 'n tematies-analitiese benadering gebruik om die navorsingsdata te ontleed. Die hoofokus van hierdie benadering, wat drie verskillende prosesse behels, is om te kyk vir temas wat herhaaldelik in die data opduik. Die drie prosesse wat gebruik is om die tematiese aspekte binne die data te identifiseer, is die holistiese, selektiewe en gedetailleerde benadering (Van Manen 1990:92-95). Tydens die eerste benadering is die data as 'n geheel geles op soek na die algehele betekenis van die deelnemers se ervaring. In die tweede benadering is spesifieke frases of sinne in die data geselekteer wat die essensie van die fenomeen vaslê. In die derde benadering is elke sin in die data noukeurig ondersoek om te bepaal wat dit oor die ervaring ontbloot.

#### 4.1 Steekproef en navorsingsomgewing

Volgens Gray (2009:188) moet alle navorsers etiese beginsels in aanmerking neem wanneer hulle hul navorsing uitvoer. Alvorens hierdie studie 'n aanvang kon neem, is 'n aansoek vir etiese klaring aan die Universiteit Stellenbosch gerig vir goedkeuring om deelnemers tydens die data-insamelingsproses te betrek. Die deelnemers in hierdie studie is ten volle ingelig oor die doel en aard van die studie, en 'n keuse gelaat om deel te neem of nie. Die deelnemers is bewus gemaak daarvan dat hul instemming tot deelname streng vrywillig is, en dat hulle die reg het om enige tyd van die studie te onttrek indien hulle so voel. Die deelnemers het ingestem om deel te neem op grond van die inligting wat aan hulle verskaf is, en elkeen het 'n ingeligte instemmingsvorm onderteken (Marshall & Rossman 2011:48).

In hierdie navorsingstudie is die analiseringseenhede Grondslag-, Intermediêre- en Senior Fase-onderwysers in die primêre skool. 'n Steekproef van sewe deelnemers is uit die bevolking

van 58 onderwysers van drie primêre skole in die Groot Drakensteinvallei getrek. Doelgerigte steekproefneming was die steekproefstrategie wat gebruik is in die seleksie van geskikte deelnemers vir hierdie studie. Patton (1990:169) suggereer dat die logika van doelgerigte steekproefneming lê in die seleksie van informasie-ryke gevalle vir 'n studie. Die steekproef vir hierdie studie is volgens die navorser se eie oordeel gekies, en ook om logies met die navorsingsdoel en -vraag in te skakel (Punch 2005:102), terwyl die navorser op die uitkyk was vir persone wat direkte ervaring het met die fenomeen wat bestudeer word (Creswell 1998 in Leedy & Omrod 2001:153). Dit was belangrik om kriteria in plek te hê sodat 'n begrip van die besonderhede van die kenmerke van die deelnemers verstaan kan word. Die kriteria vir seleksie was eenvoudig: die deelnemers moet primêre skoolonderwysers wees van die ouderdomsgroep 40–60 jaar, en oor meer as 20 jaar onderwyservaring beskik. Die aanname kan gemaak word dat die meerdere ervaring in die onderwysberoep die deelnemers in staat gestel het om ryk inligting oor die navorsingsonderwerp te verskaf.

Die skole waaraan die deelnemers verbonde is, is geleë in 'n landelike omgewing waar die oorgrote meerderheid van die leerders in swak ekonomiese omstandighede leef.

## 4.2 Data-insameling

Die kwalitatiewe data wat vir hierdie navorsingsprojek ingesamel is, bestaan uit die gesproke sowel as die geskrewe woord. 'n Verskeidenheid van data-leweringsmetodes, insluitend die ontleding van die sewe deelnemers se eie, skriftelike beskrywings van hul geleefde ervarings en indringende, semigestruktureerde, fenomenologiese onderhoude is aangewend. Die volgende versoek is aan die deelnemers voorgelê: *Skryf asseblief 'n direkte verslag oor jou geleefde ervaring van hoe dit is om binne 'n performatiewe kultuur in die skool te werk.*

Die onderhoude is uitgevoer in 'n vertrek by die skole waar die deelnemers onderwys gee. Die navorser het gebruik gemaak van 'n bandopnemer om 'n volledige en akkurate verslag van die onderhoude te bekom. Die data is daarna getranskribeer vir die doeleindes van latere data-ontleding.

Die sewe individuele onderhoude se vrae is rondom die volgende spesifieke kwessies gekonstrueer:

- Wat is die implikasies van performatiwiteit vir: die betekenis en ervaring van die onderwyser se werk; die onderwyser se identiteit; die onderwyser se toegewydheid tot onderrig; en hoe die onderwysers hul loopbane sien?
- Wat is die uitwerking en die nuwe-effekte van die onderwyser se verhouding op professionele vlak met leerders, kollegas, ouers, plaaslike kurrikulumadviseurs en die onderwysowerheid?
- Wat is die fisiologiese en emosionele prosesse wat onderwysers moet verduur in hul pogings om aan die performatiewe eise te voldoen?

## 5. RESULTATE

In hierdie afdeling het die navorsers deurgaans spesifieke frases of sinne uit die onderhoudstranskripsies en beskrywings van persoonlike belewenisse van die deelnemers gebruik, wat die essensie van die ervaring vaslê en om elke bestaanswyse, naamlik “geleefde ruimte”, “geleefde liggaam”, “geleefde tyd” en “geleefde ander”, te beklemtoon. Hierdie vier bestaanswyses is as hoofopskrifte vir die bevindinge van hierdie studie gebruik.

## 5.1 Geleefde ruimte

Onderwys is immer in ruimte ingebed, aldus Kelchtermans (2005a:12). Die eerste bestaanswyse, naamlik geleefde ruimte (*spatiality*), word gedefinieer as “felt space” (Van Manen 1990:102). “Spatiality, which refers to the way we experience or feel space ...” (Tutty & Hocking, 2004:5) is van besondere belang vir onderwysers wat probeer sin maak van hul werksomgewings. Hierdie sinmakingsproses moet dus verstaan word binne die konteks van interaksie. In hierdie studie was die skoolomgewing hoofsaaklik die plek waar die meeste van die onderwysers se aktiwiteite plaasgevind het. Dit is deur die bestaanswyse van gevoelde ruimte binne die performatiewe skoolomgewing dat ons bewus word van hoe die deelnemende onderwysers hul dag-tot-dag werk in die skole beleef.

Die gemoedstemming van die deelnemers tydens hul belewenis van ruimte kan die manier waarop hulle die skoolomgewing ervaar en interpreteer, beïnvloed (Tembo 2016). Die deelnemers in hierdie studie beleef ruimte deur ’n reeks emosies. Vanweë die onderwerping aan ’n performatiewe skoolkultuur beleef die deelnemers emosionele steurnisse in hul daaglikse praktyk. Een deelnemer noem byvoorbeeld dat hy “*geestelik geknak*” is. Die meeste van die deelnemers het aangedui dat hulle een of ander onaangename gevoel ervaar het. Deelnemers maak melding van die gewaarwording van ’n ongelukkigheid oor hul situasie in die onderwys. Dit getuig uit opmerkings soos “*ek voel baie ongelukkig*” en “*dit maak my bitter ongelukkig*”. Van die deelnemers het beleef dat spanning hulle verhinder om hul pligte na die beste van hul vermoë uit te voer en om tot die verwagte standaard te konformeer. Die deelnemers het aangedui dat die oorsaak van hul verhoogde stresvlakke opgesluit lê in onaangename, geleefde ervarings van “*vrees*”, “*angs*”, “*onsekerheid*”, “*frustrasie*”, en “*geïrriteerdheid*” in hul werksomgewing. Verder, het een van die deelnemers genoem dat hy “*ontsettend kwaad gevoel*” het, terwyl ’n ander deelnemer reken dat hy ’n geleefde ervaring van “*emosionele uitbarstings in die klas*” gehad het. Een van die deelnemers kry “*nagmerries*”, en sukkel om saans aan die slaap te raak. Verder het die deelnemers aangedui dat hulle ’n gevoel van ongemak oor die oorheersende, performatiewe diskoers beleef wanneer hulle gemeet word aan die uitslae van die leerders in hul klasse. Die opmerking, “*as daar te veel kinders nie slaag of suksesvol is nie, dan is ek ’n swak onderwyser*”, getuig van hierdie gewaarwording by onderwysers.

Die gevoelde ruimte word deur die geleefde liggaam ervaar.

## 5.2 Geleefde liggaam

Die geleefde liggaam is ons middelpunt van bestaan (Tembo 2016). Die tweede bestaanswyse, geleefde liggaam (*corporeality*), verwys na “die feit dat ons altyd fenomenologies in die wêreld is” (Van Manen 1990:103). In die beskrywing van hul fisiese en liggaamlike teenwoordigheid in die skoolomgewing het die deelnemers gemeld dat hulle ervaar dat hulle aan gereelde dophouding onderwerp word. Die deelnemers het te kenne gegee dat die kurrikulumadviseurs en die departementshoofde by skole, wat optree as “agente vir diegene hoër op in die bevelsketting” (Adendorff 2010:20), se klaskamerwaarnemings ’n manier is “*om dop te hou of iemand sy werk doen*”, “*moniteer of jy jou kurrikulum voltooi het*” en “*kom kyk wat doen jy in jou klas*”. Een van die meganismes van dophouding waaraan die deelnemers onderwerp was, is deur ’n datagedrewe ouditkultuur. Die deelnemers het genoem dat tydens die moniteringsproses word die klem op hul klaskamerrekords in die vorm van tekste soos “*portefeuljes*”, “*leerders se werkboeke*” en “*puntelyste*” gelê.

’n Kultuur van performatiwiteit in die skoolomgewing hou bepaalde nuwe-effekte vir die deelnemers in. Een van die deelnemers se uitsprake van “*jy word liggaamlik afgetakel*” lewer

bewys dat die uitwerking van performatiwiteit ook fisiologies van aard kan wees. Die meeste van die deelnemers het genoem dat hulle kwesbaar is as hulle nie in staat is om die druk van performatiwiteit te hanteer nie. Hulle raak bekommerd oor hul gesondheidstoestand. Twee deelnemers verklaar in hierdie verband dat “*my gewoonte is om aan my gesondheid te dink*” en “... *vat regtig aan my gesondheid*”. Die oorgrote meerderheid van die deelnemers het gemeld dat hulle sukkel met gesondheidsprobleme soos “*hoë bloed*”, “*slegte eetgewoonte*”, “*hoë cholesterolvlakke*” en “*spastiese spierprobleem*”. Drie deelnemers het ons meegedeel dat hulle, as gevolg van ’n spesifieke siektetoestand, vir ’n bepaalde tyd lank nie skool kon bywoon nie en dus nie hul daaglikse onderwyspligte kon nakom nie. Terwyl twee deelnemers in die hospitaal opgeneem is, was ’n ander deelnemer “*vir twee maande met siekteverlof*”. Alhoewel die deelnemers, as gevolg van hul druk werksprogram, voel dat hul liggame saans uitgeput is en teen slapenstyd moeg voel, sukkel hulle nogtans om aan die slaap te raak. Een deelnemer het beleef dat sy “*onrustig*” voel en ’n ander deelnemer se mededeling van “*vat ’n hele tyd voordat ek aan die slaap kan raak*” bevestig hul geleefde ervaring van slapeloosheid. Die meeste van die deelnemers het aangedui dat hulle bomenslike kragte moet hê om al die verantwoordelikhede wat op hul rus na die beste van hul vermoë uit te voer. Een deelnemer meld in hierdie verband, ’n “*onderwyser moet eintlik ’n supermens wees*”. Drie deelnemers het genoem dat hulle ’n sin van magteloosheid beleef omdat hulle nie aan die regering se beleidsmaatreëls kan ontsnap nie. Die deelnemers se uitsprake van “*hande is afgekap*”, “*absoluut magteloos gevoel*” en “*kan nie werklik cope met die challenges nie*”, bevestig hul geleefde ervaring van hulpeloosheid. Hierdie ervarings dui moontlik op simptome van uitbranding. Terwyl een deelnemer ’n geleefde ervaring van “*emosionele moegheid*” het, reflekteer ’n ander deelnemer oor haar onderwysloopbaan deur te noem dat “*as ek terugdink oor wat gebeur het dan voel ’n mens lus om te huil*”.

Vir die deelnemers wat “*vasgevang*” is, gaan dit om oorlewing en om die “*wakende oog*” van die staat te ontduik, moet hulle noodgedwonge presteer. Die deelnemers het gemeld dat hulle daartoe gedwing word om hul houding en gedrag in die skoolpraktyk te verander en sodoende aksies te loods ten einde nie-optimale prestasie reg te stel. Die meeste deelnemers het aangedui dat hulle op bepaalde strategiese wyse opgetree het om te konformeer met die toerekenbaarheidsbeleid. Al die deelnemers het genoem dat hulle tydens hul onderwysloopbane betrokke was by die “*spel van performatiwiteit*” (Blackmore 2004:455) oftewel die “*spel van persepsiebestuur*” (Larsson, Löfdahl & Prieto 2010:190). Deelnemers het aangedui dat hulle doelbewus swak leerders by die WKOD se Sistemiese Toetsing uitgesluit het ten einde die gemiddelde toetspunte van die klas te verhoog. In hierdie verband het een deelnemer soos volg verduidelik: “*wil perform ... wil goed doen ... en daardie leerders wat ene en nulle kry, gaan wegsteek*”. Die oorgrote meerderheid van die deelnemers se geleefde ervarings is dat hulle slegs bepaalde dele van die voorgeskrewe leerinhoud behandel het en dus ander dele van die kurrikulum uitgelaat het. Mededelings wat dui op kurrikulumvernouing, is “*vanjaar net sekere werk van CAPS gedoen*” en “*fokus op werk wat vir assessering bedoel is*”. Die deelnemers het genoem dat hulle tot wanpraktyke soos “*onderrig volgens die toets*” en “*afrigting*” oorgegaan het om te verseker dat hul leerders bevredigende uitslae in die skoolgebaseerde assesserings behaal. Uitlatings oor die deelnemers se geleefde ervaring van die doelbewuste voorbereiding van kinders voor die aflegging van die assesserings, behels die volgende: “*antwoorde was ingedril*”, “*teaching to the test*” en “*ek het die korrekte antwoorde verskaf voor die aflegging van die toets*”. Die deelnemers het ook aangedui dat hulle tot bedoelde, strategiese gedrag soos kullery en fabriekasies oorgegaan het deurdat hulle van die leerders se verworwe punte in die assesserings aangepas het om beter uitslae te toon. Drie deelnemers se uitsprake in hierdie verband is: “*as ’n leerder ’n grensgeval is, gee ek hom tot ’n maksimum van vyf punte om te*

slaag”, “*ek het leerders se eksamenpunte aangepas*” en “*verstellings aan leerders se punte te maak*”.

Die uitwerking van performatiwiteit kan skadelik wees gegewe hul manifestasies in en deur die menslike liggaam en hierdie ervarings is in tyd ingebed.

### 5.3 Geleefde tyd

Onderwys word ook in tyd ingebed (Kelchtermans 2005a:12). Die derde bestaanswyse, geleefde tyd, is “subjective time as opposed to clock time or objective time” en is “our temporal way of being in the world” (Van Manen 1990:104). Dit omsluit ook die konsep van “past, present, and future ... of a person’s temporal landscape” (Van Manen 1990:104). In hierdie studie kom ons meer te wete oor die deelnemers deur te leer wat hul verlede, hul huidige situasie en ’n toekoms in die onderwyslandskap behels.

#### 5.3.1 Die verlede

Vir die oorgrote meerderheid van die deelnemers lê die beginjare van hul onderwysloopbaan helder in die geheue. Die meeste van die deelnemers het aangedui dat hulle destyds die onderwys as ’n roeping beleef het. Een van die deelnemers het genoem dat hy sy “*onderwysloopbaan as ’n geroepe, energieke onderwyser*” begin het. ’n Ander deelnemer het verklaar “*toe ek begin, was skoolhou nog vir my ’n roeping*”.

#### 5.3.2 Die teenswoordige

Een van die deelnemers het genoem dat sy aanvanklike entoesiasme en toegewydheid waarmee hy sy werk aangepak het oor die jare begin kwyn het. Drie van die deelnemers, wat reeds ouer as 50 is, het genoem dat hulle beplan om voor die amptelike aftree-ouderdom die onderwyssektor te verlaat. Een deelnemer se woorde, “*ek dink nou aan aftree*”, getuig van hierdie voorneme. Die meeste deelnemers het genoem dat hulle in die huidige era van verhoogde toerekenbaarheid dit moeilik vind om ’n onderwyser te wees. Veral dan ook gesien in die lig van die gedurige veranderings wat op die onderwysfront plaasvind met betrekking tot “*die kurrikulum wat gedurig verander*”.

#### 5.3.3 Die toekoms

Die meeste deelnemers het aangedui dat toerekenbaarheid een van die verskeie faktore is wat bydra tot hul afslyting in die onderwys. Een deelnemer het die gebrek aan entoesiasme vir die onderwys as die hoofrede vir sy afslyting genoem, deur te verklaar dat hy “*nie meer lus vir die onderwys is nie*”. ’n Ander deelnemer, wat in die 40-49 ouderdomsgroep val, het aangedui dat sy van voornemens is om die onderwysprofessie vroeg te verlaat indien ’n beter werksaanbod, moontlik in die privaat sektor, hom sou voordo. Sy het gemeld dat “*as ek dalk ’n ander uitweg kry ... ’n ander werk wat my finansiële kan dek, sal ek die onderwys verlaat*”.

In die skoolomgewing word tyd nie in ’n vakuum bestee nie. Dit word spandeer tussen ander mense soos onder andere die leerders, kollegas, kurrikulumadviseurs en die onderwysowerheid wat ’n invloed het op die geleefde ervaring binne die skoolomgewing.

## 5.4 Geleefde ander

Die vierde bestaanswyse, die geleefde ander (*relationality*), behels die verhoudings “that we maintain with others in the interpersonal space that we share with them” (Van Manen 1990:104). Dit is in hierdie interpersoonlike verhoudings dat “we are able to develop a conversational relation which allows us to transcend ourselves” (Van Manen 1990:105).

### 5.4.1 Onderwyser-leerder verhouding

Die aard van die deelnemers se verhouding met die leerders is eers getipeer deur ’n “kultuur van omgee”. As gevolg van die deelnemers se agtergronde, wat persoonlike ervaring met landelike mense en leefwyse insluit, openbaar hulle begrip vir die leerders se swak sosio-ekonomiese omstandighede. Een deelnemer verwys na die omgee-aspek in die onderwys: “... ek gaan hulle nie veroordeel nie ... eerste ding wat ek gevra het: Hoe het hulle geslaap? Het jy vanoggend geëet? Het jy ’n broodjie gebring? ... dan sê hulle party dae het hulle sleg geslaap, dan vra ek die rede hoekom nou en vertel die kind die rede ...”

Dit is die ervaring van die deelnemers dat, met die koms van performatiwiteit, die interafhanklike verhouding tussen onderwyser en kind verander het. Die dilemma vir die deelnemers is dat, alhoewel hulle veronderstel is om vir hul leerders om te gee, daar van hulle verwag word om dit op ’n ietwat kliniese en afsydige manier te doen. Die deelnemers het aangedui dat hulle beleef dat beide onderwyser en kind tans hoofsaaklik op assesseringsuitkomstekomste fokus, en dus het die formele verhouding minder persoonlik van aard en meer taakgeoriënteerd geraak. Onder druk van die performatiewe eise, bevind die deelnemers hulle in ’n posisie waar hulle genoep word om op hul beurt groter druk op die kinders uit te oefen om meer bevredigende prestasies in hul assesserings te behaal. In hierdie verband getuig een deelnemer dat “leerders ... nou ook onder druk moet presteer”.

### 5.4.2 Kollegiale verhoudings

Uit die onderhoude het dit duidelik na vore gekom dat die deelnemers beleef dat die sosiale verhoudings tussen onderwysers op die personeel verander het. Die deelnemers het ervaar dat van hul kollegas, vanweë die toenemende druk van die onderwysowerheid op die onderwysers se toerekenbaarheid, hulle skuldig maak aan “kullery” met betrekking tot assesseringspunte. Dit het die onderlinge sosiale verhoudings versuur, soos bevestig deur die mededeling dat “die juffrou Maartmaand se punte net so oorgeskryf [het] na Junie toe ... kla haar aan by die hoof ... daar het niks van gekom nie en toe sê ek vir myself van nou af onttrek ek my van alle sosiale geleenthede van die skool, want hoekom kan hulle vir my aanspreek ... maar daardie een wat al die kind se punte oorgedra het ... aan daardie saak word niks gedoen nie”.

### 5.4.3 Onderwyser-kurrikulumadviseur verhouding

Die deelnemers het beleef dat die kurrikulumadviseurs, wat in staat moet wees om eintlik hoër vlakke van vakkennis te demonstreer, nie by magte is om hulle van doeltreffende raad betreffende hul onderwyspligte te voorsien nie. Een van die deelnemers het getuig dat die kurrikulumadviseurs “jou niks kan leer nie”. Verder het ’n ander deelnemer ’n onaangename geleefde ervaring, wat hy met die leerondersteuningsadviseur gehad het, genoem: “ek het uitval gehad met die vakadviseur betrokke met intervensie. Sy kon nie vir my sê wat intervensie is nie ... sy kon nie vir my sê wat ek moet doen nie”.

Een deelnemer het beleef dat die verhouding tussen haar en die kurrikulumadviseur verantwoordelik vir die Grondslagfase, verander het vanaf een van 'n vennootskap na een van onderwerping. Vanweë die distriksgebaseerde kurrikulumadviseurs se hoër hiërargiese posisie in vergelyking met dié van die onderwyser, is dit duidelik dat die deelnemer se geleefde ervaring een van onderwerping aan die gesag van die kurrikulumadviseur is. Die deelnemer noem dat haar verhouding met die betrokke kurrikulumadviseur goed was “*tot sy daai pos gekry het, nou hou sy vir haar die bigshot*”.

#### 5.4.4 Onderwyser-onderwysowerheid verhouding

Die onderwerping aan die performatiewe eise het tot gevolg dat die onderwysowerheid toenemend beheer oor die deelnemers se arbeidslewe geneem het. Binne die heersende klimaat van eise en verpligtinge het die deelnemers beleef dat die magsverhoudings tussen hulle en die staat die vorm van 'n meerdere-ondergeskikte-verhouding aangeneem het. Die deelnemers het aangedui dat binne die toerekenbaarheidsdiskoers daar van hulle, as die ondergeskiktes van die staat, verwag word om presies uit te voer wat aan hulle gesê word om te doen, soos twee deelnemers se mededelings van “*ek doen wat aan my opgelê word ... that's to cover my back, to retain my job*” en “*ek moet net maak en doen wat die departement sê*” getuig.

Die deelnemers het geleefde ervarings van 'n gebrek aan vertroue in die werksverhouding tussen hulle en die onderwysowerheid. Dit word bevestig deur drie deelnemers se uitsprake van “*geen vertroue in die onderwysowerheid nie*” en “*ek vertrou nie die onderwysowerheid nie*”.

## 6. BEVINDINGE

Onderwysers se emosies moet verstaan word vanuit hul ingebedde situasie in die skoolomgewing (Kelchtermans 2005b:1002). Die bestaanswyse van “geleefde ruimte” het die emosionele dilemmas waarmee die deelnemers in hul dag-tot-dag werk gekonfronteer word, na vore gebring. Daar is bevind dat die deelnemers onaangename emosionele ervarings moes verduur tydens hulle pogings om aan die performatiewe eise te voldoen. Hierdie pogings het 'n bepaalde impak op die deelnemers se lewens gehad, soos om onder andere te verhoed dat hulle hul pligte na die beste van hul vermoëns kon uitvoer. Dit het gevolglik tot slapeloosheid en nagmerries gelei.

Die bestaanswyse van die “geleefde liggaam” het uitgewys hoe die regering mag oor die deelnemers uitoefen, deurdat die deelnemers aan gedurige dophouding en monitering onderwerp word. Ons het hier te doen met die “big-brother-is-watching-you”-benadering (Arrowsmith 2001:36), waartydens een van die meganismes van die eksterne toerekenbaarheid in Suid-Afrika die vorm van 'n data-gedrewe ouditkultuur aanneem. Daardeur word die beheer oor die deelnemers, as “objekte van mag” (Perryman 2006:154) of “objekte van dophouding” (Kim 2010:68) behou. Binne 'n performatiewe werksomgewing waar die deelnemers gedurig dopgehou word, het die toerekenbaarheidsregime die potensiaal om nadele – “koste” (Ball 2003b:221) – tot gevolg te hê. Die beheermeganismes het 'n skadelike uitwerking op die deelnemers gegee hul manifestasies in en deur die menslike liggaam. Daar is bevind dat die deelnemers met een of ander gesondheidsprobleem sukkel vanweë die uitwerking van performatiwiteitsdruk op hul liggame en dat dit tot kommer oor hul gesondheidstoestand lei. Ten einde nie aan strafmaatreëls onderwerp te word nie, en dus om onvoldoende/swak prestasie reg te stel, leer die deelnemers hoe om op bepaalde strategiese wyse op te tree en te presteer. Ten spyte van die feit dat prestasie en die strewe na uitnemendheid die doelstellings binne 'n

kultuur van performatiwiteit is, blyk dit dat die deelnemers presies die teenoorgestelde, met ander woorde teenprestasie, beleef. Die deelnemers se houdings- en gedragverandering in die skoolpraktyk, soos onder andere “fabrikasies”, “kullery”, “kurrikulumvernouing” en “onderrig volgens die toets”, is desperate pogings om as’t ware uit die “ystergreep” van performatiwiteit (Higgings 2010:431) te ontsnap. Hierdie sogenaamde “ontsnapping” uit die “gevangenskap” van performatiwiteit gaan gepaard met bepaalde, verwronge opvoedkundige nuwe-effekte. In hierdie opsig merk Ball (2003b:225) tereg op dat in ’n performatiewe skoolomgewing “what is produced is a spectacle or what we might see as an ‘enacted fantasy’ which is there to be seen or judged”. Ball suggereer voorts dat “the heart of the educational project is gouged out and left empty. Authenticity is replaced by plasticity” (2003b:225).

Die bestaanswyse van “geleefde tyd” het die “temporale dimensie” (Kelchtermans 2005b:1002) van die onderwyslandskap, waarin die deelnemers hulself bevind, uitgebeeld. Binne ’n kultuur van performatiwiteit blyk dit dat die deelnemers se toegewydheid aan onderrig, en hoe hulle hul loopbane sien, verander het. Die meeste deelnemers het aangedui dat die verhoogde vlakke van toerekenbaarheid, wat bydraend is tot hul afstomping, die primêre rede is waarom hulle die onderwysprofessie vroeg wil verlaat. Die rol wat ouderdom speel – as ’n aspek van die konteks van tyd (Kelchtermans 2005b:1002) – word ook op die voorgrond gebring. Dit blyk dat die deelnemers in hierdie studie, soos wat hulle ouer geword het, hul entoesiasme en motivering vir die onderwys verloor het.

Die bestaanswyse van die “geleefde ander” het die interpersoonlike verhouding tussen die deelnemers en ander belanghebbendes soos die leerders, kollegas, kurrikulumadviseurs en die onderwysowerheid, onthul. Uit die studie blyk dit dat die onderwyser-leerder-verhouding wat eens gekenmerk is deur ’n diepe besorgdheid van die deelnemers oor hul skoolkinders se welsyn en sosiale welstand, deur performatiwiteit verander is. Die interafhanklike verhouding tussen die deelnemers en hul leerders het plek gemaak vir ’n afhanklike verhouding wat gebaseer is op ’n gemeenskaplike noodsaaklikheid om bevredigende prestasies te behaal. In hierdie studie is bevind dat die transformasie in die deelnemers se verhouding ten opsigte van hul werk ook ’n verandering in hul sosiale verhouding met hul kollegas op die personeel tot gevolg gehad het. Namate die deelnemers hul skuldig gemaak het aan opvoedkundige wanpraktyke in die skool, het dit die uiters belangrike vertrouensverhouding tussen die personeel erg geskaad. Die performatiewe diskoers het nie alleen die werksverhouding tussen die deelnemers en die kurrikulumadviseurs verander nie, maar dit het ook daartoe gelei dat die werksverhouding tussen die deelnemers en die onderwysowerheid deur ’n vertrouensbreuk gekenmerk word. Avis (2005:212) is dit eens dat dit performatiwiteit met ’n model van swak vertrouens- en werksverhouding laat, waarin werkers aan verhoogde toerekenbaarheid en gehoorgewing onderwerp word.

## 7. GEVOLGTREKKING

In hierdie studie is ’n ondersoek gedoen wat die geleefde ervarings van primêre skoolonderwysers binne ’n kultuur van performatiwiteit deur die lense van “geleefde ruimte”, die “geleefde liggaam”, “geleefde tyd” en die “geleefde ander” illustreer. Die gevolgtrekking van hierdie studie is dat die performatiewe diskoers in die onderwys betekenisvolle implikasies vir onderwysers inhou.

Die deelnemers se negatiewe ervarings van performatiwiteit in die skoolomgewing is in ’n mate onlosmaaklik verweef en gebonde aan die sosiale konteks (die swak sosio-ekonomiese omstandighede) waarbinne die oorgrote meerderheid van die leerders hul lewens deurbring.

Sosiale uitdagings, insluitende armoede en werkloosheid, staar tans skole in die gesig en dien ook as struikelblokke tot die onderrig- en leerproses in die skole (DoE, 2005:28). Een van die dilemmas waarmee die onderwyser daaglik in die skool te doen het, is met die onderrig van kinders met struikelblokke tot leer. In hierdie verband mag die diskoers van performatiwiteit addisionele eise op onderwysers plaas. Hulle staan voor 'n onbuigsame keuse – dit is om op daardie kinders te fokus wat 'n betekenisvolle verskil sal maak tot die skool se prestasie, of om ook gelyke aandag te gee aan kinders met struikelblokke tot leer, en die gevaar loop om as 'n onderpresterende onderwyser beskou te word (Glazzard 2014:25). So 'n keuse veroorsaak spanning vir daardie onderwyser wat 'n agenda vir inklusiwiteit en sosiale geregtigheid onderskryf, en terselfdertyd besluit om te belê “in werk met kinders met struikelblokke tot leer waar die ruimte vir verbeterde prestasie beperk is” (Ball 2006 soos aangehaal in Glazzard 2014:25).

In hul werksomgewing moet onderwysers fisiologiese en emosionele prosesse verduur wat weer 'n verandering in onderwysers se toegewydheid tot onderrig en hoe hulle hul loopbane sien, teweegbring. Verder verander performatiwiteit verhoudings – nie net die interafhanklike leerder-onderwyser-verhouding nie, maar ook die verhouding tussen die onderwyser en ander belangegroepes soos kollegas, kurrikulumadviseurs en die onderwysowerheid.

Hierdie studie gee legitimiteit aan wat Aoki (1999) die kurrikulum-soos-beleef (“curriculum-as-lived”) noem. Aoki se pleidooi is dat die kurrikulum-soos-beleef deur onderwysers en leerders saam met die kurrikulum-as-plan (“curriculum-as-plan”) erkenning moet kry en dat daar 'n gesonde spanningsruimte tussen die twee moet bestaan wat die basis vir kreatiwiteit en vernuwing in die onderwys kan vorm. Aoki (1999:181) brei soos volg op hierdie nisie van gespanne ruimte uit:

It is in this space of between that our teachers, sensitive to both curriculum-as-planned and curriculum-as-lived, dwell, likely finding it a tensioned space of ambiguity, ambivalence, and uncertainty but simultaneously a vibrant site. It looks like a simple oppositional binary space, but it is not. It is a space of doubling, where we slip into the language of “both this and that, but neither this nor that”. Our teachers slip into the language of “both plannable and unplannable, but neither strictly plannable nor strictly unplannable.” Confusing? Yes, Confusingly complex? Yes. But nevertheless a site that beckons pedagogic struggle, for such a human site promises generative possibilities and hope. It is, indeed, a site of becoming, where newness can come into being.

Die studie gee ook erkenning aan die leefwêreld van onderwysers en sodoende gee dit insigte aan die onderwysersgemeenskap, insluitend beleidmakers wat dikwels beleid/planne maak sonder om onderwysers en leerders se sienings en ervarings in ag te neem.

## BIBLIOGRAFIE

- Adendorff, M. 2010. Managerialism and performativity in higher education: Where they come from, where they might be taking us, and where we should be worried. *Journal of Education*, 49:9-33.
- Aoki, T. 1999. Interview. Rethinking curriculum and pedagogy. *Kappa Delta Pi Record*. Summer, 180-181.
- Arrowsmith, R. 2001. A right performance. In Gleeson, D. & Husbands, C. (eds). *The performing school: Managing, teaching and learning in a performance culture*. London: Routledge-Falmer.
- Avis, J. 2005. Beyond performativity: Reflections on activist professionalism and the labour process in further education. *Journal of Educational Policy*, 20(2):209-222.

- Arthur, L. 2009. From performativity to professionalism: lecturers' responses to student feedback. *Teaching in Higher Education*, 14(4):441-454.
- Ball, S.J. 2003a. The State, performative and authenticity. In *Paper presented to the Kenton-SACHES Conference. Goudini Spa, South Africa*.
- Ball, S.J. 2003b. The teacher's soul and the terrors of performativity. *Journal of Education Policy*, 18(2):215-228.
- Biputh, B. & McKenna, S. 2010. Tensions in the quality assurance processes in post-apartheid South Africa. *Compare: A Journal of Comparative and International Education*, 40(3):279-291.
- Blackmore, J. 2004. Leading as emotional management work in high risk times: counterintuitive impulses of performativity and passion. *School Leadership & Management*, 24(4):439-459.
- Botha, R.J. 2007. School-based management: stakeholder participation and the impact of stakeholder values. *Africa Education Review*, 4(1):28-41.
- Burnard, P. & White, J. 2008. Creativity and performativity: Counterpoints in British and Australian education. *British Educational Research Journal*, 34(5):667-682.
- Choi, Po-King. 2005. A Critical Evaluation of Education Reforms in Hong Kong: counting our losses to economic globalization. *International Studies in Education*, 15(3):237-256.
- Clouder, L., Oliver, M. & Tait, J. 2008. Embedding CETL's in a performance-oriented culture in higher education: Reflections on finding creative space. *British Educational Research Journal*, 34(5):635-650.
- Department of Education (DoE). 2005. Conceptual and Operational Guidelines for the Implementation of Inclusive Education: District-Based Support Teams. Pretoria: Government Printers.
- Fritzsche, T. 2008. The continuing politics of mistrust: Performance management and the erosion of professional work. *Journal of Educational Administration and History*, 40(2):113-128.
- Gleeson, D. & Husbands, C. 2001. Introduction: The performing school: managing teaching and learning in a performance culture. In Gleeson, D & Husbands, C. (eds). *The performing school: managing, teaching and learning in a performance culture*. London: Routledge-Falmer.
- Glazzard, J. 2014. Paying the price for being inclusive: the story of Marshlands. *Nasen*, 29(1): 24-38.
- Gray, D.E. *Doing Research in the Real World*. Second Edition. Los Angeles: SAGE.
- Hartle, F., Everall, K. & Baker, C. 2001. *Getting the best out of performance management in your school*. London: Kogan Page.
- Higgins, C. 2011. The possibility of public education in an instrumentalist age. *Educational Theory*, 61(4):451-466.
- Kelchtermans, G. 2005a. Teachers' Self-Understanding, Vulnerability And Reflection. In *Keynote presented at the bi-annual meeting of the International Study Association on Teachers and Teaching (SATT). Sydney (Australia), July 2-6, 2005*.
- Kelchtermans, G. 2005b. Teachers' emotions in educational reforms: Self-Understanding, vulnerable commitment and micropolitical literacy. *Teaching and Teacher Education*, 21:995-1008.
- Kim, K.T. 2010. 'Panoptic' accountability: Supervisory leaders and normalizing or resisting professionals. *KJEP*, 7(1):67-90.
- Leedy, P.D. & Omrod, J.E. 2001. *Practical Research: Planning and Design*. Seventh Edition. Upper Saddle River, New Jersey: Merrill Prentice Hall.
- Le Grange, L. 2006. Quality assurance in South Africa: A reply to John Mammen. *South African Journal for Higher Education*, 20(6):903-909.
- Liew, W.M. 2012. Perform or else: the performative enhancement of teacher-professionalism. *Asia Pacific Journal of Education*, 32(3):285-303.
- Larsson, J., Löfdahl, A. & Prieto, H.P. 2010. Rerouting: Discipline, Assessment and Performativity in Contemporary Swedish Educational Discourse. *Education Inquiry*, 1(3):177-195.
- Marshall, C. & Rossman, G.B. 2011. *Designing Qualitative Research*. Fourth Edition. Los Angeles: SAGE.
- Møller, J. 2009. School leadership in an age of accountability: Tensions between managerial and professional accountability. *J Educ Change*. 10:37-46.
- Mosoge, M.J. & Pilane, M.W. 2014. Performance management: The neglected imperative of accountability systems in education. *South African Journal of Education*, 34(1):1-18.
- Orga, J. 2003. Measuring and Managing Performance in Education. *Briefings*, 27:1-4.

- Patton, M.Q. 1990. *Qualitative Evaluation and Research Methods*. Second Edition. Newbury Park, California: SAGE.
- Perryman, J. 2006. Panoptic performativity and school inspection regimes: Disciplinary mechanisms and life under special measures. *Journal of Education Policy*, 21(2):147-161.
- Punch, K.F. 2005. *Introduction to Social Research: Qualitative and Quantitative Approaches*. London: SAGE
- Storey, A. 2007. Cultural shifts in teaching: New workforce, new professionalism? *The Curriculum Journal*, 18(3):253-270.
- Tembo, A.C. 2016. Phenomenological Inquiry as a Methodology for Investigating the Lived Experience of Being Critically Ill in Intensive Care. *Journal of Intensive and Critical Care*, 2(1):17.
- Tutty, C. & Hocking, C. 2004. A Shackled Heart: Teacher Aides' Experience of Supporting Students with High Needs in Regular Classes. *Kairaranga*, 5(2):3-9.
- Van Manen, M. 1990. *Researching Lived Experience: Human science for an action sensitive pedagogy*. New York: State University of New York Press.
- Wilkins, C., Busher, H., Kakos, M., Mohammed, C. & Smith, J. 2012. Crossing borders: New teachers co-constructing professional identity in performative times. *Professional Development in Education*, 38(1):65-77.

# Die geesteswetenskaplike agtergrond van die natuurwetenskappe

*The humanities background of the natural sciences*

DANIE STRAUSS

Skool vir Filosofie

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom Kampus

E-pos: dfms@cknet.co.za



Danie Strauss

**DANIE STRAUSS** word in 1971 as senior lektor in Wysbegeerte aan die destydse UOVS aangestel. Vanaf Januarie 1976 is hy bevorder tot medeprofessor en in Oktober 1977 word hy aangestel as professor en hoof van die Departement Wysbegeerte aan die UOVS. In 1994 vertrek by na Kanada waar hy as eerste Direkteur van die *Dooyeweerd Centre* die publikasie van die versamelde werke van Herman Dooyeweerd in Engels van stapel stuur. Hy keer in 1997 terug na Suid-Afrika en vanaf April 1998 tot 31 Desember 2001 ageer hy as Dekaan van die nuwe Fakulteit van Geesteswetenskappe aan die UVS. Benewens 15 selfstandige publikasies, 42 internasionale konferensievoordragte en 20 bydraes tot versamelde werke het meer as 290 vakartikels in nasionale en internasionale tydskrifte uit sy pen verskyn. In 2005 is 'n werk oor die wysgerige grondslae van die moderne natuurwetenskappe deur die Duitse Uitgewer Peter Lang gepubliseer, *Paradigmen in Mathematik, Physik und Biologie und ihre philosophische Wurzeln* (216 pp.) (Frankfurt am Main). In 2006 het 'n werk oor die sosiologie ook by Peter Lang verskyn – *Reintegrating Social Theory – Reflecting upon human society and the discipline of sociology* (310 pp.) (Oxford: New York). In 2009 het sy werk, *Philosophy: Discipline of the Disciplines* by Paideia Press, Grand Rapids, USA verskyn (715 pp.). In 2011 is dit in Amsterdam deur die *Stichting Reformatorische Filosofie* beloon as die mees omvattende uitbouing van die sistematiese erfenis van

**DANIE STRAUSS** was appointed as senior lecturer in Philosophy at the then University of the Orange Free State (UOFS) in 1971. He was promoted to associate professor in January 1976 and in October 1977 he became professor and head of the Department of Philosophy at the UOFS. In 1994 he went to Canada, where as the first Director of the *Dooyeweerd Centre*, he initiated the publication of the collected works of Herman Dooyeweerd in English. He returned to South Africa in 1997 and from 1 April 1998 to 31 December 2001 he was Dean of the new Faculty of Humanities at the UFS. Apart from 15 independent publications, 42 international conference papers and 20 contributions to collected works, he has published 290 articles in national and international journals. In 2005 his work on the philosophical foundations of the modern natural sciences was published by Peter Lang Publishers – *Paradigmen in Mathematik, Physik und Biologie und ihre philosophische Wurzeln* (216 pp.) (Frankfurt am Main). In 2006 Peter Lang published his work *Reintegrating Social Theory – Reflecting upon human society and the discipline of sociology* (310 pp.) (Oxford New York). In 2009 his work, *Philosophy: Discipline of the Disciplines* was published by Paideia Press, Grand Rapids, USA (715 pp.). In 2011 this book received the award for work in the fields of systematic philosophy or the history of philosophy for advancing the cause of the “Philosophy of the Cosmomic Idea”. Since 2013 Danie Strauss is

hierdie filosofie. Sedert 2013 is Danie Strauss Navorsingsgenoot by die Skool vir Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom Kampus.

a Research Fellow at the School of Philosophy, North West University, Potchefstroom Campus, South Africa.

## ABSTRACT

### *The humanities background of the natural sciences*

*The cradle of our Western intellectual legacy is found in ancient Greece where philosophy witnessed the slow process of differentiation through which the various social sciences started to come into their own. Their interconnectedness precluded a separation between philosophy and the academic disciplines, explaining why throughout the subsequent history all the existing special sciences harboured schools of thought that reflected the influence of philosophical trends. Contemplate for example how the way in which Thomas Hobbes portrayed the “state of nature,” namely as a battle of everyone against everyone (bellum omni contra omnes), influenced Charles Darwin in his conception of nature as a “struggle for existence.” Stephen Gould even holds that natural selection essentially transposes the economic theory of Adam Smith to nature. Darwin struggled with the Enlightenment idea of progress although his theory as such does not leave any room for a purpose or goal. In all of this Gould discerns a paradox: the absence of a statement about general progress and the fossil record, crying out for “a rationale that will place progress into the center of evolutionary theory”. Nineteenth century historicism succeeded the ideal of progress. It opened the way for unlimited change and transformation and at once highlights philosophical problems and insights already found in Greek philosophy. The all-important contribution of Plato was to realize that change always presupposes something persistent or enduring. This insight later on returned in the formulation of the law of inertia by Galileo and in the special theory of relativity by Einstein. Immanuel Kant articulated what he called the “law of the continuity of all change”. However, it was the relationship between universality and what is individual that paved the way for the linguistic turn at the beginning of the 20<sup>th</sup> century. No science is possible of what is individual. Aristotle therefore had to introduce a universal secondary substance adjacent to his purely individual primary substance. While Plato actually stumbled upon a given law as order for things, Aristotle wrestled with the orderliness of things (such as the houseness of this house or the being a circle of this circle). Mediated by the space metaphysics of Parmenides’ medieval philosophy eventually wrestled with the so-called ontic status of universals (universalia). Realistic metaphysics accepted a threefold existence of the universalia: ante rem as ideas in God’s Mind, in re as their universal essential forms, and post rem as universal concepts in the mind of the human subject. By the beginning of the 13<sup>th</sup> century William of Ockham questioned the threefold existence of the universalia. Outside the human mind there is only a multiplicity of individual entities. Since nominalism rejected both a universal order for and a universal orderliness of things, it actually stripped reality of its laws and lawfulness, paving the way for Kant to introduce human understanding to fill this vacant position. He holds: “Understanding creates its laws (a priori) not out of nature but prescribes them to nature.” Whereas Ray and Linnaeus continued the idea of types in their idealistic morphology (accepting universality outside the human mind in classifying plants and animals), Darwin and his followers adhere to nominalism, more recently articulated in a clear statement of Simpson: “Organisms are not types and do not have types.” Not even modern mathematics escaped from the problem of universalia because (according to Fraenkel et al.) sets participate in the “well-known and amply discussed classical problem of the ontological status of the universals”. Stegmüller even*

*relates this problem to basic issues in mathematics as such – the three ontological positions, namely nominalism, conceptualism and platonism could be mapped upon “the quantitative categories finite totality (Gesamtheit) – denumerable infinite totality – non-denumerable infinite totality”. Paul Bernays holds that the application of platonism in mathematics is so widespread that it is not an exaggeration to say that platonism reigns supreme in the field of mathematics. The remarkable and at once astonishing effect of the influence of the contest about universals in the modern natural sciences is that there is an abyss between nominalistic Darwinism and platonistic mathematics. All-in-all it is clear that the natural sciences were (and still are) thoroughly influenced by the humanities.*

**KEY CONCEPTS:** philosophy, natural sciences, natural selection, struggle for existence, change, constancy, universality, individuality, lawfulness, realism, nominalism

**TREFWOORDE:** filosofie, natuurwetenskappe, natuurlike seleksie, stryd om bestaan, verandering, konstantheid, universaliteit, individualiteit, wetmatigheid, realisme, nominalisme

### OPSOMMING

In hierdie artikel word ondersoek ingestel na die funderende rol van die geesteswetenskappe ten opsigte van die natuurwetenskappe. As toeligting hierop word enkele voorbeelde vermeld. Dink byvoorbeeld aan Thomas Hobbes wat die voorstaatlike natuurtoestand as ’n stryd van almal teen almal gesien het en daarmee ’n invloed op Darwin se “struggle for existence” uitgeoefen het. Hierdie invloed is versterk deur die historisme van die vroeg negentiende eeu waarin historiese veranderlikheid voorop gestel word. Plato het egter reeds ingesien dat verandering duursaamheid (konstansie) veronderstel – ’n insig wat Immanuel Kant sou verwoord in sy wet van die kontinuïteit van alle verandering. Plato se transendente ideë en Aristoteles se algemene wesensvorme het sowel die idee van tipes as van universaliteit na vore gebring, wat op hul beurt tot die “universalia”-stryd van die laat-middeleeue sou lei, met die realisme (waaronder platonisme) en nominalisme as teëgestelde pole. Dit is merkwaardig dat die moderne biologiese denke (neo-Darwinisme) nominalisties georiënteerd is terwyl die moderne wiskunde oorwegend platonisties is.

## 1. DIE VERBAND TUSSEN FILOSOFIE EN DIE NATUURWETENSKAPPE – ’N HISTORIESE TERUGBLIK

Die Griekse kultuur word nog steeds waardeur as die bakermat van die Westerse intellektuele erfenis. Nadat Thales van Milete in 585 voor Christus ’n sonsverduistering korrek voorspel het, het die astronomie, wiskunde en mediese wetenskappe geleidelik ’n eie weg begin baan, onderskeie van die filosofie (wysbegeerte). Enersyds het hierdie differensiasie-proses die weg geopen vir selfstandige *vakwetenskappe* en andersyds het dit gepaardgegaan met ’n *wedersydse beïnvloeding* van die wysbegeerte en die vakwetenskappe, insluitende die ontluikende natuurwetenskappe.

Hoewel die gedagte-wêreld van die vroegste Griekse filosowe tradisioneel bestempel word as *natuurfilosofie*, is die wysbegeerte as dissipline nogtans nooit by die natuurwetenskappe ingedeel nie. Desnietemin dui ’n term soos *natuurfilosofie* sekerlik daarop dat die filosofie verband hou met die natuurwetenskappe. Daarom word nog steeds van die filosofie verwag om op hoogte te bly met die nuutste ontwikkelinge in die natuurwetenskappe, terwyl juis die uiteenlopende denkstrominge wat in die verskillende vakwetenskappe aangetref word die deurwerking van wysgerige oriëntasies weerspieël. Dit is derhalwe juis die *geskiedenis* van sowel die wysbegeerte as die vakwetenskappe wat gevolglik enige aanspraak op *neutraliteit* weerlê.

## 2. DIE MEDIESE WETENSKAP EN DIE BIOLOGIE

Unschuld wys daarop dat een van die verwaarloosde perspektiewe op die natuurwetenskappe in die invloed van sosiaal-politieke opvattinge op ons verstaan van die natuur en die menslike liggaam gegee is. As mediese wetenskaplike vra hy waarom daar soveel uiteenlopende mediese praktyke in diverse kulture te vinde is, mede in die lig van dit wat waarneembaar en nie-waarneembaar aan die menslike liggaam is nie (Unschuld 2003:74 ff.).

Die agtergrond-aannames wat in Darwin se evolusieteorie 'n rol speel kan ook hier vermeld word. Beskou eerstens die wyse waarop Thomas Hobbes die voor-staatlike toestand van die menslike samelewing in terme van strydverskynsels beskryf het. Hy beweer dat daar in die natuurtoestand 'n stryd van almal teen almal (*bellum omni contra omnes*) geheers het.<sup>1</sup> Die toenmalige siening van die menslike samelewing was dat dit onderworpe is aan gedetermineerde natuurwette van oorsaak en gevolg.

## 3. ADAM SMITH SE EKONOMIE OP DIE NATUUR OORGEDRA

In aansluiting by Silvan S. Scheber wys Stephen Jay Gould daarop dat “the theory of natural selection is, in essence, Adam Smith’s economics transferred to nature” (Gould 2002:122). In 'n gesamentlike artikel wat in 1977 deur Gould en Eldredge gepubliseer is word die intellektuele klimaat van Darwin teruggevoer na 'n ontwikkelende gedagtelyn vanaf Hobbes en Malthus tot by Hegel, dus vanaf die sewentiende tot die negentiende eeu:

It is remarkable how Darwin recognizes among beasts and plants his English society with its division of labor, competition, opening up of new markets, “invention,” and the Malthusian “struggle for existence.” It is Hobbes’ “bellum omnium contra omnes,” and one is reminded of Hegel’s Phenomenology, where civil society is described as a “spiritual animal kingdom,” while in Darwin the animal kingdom figures as civil society. (Gould & Eldredge 1977:145)

## 4. DIE INVLOED VAN DIE VOORUITGANGSIDEE VAN DIE 18<sup>DE</sup> EEU

Die agtiende eeu is by uitstek bekend as die eeu van die *Verligting* (*Aufklärung*), onder meer omdat die verheerliking van begripkennis tot 'n ongekende vooruitgangsgeloof aanleiding gegee het. Hierdie vertroue van die *Aufklärung* in vooruitgang (*progress*) het 'n nuwe wending aan die lang vitalistiese tradisie in die biologie gegee waarin *planmatigheid* en *teleologie* nog 'n rol gespeel het. Die benadering van Darwin in 1859 bevat egter geen stelling oor *algemene vooruitgang* nie – en ewemin bied dit 'n meganisme vir globale vooruitgang (“purpose” of ’n “goal”) (sien Darwin 1868:6).<sup>2</sup>

<sup>1</sup> Die stryd om bestaan – deur Spencer omvorm tot die welbekende frase: “survival of the fittest” – sou onder meer deur 'n tydgenoot van Darwin as 'n skeeftrekking van die natuur gesien word. Die sosiaal-politieke denker, P.A. Kropotkin (1842–1921) het daarop gewys dat Darwin die feit ignoreer dat daar naas strydverskynsels ook tallose voorbeelde van vreedsame en harmonieuse saam-bestaan in die natuur te vinde is (Kropotkin 1903; Kropotkin 1995:117 ff. en Gould 1996:144).

<sup>2</sup> Gould wys daarop dat natuurlike seleksie reeds voor 1859 bekend was. Hy vermeld twee uitsonderings, met name die Skotse vrugtekweker Patrick Matthew (in 1831) en die Skots-Amerikaanse dokter, William Charles Wells oor *Naval Timber* geskryf (in 1813 is dit voorgedra en in 1818 gepubliseer). Darwin het wel huiwerend apologie aangeteken (in die *Gardener’s Chronicle* van April 21, 1860): “I freely acknowledge that Mr. Matthew has anticipated by many

Die toevalsverhaal van *natuurlike seleksie* (later gekoppel aan *mutasie*) staan gevolglik lynreg teenoor die vooruitgangsgeloof van die agtiende eeu.

## 5. DIE VITALISTIESE FORMULERING IN DIE SLOTPARAGRAAF VAN DARWIN SE *ORIGIN OF SPECIES*

Die verweeftheid van Darwin se *progressielose* natuurwetenskaplike oriëntasie met sy eie posisie binne die Britse samelewing het hom merkwaardig genoeg aan die einde van sy 1859-werk tot 'n formulering gebring wat eerder van 'n vitalistiese denker verwag sou kon word. Hy skryf:

Thus, from the war of nature, from famine and death, the most exalted object which we are capable of conceiving, namely, the production of the higher animals, directly follows. There is grandeur in this view of life, with its several powers, having been originally breathed by the Creator into a few forms or into one (Darwin 1859 – uit die slot-paragraaf van die *Origin of Species*).

Die eintlike toelig van Darwin se benadering, waarna pas verwys is (sy werk uit die jaar 1868) is enkele dekades gelede deur Dawkins soos volg verwoord: “The universe we observe has precisely the properties we should expect if there is, at bottom, no design, no purpose, no evil and no good, nothing but blind, pitiless indifference” (Dawkins 1988:155).

## 6. GOULD OOR 'N PARADOKS IN DIE DARWINISTIESE TRADISIE

Gould huiwer geensins om die probleem van “progress” binne die Darwinisme aan die orde te stel nie. Die mees sakekundige studente van die geskiedenis van lewende dinge “have always sensed the failure of the fossil record to supply the most desired ingredient of Western comfort: a clear signal of progress measured as some form of steadily increasing complexity for life as a whole through time”. Gould vervolg dan dat die basiese gegewens nie ondersteuning bied vir so 'n siening nie aangesien “simple forms still predominate in most environments, as they always have”. Hierdie “undeniable fact” het ondersteuners van “progress (that is, nearly all of us throughout the history of evolutionary thought)” daartoe gebring om kriteria te verskuif “and ended up grasping at straws” (Gould 1996:166-167).

Gould verwys ook na die volgende paradoks binne die Darwinisme:

The basic theory of natural selection offers no statement about general progress, and supplies no mechanism whereby overall advance might be expected. Yet both Western culture and the undeniable facts of a fossil record that started with bacteria alone, and has now exalted us, cry out in unison for a rationale that will place progress into the center of evolutionary theory. (Gould 1996:136)

---

years the explanation which I have offered of the origin of species, under the name of natural selection. I think that no one will feel surprised that neither I, nor apparently any other naturalist, has heard of Mr. Matthew's views, considering how briefly they are given, and that they appeared in the Appendix to a work on Naval Timber and Arboriculture” (aangehaal deur Gould 2002:137-138). Voeg hierby die feit dat A.R. Wallace in 1858, 'n jaar voor die verskyning van Darwin se “Origin of Species” 'n kopie van 'n “paper” van hom aan Darwin gestuur het waarin hy onafhanklik 'n teorie van “evolution by natural selection” ontwikkel het (sien Bergman 2002:61).

Die vooruitgangsgeloof van die *Verligting* is egter deur ’n geesteswetenskaplike ontwikkeling aan die begin van die negentiende eeu opgevolg wat eweneens ’n belangrike invloed op die denke van Darwin sou uitoefen.

## 7. DIE INVLOED VAN DIE HISTORISME OP DIE NATUURWETENSKAPPE

Eers met die oorgang van die agtiende na die negentiende eeu is die probleem van verandering ernstig opgeneem, gepaardgaande met die ontstaan van die *historisme* waarvolgens alles aan historiese verandering onderworpe is. Hierdie klem op verandering het die weg vir Darwin geopen om ’n teorie van verandering (variasie deur middel van natuurlike seleksie) te ontwikkel. ’n Tydgenoot van Darwin, Alfred Russel Wallace, het bykomend reeds daarop gewys dat die idee van “seleksie” ’n intelligensie benodig wat keuses kan uitoefen en dat dit derhalwe nie werklik ’n *natuurfaktor* is nie. Darwin stel eksplisiet: “I have called this principle, by which each slight variation, if useful, is preserved, by the term of Natural Selection, in order to mark its relation to man’s power of selection” (Darwin 1968:115).

Die intrinsieke probleme van die historisme betref egter ’n veel ouer kennis-teoretiese kwessie wat reeds deur Plato blootgelê is. Herakleitos is bekend vir sy stelling dat alles verander. Plato het egter ingesien dat kennis onmoontlik sou wees as alles werklik voortdurend verander het. Hoe kan iets geken word as dit voortdurend in iets anders verander het? Gevolglik het Plato geredeneer dat kennis moontlik gemaak word deur statiese, onveranderlike bo-tydelike (ewige) ontiese vorme (synsvorme). Die bo-sinnelike *auto to eidos* (eie wese) van die sintuiglik-waarneembare dinge bied ’n konstante kennisbasis vir veranderlike dinge.

## 8. KONSTANSIE EN DINAMIEK – UNIVERSEEL EN INDIVIDUEEL

Die uitdrukking *auto to eidos* kom onder meer in *Euthypro* en *Hippias Major* voor. In laasgenoemde dialoog vra Sokrates aan Hippias om hom te onderrig wat die skone self is (286d8). Die woord *eidos* word ooreenstemmend in 289d4 en 298b4 gebruik (vergelyk ook 288a9, 289c3 en 292c9). In die dialoog *Kratylos* 439c9 vra Sokrates na die bestaan van ’n skone-op-sigself en ’n goeie-op-sigself – en in hierdie dialoog word ook aangevoer dat indien daar slegs verandering is, kennisvorming onmoontlik sou wees (*Kratylos* 439e en verder). Plato se besondere insig is dat verandering altyd duursaamheid (konstansie) veronderstel.

Wanneer Plato in sy dialoog *Phaedo* die woord *parousia* (teenwoordigheid) gebruik ter aanduiding van die aanwesigheid van die *eidè* (ideë) in die sintuiglik-waarneembare dinge antisipeer dit die problematiek waarmee Aristoteles gekonfronteer sou word. Laasgenoemde het met ’n suiwer *individuele substansie* (*proten ousian*) begin maar spoedig besef dat (teoretiese) kennis slegs met behup van universaliteit veranwoord kan word. Gevolglik moes hy naas die suiwer individuele primêre substansie ’n sekondêre substansie (die “*to ti en einai*”) as die universele wesensvorm van die dinge invoer (vgl. onder meer sy *Metafisika* 1035b34 – 1036a8).

## 9. DIE NATUURWETENSKAPLIKE UITWERKING VAN PLATO SE INSIG: GALILEI EN EINSTEIN

Later sou Galilei hierdie insig benut in die formulering van die traagheidswet (die wet van inersie). Hierdie wet bepaal dat ’n liggaam wat beweeg sy beweging eindeloos sal voortsit tensy ’n krag daarop inwerk. Daarom is dit sinloos om na die oorsaak van beweging te vra. ’n Mens kan slegs vra wat die oorsaak van die *verandering* van beweging is (vertraging of versnelling). Oorsaak en gevolg (kousaliteit) verwys hier na die fisiese aspek van *energie-werking*, want indien energie in aksie is veroorsaak dit gevolge, dit wil sê *veranderinge*.

Die Griekse substansiebegrif, waarin tussen *wese* en *verskyning* onderskei word, appelleer ook op die insig dat verandering duursaamheid veronderstel. Veel later sou Immanuel Kant hierdie problematiek aan die orde stel deur daarop te wys dat in die verskyning van die substansie die substraat te midde van alle wisseling altyd dieselfde bly (“immer dasselbe bleibt”) – en dan voeg hy daaraan toe dat die hoeveelheid van die substraat in die natuur nóg vermeerder nóg verminder kan word (“so kann ihr Quantum in der Natur auch weder vermehrt noch vermindert werden”) (Kant 1787-B:225; vergelyk ook B:250). Dit bring Kant dan tot ’n algemene formulering wanneer hy van die “wet van die kontinuïteit van alle verandering” praat (Kant 1787-B:-254 – “das Gestz der Kontinuität aller Veränderung”).

## 10. DIE EERSTE HOOFWET VAN DIE TERMODINAMIKA

In sy natuurfilosofie het Schelling later die (logiese denk-)wet van identiteit [ $A = A$ ] op die konstansie van God betrek wat in alle dinge aan sigself gelyk bly (“dass in allen Dingen sich selbst Gleiche”) (Schelling 1806:147).

Wanneer die 19<sup>de</sup> eeuse fisika hierdie gesigspunte verenig in die *wet van energie-behoud* is die kerngedagte nog steeds dat te midde van alle verandering die totale energie van die heelal dieselfde bly. Hierdie insig stel wetenskaplike denke in staat om die impasse van die relativisme te bowe te kom, want te midde van relatiwiteit en verandering is daar altyd iets wat dieselfde is, wat konstant bly. Avey plaas hierdie perspektief binne die kader van die onderskeiding tussen ’n *wet* en dit wat daaraan *onderworpe* is:

There is, however, another aspect of Heraclitan philosophy which should not be ignored, and which relativist theory does not always find it convenient to emphasize. The law of change does not itself undergo change in the manner of the changing particulars. (Avey 1929:521)

Ook in die taalkunde van De Saussure word eers van die “mutability” van die taal-teken melding gemaak en dan na die “immutability” daarvan verwys. Hy besef egter dat beide hierdie gesigspunte interafhanklik is en stel dan die korrekte siening. Hy vermeld eers die “duursaamheid van die ou substansie” maar vervolg dan onmiddellik met ’n duidelike formulering van die *funderingssamehang* tussen *kontinuïteit* en *verandering*:

the sign is exposed to alteration because it perpetuates itself. What predominates in all change is the persistence of the old substance; disregard for the past is only relative. That is why the principle of change is based on the principle of continuity. (De Saussure, 1966:74)

Die betekenis van die tradisionele Platoniese insig dat verandering konstansie veronderstel sou ook vanuit ’n ander natuurwetenskaplike hoek bevestiging ontvang. Waar die 18<sup>de</sup> gestempel is deur ’n oorwaardering van (universele) begripskennis, het ons gesien dat die 19<sup>de</sup> eeu die klem verskuif het na ’n oorwaardering van die uniek-individuele aard van (historiese) verandering. Veral Dilthey het die weg gebaan vir die taalwending wat aan die wysgerige ontwikkelinge van die 20<sup>ste</sup> eeu ’n nuwe horison sou verskaf.<sup>3</sup> Te midde van die historiese

<sup>3</sup> Habermas verduidelik hoedat Dilthey geworstel het met die vraag “hoe die sin van ’n geïndividualiseerde lewensamehang in onvermydelik-universele kategorieë begryp en daargestel kan word” (Habermas 1970:203). Die feit dat begrippe blind is vir die individuele is onder meer beliggaam in twee slagspreuke uit die middeleeuse skolastiek: “Individuum ineffabile” [wat individueel is is onuitspreeklik] en “de singularibus non est scientia” [oor wat individueel is bestaan daar geen wetenskap] (sien Janich 2009:110).

tydsgees van die 19<sup>de</sup> eeu was die fisika van hierdie era nog grootliks in die greep van die klassieke meganistiese wêreldbeeld van die heeal as *deeltjies in beweging*.<sup>4</sup> Klaarblyklik as gevolg van die nawerkende *historiese* tydsgees (*Zeitgeist*) aan die begin van die 20<sup>ste</sup> eeu het Einstein se teorie as die (spesiale en algemene) *relatiwiteitsteorie* bekend geword ten spyte van die feit dat dit in die eerste plek ’n teorie van *konstansie* is. Einstein postuleer immers die *konstante* snelheid van lig in ’n vakuum [“die Voraussetzung von der Konstanz der Vacuum-Lichtgeschwindigkeit”] (sien Einstein 1959:54).

## 11. EINSTEIN EN DIE HISTORISTIESE TYDSGEES AAN DIE BEGIN VAN DIE 20<sup>STE</sup> EEU

Indien die insig insake die funderingsverhouding tussen konstansie en dinamiek verbind word aan die onderskeiding tussen die kinematiese aspek en die fisiese aspek van die werklikheid kan selfs tot ’n beter aanduiding van die eerste hoofwet gekom word. Ons het terloops reeds verwys na die *wet van energie-behoud*. Die term “behoud” is egter dubbelsinnig omdat dit die indruk mag wek dat die *behoud* van iets ’n ekstra energie-inset benodig, terwyl in werklikheid bloot bedoel word dat die totale energie van die heeal steeds dieselfde sal bly. Dit handel in werklikheid oor die *wet van energie-konstansie* wat bloot ’n *analogie* van die oorspronklike kinematiese sin van eenparige beweging aan die wetsy van die fisiese aspek openbaar.<sup>5</sup>

## 12. DIE SPANNING TUSSEN UNIVERSEEL EN INDIVIDUEEL: DIE WENDING NA DIE TAAL

### 12.1 Enkele historiese kontoere

Die taalwending waarna pas vlugtig verwys is hou nie alleen met die probleem van konstansie en dinamiek verband nie, want ons het opgemerk dat die historisme ook geworstel het met die relasie tussen *universaliteit* en dit wat *individueel* is. Ons het egter gesien dat hierdie probleem reeds in die Griekse filosofie na vore getree het, met name in die denke van Plato en Aristoteles – respektiewelik in the universele bo-sinnelike statiese ontiese vorme (*eidè*) van eersgenoemde en die universele sekondêre substansie (selfstandigheidsvorm) van laasgenoemde.

<sup>4</sup> Max Planck verduidelik dat die opvatting van die natuur wat tot aan die begin van die 20<sup>ste</sup> eeu die belangrikste diens aan die fisika gelewer het ongetwyfeld die meganiese siening is. Hierdie siening is daarop gerig om “alle kwalitatiewe verskille in laaste instansie terug te voer tot beweging”. Daarom kan dit gedefinieer word as die beskouing wat “alle fisiese prosesse volledig tot die bewegings van onveranderlike, gelyksoortige massapunte of massa-elemente teruggevoer kan word” (Planck, 1910:53).

<sup>5</sup> Hierdie opmerking benut ’n element van die teorie van modale aspekte wat deur Dooyeweerd ontwikkel is. Die term *modus* (modaal) verwys na die verskillende *bestaanswyses* van konkrete entiteite en gebeurtenisse. Dit betref die hoe(-danighede) en nie die konkrete *wat* van die dinge nie. Die struktuur van elke aspek besit ’n wetsy en feitlike sy asook subjek-subjek en subjek-objek relasies aan die feitlike sy. Tydsorde aan die wetsy korrespondeer met tydsduur aan die feitlike sy, terwyl terugwysende en vooruitwysende (retrosiperende en antisiperende) analogieë gestempel word deur die ondefinieerbare sin-kern van elke aspek. Aan die wetsy van die fisiese aspek tref ons byvoorbeeld die onomkeerbare tydsorde van oorsaak en gevolg (kousaliteit) aan wat aan die feitlike sy korreleer met kousaal-verlopende prosesse. En ons het pas die kinematiese analogie (retrosipasie) aan die wetsy van die fisiese aspek uitgelig in die nuwe formulering van die eerste hoofwet van die termodinamika, *energie-konstansie*. Hierdie wysgerige teorie belig bykomend die funderende rol van die geesteswetenskappe ten opsigte van die natuurwetenskappe.

## 12.1 Die platoniese en neo-platoniese erfenis

Wat egter nog hieraan toegevoeg moet word is die erfenis waarin begripsvorming aan die universele verbind word. Op die voetspoor van Plato stel Aristoteles dat 'n begrip 'n begrip van die algemene is (*Metaph* 1036 a 1) en voeg dan daaraan toe dat “sirkel-wees” universeel is maar dat daar van *hierdie* [individuele] sirkel geen *definisie* moontlik is nie (*Metaph* 1036 a 6) (vergelyk voetnoot 3 hierbo en Aristoteles 2001:799).

Reeds by Parmenides kom ons 'n spekulatiewe hantering van ruimte-eienskappe teen, onder meer wanneer hy in sy bekende didaktiese gedig oor die “syn” wat “is” skryf: “aangesien dit ongebore is, is dit ook onverganklik, ... want dit was nie en sal nie wees nie omdat dit in die hede tesame voorhande is as geheel, een, samehangend” (Diels-Kranz, B Fragmente 8:3-6). Hierdie statiese (ruimtelike) synsmetafisika vorm die vertrekpunt van die “chain of being” in die latere middeleeue waar God (onder neo-Platoniese invloed) as die *aller-algemeenste*, as die hoogste syn (*ipsum esse*), beskryf is.

Kremer wys daarop dat God vir Thomas Aquinas as die “*ipsum esse per se subsistens*”, as die *oerbeeld* van alle vorme, as die *Vorm van alle Vorme*, alle syndes wat daaraan deel het (daarin partisipeer) omvat. Elke gegewe synde is daarom ook niks anders nie as 'n inperking van die *Vorm van alle Vorme*, omdat dit slegs op 'n begrensde en gelimiteerde wyse die *Vorm van alle Vorme* daarstel – sonder dat die *Vorm van alle Vorme* ingeperk word (Kremer 1966:356-357).

## 12.2 Die “universalia”-stryd

In die realistiese metafisika van die middeleeue het hierdie erfenis gelei tot 'n drievoudige bestaan van die *universalia*: (i) *ante rem* as transendente ideë in God se Gees; (ii) *in re* as die wesensvorme van die dinge;<sup>6</sup> (iii) *post rem* as die subjektiewe begrippe wat in die menslike gees aanwesig is. Waarheid is die ooreenstemming van [universele] *denke* en [universele] *syn* (*adaequatio intellectus et rei*).

## 13. TWEE KARDINALE VRAE

Op hierdie punt is dit egter nodig om vir 'n oomblik stil te staan by die volgende vrae:

- (a) waarop het Plato en Aristoteles met hul onderskeie opvattinge van transendente ontiese vorme (later die *universalia ante res*) en immanente wesensvorme (later *universalia in rebus*) gestuit?
- (b) waarom beperk Aristoteles kennis tot dit wat universeel is?<sup>7</sup>

Ons het vroeër opgemerk dat Plato te midde van 'n sinne-wêreld waarin alles verander die moontlikheid van kennis wou red deur statiese, transendente (bo-sinnelike) wesensvorme (*eidè*) in te voer en daarmee dan tegelyk rekenskap te gee van die duursame “eie wese” van dinge wat onveranderlik is. Daarmee het hy implisiet op die universele orde vir die dinge gestuit, dit wil sê op die wet vir die bestaan van die dinge. Die gaping tussen die *eidè* en die sinnedinge moes egter oorbrug word kragtens die “Oerbeeld-Afbeeld” relasie wat Plato aanvaar het (ideë besit

<sup>6</sup> Die “sirkel-wees” van 'n sirkel (Aristoteles 2001:799) of die “huis-wees” van 'n huis; Aristoteles skryf “the being of house is not generated” (Aristoteles 2001:807).

<sup>7</sup> Die primêre substansie is individueel maar die sekondêre substansie is nie individueel nie (sien Kategorieë 3b10 en verder; asook Aristoteles 2001:12). Aristoteles stel ook dat dit onmoontlik is om enigiets wat individueel is te definieer (*Metaph.* 1040a5-7; Aristoteles 2001:808).

'n afbeelding in die sintuiglik-waarneembare wêreld).<sup>8</sup> Die oorbrugging het Plato in sy opvatting van *methexis* (die deelhê van partikuliere sinnedinge aan 'n sinsvorm), *parousia* (teenwoordig-wees) en *koinonia* (gemeenskap/gesamentlike deelname) gevind. Die verganklike materie-dinge vind in die sinsvorme die ontiese gronde (*aitiai*) vir hul (formele) bestaan.

#### 14. DIE ORDENING VAN DIE WERKLIKHEID

In sy dialoog *Phaedo* gebruik Plato wat hy oor die *eidè* gesê het as uitgangspunt vir sy hipotese dat daar onder meer 'n skoonheid-op sigself en 'n goedheid-op sigself bestaan. Hy vervolg met die opmerking dat as hierdie hipotese aanvaarbaar is, hy hoop om die oorsaak [ontiese grond] van die dinge te demonstreer (*Phaedo* 100 D). Ten spyte van die oorsprongsdualisme tussen vorm en materie aan die wortel van sy denke het Plato nogtans (met 'n instemmende verwysing na die *Nous* [rede] van Anaksagoras) beklemtoon dat die *ordering van die dinge* deur die *Nous* geskied (*Phaedo* 97 C–98 A).<sup>9</sup>

Vir Plato vervul die ideë in die Goddelike Werkmeester (*demiourgos*) derhalwe die rol van *orde-gewer* – wat aantoon dat Plato se siening van die ideë-wêreld op die “orde-vir” (“wet-vir”) die dinge gestuit het. Aristoteles het daarenteen die “ordelikheid-van” raakgesien. Vergelyk sy opmerkinge oor die universaliteit “sirkel-wees” en van “huis-wees”. Dit toon dat Aristoteles op die universele kant van individuele dinge gestuit het, met name die *ordelikheid of wetmatigheid* daarvan. Dit wat die *maat* van die *wet* besit is tewens *wet-matig*.

#### 15. WET EN WETMATIGHEID

Teen die begin van die 13<sup>de</sup> eeu na Christus het veral Willem van Ockham die drievoudige bestaan van *universalia* bevraagteken. Beide die eerste twee is ontken – buite die menslike gees bestaan daar geen universaliteit nie (sien von Hippel 1955:336, 352-358). Alle konkrete dinge is derhalwe van die *orde vir* hul bestaan asook die *ordelikheid van* hul bestaan gestroop. Buite die menslike gees bestaan slegs 'n chaotiese, struktuurlose menigvuldigheid individuele dinge. Alleen binne die menslike gees is daar nog universele begrippe en/of woorde (*nomina*) aanwesig, wat plaasvervangend na die menigvuldigheid werklik-individueel-bestaande dinge buite die menslike gees verwys. Hierdie *nominalistiese* opvatting staan teenoor die realisme. Duns Skotus haal Avicenna aan in verband met die wese van dinge: buite die menslike gees (as individueel) en in die menslike gees (as universeel) (sien E.A. Moody 1935:63).

#### 16. DIE NOMINALISME EN DIE SKEPPENDE KRAG VAN DIE MENSLIKE DENKE

Descartes sou spoedig hierdie nominalistiese siening verder voer met sy opmerking dat “all universals are mere modes of thought” (*Principles* Part I, LVII; Descartes 1965a:187). Berkeley stem ook volkome saam dat “all knowledge and demonstration are about universal notions”. Universaliteit betref die *relasie* tot die “particulars” wat daardeur verteenwoordig word (*Introduction* Par. 15; Berkeley 1969:55). Locke verwoord die onderliggende probleem wanneer

<sup>8</sup> Die oorsprongsdualisme tussen vorm en materie het gevolglik 'n onoplosbare probleem geskep: hoe kan daar in die bo-sinnelike ideë-wêreld 'n vorm van die vormlose materie bestaan?

<sup>9</sup> Terloops moet hierby in gedagte gehou word dat die *Nous* van Anaksagoras met geen materie-kieme vermeng is nie aangesien dit alleen selfstandig bestaan: vir sigself (Diels-Kranz B Fr.12).

hy vra: “For, since all things that exist are only particulars, how come we by general terms, or where find we those general natures they are supposed to stand for?” (Essay, Book Three, Chapter III, Par. 6; Locke 1964:264).

Ook Immanuel Kant sou die erfenis van die nominalisme verder voer. Dit blyk reeds daaruit dat hy met ’n chaotiese menigvuldigheid sintuiglike indrukke begin wat voorlopig *georden* word deur tyd en ruimte as inwendige en uitwendige aanskouingsvorme alvorens dit deur die verstandsbegrippe *verenig* word. Deurdat die nominalisme sowel die orderlikheid van as die orde vir die dinge weggedink het, het ’n leemte ontstaan wat Kant deur die menslike verstand sou laat vul. Hy het die menslike verstand tot *wetgewer* van die natuur verhef. Die treffendste formulering word in sy “Prolegomena” van 1783 gevind: “Die verstand skep sy wette (a priori) nie uit die natuur nie, maar skryf dit aan die natuur voor” (Kant 1783, II:320; § 36).

## 17. DIE NOMINALISTIESE ONDERBOU VAN DIE (NEO-)DARWINISME

Natuurlik kon die nominalisme nie daarin slaag om die realistiese erfenis totaal te elimineer nie. In die biologie tref ons immers nog steeds vitaliste aan (gedurende die laaste paar dekades in die gewaad van “Intelligent Design”) wat die aard van lewende dinge met behulp van die idee van ’n immateriële *lewenskrag* wil verantwoord. Dit leef ook na in die idealistiese morfologie waarin daar eweneens van *bouplanne* of *tipes* gepraat word (iets wat Gould origens ook vryelik doen – selfs in sy 2002 werk). Darwin en sy nakomelinge het daarenteen ontiese universaliteit volledig afgewys en gekies vir die nominalistiese siening dat die sistematiese klassifikasie van lewende dinge bloot *willekeurige name* in die menslike gees vir ’n onoorsigtelike menigvuldigheid individuele (a-tipiese) dinge is.

Darwin stel allereers dat daar geen “line of demarcation ... between species” bestaan nie (Darwin 1859:443). Hieraan voeg hy die nominalistiese opmerking toe: “In short, we shall have to treat species in the same manner as those naturalists treat genera, who admit that genera are merely artificial combinations made for convenience” (Darwin 1859:456). By een van die prominente latere Darwiniste, G.G. Simpson, word die idee van tipes volledig afgewys: “Organisms are not types and do not have types ... no two are likely ever to be exactly alike” (cf. Simpson 1969:8-9).

## 18. DIE INVLOED VAN DIE UNIVERSALIA-STRYD OP DIE MODERNE WISKUNDE

Die wysgerige *universalia*-twis (tussen die *realisme/platonisme* en die *nominalisme*) het ’n onmiskenbare invloed selfs op die moderne wiskunde uitgeoefen. En diegene wat die wiskunde as ’n natuurwetenskap waardeer hoef nie verbaas te wees dat botsende opvattinge in die moderne wiskunde ook beskryf word met terme uit die *universalia*-stryd nie.

Fraenkel et al. stel byvoorbeeld dat versamelings deel het aan die “well-known and amply discussed classical problem of the ontological status of the universals”. Die drie klassieke hoofantwoorde vir hierdie probleem staan as realisme, nominalisme and konseptualisme bekend terwyl hul moderne eweknieë aangedui word “as platonism, neo-nominalism, and neo-conceptualism” (Fraenkel et al. 1973:332). Stegmüller verbind hierdie wysgerige opvattinge aan wiskundige stellingnames ten opsigte van die oneindige. Die drie vermelde ontologiese posisies, naamlik nominalisme, konseptualisme, en platonisme kan dan afgebeeld word op “the quantitative categories finite totality (*Gesamtheit*) – denumerable infinite totality – non-denumerable infinite totality” (Stegmüller 1965:117-118).

## 19. SLOTOPMERKING

Wat die prentjie van die 20<sup>ste</sup> eeu merkwaardig en tegelyk seldsaam maak, hou verband met 'n opmerking van Paul Bernays in 'n voordrag oor die *platonisme* in die moderne wiskunde. Volgens hom is die aanwending van die matematiiese platonisme so algemeen dat “dit glad nie oordrewe is wanneer 'n mens sê dat die platonisme tans in die wiskunde heers nie” (Bernays 1976:65).

Vanuit die perspektief van die geesteswetenskaplike agtergrond van die natuurwetenskappe verskaf hierdie tweespalt tussen die moderne biologie (nominalisties) en die moderne wiskunde (platonisties) sekerlik stof tot verdere kritiese nadenke. Tegelyk toon hierdie situasie nogeens hoedat die moderne natuurwetenskappe nie ontkom aan basiese (klassieke) wysgerige grondprobleme nie.

Waarom ons in hierdie artikel nie aandag geskenk het nie, is die invloed wat vanuit die geesteswetenskappe op die natuurwetenskappe uitgeoefen word bloot deur die onvermydelikheid van 'n vaktaal en die onmisbaarheid van die logika (wat 'n onderskraging bied vir die wetenskaplike argumentering wat in die natuurwetenskappe deurlopend plaasvind).

## BIBLIOGRAFIE

- Aristotle. 2001. *The Basic Works of Aristotle*. Uitgegee deur Richard McKeon met 'n *Inleiding* geskryf deur C.D.C. Reeve. (Oorspronklik uitgegee deur Random House in 1941). New York: The Modern Library.
- Avey, A.E. 1929. The Law of Contradiction: Its Logical Status. In: *The Journal of Philosophy*, (26):519-526.
- Bergman, J. 2002. Did Darwin plagiarize his evolution theory? Besoek aan WEB-werf op 27-11-2015: [https://creation.com/images/pdfs/tj/j16\\_3/j16\\_3\\_58-63.pdf](https://creation.com/images/pdfs/tj/j16_3/j16_3_58-63.pdf). (bladsye 58-63).
- Berkeley, G. 1969. *A Treatise Concerning the Principles of Human Knowledge*. London: The Fontana Library (1710).
- Bernays, P. 1976. *Abhandlungen zur Philosophie der Mathematik*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Darwin, C. 1968. *On the Origin of Species by Means of Natural Selection or the Preservation of favoured races in the struggle for life*. Uitgegee met 'n *Inleiding* van J.W. Burrow. Harmondsworth: Penguin Books (1859).
- Darwin, C.R. 1868. The variation of animals and plants under domestication, Eerste Uitgawe, Volume 1, Nommer 1, London: John Murray.
- Dawkins, R. 1988. *River out of Eden*. London: Phoenix.
- De Saussure, F. 1966. *Course in general Linguistics*. Geredigeer deur Charles Bally en Albert Sechehaye, London: McGraw-Hill.
- Descartes, R. 1965. *A Discourse on Method, Meditations and Principles*, vertaal deur John Veitch, Met 'n *Inleiding* geskryf deur A.D. Lindsay. London: Everyman's Library.
- Descartes, R. 1965a. *The Principles of Philosophy*. In: Descartes 1965.
- Diels, H. & Kranz, W. 1959-60. *Die Fragmente der Vorsokratiker*. Vols. I-III. Berlin: Weidmannsche Verlagsbuchhandlung.
- Einstein, A. 1959. Autobiographical Notes. In: *Albert Einstein, Philosopher-Scientist*. Uitgegee deur P.A. Schilpp. New York: Harper Torchbooks, pp. 2-95.
- Eiseley, L. 1979. *Darwin and the Mysterious Mr X*. New York: E.P. Dutton.
- Gould, S. & Eldredge, N. 1977. Punctuated Equilibria: The Tempo and Mode of Evolution Reconsidered, *Paleobiology* 3.2 (1977): 15-151.
- Gould, S.J. 1996. *Life's Grandeur*. London: Vintage (Random House).
- Gould, S.J. 2002. *The Structure of Evolutionary Theory*. Cambridge, Massachusetts: The Belknap Press, Harvard University Press.
- Habermas, J. 1970. *Erkenntnis und Interesse*. Frankfurt am Main: Suhrkamp Verlag.

- Janich, P. 2009. *Kein neues Menschenbild. Zur Sprache der Hirnforschung*. Frankfurt am Main: Suhrkamp Verlag.
- Kant, I. 1783. *Prolegomena zu einer jeden künftigen Metaphysik die als Wissenschaft wird auftreten können*. Hamburg: Felix Meiner edition (1969).
- Kant, I. 1787. *Kritik der reinen Vernunft*, 2<sup>de</sup> uitgawe (verwysings is na Kant, 1787-B). Hamburg: Felix Meiner uitgawe (1956).
- Kremer, K. 1966. *Die neuplatonische Seinsphilosophie und ihre Wirkung auf Thomas von Aquin*. Leiden: Brill.
- Kropotkin, P.A. 1903. *Mutual Aid: A factor in Evolution*. Oorspronklike Uitgewer: McClure Phillips & Co. (Nuwe uitgawe 1972).
- Kropotkin, P.A. 1995. *Evolution and environment*. Uitgegee met 'n *Inleiding* deur George Woodcock (Works, Vol.11). Montreal: Black Rose Books.
- Locke, J. 1964. *An Essay Concerning Human Understanding*. London: Fontana Library (1690).
- Malthus, T.R. 1798. *An Essay on the Principle of Population*. Harmondsworth: Penguin Books.
- Moody, E.A. 1935. *The Logic of William of Ockham*. London: Sheed & Ward.
- Planck, M. 1910. *Die Stellung der neueren Physik zur mechanischen Naturanschauung*. In: Max Planck, 1973:52-68.
- Planck, M. 1973. *Vorträge und Erinnerungen*, 9<sup>de</sup> herdruk van die 5<sup>de</sup> uitgawe, Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Plato, 1973. Uitgegee deur E. Hamilton en C. Huntington: *The Collected Dialogues of Plato*; Insluitende die Briewe. Princeton: University Press.
- Schelling, F.W.J. 1806. Aphorismen zur Einleitung in die Naturphilosophie. In: *Schriften von 1806-1813*, Uitgegee deur Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft (1968).
- Stegmüller W. 1977. *Collected Papers on Epistemology, Philosophy of Science and History of Philosophy*. Volumes I and II. Dordrecht-Boston: D. Reidel Publishing Company.
- Stegmüller, W. 1965. Das Universalienproblem eins und jetzt. In: *Archiv für Philosophie*, 6 (1956):192-225; 7 (1957):45-81.
- Unschuld, P. 2003. *Was ist Medizin? Westliche und östliche Wege der Heilkunst*, München: Beck.
- Von Hippel, E. 1955. *Geschichte der Staatsphilosophie*, Band I, Meisenheim am Glan: Verlag Anton Hain.

# “’n Droewige laslap op die voos kombes van onreg”: ’n Statistiese analise van konsentrasiekampbewoners<sup>1</sup>

*“A miserable patch upon a great wrong”: A statistical analysis of concentration camp residents*

**SOPHIA DU PLESSIS**

Departement Ekonomie  
Stellenbosch Universiteit  
E-pos: sophia@sun.ac.za



Sophia du Plessis



Johan Fourie

**JOHAN FOURIE**

Departement Ekonomie  
Stellenbosch Universiteit  
E-pos: johanf@sun.ac.za

**SOPHIA DU PLESSIS** is ’n senior lektor in die Departement Ekonomie aan Stellenbosch Universiteit. Nadat sy haar PhD in 2005 in Institusionele Ekonomie voltooi het aan dieselfde univerteit, spits sy haar toe op navorsing in Ekonomiese Geskiedenis en is ook betrokke by die uitbreiding van die vakgebied binne Suid-Afrika. Sophia publiseer in plaaslike en internasionale tydskrifte en lewer gereeld aanbiedinge by internasionale vakkongresse.

**SOPHIA DU PLESSIS** is a senior lecturer in the Department of Economics at Stellenbosch University. Following the completion of her PhD in Institutional Economics at the same institution in 2005 she focused in her research on Economic History. She was also actively involved in the expansion of Economic History as research field in South Africa. Sophia publishes in local and international journals and regularly presents papers at international conferences.

**JOHAN FOURIE** is medeprofessor in die Departement Ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy voltooi sy PhD in 2012 aan Utrecht Universiteit in Nederland, waarin hy die welvaart van die setlaarsbevolking in die agtiende-eeue Kaapkolonie ondersoek. Hiervoor wen hy die “Beste verhandeling”-prys in die kategorie “Vroeë-moderne era” tydens die Wêreld Ekonomiese Geskiedenis-kongres in Kyoto, Japan in 2015. Johan publiseer gereeld in plaaslike en internasionale vaktydskrifte, en is ook ’n gereelde rubriekskrywer vir *Rapport* en *Finweek*. Hy bedryf ook ’n blog by [johanfourie.com](http://johanfourie.com).

**JOHAN FOURIE** is an associate professor in the Department of Economics at Stellenbosch University. He completed his PhD at the University of Utrecht in the Netherlands in 2012. In his dissertation, he investigates the wealth of the settler community in the eighteenth-century Cape Colony. He was awarded the “best dissertation”-prize in the category “Early modern era” at the World Economic History Congress in 2015 for this dissertation. Johan frequently publishes in local and international academic journals, and is also a regular columnist for the Afrikaans weekly *Rapport* and the financial magazine *Finweek*. He runs his own blog at [johanfourie.com](http://johanfourie.com).

<sup>1</sup> Vrylik vertaal uit Emily Hobhouse se “a miserable patch upon a great wrong” (Stanley 2006: 132). Ons dank aan Jan Greyling.

**ABSTRACT*****“A miserable patch upon a great wrong”*: A statistical analysis of concentration camp residents**

*The Anglo-Boer War (1899–1902) still evokes intense emotions. The concentration camps that were built to house thousands of destitute men, women and children have especially received much scholarly attention in recent years. Many facets of these camps have been studied: children in the camps, education practices, camp testimonies, black inmates and their involvement, the camps in pictures, and the development of camp historiography, among others. Yet, strangely, statistical analysis of the camps has not yet been attempted. How long did the inmates stay in the camps? Why did they leave? How many died? And what did they die of? These are some of the questions we sought to answer.*

*Our investigation was made possible by the availability of information about each of the inmates, in the form of a data base compiled by Elizabeth van Heyningen. This data base includes dates of arrival and departure, reason for departure or cause of death, and biographical details such as age, gender, race, place of origin and occupation. The data required extensive manipulation and cleaning before we could begin our analysis. Most importantly, we had to merge several observations of the same individual into one observation. In order to do this, we used their first and last name and their place of origin. This method was not always perfect, as some names are misspelled or the place of origin changes. We nevertheless identified 104 688 unique individuals who lived in the camps. These form the basis of our analysis. Our summary statistics showed that most were farmers, although more than 1 000 different occupations are listed. The average stay in the camps was 278 days, and 23% of the inmates died there, with infection being the main cause of death. We used a statistical technique called survival analysis to investigate the length of stay. From Kaplan-Meier survival estimates we found that inmates who came from the Orange Free State, Transvaal and Cape Colony had a more than 50% likelihood of still being in a camp after 200 days, while for those from Britain, Swaziland, Natal and the European continent the likelihood was less than 30%. The standard survival analysis suggests that inmates from the Cape Colony remained in the camps the longest. Our competitive risk analysis, however, which controlled for the fact that some residents died in the camps, suggested that it was those from the Orange Free State who remained longest. We used regression analysis to investigate gender differences and found that of the men and women who died in the camps, one third did so in the first 100 days after arrival. Another third died within the first year, and another third within the first two years. In contrast to conventional wisdom, we found only a small gender difference in the likelihood of death in the camps. Although more women died in the camps, men and women suffered equally. It was children, though, who suffered most. Our findings raise many new questions for future research.*

**KEY WORDS:** Concentration camps, survival analysis, Anglo-Boer War, South Africa, mortality, health

**TREFWOORDE:** Konsentrasiekampe, oorlewingsanalise, Anglo-Boereoorlog, Suid-Afrika, sterfgetalle, gesondheid

**OPSOMMING**

Die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) wek steeds intense emosies op. Om dié rede is dit ook verstaanbaar dat ’n breë literatuur verskeie aspekte van die konsentrasiekampe en die lewe van die bewoners ondersoek. Vreemd genoeg, is een aspek wat wel agterweë gelaat is ’n kwantitatiewe ondersoek na die lengte van verblyf vir die meer as 100 000

wit mans, vroue en kinders in die kampe. Hoeveel dae is die gemiddelde kampbewoner gehuisves? Het bewoners uit die republieke of dié uit die kolonies langer aangebly? En wat was die kenmerke van bewoners wat voor die einde van die oorlog die kampe verlaat het? Duisende het ook in die kampe gesterf. Ons ontleed ook die kenmerke van hierdie groep, en werp lig op die redes vir hul tragiese einde. Deur gebruik te maak van 'n enorme datastel van kampbewoners en die statistiese hulpmiddel oorlewinganalise, bied hierdie artikel 'n nuwe blik op 'n ou onderwerp en vra nuwe vrae vir toekomstige historiese navorsing.

## INLEIDING

Die Anglo-Boereoorlog wek steeds intense emosies op. Kontemporêre Afrikaanse musiek en films verwys gedurig daarna, en daar verskyn gereeld nuwe literêre en populêre werke met die Anglo-Boereoorlog as tema (Grundlingh 2007; Du Plessis 2008; Van der Waal & Robins 2011; Browne 2013; Bossenbroek 2012; Nasson & Grundlingh 2013; Wessels 2011; Van Heyningen 2013). Akademiese publikasies oor die oorlog ontbreek ook nie; sedert die 100-jarige herdenking het werke oor bykans elke aspek van die oorlog verskyn (Miller 2013; McCrachen 2015; Swart 2010; Labuschagne & Van Vuuren 2010; Popple 2012; Wassermann 2007; Denness 2012; Zietsman 2001).

Die konsentrasiekampe – of vlugtelingkampe – wat tydens die oorlog opgerig is, het eweneens 'n prominente plek in Afrikaanse literatuur en Afrikanergeskiedenis gevind.<sup>2</sup> Net in die afgelope dekade is feitlik elke aspek van kampelewe en -herinnering ondersoek: kinders in die kampe (Duff 2014), onderrigstelsels (Van Heyningen 2010; Riedi 2005), kampgetuïenisse (Dampier 2005; Siebold 2011), swart kampbewoners (Wessels & Wohlberg 2005; Kessler 2012), kampsiektes (Cirillo 2014), die kampe in beeld (Godby 2006), die voorgeskiedenis van konsentrasiekampe (Smith & Stucki 2011; Hyslop 2011), en kampgeskiedskrywing en -herinnering (Stanley 2005; Stanley & Dampier 2005; Van Heyningen 2008; Pretorius 2010; Van Heyningen 2010). En hierdie indrukwekkende navorsingsrekord bou alreeds op meer as 'n eeu se bevindinge (Wessels 2010).

Een faktor wat die afgelope dekade tot hierdie diskoers bygedra het, is die groter beskikbaarheid van elektroniese databasisse. Twee bydraes staan uit: Celesté Reynolds se genealogiese databasis van burgerlike sterftes tydens die Anglo-Boereoorlog, en Elizabeth van Heyningen se databasis van alle konsentrasiekampbewoners (Reynolds 2007; Van Heyningen 2009). Albei datastelle is saamgestel uit noukeurige argivale navorsing, en is elektronies beskikbaar.<sup>3</sup> Dit is dan ook een van hierdie datastelle – Van Heyningen s'n – wat as onderbou van hierdie artikel dien.

Die gebruik van sulke groot, elektroniese datastelle – met inligting op die individuele vlak – tesame met gesofistikeerde statistiese analise is 'n redelik onlangse verskynsel in sosiale en ekonomiese geskiedenis, veral in die studie van die ontwikkelende wêreld se geskiedenis (Fourie 2016). Suid-Afrikaanse ekonomiese geskiedenis, waarin statistiese ontleding prominent figureer, het ná 'n bloeitydperk in die 1970's en vroeë 1980's in gewildheid afgeneem soos die politieke veranderinge van die laat 1980's die klem na meer kontemporêre geskiedskrywing geswaai het (Fourie & Schirmer 2012). Internasionaal het postmodernisme ook kulturele geskiedenis groter aansien gegee, terwyl ekonomiese geskiedenis in geskiedenisdepartemente gekwyn het weens die wiskundige en statistiese aard van ekonomie as vakgebied.

<sup>2</sup> Sien byvoorbeeld Smith (2015) en talle ander romans.

<sup>3</sup> Van Heyningen het haar datastel gratis aan die outeurs verskaf. Reynolds se datastel is aangekoop.

Dit was dus eers in die 2000's, met die groter beskikbaarheid van rekenaar harde- en sageware met die nodige prosesseerkrag om groot datastelle te ontsluit, en die groter belangstelling van ekonome om die historiese ontwikkeling van Afrika te verstaan, dat Afrika se statistiese verlede weer opgediep is. Hierdie artikel spruit uit hierdie nuwe belangstelling om geskiedkundige feite en teorieë aan die hand van nuwe datastelle met meer gesofistikeerde tegnieke te toets.

Een van die tekortkominge van die huidige konsentrasiekamliteratuur is dat daar weinig statistieke oor die gemiddelde ervaring van kampbewoners beskikbaar is. Het bewoners van die Oranje-Vrystaat of Transvaal langer in die kampe gewoon as bewoners uit die Kaapkolonie? Was ryker kampbewoners meer geneig om korter aan te bly, of is hulle juis deur die Britte as kwaadstokers uitgesonder? Was dit mans of vroue wat tipies die langste in die kampe moes aanbly? Deur gebruik te maak van standaard statistiese tegnieke kan ons hierdie vrae, vir die eerste keer, antwoord.

Meer as 25 000 mense het, volgens die inligting in die datastel tot ons beskikking, in die konsentrasiekampe gesterf.<sup>4</sup> Ons gebruik 'n bekende statistiese tegniek – oorlewingsanalise – om te bepaal wat die karaktereienskappe was van dié wat in die kampe gesterf het. Weens die aard van die data tot ons beskikking is meeste van hierdie inwoners wit kampbewoners. So maak ons 'n bydrae tot 'n beter begrip van die tragiese gebeurtenisse tydens, en gevolge van, die kampe – vir sowel die naasbestaendes as die nageslagte van dié wat gesterf het, asook vir diegene vir wie die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog steeds met 'n goeie dosis mitologie en volksoorlewering gepaardgaan.

## DIE DATASTEL

Ons analise maak staat op Elizabeth van Heyningen se noukeurige insameling van individuele rekords vir elke konsentrasiekampbewoner tussen die begin van 1900 en die einde van 1902. Van Heyningen onderskei tussen volwasse mans en vroue, en tussen seuns en dogters. Ons voeg al vier hierdie groepe bymekaar in een databasis, en vind 139 266 unieke inskrywings. Van hierdie individue verskyn egter meer as een keer in die datastel. Sommige individue sou meer as een keer in die rekords verskyn omdat hulle tussen kampe beweeg het, of omdat die rekords moontlik oorvleuel. Ons skep dus 'n nuwe individu-ID deur die persoon se naam, van en plek van herkoms bymekaar te voeg. Hierdie metode is nie perfek nie en daar bly steeds enkele persone waarvoor daar meer as een observasie is. Dit is weens die verskillende spellings van die persoon se naam (hoewel Van Heyningen haar bes doen om die spelling te standaardiseer) asook omdat die plek van herkoms somtyds verander soos die persoon van kamp tot kamp beweeg. Tog is dit die beste manier om op 'n konsekwente manier individue met mekaar te verbind. Deur die gebruik van hierdie metode daal die totale aantal observasies van 139 266 na 104 688.<sup>5</sup>

Van Heyningen se datastel sluit nie net die naam, van en datum van aankoms van elke kampbewoner in nie, maar ook 'n veelheid ander persoonlike inligting: die geslag, ouderdom,

<sup>4</sup> Volgens South African History Online [besigtig op 5 Oktober 2016], 'n gewilde aanlynbron vir inligting oor Suid-Afrikaanse geskiedenis, het 27 927 mense in die wit kampe gesterf. Daar is ook bronne wat die totaal op meer as 28 000 beraam. Ons wil nie hierdie vroeëre beramings in twyfel trek nie; ons fokus is op die datastel tot ons beskikking.

<sup>5</sup> Ons verwyder ook 57 observasies waar ons algoritme beweer 'n individu het meer as 10 keer kampe verwissel. Dit is waarskynlik onwaar, en moontlik die gevolg van 'n naam wat meer as een keer herhaal word.

huwelikstatus, ras, nasionaliteit, beroep, dorp van oorsprong, kampnaam, datum van ontslag, rede vir ontslag, of die individu gesterf het, en waarom die individu gesterf het, indien wel. Die inligting is egter nie volledig vir elke individu nie. Tabel 1 gee 'n kort oorsig oor die hoeveelheid inligting wat beskikbaar is vir elk van die veranderlikes.

**TABEL 1:** Aantal observasies vir elke veranderlike

Hoof van huis-houding	Geslag	Ras	Huwelikstatus	Nasionaliteit
104 688	104 688	100 136	97 091	104 412
Beroep	Ouderdom met aankoms	Datum van aankoms	Datum van ontslag	Lengte van verblyf
13 626	88 536	89 641	71 728	69 874

Ons gebruik hierdie inligting om ook 'n verskeidenheid ander veranderlikes te skep. Een van die belangrikste vir ons analise hier is die lengte van verblyf in die kampe. Omdat ons die datum van aankoms en die datum van ontslag weet, kan ons die verskil bereken as die lengte van verblyf. Die gemiddelde lengte van verblyf is 278 dae per individu.

Ons gebruik die inligting oor die beroep van elke kampbewoner om 'n HISCO-punt te bereken. HISCO verwys na die Historical International Classification of Occupations en orden verskillende beroepsvlakke op 'n 10-punt-skaal (Van Leeuwen, Maas & Miles 2002). Tabel 2 lys die verskillende kategorieë en toon hoeveel observasies ons in elkeen van die kategorieë vind.

**TABEL 2:** Die HISCO-indeling van die konsentrasiekampbewoners

Kategorie	Voorbeeld	Kode	Aantal	Persentasie
Wetenskaplikes (hoogs gekwalifiseerd)	Dokters	0	25	0.18
Wetenskaplikes (effens minder gekwalifiseerd)	Onderwysers	1	157	1.15
Administrateurs	Bestuurders	2	52	0.38
Klerke	Boekhouer	3	270	1.98
Handelaars	Polisverkopers	4	66	0.48
Dienswerkers	Kokke	5	561	4.12
Landbouers en ander primêre sektore	Boere	6	11 479	84.24
Vervaardigingsektor	Kleremakers	7	178	1.31
Vervaardigingsektor	Juweliers	8	345	2.53
Vervaardigingsektor	Verwers	9	493	3.62
<b>Totaal</b>			<b>13 626</b>	<b>100</b>

Hoewel die data van minder as 20% van individue in die datastel enige inligting oor 'n beroep bevat, is daar steeds meer as 13 000 individue wat 'n beroep lys, en meer as 'n 1 000 unieke beroepe. Die oorgrote meerderheid van hierdie individue was boere – byna 85% van die individue met beroepsinligting. Natuurlik was nie al hierdie boere ewe welgestel nie; sommige was welverend met groot plase, terwyl ander as bywoners geklassifiseer sou word. Maar daar was ook 'n hele paar wetenskaplikes en individue in ander professionele beroepe, asook klerke, handelaars, dienswerkers en meer as 'n 1 000 individue wat in die vervaardigingssektor werksaam was.

Ons skep ook 'n nuwe veranderlike om die inligting saam te vat wat as redes vir ontslag gegee is.<sup>6</sup> Ons identifiseer 10 algemene redes, en tabel 3 toon hoe dikwels elke rede gegeld het. Van die kampbewoners met die toepaslike inligting in hul rekords het 26% die kampe verlaat omdat hulle verplaas is; 22% is terug na hul huis of familie, en 'n verdere 19% het in die kampe gesterf. Let daarop dat laasgenoemde slegs die sterfgevalle is wat in die redes vir ontslag gelys is; volgens ons datastel is daar altesaam 24 725 sterfgevalle (23.62% van die totaal).

**TABEL 3:** Redes vir ontslag uit die kampe

Rede	Kode	Aantal	Persentasie
Een maand se proviand (1MR)	1	8 555	14.05
Sterfte	2	11 486	18.86
Weggeloop	3	321	0.53
Verplaas	4	16 079	26.4
Gearrester of gedeporteer	5	245	0.4
Gaan werk	6	232	0.38
Sluit aan by vrywilligers, polisie	7	702	1.15
Terug na huis of na familie	8	13 214	21.7
Verlaat (onbekend)	9	9 068	14.89
Ander	10	994	1.63
<b>Totaal</b>		<b>60 896</b>	<b>100</b>

Laastens gebruik ons inligting uit Van Heyningen se datastel om die 13 algemeenste oorsake vir sterfte te identifiseer. Tabel 4 lys die 13 verskillende redes, en gee ook die aantal keer wat elke rede gebruik is. Byna die helfte van die mense wat gesterf het waarvoor inligting beskikbaar is, is dood aan infeksie. 'n Verdere 17% het gesterf weens siektes wat met die asemhalingstelsel verbind kan word.

<sup>6</sup> Ons gebruik die rede vir ontslag van die laaste kamp wat die individu bewoon het.

**TABEL 4:** Redes vir sterfte

Rede	Kode	Aantal	Persentasie
Geboorte	1	140	0.66
Kanker	2	78	0.37
Kardiaal	3	340	1.6
Bejaarde	4	250	1.18
Gastroïntestinaal	5	2 160	10.15
Infeksie	6	10 656	50.08
Kampsiekte	7	706	3.32
Neurologies	8	591	2.78
Urologies	10	90	0.42
Asemhaling	11	3 722	17.49
Trauma	12	81	0.38
Ander	9	1 845	8.67
Onbekend	13	617	2.9
<b>Totaal</b>		<b>21 276</b>	<b>100</b>

Met hierdie opgeknapte datastel kan ons nou standaardstatistiese toetse gebruik om te bepaal watter kampbewoners meer geneig was om langer aan te bly, en wie ’n groter waarskynlikheid sou hê om in die kampe te sterf.


### WIE WAS IN DIE KAMPE?

Die konsentrasiekampe het ongeorganiseerd ontstaan in reaksie op die oorlogsomstandighede. Om hierdie rede is die kampe oorspronklik “beskermingskampe” genoem. Aanvanklik was dit slegs vir Boeremans en hul gesinne bedoel wat nie aan die oorlog wou deelneem nie, maar spoedig het vroue sonder heenkome weens die oorlogsomstandighede ook hulle weg na die kampe gevind of is teen hulle wil daarheen vervoer. Die kamp by Bloemfontein, byvoorbeeld, wat in 1900 tot stand gekom het, was spesifiek ’n kamp vir wapenneerlêers, asook die een in Pretoria. Die meeste van die kampbewoners sou egter met Kitchener se verskroeiende beleid van 1901 arriveer, soos figuur 1 demonstreer.

Volgens ons datastel is daar 4 223 individue wie se datum van aankoms as voor 27 Desember 1900 aangetoon word, die datum waarop Emily Hobhouse aangeland het. Reeds met haar aankoms was sommige van die kampe onder swak bestuur en het ’n paar reeds, soos sy sê, heeltemal “uitmekaar geval”. Stanley haal Hobhouse aan: “The authorities are at their wits’ end, and have no more idea of how to cope [...] than the man on the moon. Crass male ignorance, stupidity, helplessness and muddling [...] it is a miserable patch upon a great wrong” (Stanley 2006:132). In die volgende jaar sou die kwaliteit egter nog beduidend afneem soos

die getalle wat na die kampe gegaan het, toegeneem het. Reynolds verduidelik dat die verniel of vernietiging van dorpe, plase en voedselvoorrade veral verantwoordelik was vir die toename in getalle (Reynolds 2007:28-31).


Namate die Boere hulle tot guerrilla-oorlogvoering gewend het, het die Britse magte opdrag gekry om plaashuise as strafmaatreël af te brand. Op hierdie manier is die Boere se ondersteuning en skuilplekke aangeval. Vanaf Januarie 1901 is plaashuise onder Lord Kitchener voor die voet afgebrand, sonder om eers te wete te kom of diegene aan wie dit behoort militêre ondersteuning aan die Boere bied. Kitchener het gehoop dat dit die Boere vinniger sou dwing om oor te gee (Van Heyningen 2013:76).



**Figuur 1:** Histogram van eerste datum van aankoms van kampbewoners

Figuur 2 toon die teenwoordigheid van mans in die konsentrasiekampe. Alhoewel daar dus heelwat mans in die konsentrasiekampe was, word daar nie veel oor hulle geskryf nie. Stanley (2005: 64) skryf dit toe aan die verdeeldheid wat hulle teenwoordigheid onder Boere veroorsaak het. Hoewel daar beduidend meer vroue van die ouderdom 15 tot 59 jaar is, was daar steeds 'n groot aantal mans van hierdie ouderdomme in die kampe woonagtig (39 555 in totaal). Boonop is mans van 60 jaar en ouer 'n groter groep as vroue van dieselfde ouderdom.

Die rede hiervoor is dat baie mans wat wapens neergelê het nêrens anders 'n tuiste kon vind as in die kampe nie. Daar was beperkte plek vir hulle in dorpe en hulle het ook nie toegang tot hulle vee gehad nie, met die gevolg dat hulle op kampe aangewese was. Die wapenneerlêers is toegelaat om hul vee by hul plase op te pas, maar aangesien hulle bang was vir die Boeremagte, het hulle eerder van hulle vee naby die kampe laat wei (Pretorius 1985:56).



**Figuur 2:** Ouderdomspiramide van konsentrasiekampbewoners


Nasson en Grundlingh (2013:60) verwys na sowat 40% van die Boeremagte wat tussen Maart en Junie 1900 oorgegee het. Hulle spekuleer oor die moontlikheid van 'n klasseverdeling tussen diegene wat oorgegee het en diegene wat voortgegaan het met oorlog voer. Welvarende Boere het vinniger oorgegee omdat hulle meer gehad het om te verloor. Aan die ander kant was daar getuies van kleinboere wat nie wou veg nie omdat die meer gegoede Boere tuis gebly het. Ouer mans was ook meer geneig om oor te gee omdat hulle hul vroue en dogters wou beskerm. Volgens Van Heyningen (2013:23) was die meerderheid van die wit kampbewoners bywoners wat byna geen grond besit het nie. Hierdie stelling word egter betwis in die literatuur, maar ongelukkig laat die data ons nie toe om dit te bevestig of weêrlê nie (Pretorius 2010).

Jong mans in die kampe was sentraal tot die ekonomiese onderhoud van die kampe (Van Heyningen 2013:234-236). Dié mans is gedwing om 'n sekere aantal ure per dag te werk om hulle besig te hou, maar is ook aangemoedig om meer te werk deur hulle met ekstra kos te vergoed. Die mans het skoonmaakwerk gedoen, opgetree as polisie en ook houtwerk gedoen.

Aanvanklik is weinig navorsing oor swart mense in die konsentrasiekampe gedoen. Die kampe was nie soseer verdeel nie, maar swart mense is hoofsaaklik vir arbeid gebruik en tussen verskillende kampe gestuur – hulle het gewerk as polisie, kokke, skoonmakers, vullisverwyderaars, ensovoorts (Stanley 2005:209). Daar is ongelukkig slegs 125 bruin en 146 swart kampbewoners in Van Heyningen se datastel, en daarom is dit baie moeilik om 'n statisties beduidende gevolgtrekking oor hierdie groepe te maak.<sup>7</sup> Gevolglik fokus ons studie byna uitsluitlik op die wit kampbewoners.

<sup>7</sup> Volgens Kessler (2012) was daar 38 swart kampe in die Transvaal met 'n totaal van 75 400 swart bewoners en 28 kampe in die Oranje Vrystaat met 56 000 swart bewoners (bl. 289). Volgens Kessler is meer as 21 000 mense dood in hierdie kampe.

Vrede is op 31 Mei 1902 gesluit en die Britse Oorlogskantoor het toegestem om die repatriasie van die kampbewoners tot einde Desember te befonds. Net soos met die instelling van die kampe, het die repatriasie ook baie ongeorganiseerd plaasgevind. Diegene wat hul eie vervoer gehad het, kon die kampe dadelik verlaat, maar diegene wat van treine en waens afhanklik was, moes wag op 'n geleentheid. Van Heyningen (2013:290) vertel hoe sommige mense sonder kos oor ver afstande moes trek om na hul plase terug te keer. Mans is aangeraai om so gou moontlik na hul plase terug te keer, maar die meeste van hulle wou nie hulle families agterlaat nie. Figuur 3 gee 'n aanduiding van die getalle wat tydens en ná die oorlog die kampe verlaat het.



**Figuur 3:** Die aantal kampbewoners wat die kampe verlaat het, sowel as die tydperk


Vroue is gesien as “afhanklik” en is nie toegelaat om die kampe op hul eie te verlaat nie. Alhoewel sommige na hul plase wou terugkeer om met die plantseisoen voort te gaan, is hulle nie toegelaat nie, tensy daar ’n man in die geselskap was. Hierdie situasie het troues vir weduwees aangemoedig, terwyl weeskinders meestal deur familie of vriende ingeneem is (Van Heyningen 2013:298-299). Ook families uit die Kaapkolonie het aangebied om van die weeskinders in te neem.

Soos figuur 3 toon, het repatriasie in die winter plaasgevind. Diegene wat gerepatrieer is, het nie noodwendig vee oorgehad nie, en het baie keer na die kampe teruggekom vir rantsone. Dit het vinnig gelei tot ’n tekort aan voedsel. Die droogte wat op die oorlog gevolg het, het ook nie voedselproduksie aangehelp nie.

’n Verdere probleem was dat diegene wat siek was, nie toegelaat is om die kampe te verlaat nie. In die Bethulie-kamp, byvoorbeeld, het skarlakenkoors uitgebreek en is alle repatriasie uit die kamp gestaak weens die epidemie (Van Heyningen 2013:292).

## HOE LANK MOES HULLE BLY?

Tot dusver is daar weinig statistiese bewyse beskikbaar wat kan bevestig waarom sommige mense langer in die kampe moes bly as ander. Ons maak gebruik van oorlewingsanalise (*survival analysis*) om die faktore te identifiseer wat gekorreleer was met die lengte van verblyf in die kampe. Oorlewingsanalise is 'n statistiese tegniek wat in 'n verskeidenheid vakgebiede, van ingenieurswese en die mediese wetenskappe tot ekonomie en sosiologie, gebruik word. Dit ontleed die tydsverloop voor 'n bepaalde gebeurtenis – soos 'n sterfte of die verlaat van 'n konsentrasiekamp. Die oorlewingsfunksie is die waarskynlikheid dat 'n individu 'n bepaalde gebeurtenis “oorleef” langer as tyd  $t$ . 'n Kaplan-Meier grafiek word normaalweg gebruik om hierdie funksie voor te stel.



**Figuur 4:** Kaplan-Meier-oorlewingsberamings

Figuur 4 toon die waarskynlikheid om vir 'n spesifieke aantal dae in die kampe te bly, verdeel volgens die sewe breedweg gedefinieerde nasionaliteite in die dataset. Die grafiek kan as volg gelees word: Op 200 dae was die kans groter as 50% vir kampbewoners afkomstig van die Vrystaat, Transvaal of Kaapkolonie om steeds in die kampe te wees; vir kampbewoners uit Swaziland, Natal of die Europese vasteland was dit waarskynlik kleiner as 25%, en vir dié uit Brittanje kleiner as 30%. Daar was dus 'n baie groter kans dat Boere uit die Boererepublieke en Kaapkolonie langer in die kampe sou bly as kampbewoners afkomstig uit ander gebiede. Dit is wel interessant dat bewoners uit Brittanje wat in die kampe was gemiddeld langer gebly het as bewoners uit Natal, Swaziland of kontinentale Europa. Bewoners uit Brittanje – m.a.w. kampbewoners wat in Brittanje gebore is – was vermoedelik simpatiseerders met die Boere se saak, of Britse migrante wat reeds lank in Suid-Afrika woonagtig was.

Dit is egter nie net nasionaliteit wat gekorreleer is met die lengte van kampbewoners se verblyf nie. Ons gebruik die standaard-Cox-regressiefunksie kenmerkend van oorlewings-analise om te onderskei tussen die verskillende karaktertrekke wat die lengte van verblyf in die kampe gekenmerk het. Die resultate word in tabel 5 getoon.

Ons werk met vier verskillende spesifikasies. Die eerste sluit slegs 'n veranderlike in wat die persoon se ouderdom meet, en geslag voorstel. Die tweede spesifikasie voeg veranderlikes vir die persoon se ras, huwelikstatus en gesinstatus (hoof van gesin of nie) by. Die derde spesifikasie voeg die nasionaliteit van die individu by, terwyl die vierde spesifikasie die beroep van die individu byvoeg. Omdat ons so min observasies van beroep het, is die steekproefgrootte aansienlik kleiner in die laaste spesifikasie, en gaan ons dus minder op hierdie resultate staatmaak. Derhalwe is spesifikasie 3 ons voorkeurspesifikasie.

Tabel 5 vertoon die koëffisiënte van elk van die veranderlikes. 'n Positiewe koëffisiënt beteken dat die veranderlike met korter verblyf in die kampe geassosieer word; in spesifikasie 1, byvoorbeeld, sal die beduidend negatiewe koëffisiënt beteken dat vroue langer in die kampe woonagtig was. In spesifikasie 3, wanneer ander veranderlikes ingesluit word, word dié veranderlike onbeduidend, wat beteken dat vroue nie langer in die kampe gebly het as vir ander karaktereienskappe wat gekontroleer word nie.

**TABEL 5:** 'n Cox-regressie met die lengte van verblyf as afhanklike veranderlike, slegs vir bewoners wat nie gesterf het nie

	<b>Spes 1</b>	<b>Spes 2</b>	<b>Spes 3</b>	<b>Spes 4</b>
Ouderdom	0.001*** (5.04)	0.002*** (6.57)	-0.000 (-0.36)	-0.003*** (-3.81)
Vroulik	-0.066*** (-7.86)	-0.059*** (-7.00)	-0.016 (-1.83)	0.052* (2.10)
Transvaal		0.358*** (40.33)	0.324*** (35.43)	0.296*** (12.21)
Kaapkolonie		-0.042 (-1.17)	-0.055 (-1.54)	-0.014 (-0.19)
Swaziland		1.450*** (6.79)	1.405*** (6.28)	1.296** (2.58)
Natal		2.123*** (7.93)	2.171*** (7.82)	
Kontinentale Europa		1.374*** (8.57)	1.898*** (9.29)	1.929*** (5.72)
Brittanje		0.922*** (7.97)	0.908*** (7.36)	0.963*** (3.80)
Bruin			-0.443 (-0.44)	
Swart			1.345*** (4.03)	0.630 (0.63)
Hoof van gesin			0.125*** (7.86)	0.015 (0.30)
Getroud			-0.053** (-2.81)	-0.171*** (-3.61)

**TABEL 5:** 'n Cox-regressie met die lengte van verblyf as afhanklike veranderlike, slegs vir bewoners wat nie gesterf het nie (*vervolg*)

	Spes 1	Spes 2	Spes 3	Spes 4
Wewenaar/weduwee			-0.025 (-0.72)	-0.085 (-1.32)
HISCO 1				-0.570* (-2.05)
HISCO 2				-0.325 (-0.99)
HISCO 3				-0.472 (-1.78)
HISCO 4				0.005 (0.02)
HISCO 5				-0.662** (-2.58)
HISCO 6				-0.456 (-1.81)
HISCO 7				-0.579* (-2.17)
HISCO 8				-0.684** (-2.61)
HISCO 9				-0.361 (-1.39)
<b>N</b>	<b>57 514</b>	<b>57 442</b>	<b>52 944</b>	<b>8 096</b>


Notas: Koëffisiënte eerder as die kansverhouding (*odds ratio*) word vertoon. Z word tussen hakies vertoon. \*\*\* beteken beduidend by die 1%-vlak, \*\* die 5%-vlak en \* die 10%-vlak. Behalwe vir die "Vroulik"-veranderlike, word nie een van die ander veranderlikes se toets vir eweredigheid (*proportionality*) by die 1%-vlak van beduidendheid verwerp nie (in spesifikasie 4). Die aanname van eweredigheid vir meeste veranderlikes slaag dus. Wanneer die geslag-veranderlike uit die spesifikasies gehaal word, bly die interpretasie van die ander resultate dieselfde. Omdat dié veranderlike egter belangrik is in die konteks van hierdie studie, word dit steeds ingesluit in die spesifikasies hierbo.

Die nasionaliteit-veranderlikes toon dieselfde resultate as figuur 4 (die Oranje-Vrystaat is die verwysingskategorie). Kampbewoners van die Transvaal, maar veral van Swaziland, kontinentale Europa, Natal en Brittanje het korter in die kampe gebly as bewoners van die Oranje-Vrystaat en die Kaapkolonie. Spesifikasie 3 toon ook dat bruin kampbewoners nie beduidend langer of korter as wit kampbewoners gebly het nie, maar dat swart kampbewoners wel beduidend korter in die kampe woonagtig was. Dit is egter nodig om weereens te herhaal dat die steekproefgrootte beteken dat hierdie veranderlike versigtig geïnterpreteer moet word.

Dit wil wel voorkom of die hoof-van-die-huishouding-veranderlike beduidend positief is, wat beteken dat mans en vroue wat hoof van hul huishouding was, meer geneig was om korter in die kampe te bly. So ook is die huwelikstatus-veranderlike interessant. Dit wil voorkom of getroude individue langer as ongetroude individue in die kampe moes bly, en dat daar geen

verskil tussen wewenaars/weduwees en enkellopendes is nie. Interessant genoeg, wanneer die geslag-veranderlike en die huwelikstatus-veranderlike saamgevoeg word in 'n interaksie-veranderlike (nie hierbo getoon nie), toon dit dat getroude mans relatief langer in die kampe gebly het as getroude vroue (hoewel vroue oor die algemeen langer gebly het as mans). Van die mans het duidelik in die kampe gebly om by hulle gesinne te wees. Laastens, in spesifikasie 4 sluit ons die beroepsklassifikasie ook in. Weens die groot aantal individue wat nie hul beroep gerapporteer het nie, daal dié steekproef aansienlik. Nogtans is dit interessant om te sien dat hoogs professionele persone korter in die kampe gebly het as laegekoolde arbeiders (HISCO 7, 8 en 9). Ongelukkig is die kategorie vir boere en bywoners dieselfde, wat dit bemoeilik om tussen die twee groepe te onderskei.

Die probleem met hierdie standaardoorlewingsanalisebenadering is dat dit nie die moontlikheid in ag neem dat mense tydens die tydperk op 'n ander manier die kampe kon verlaat nie: hulle kon natuurlik ook gesterf het. Dit vereis dus 'n mededingenderisiko-analise, waar beide die moontlikheid van ontslag en die moontlikheid van afsterwe in ag geneem word. Hiervoor word Fine en Gray se model gebruik (Fine & Grey 1999). Sover ons kennis strek, is dit die eerste keer dat hierdie tegniek in ekonomiese geskiedenis-analise toegepas word.



**Figuur 5:** Mededingende risiko

Figuur 5 toon die kumulatiewe insidensie van kampbewoners uit die verskillende streke. Dit is opvallend om daarop te let hoe hierdie resultate verskil van die voorafgaande analise, wat nie die waarskynlikheid om te sterf in ag neem nie. In plaas van Kaapkolonie-kampbewoners wat nou langer bly, is dit Vrystaatse kampbewoners wat langer in die kampe woon. Daarna volg Kaapkolonie-bewoners en dan bewoners uit die Transvaal. Die mededingenderisiko-analise toon dus dat, gegewe die feit dat mense ook tydens die kampe gesterf het, Vrystaatse bewoners die langste in die kampe gewoon het voordat hulle dit verlaat het.

## WIE HET GESTERF IN DIE KONSENTRASIEKAMPE, EN WAAROM?

Volgens amptelike statistieke het ten minste 26 000 individue, waarvan die meeste kinders was, in die konsentrasiekampe gesterf. Volgens die datastel wat hier gebruik word het 'n totaal van 24 750 individue gesterf, wat nie ver van die amptelike syfer is nie. Die diskrepansie is waarskynlik weens vermiste inligting toe die individue in hierdie datastel se verskillende inskrywings geïntegreer is.

Die meeste Boerefamilies het iemand verloor. Indien die skattings van die bevolking korrek is, is meer as 12% van die wit bewoners van die twee Boererepublieke in die konsentrasiekampe dood.<sup>8</sup> Reynolds (2007:41-46) verskaf 'n lys van die konsentrasiekampe en sterftes per kamp. Sy wys daarop dat bronne van mekaar verskil en dat dit dus moeilik is om 'n presiese syfer van die sterftes te verskaf. 'n Moontlike rede is die verskillende wyses waarop dieselfde vanne gespel is (byvoorbeeld Ackerman teenoor Ackermann, Claasen teenoor Claassen teenoor Claassens), soos ons ook in die Van Heyningen-datastel vind wat hier gebruik word.

Die vraag ontstaan of die sterftekoers onder Boere voor die oorlog nie ook hoog was nie. Die twee sensusse van 1880 en 1890 vir die Vrystaat, en 1890 vir die Transvaal, toon vir die Vrystaatse bevolking 'n verspreiding vergelykbaar met ander pre-industriële lande, maar wel 'n buitengewoon hoë persentasie mense ouer as 70 jaar. Die Transvaal-sensus is moeilik om te interpreteer weens die toestroming tot die goudvelde wat plaasgevind het. Wat wel blyk, is dat vroue konstant 'n hoër sterftekoers as mans toon (Van Heyningen 2013: 39).

Die sterftes in kampe het gedaal nadat die kamporganisasie verbeter is (Pretorius 1985:60). Soos tevore genoem, was die onsekerheid oor verantwoordelikheid vir die kampe 'n rede vir die swak administrasie – was dit 'n siviele of 'n militêre aangeleentheid? Teen November 1901 is egter begin om die kampe as 'n siviele aangeleentheid te hanteer en het die toestande verbeter. Die filantropiese werk van Emily Hobhouse het hiertoe bygedra. Nadat Hobhouse in die middel van 1901 na Brittanje teruggekeer het en die Britse burgery oor die toestande in die kampe ingelig het, het die Britse owerhede teen einde 1901 hervormings begin aanbring, veral nadat die Britse *Ladies Committee* die kampe besoek het (Van Heyningen 2013:207). Verder het lord Kitchener ook besluit om nie meer mense tot die kampe toe te laat nie, en alhoewel daar net gedeeltelik gehoor aan gegee is, het die kampe stadiger gegroei.

Reynolds (2007:95) bespreek juis die hoë konsentrasie van mense as 'n belangrike oorsaak vir die hoë sterftekoers. Soos die tyd verloop het, is daar nie nuwe kampe opgerig nie, maar oues is verdig – nuwe tente is tussen ou tente opgeslaan. So 'n hoë konsentrasie van mense

<sup>8</sup> Omdat die hoë sterftes in die konsentrasiekampe rugbaar geraak het, het baie vroue en kinders in die veld bly swerf nadat hulle huise afgebrand is. Hiervan was die bekendste Nonnie de la Rey, die vrou van die boeregeneraal Koos de la Rey. Pretorius (1991: 333) suggereer dat daar ten tye van die vredesamesprekings benewens die ongeveer 10 000 Transvalers ook tussen 2000 en 4000 vroue en kinders in die Vrystaat in die veld rondgeswerf het. Sien ook Reynolds (2007: 96).

bymekaar het die moontlikheid van siektes laat toeneem. Sy beskryf ook die swak keuse van plekke waar kampe opgerig is as 'n bydraende faktor tot koue en nat toestande in die kampe.

Higiëne was 'n groot probleem, maar nie net in die kampe nie. Diere wat tydens (en as gevolg van) die oorlog gevrek het, se verrottende karkasse is in die veld agtergelaat. In die kampe was seep byvoorbeeld nie maklik verkrygbaar nie. Volgens Reynolds (2007:98-99) het die seepprantsoene eers in Januarie 1902 beskikbaar geraak. Sy skryf ook dat kampamptenare nie sindelikhed bevorder het nie en dat akkommodasie oor die algemeen gebrekkig was. Die wintermaande van 1901 was veral dodelik aangesien dit buitengewoon koud en nat was, en met die gebrek aan goeie tente het baie mense siek geword. Onhigiëniese toilette en water wat nie noodwendig skoon was nie, het menige maal tot kroniese diarree gelei.

Voedsel self het ook tot sterftes bygedra. Die voedsel was meestal van lae kwaliteit en van beperkte omvang. 'n Kampdieet het bestaan uit meel, sout, suiker, koffie en vleis (laasgenoemde meer vel en been as vleis en "meermale in 'n bedenklike toestand") (Nasson & Grundlingh 2013: 98). Die weerhouding en gee van kos is gebruik as straf of beloning (Van Heyningen 2013:124).

Hospitale in kampe was aan die begin net tente of hutte, maar is later uitgebrei. Sommige kampe was verdeel volgens "hospitaalsale" terwyl ander kampe 'n spesifieke hospitaal gehad het. Hospitale het onder die kampbewoners 'n slegte naam gehad as "'n plek waar mense sterf" (Stanley 2005:153).

Kinders in kampe het min weerstand gehad teen algemene siektes, soos byvoorbeeld die maselsepidemie van die winter van 1901. Stanley (2005:64) vind dit vreemd dat daar soveel oor die vrou geskryf word wat in die kampe gesterf het, maar nie oor die kinders nie. Mens sou die mans ook hier kan byvoeg. Sy verwys na die Vrouemonument in Bloemfontein wat ná die oorlog opgerig is, maar niks soortgelyks vir die kinders nie. Sy spekuleer dat 'n moontlike rede hiervoor die reeds hoë sterftekoers onder plaaskinders teenoor dié onder dorpskinders voor die oorlog is. 'n Ander opsie wat sy noem is dat kinders in terme van nasionalistiese oogmerke nie so belangrik soos vroue se voortplantingsrol was nie (Stanley 2005:113). Nog 'n moontlikheid is dat diegene wat ná afloop van die oorlog boeke geskryf het, nie kinders gehad het nie, en dus nie die dood van kinders direk ervaar het nie.

Met die data tot ons beskikking kan bepaal word watter groepe 'n hoër kans gehad het om tot sterwe te kom. Tabel 6 en 7 toon die aantal sterftes vir die verskillende geslagte, ouderdomme en nasionaliteite.

**TABEL 6:** Beskrywende statistiek van kampsterftes volgens geslag en ouderdom

<b>Getalle</b>	<b>Mans</b>	<b>Vroue</b>	<b>Seuns</b>	<b>Dogters</b>	<b>Totaal</b>
Oorleef	14 931	24 350	20 779	19 903	79 963
Gesterf	1 868	4 547	9 233	9 077	24 725
Totaal	16 799	28 897	30 012	28 980	104 688
<b>Persentasies</b>	<b>Mans</b>	<b>Vroue</b>	<b>Seuns</b>	<b>Dogters</b>	<b>Totaal</b>
Oorleef	88.9%	84.3%	69.2%	68.7%	76.4%
Gesterf	11.1%	15.7%	30.8%	31.3%	23.6%


Notas: Ons volg die klassifikasie van seuns en dogters volgens Van Heyningen, dit wil sê, persone onder die ouderdom van 18 jaar.

**TABEL 7:** Beskrywende statistiek van kampsterftes volgens nasionaliteit

<b>Getalle</b>	<b>OVS</b>	<b>Transvaal</b>	<b>Kaapkolonie</b>	<b>Swaziland</b>
Oorleef	28 189	50 345	864	41
Gesterf	11 251	13 010	401	3
Totaal	39 440	63 355	1 265	44
<b>Persentasies</b>	<b>OVS</b>	<b>Transvaal</b>	<b>Kaapkolonie</b>	<b>Swaziland</b>
Oorleef	71.5%	79.5%	68.3%	93.2%
Gesterf	28.5%	20.5%	31.7%	6.8%
<b>Getalle</b>	<b>Natal</b>	<b>Kontinentale Europa</b>	<b>Brittanje</b>	<b>Totaal</b>
Oorleef	35	87	137	79 698
Gesterf	27	7	15	24 714
Totaal	62	94	152	104 412
<b>Persentasies</b>	<b>Natal</b>	<b>Kontinentale Europa</b>	<b>Brittanje</b>	<b>Totaal</b>
Oorleef	56.5%	92.6%	90.1%	76.3%
Gesterf	43.5%	7.4%	9.9%	23.7%

Die syfers is effens verrassend. Terwyl 15.7% van vroue ouer as 18 in die kampe gesterf het, het 11.1% van mans ouer as 18 ook gesterf. Die uitsonderlike fokus op vrouesterftes is dalk effens verwronge. Daarenteen het meer as 18 000 kinders gesterf, en teen baie hoë koerse: 30.8% van alle seuns en 31.3% van alle dogters. Tabel 7 toon ook dat hoewel baie meer Vrystaters en Transvalers in die oorlog gesterf het, die aantal sterftes vir kampbewoners afkomstig uit die Kaapkolonie (31.7%) en Natal (43.5%) hoër was.

Statistiese tegnieke laat ons toe om nie net die proporsie van sterftes te bepaal nie, maar ook hoe lank individue in die kampe gebly het voordat hulle gesterf het. Weereens kyk ons nou net na die bevolking wat afgesterf het. Figuur 6 toon die kumulatiewe insidensie-funksies van sterftes tussen mans en vroue. Die twee vertikale lyne van figuur 6 stel onderskeidelik een en twee jaar voor. Ná 100 dae in die kampe was die waarskynlikheid om te sterf reeds 10%. Ná 'n jaar het dit vermeerder na 20%, en ná nog 'n jaar na 30%. Dit wil ook blyk dat die mans wat wel gesterf het meer waarskynlik was om korter ná hul aankoms in die kampe te sterf as wat met vroue die geval was. (In resultate wat nie gewys word nie, blyk dit dat hierdie verskynsel vir alle ouderdomsgroepe geld.) Die verskil tussen mans en vroue is egter nie baie groot nie, soos gesien kan word in tabel 8, wanneer addisionele veranderlikes ingesluit word.



**Figuur 6:** Kumulatieweinsidensie-funksie wat tussen mans en vroue onderskei

Dieselfde regressietegniek as in tabel 5 word toegepas om te bepaal watter veranderlikes gekorreleerd is met die lengte wat bewoners in die kampe gewoon het voordat hulle gesterf het. Net die inligting van mense wat wel in die kampe gesterf het word gebruik (en sluit dié wat die kampe verlaat het uit). Tabel 8 toon die resultate.

Die eerste twee veranderlikes toon die korrelasie tussen ouderdom en lengte van verblyf. Jonger en baie ouer kampbewoners was nie net meer geneig om te sterf nie (soos die beskrywende statistieke aantoon), maar hulle het ook korter in die kampe gebly voordat hulle gesterf het. Interessant genoeg, is vroue se koëffisiënt positief maar onbeduidend, wat beteken dat vroue nie 'n korter tydperk in die kampe gebly het voordat hulle gesterf het nie, in teenstelling met figuur 6 wat 'n klein voordeel vir vroue toon. Tabel 5 toon dat vroue langer as mans gebly het, en tabel 6 toon dat 'n groter proporsie gesterf het.

Weinig van die ander nasionaliteit-fopveranderlikes is beduidend, behalwe dié van Transvaal, wat beteken dat kampbewoners uit die Transvaal vinniger in die kampe gesterf het as Vrystaters. Getroudes, wewenaars/weduwees en gesinshoofde het langer in die kampe oorleef voordat hulle tot sterwe gekom het.

'n Derde van mans en vroue wat gesterf het, het in die eerste 100 dae ná aankoms in die kampe gesterf; nog 'n derde het tot aan die einde van jaar een oorleef, en nog 'n derde tot aan die einde van jaar twee. Daar was ook nie so 'n groot onderskeid tussen mans en vroue in die kampe nie. Tabel 5 toon dat vroue en mans ewe lank in die kampe gewoon het. Volgens figuur 6 blyk dit dat mans wat gesterf het korter gebly het, maar die resultate word in twyfel getrek deur die onbeduidende fopveranderlike in tabel 8 (wanneer ander veranderlikes dus ingesluit word). Hoewel meer vroue as mans in die kampe gesterf het, het albei groepe ewe swaar gedra aan die las van die kampe.

**TABEL 8:** In Cox-regressie met die lengte van verblyf as afhanklike veranderlike, slegs vir bewoners wat gesterf het

	Spes5	Spes6	Spes7	Spes8	Spes9
Ouderdom	-0.036*** (-21.98)	-0.036*** (-21.94)	-0.036*** (-21.67)	-0.028*** (-12.83)	-0.031*** (-9.46)
Ouderdom <sup>2</sup>	0.000*** (14.16)	0.000*** (14.26)	0.000*** (14.24)	0.000*** (11.09)	0.000*** (6.81)
Vroulik		0.034 (1.67)	0.038 (1.88)	0.044* (2.10)	0.008 (0.27)
Transvaal			0.167*** (8.18)	0.177*** (8.60)	0.198*** (6.86)
Kaapkolonie			0.012 (0.13)	0.017 (0.17)	-0.087 (-0.51)
Swaziland			0.862 (1.49)	0.885 (1.53)	0.837 (1.18)
Natal			-0.531 (-0.53)	-0.507 (-0.51)	-0.568 (-0.57)
Kontinentale Europa			1.094* (2.44)	1.652 (1.65)	1.693 (1.69)
Brittanje			0.026 (0.10)	-0.148 (-0.51)	0.754 (1.07)
Bruina				1.825 (1.82)	
Hoof van gesin				-0.128** (-2.70)	-0.120 (-1.74)
Getroud				-0.180** (-3.24)	-0.212** (-2.77)
Wewenaar				-0.217* (-2.28)	-0.279* (-2.04)
<b>N</b>	<b>10 004</b>	<b>10 004</b>	<b>9 998</b>	<b>9 873</b>	<b>5 033</b>

Notas: <sup>a</sup>In hierdie regressie sluit die Bruin-fobveranderlike ook 4 swart bewoners in. Die rede vir die weglating van die koëffisiënt vir die Bruin-fobveranderlike in spesifikasie 9 is omdat geen observasies beskikbaar is vir bruin of swart bewoners wat ook hul beroep insluit nie. Koëffisiënte eerder as die kansverhouding (*odds ratio*) word vertoon. Z word tussen hakies vertoon. \*\*\* beteken beduidend by die 1%-vlak, \*\* die 5%-vlak en \* die 10%-vlak. Behalwe vir die "Ouderdom"-veranderlike, word nie een van die ander veranderlikes se toets vir eweredigheid by die 1%-vlak van beduidendheid verwerp nie. Die aanname van eweredigheid slaag dus. Die resultate bly dieselfde wanneer "Ouderdom" weggelaat word.

## GEVOLGTREKKINGS

Die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog het 'n prominente plek in Afrikanergeskiedenis. Nogtans is dit verbasend dat daar weinig statistiese ontleding van die kampbewoners se demografiese en termynprofiel is. In hierdie studie gebruik ons Elizabeth van Heyningen se omvattende nagevorste lys van kampbewoners om twee aspekte van die konsentrasiekampe te ondersoek: die lengte wat die kampbewoners in die kampe woonagtig was (en die karaktereienskappe wat met hierdie lengte gekorreleer is), en die omstandighede van kampsterfgevälle (en die faktore wat daarmee gekorreleer was).

Ons identifiseer 104 688 unieke individue in die kampe, waarvan 24 725 gesterf het voordat hulle die kampe verlaat het. Meer as 80% van kampbewoners was boere. Infeksie (50%), asemhalingsprobleme (17%) en gastroïntestinale kondisies (10%) was die grootste redes vir sterftes in die kampe. Hoewel daar 'n groter aantal vroue tussen die ouderdom van 15 en 59 in die kampe woonagtig was, was daar meer mans in die jonger en ouer ouderdomsgroepe aanwesig. Daar was ook 'n hele paar duisend mans van werksouderdom in die kampe.

Dit blyk dat daar wel verskille tussen die lengte van verblyf vir kampbewoners van verskillende nasionaliteite was. Verrassend genoeg het kampbewoners uit die Kaapkolonie die langste in die kampe gebly. Dit blyk egter weens die aantal bewoners van die Vrystaat te wees wat in die kampe dood is; wanneer die mededingenderisiko-model wat kontroleer vir die feit dat mense ook in die kampe kon sterf gebruik word, vind ons dat Vrystaters wel die langste in die kampe gebly het. Bewoners uit die Kaapkolonie het die tweede langste gebly, en bewoners uit die Transvaal die derde langste.

Die kombinasie van historiese data en statistiese tegnieke laat ons toe om hipoteses uit die verlede te hereksamineer. Die huidige analise is maar slegs die begin van die baie moontlikhede wat die beskikbare statistiek navorsers toelaat om te ondersoek, veral indien nutgetranskribeerde datastelle vanuit ander bronne by die datastel gevoeg word wat ons hier gebruik het. Die effek van verblyf in die konsentrasiekampe op die lewensverwagtinge van bewoners of die kontrasterende gevolge van verskillende ervarings in die kampe is maar net van die toekomstige navorsingsvrae wat met die samevoeging en verwerking van groot hoeveelhede primêre mikrodata moontlik gemaak word. Sulke innoverende kwantitatiewe geskiedenis gee ons nie net 'n beter begrip van die “droewige laslap op die voos kombers van onreg” wat die Anglo-Boereoorlog-konsentrasiekampe was nie, maar dit laat ons ook toe om dié tragiese gebeure te gebruik om hipoteses binne die mediese, demografiese, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe te toets.

## BIBLIOGRAFIE

- Bossenbroek, M.P. 2012. *De Boereoorlog*. Amsterdam: Athenaeum-Polak & Van Gennep.
- Browne, R. 2013. Verraaiers: A reflection. *Critical Arts*, 27(4):449-453.
- Cirillo, V.J. 2014. Arthur Conan Doyle (1859–1930): Physician during the typhoid epidemic in the Anglo-Boer War (1899–1902). *Journal of Medical Biography* 22(1): 2-8.
- Dampier, H. 2005. 'Everyday Life' in Boer Women's Testimonies of the Concentration Camps of the South African War, 1899-1902. In: Godfrey, B. & Dunstall, G. (red.) *Crime and Empire 1840-1940. Criminal Justice in Local and Global Context*. Cullompton: Willan Publishing, pp. 202-23.
- Denness, Z. 2012. Women and warfare at the start of the twentieth century: the racialization of the 'enemy' during the South African War (1899–1902). *Patterns of Prejudice* 46(3-4):255-276.
- Duff, S.E. 2014. 'Capture the children': Writing Children into the South African War, 1899-1902. *The Journal of the History of Childhood and Youth*, 7(3):355-376.
- Du Plessis, P.G. 2008. *Fees van die Ongenooides*. Kaapstad:Tafelberg.

- Fine, J. & Gray, R. 1999. A proportional hazards model for the subdistribution of a competing risk. *Journal of the American Statistical Association*, 94:496–509.
- Fourie, J. & Schirmer, S. 2012. The future of South African economic history. *Economic History of Developing Regions*, 27(1):114-124.
- Fourie, J. 2016. The data revolution in African economic history. *Journal of Interdisciplinary History*, 47(2):193-212.
- Godby, M. 2006. Confronting horror: Emily Hobhouse and the concentration camp photographs of the South African War. *Kronos*, 32:34-48.
- Grundlingh, A. 2007. Die historiese in die hede: Dinamika van die De la Rey-fenomeen in Afrikanerkringe, 2006–2007. *New Contree*, 53:147-166.
- Hyslop, J. 2011. The invention of the concentration camp: Cuba, Southern Africa and the Philippines, 1896–1907. *South African Historical Journal*, 63(2):251-276.
- Kessler, S. 2012. *The Black Concentration Camps of the Anglo-Boer War 1899-1902*. Bloemfontein: The War Museum of the Boer Republics.
- Labuschagne, P.A.H. & Van Vuuren, C.J. 2010. The destiny of the Human family and Johannes Seseane during the Anglo-Boer War, 1899-1902. *South African Journal of Cultural History*, 24(1):35-57.
- McCrahen, D.P. 2015. The relationship between British war correspondents in the field and British military intelligence during the Anglo-Boer War. *Scientia Militaria: South African Journal of Military Studies*, 43(1): 99-126.
- Miller, S.M. 2013. The British Way of War: Cultural Assumptions and Practices in the South African War, 1899-1902. *Journal of Military History*, 77(4):1329-1347.
- Nasson, B. & Grundlingh, A. 2013. *The War at Home – Women and families in The Anglo-Boer War*. Kaapstad: Tafelberg Publishers.
- Popple, S. 2002. From ‘Brother Boer’ to ‘Dirty Boers’: Colonizing the colonizers through the popular representations of the Boer in the British illustrated journal 1899–1902. *Journal of War & Culture Studies*, 5(2):137-156.
- Pretorius, F. 1985. *The Anglo-Boer War, 1899–1902*. Johannesburg: D. Nelson.
- Pretorius, F. 1991. *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog: 1899–1902*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Pretorius, F. 2010. The white concentration camps of the Anglo-Boer War: a debate without end. *Historia*, 55(2):34-49.
- Reynolds, C. 2007. Die ontwikkeling van ’n elektroniese genealogiese databasis van burgerlike sterftes tydens die Anglo-Boereoorlog 1899–1902. Tesis ter voltooiing van M.A. (Geskiedenis). Noordwes Universiteit, Vaaldriehoek-kampus.
- Riedi, E. 2005. Teaching Empire: British and Dominions Women Teachers in the South African War Concentration Camps. *The English Historical Review*, 120.489 (2005): 1316-1347.
- Seibold, B. 2011. *Emily Hobhouse and the Reports on the Concentration Camps during the Boer War, 1899–1902: Two Different Perspectives*. New York: Columbia University Press.
- Smith, F. 2015. *Kamphoer*. Kaapstad: Tafelberg.
- Smith, I.R. & Stucki, A. 2011. The colonial development of concentration camps (1868–1902). *The Journal of Imperial and Commonwealth History*, 39(3):417-437.
- Stanley, L. & Dampier, H. 2005. Aftermaths: Post/Memory, commemoration and the concentration camps of the South African War 1899–1902. *European Review of History—Revue européenne d’Histoire*, 12(1):91-119.
- Stanley, L. 2005. ‘A Strange Thing is Memory’: Emily Hobhouse, Memory Work, Moral Life and the Concentration System. *South African Historical Journal*, 52(1):60-81.
- Stanley, L. 2006. *Mourning Become...: Post/Memory and Commemoration of the Concentration Camps of the South African War 1899-1902*. Manchester: Manchester University Press.
- Swart, S. 2010. Horses in the South African War, c. 1899–1902. *Society & Animals*, 18(4):348-366.
- Van der Waal, K. & Robins, S. 2011. ‘De la Rey’ and the Revival of ‘Boer Heritage’: Nostalgia in the Post-apartheid Afrikaner Culture Industry. *Journal of Southern African Studies*, 37(4):763-779.
- Van Heyningen, E. 2008. Costly Mythologies: The Concentration Camps of the South African War in Afrikaner Historiography. *Journal of Southern African Studies*, 34(3): 495-513.

- Van Heyningen, E. 2009. The Concentration Camps of the South African (Anglo-Boer) War, 1900–1902. *History Compass*, 7(1): 22-43.
- Van Heyningen, E. 2010. 'Fools rush in': writing a history of the concentration camps of the South African War. *Historia*, 55(2):12-33.
- Van Heyningen, E. 2010. A tool for modernisation? The Boer concentration camps of the South African War, 1900–1902. *South African Journal of Science*, 106(5-6): 52-61.
- Van Heyningen, E. 2013. *The concentration camps of the Anglo-Boer War – a Social History*. Johannesburg: Jacana Media.
- Van Heyningen, E. 2013. *The Concentration Camps of the Anglo-Boer War - A Social History*. Johannesburg: Jacana.
- Van Leeuwen, M.H.D., Maas, I., & Miles, A. 2002. *HISCO. Historical international standard classification of occupations*. Leuven: Leuven University Press.
- Wassermann, J. 2007. 'Sowing the seeds of rebellion': Chief Bhambathaka Mancinza and the Anglo-Boer War, 1899–1902. *African Historical Review* 39(2):91-106.
- Wessels, A. & A Wohlberg. 2005. Black people and race relations in the largest Anglo-Boer War concentration camp: Merebank, 1901–1902. *New Contree*, 49: 33-47.
- Wessels, A. 2010. A Century of Postgraduate Anglo-Boer War (1899–1902) *Studies: Masters' and Doctoral Studies Completed at Universities in South Africa, in English-speaking Countries and on the European Continent, 1908–2008*. Stellenbosch: African Sun Media.
- Wessels, A. 2011. *The Anglo-Boer War 1889–1902: White Man's War, Black Man's War, Traumatic War*. Stellenbosch: African Sun Media.
- Zietsman, P. 2001. Die konsentrasiekampskole – ligbakens in die duisternis. In: Pretorius, F. (red.), *Verskroeiende aarde*. Kaapstad: Human & Rousseau.

# Natuurgesentreerde skryfwerk as ekosisteem: 'n Onderzoek na *Boomkastele: 'n Sprokie vir 'n stadsmens* (Schalk Schoombie). Deel 1

*Nature writing as ecosystem: An analysis of Boomkastele: 'n Sprokie vir 'n stadsmens (Schalk Schoombie). Part 1*

SUSAN MEYER

Vakgroep Afrikaans, Opvoedingswetenskappe  
Noordwes-Universiteit  
Potchefstroom  
E-pos: Meyer.Susan@nwu.ac.za



Susan Meyer

**SUSAN MEYER** is 'n senior lektor in Afrikaans aan die Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. Sy het in 1990 die graad MA in Afrikaanse letterkunde verwerf aan die Universiteit van Pretoria en in 1993 die DLitt et Phil-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika. Sedert 2003 doseer sy Afrikaanse letterkunde vir onderwysstudente en is sy deel van die Navorsingseenheid Tale en Literatuur in Suid-Afrikaanse konteks aan die Noordwes-Universiteit. Haar navorsingsbelangstelling lê hoofsaaklik by die ekokritiese benadering tot die eietydse Afrikaanse prosa en by die analitiese en hermeneutiese moontlikhede wat opgesluit lê in die ontsluiting van tekste vanuit 'n ekokritiese perspektief. Sy fokus graag op die literêre vergestaltung van mens-natuurverbintnisse en op die wyses waarop menslike lewe en identiteit beïnvloed word deur die natuurlike omgewing. Sy ondersoek die wye spektrum van menslike reaksies op die natuur, die talle dimensies waarin en die gevarieerde wyses waarop die mens met die natuur in interaksie tree en betekenis daaraan toeken, soos uitgebeeld in hedendaagse Afrikaanse narratiewe. Haar navorsingsresultate word gepubliseer in verskeie akademiese vaktydskrifte en sy lewer referate by nasionale sowel as internasionale konferensies.

**SUSAN MEYER** is a senior lecturer in the Faculty of Education Sciences at North-West University, Potchefstroom. She obtained a MA degree in Afrikaans literature at the University of Pretoria in 1990 and the D Litt et Phil degree at the University of South Africa in 1993. She lectures Afrikaans literature and is part of the Research Entity Language and Literature in South African context at the North-West University. Her research interests include an ecocritical approach to contemporary Afrikaans prose, resulting in her exploration of the analytic and hermeneutical possibilities disclosed in an ecological reading of literary texts. She focuses on aspects of the literary manifestation of the relation between man and nature, and the ways in which human life and identity are influenced by the natural environment. She investigates all facets of human reactions to nature, the full scope of dimensions and the varied ways in which humans interact with nature and allot meaning to nature as portrayed in contemporary Afrikaans narratives. Her research results in regular publications in academic journals and she delivers papers at conferences nationally and internationally.

**ABSTRACT*****Nature writing as ecosystem: An analysis of Boomkastele: 'n Sprokie vir 'n stadsmens***

*In the first part of the present study, I explore a new concept of viewing nature writing, introduced by David Barnhill in a relatively recent article titled "Surveying the Landscape: A New Approach to Nature Writing" (2010). In the second part of the study, to be published in the March 2017 edition of this journal, Barnhill's theoretical instrument is put to the test in an analysis of Schalk Schoombie's narrative text Boomkastele.*

*Nature writing is a prominent genre in the tradition of ecocriticism, which is the study of literature and the environment from an interdisciplinary point of view, where literature scholars analyse texts that illustrate environmental concerns and examine the various ways in which literature treats the subject of nature.*

*Henry David Thoreau's system of describing nature writing and its qualities has been used extensively, while Thomas Lyon and Patrick Murphy have extended Thoreau's system by developing taxonomies of nature writing. They distinguish a number of main categories of nature writing situated along a spectrum, on one end of which lie those works mostly concerned with information about the natural world and on the other those engaging in more personal, philosophical reflection (Lyon 1989:3-7; Murphy 2005:5). These taxonomies map the rich diversity in this genre, but Barnhill also considers the taxonomy approach of classifying nature writing a disadvantage in that it does not acknowledge the inner complexity and diversity of individual works of writing. Hence the challenge to improve on these taxonomies.*

*Barnhill calls his scheme an ecosystem, reminding us that such a system involves the interactions between a community and its non-living environment as well as interactions between the elements in it. According to Barnhill (2010:279) each piece of nature writing is an ecosystem in which various elements of nature writing are developed and integrated in a unique way. The abstract categories into which works are placed in a taxonomy become multiple elements within individual works, working in concert with or influencing each other, such as the organisms in an ecosystem. The work of nature rather than the abstract categories takes centre stage. The internal qualities of such works are analysed and described in order to discover the interplay between different elements and how the character of an ecosystem emerges from this. Barnhill (2010:279-282) distinguishes several elements of nature writing: accounts or descriptions of nature, personal experience in nature, social experience of nature, philosophy of nature, spirituality in nature experiences, ecological consciousness, concern with language in representing nature, and ecosocial politics – the latter a term reflecting the interconnectedness of environmental and social issues.*

*In Part 2 of the study an analysis of Boomkastele puts Barnhill's theoretical instrument to the test. The hypothetical point of departure is that the novel resembles an ecosystem comprising the characteristic elements of nature writing found in it. This method of approximation focuses on analysing the internal complexity and diversity of Schoombie's novel and arriving at a more complete understanding and a more nuanced description of this work. Ecosocial criticism is found to be a dominant element in Boomkastele, functioning in support of various other elements, such as ecological consciousness and ecosocial critique.*

*Barnhill's approach to nature writing creates a sharpened awareness of the qualities that characterise this genre. Applying his method of describing and evaluating texts to Boomkastele has led to the discovery of the interactive connection between diverse elements in the novel, which lends it the nature of an ecosystem and affirms its multifaceted character.*

**KEYWORDS:** Schalk Schoombie, *Boomkastele*, nature writing, ecosystem approach, David Barnhill, ecocriticism

**TREFWOORDE:** Schalk Schoombie, *Boomkastele*, natuurgesentreerde skryfwerk as ekosisteem, David Barnhill, ekokritiek

### OPSOMMING

In betreklik onlangse navorsing deur David Barnhill word 'n nuwe benadering tot natuurgesentreerde skryfwerk voorgestel. Sy navorsing dui eerstens aan dat daar in die beskrywing van die aard van natuurgesentreerde skryfwerk hoofsaaklik gesteun word op sisteme van klassifikasie. Barnhill wys egter op nadele in die taksonomie-benadering en stel voor dat 'n spesifieke natuurgesentreerde woordwerk beskou word as 'n ekosisteem. Daarmee word bedoel dat die kategorieë waarin natuurgerigte skryfwerk geplaas word wanneer die taksonomie-benadering gevolg word, veelvoudige elemente word in individuele werke en dat hierdie elemente binne elke teks saam- of op mekaar inwerk, soos die organismes in 'n ekosisteem. In hierdie ondersoek word Barnhill se teoretiese gereedskap in Deel 1 uiteengesit en in Deel 2, wat gepubliseer word in die Maart 2017-uitgawe van die tydskrif, getoets. Schalk Schoombie se debuutroman, *Boomkastele: 'n sprokie van 'n stadsmens* (2015) word bestudeer vanuit die hipotetiese uitgangspunt dat die teks 'n ekosisteem is ten opsigte van die kenmerkende elemente van natuurgesentreerde skryfwerk daarin.

### INLEIDEND

In 'n betreklik onlangse artikel deur David Barnhill, "Surveying the Landscape: A New Approach to Nature Writing" (2010), word betoog dat dit tyd geword het om met nuwe oë na natuurgesentreerde skryfwerk ("nature writing") te kyk, aangesien die sosiale, kulturele en politieke dimensies van hierdie genre dikwels oor die hoof gesien word (2010:275). Die tendens dat veral die sosiale dimensie in werk met 'n natuurgerigte fokus en die sosiale relevansie van hierdie genre as 'n geheel geïgnoreer word, motiveer Barnhill (2010:274) om antwoorde te vind op 'n aantal vrae. Eerstens wil hy weet hoe natuurgesentreerde tekste aansluiting vind by ons sosiale wêreld, by ons familie en vriende. Hy vra ook hoe hierdie soort woordwerke skakel met die waansin en vernielsug wat vloei uit ons ekonomiese sisteme, of met die ondraaglike ongeregthede wat spruit uit ons sosiale en politieke sisteme. Ten slotte wil hy weet hoe natuurgesentreerde skryfwerk ons kan help om die sosiale en politieke wêreld waarin ons ons bevind, te verstaan en 'n proses van verandering te inspireer.

*Boomkastele: 'n sprokie van 'n stadsmens* (2015) is die debuutroman uit die pen van Schalk Schoombie<sup>1</sup> en is baie relevant vir Barnhill se betoog ten gunste van die erkenning van die sosiale dimensie in natuurgesentreerde woordwerke.

Barnhill se artikel bied 'n nuwe beskouing van die beskrywingsmetode van natuurgerigte skryfwerk, 'n genre wat sentraal staan in die Amerikaanse tradisie van ekokritiek (Tuur & Reitalu 2012:9) en waarvoor daar verder aan in die artikel 'n teoretiese raamwerk gebied sal word. Die vraag "What is nature writing?" word in talle bronne herlei na die teoretiese uitgangspunte van Henry David Thoreau, wat allerweë beskou word as die vader van hierdie tradisie, en na diegene wat in later tye Thoreau se beskouings uitgebrei het deur die ontwikkeling

---

<sup>1</sup> Schoombie is ook dramaturg en wenner van die Anglo Gold Ashanti/Aardklop-Smeltkroesprys (2012) vir sy verhoogstuk *Liefde, Anna*. Ander opgevoerde toneelstukke uit sy pen sluit in: *Opentoe* (2008), *Samoerai* (2008), *Risiko* (1212) en *Gepiekkel* (2014).

van sisteme van klassifikasie, byvoorbeeld Thomas J. Lyon en Patrick D. Murphy (Burton-Christie 1993:157; Stephenson 1995:170; Barnhill 2010:275). Die beskrywing van natuurgesentreerde skryfwerk deur middel van taksonomieë het egter nadele, waarop later in die artikel gewys sal word, en Barnhill ontwikkel ’n alternatief vir die klassifikasiemodelle wat beskikbaar is.

Sy benadering behels dat ’n spesifieke natuurgerigte woordwerk beskou word as ’n ekosisteem. Daarmee word bedoel dat die abstrakte kategorieë waarin natuurgesentreerde skryfwerk geplaas word wanneer die taksonomie-benadering gevolg word, veelvoudige elemente word in individuele werke en dat daar uit die interaktiewe werksaamheid tussen hierdie elemente ’n gedifferensieerde maar goed geïntegreerde geheel tot stand kom (Barnhill 2010:279). Barnhill se metode van beskrywing steun op die betekenis van die konsep *ekosisteem*, naamlik ’n omgewing en die organismes daarbinne wat wedersyds invloed uitoefen, oftewel saam- of op mekaar inwerk (Odendal & Gouws 2005:208). Volgens Barnhill (2010:229,279) verrai elke individuele natuurgesentreerde woordwerk die aard van ’n ekosisteem deurdat verskeie elemente van die genre in samehang met mekaar ontwikkel en op ’n unieke manier geïntegreer word tot ’n geheel.

Barnhill (2010:278) waarsku dat die beskrywing van natuurgesentreerde werk deur middel van kategorisering ’n neiging in die hand werk om natuurgesentreerde tekste as enkelvoudig van aard te beskou en om aandag aan die samehang van diverse aspekte daarin te vermy. In die tweede deel van die studie word die teoretiese gereedskap wat Barnhill se benadering bied, benut om tot ’n meer genuanseerde beskrywing van Schoombie se roman te kom.

In *Boomkastele* word die spanning volgehou deur die navorser se intense emosies en betrokkenheid by die bome en die rusie met die bure wat hieruit spruit. Die gegewe van ontsteltenis oor die lot van bome in woonbuurte wat al digter bebou word, plaas *Boomkastele* in die sfeer van die stedelike ekokritiek. *Stedelike ekokritiek* is die vertakking van ekokritiek waar gefokus word op stadservarings en -ruimtes, met die doel om die aandag te vestig op kritieke stadsomgewingskwessies en die verbruikerskultuur in sy geheel (Oppermann 2011). Bennet (2001:33) gebruik ook die term *sosiale ekokritiek* om te verwys na die groeiende aantal publikasies sedert die middel 1990’s wat met stedelike ekologie gemoeid is en toegespits is op die komplekse interaksies tussen sosio-ekonomiese strukture en die digbewoonde ekosisteme van stedelike omgewings – en wat meer dikwels stedelike ekokritiek (“urban ecocriticism”) genoem word.

Voordat die aandag in die tweede deel van hierdie studie toegespits word op die natuurgesentreerde aard van *Boomkastele* en op die ontdekking van elemente wat soos die organismes in ’n ekosisteem funksioneer, word vervolgens eers ’n teoretiese konteks geskep vir die genre van natuurgerigte of -gesentreerde literatuur, ook binne die groter konteks van die ekokritiek.

## TEORETIESE BEGRONDING

### Die konteks van die ekokritiek

*Ekokritiek* word beskou as ’n sambreelterm vir ’n hele spektrum van literêr-teoretiese benaderings met behulp waarvan ondersoek ingestel word na die uitbeelding van die verhouding tussen die menslike en die niemenslike in die letterkunde en ander kultuurvorms (Glutfelty 1996:xviii; Bennett & Teague 1999:3; Marland 2013:846). Buell (2005:11) beskryf ekokritiek nie as ’n teoretiese raamwerk of metode nie, maar as ’n aanpasbare praktyk wat vraagstukgedrewe eerder as paradigmagedrewe is. Die kwessies en besorgdhede wat hierdie “earth-centered

approach to literary studies” motiveer, is, volgens Childs en Fowler (2009:65), “the vast range of ‘natural’ or non-human phenomena which bears upon human experience – encompassing (among many things) issues concerning fauna, flora, landscape, environment and weather”. Bergthaller (2014) beklemtoon dat ekokritiek interdisiplinêr is; dat dit in gesprek tree en raakpunte het met omgewingsgeskiedenis, filosofie, sosiologie, (fisiese) wetenskappe en ekologie, asook met die lewenswetenskappe.

Die ekokritiekbeweging het in Amerika ontstaan, waar die idee van die omgewing as probleem gedurende die 1960’s en 1970’s die openbare verbeelding aangegryp het, en het uitgebrei tot ’n studieveld wat tans op ’n spektrum van omgewingsverwante probleme fokus, ’n veld “in which the tensions of nature and place, [...] in a global environmental culture can [...] be addressed” (Iovinio 2015:167).

Ekokritiek beklee tans nog ’n randposisie binne die konteks van die Afrikaanse literatuurkritiek (Smith 2014; Steenkamp 2013), hoewel natuursentriese tekste reeds van die vroegste tye af deel vorm van ons literêre korpus. Eugène Marais se sterk natuursensitiewe stem het reeds vroeg in die twintigste eeu opgeklank.<sup>2</sup> Sedert die era van die koloniale letterkunde (ongeveer 1900–1930) word gepoog om ’n blik op Afrika te bied deur jag-, veld- en diereverhale waarin die fokus op diere en die groter Afrika-natuur val.<sup>3</sup> Die mens se verbondenheid met die natuur is ook deurlopend teenwoordig in die plaasroman sedert die vroegste publikasiedatums van dié subgenre. Smit-Marais en Wenzel (2006:30) verwys na die “psigiese skakel” tussen (wit) plaasbewoners en die natuur binne die tradisie van die plaasroman, wat so onlosmaaklik deel van die Afrikaanse literêre landskap is.

Die mens-natuurverhouding vorm deel van die sentrale gegewe in ’n korpus tekste wyer as wat moontlik is om hier aan te bied. Selfs duideliker as waar dit in individuele tekste voorkom,<sup>4</sup> blyk die rol van die natuur waar dit in sekere skrywers se oeuvres ’n herhaalde tematische gegewe vorm. Slegs enkele kan egter hier genoem word. Dalene Matthee se bosromans<sup>5</sup> word gekenmerk deur ’n besondere sensitiewe vir die ekologie en die oortuigende uitbeelding van die interaksie tussen mens en boswêreld. In verskeie van Piet van Rooyen se vroegste romans word die herhalende tema van spoorsny teen die agtergrond van die Namibiese landskap gevind, met die intense beleefde en verweefde mens-natuursituasie as deel daarvan.<sup>6</sup> In Christiaan Bakkes se Stoffel-reeks<sup>7</sup> word waargeneem vanuit die ekologies sensitiewe

<sup>2</sup> Enkele van Marais se belangrike werke is *Die siel van die mier* (1938), *Burgers van die berge* (1938).

<sup>3</sup> Enkele skrywers van hierdie soort verhale was G.R. von Wielligh, die Hobson-broers, P.J. Schoeman en Sangiro (Roos 1998:28–31).

<sup>4</sup> Ek bestudeer die afgelope dekade die Afrikaanse prosatoneel met aandag aan ’n wye spektrum van natuurinvloede en mens-natuurinteraksies wat in eietydse tekste uitgebeeld word. Ek betrek in my navorsing onder andere die volgende tekste: *Boendoe* (Chris Barnard), *Toewaaaisand* (Christoffel Coetzee), *Manaka, plek van die horings* (Pieter Pieterse), *Kalahari-kind en Kalaharijoernaal* (Willem D. Kotzé), *Chinchilla* (Nanette van Rooyen), *Stiltetyd* (Marita van der Vyver), *Sabbatsreis* (Annelie Botes), *Desembers* (Petra Muller), *Verbrande Paradys* (Hans du Plessis), *Dwaalpoort* (Alexander Strachan), *Die kremetartekspedisie* (Wilma Stockenström), *Die swye van Mario Salviati* (Etienne van Heerden), *Karretjiemense* (Carol Campbell), *Vuurklip* (Marié Heese) en kortverhale uit *Halfkrone vir die nagmaal* van E. Kotze.

<sup>5</sup> Hulle is *Kringe in ’n bos* (1984), *Moerbeibos* (1987) en *Toorbos* (2003).

<sup>6</sup> Die belangrikstes hiervan is *Die spoorsnyer* (1994), *Agter ’n eland aan* (1995), *Die olifantjagters* (1997) en *Gif* (2001).

<sup>7</sup> Hierdie reeks bestaan uit *Die lang pad van Stoffel Mathysen* (1998), *Stoffel in die wildernis* (2000), *Skuilplek* (2002), *Stoffel by die afdraaipad* (2004), *Stoffel se veldnotas* (2007) en *Stoffel in Afrika* (2010).

perspektief van die natuurbewaarder, en skerp gekyk na die kwessie van die natuur(bewaring) versus menslike beskawing (benutting) in die Suider-Afrikaanse konteks.

Nieteenstaande die duidelike teenwoordigheid van mens-natuurkwessies in die Afrikaanse verhaalkuns speel ekokritiek nog geen belangrike rol op plaaslike literêre gebied nie. Dit is moeilik om te verklaar, maar Smith (2014) bring hierdie verskynsel in verband met die feit dat dreigende globale ekologiese vraagstukke, hoe ernstig dit ons ook al op die hart gedruk word, internasionaal steeds 'n geringe impak op literatuursisteme het. Sy beaam Cormac Cullinan, internasionaal-erkende Suid-Afrikaanse aardregkenner, se standpunt dat ons meer as ooit tevore van die aarde weet, maar al minder met die aarde in sy oorspronklike integriteit kommunikeer (Smith 2013).

Binne die groter Suid-Afrikaanse literatuurstudieveld is waardevolle studies wel reeds vanuit ekokritiese vertrekpunt onderneem. Julia Martin het moontlik die vroegste poging aangewend om vorm te gee aan 'n Suider-Afrikaanse ekokritiese teorie met haar DLitt-studie (1999): *The Jewelled Net: Toward a Southern African Theory: Practice of Environmental Literacy*. In navorsingsartikels soos dié van Dan Wylie (2007)<sup>8</sup> en Anthony Vital (2008)<sup>9</sup> word interessante treë gewaag in die rigting van 'n gelokaliseerde, ekologies-georiënteerde literêre en kulturele kritiek. In 2007 verskyn daar ook twee spesiale uitgawes van *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* wat Suid-Afrikaanse literêre navorsing met 'n omgewingsgerigte fokus bevat. Dieselfde fokus word weerspieël in Henriette Roos (2011:50) se ondersoek na “universele kwessies betreffende die verhouding tussen mens en omgewing wat blyk uit aandag aan die die regionale belange van verskillende dele van die Suid-Afrikaanse bevolking”.

'n Klein groepie akademiëers spits hulle op die ekokritiese bestudering van die Afrikaanse letterkunde toe. Marisa Keuris (2007) lees en beoordeel Pieter Fourie se *Die koggelaar* deur 'n ekokritiese lens. Reinhardt Fourie se MA-verhandeling (2011) is toegespits op 'n postkoloniale en ekokritiese lesing van Marlene van Niekerk se *Agaat*. Susan Smith se artikels lewer sedert 2012 'n baie belangrike bydrae tot die konkretisering van ekokritiese teorie binne die kader van Afrikaanse literatuurondersoek.<sup>10</sup> Sedert 2006 publiseer Susan Meyer gereeld navorsingsresultate van haar verkenning van die analitiese en hermeneutiese moontlikhede wat opgesluit lê in Afrikaanse prosawerke wanneer dit ontsluit word vanuit 'n ekokritiese

<sup>8</sup> Wylie (2007) ondersoek die moontlikheid of die verwoording van die San-wêreldbeskouing, spesifiek die ekologiese strategieë en inheemse kennissisteme soos opgeteken in tekste van Alan James en Antjie Krog, 'n gelokaliseerde basis vir 'n Suid-Afrikaanse ekokritiek kan verskaf. Hy beredeneer die betekenisimplikasies daarvan om 'n ekologies-georiënteerde literêre kritikus in Suid-Afrika te wees en pas Fernando Ortiz se idee van transkulturaliteit toe in 'n poging om ons land se diverse kultuurgeskiedenis byeen te bring (Wylie 2007:266–7).

<sup>9</sup> Vital (2008) ondersoek J.M. Coetzee se roman *Life and times of Michael K* as voorbeeld van die fokus op die verweefdheid van postkoloniale en ekologiese denke. Vir hom is die idee van 'n Afrika-ekokritiek te koppel aan vrae omtrent die spesifieke betekenisse wat plaaslik aan die natuur toegeken word, en oor wat dit omtrent die mense hier se hede en verlede verraaï (Vital 2008:88).”

<sup>10</sup> In 2012 verskyn “Die aard van ekopoësie teen die agtergrond van die ekokritiese teorie met verwysing na enkele gedigte van Martjie Bosman (*LitNet Akademies* 9(2):500–523), en “Plek en ingeplaaste skryf. 'n Teoretiese ondersoek na ingeplaaste skryf as ekopoëtiese skryfpraktyk” (*LitNet Akademies* 9(3):887–928). In 2014 publiseer Smith “Ekokritiek en die nuwe materialisme. 'n Ondersoek na die nuwe materialisme in enkele gedigte van Johann Lodewyk Marais uit die bundel *In die bloute*” (*LitNet Akademies* 11(2):749–74), en in 2015 verskyn “Plek as liggaam en liggaam as plek. Tendense van die nuwe materialisme en interaksie tussen mens en plek in enkele tekste uit *Verweerskrif* van Antjie Krog” (*LitNet Akademies* 12(2): 1–14).

perspektief.<sup>11</sup> En heel onlangs verskyn Corné Coetzee se artikel oor stedelike ekokritiek as lens vir die lees van sewe gedigte met 'n stadsagtergrond.<sup>12</sup>

Die Afrikaanse literatuurkritiek bied nog geen bydrae tot die belyning van die genre van natuurgesentreerde skryfwerk, waartoe *Boomkastele* behoort, of 'n eie model van beskrywing ten opsigte daarvan nie. Die bestudering van Schoombie se roman met die doel om Barnhill se teorie daarop toe te pas, kan waardevolle vordering bring op die gebied van die Afrikaanse literêre teorie en kritiek.

### Natuurgesentreerde skryfwerk (“nature writing”)

Die term *natuurgesentreerde skryfwerk* lei dikwels tot verwarring, aangesien daar in die Amerikaanse tradisie van hierdie genre soms twee terme gebruik word om na dieselfde soort teks te verwys: *natuurgesentreerde skryfwerk* (“nature writing”) en *natuurgeskiedskrywing* (“natural history writing”). 'n Beskouing van die verskille tussen hierdie tipes skryfwerk help om lig te werp op die kenmerkende styl en benadering van eersgenoemde. Met *natuurgeskiedskrywing* word verwys na “writing concerned with the observation of living animals and plants in their natural wild state [ ...] without the slightest deviation from the fundamental concomitant of absolute truth” (Finch 1991:99). Rondom die draai van die negentiende eeu het 'n nuwe term ontstaan, *natuurgesentreerde skryfwerk* (“nature writing”), en hierdie genre word gekenmerk deur die uitbeelding van 'n persoonlike verbintenis met die tuisomgewing en persoonlike interpretasie van die natuur, maar ook deur getrouheid aan analitiese waarneming en (natuur)wetenskaplike feite (Burton-Christie 1993:157).

Die belangstelling in “the minor beauties of the world” weerspieël 'n belangrike klemverskuiwing ten opsigte van die benadering in die natuurgesentreerde skryfwerk van die twintigste eeu. Daar blyk 'n begeerte om nie slegs die groot wonders van die natuur te ondersoek en te probeer begryp nie, maar ook die minder indrukwekkende, die ongewaardeerde, “the under-foot-but-heretofore-unnoticed” (Burton-Christie 1993:160). Tuur en Reitalu (2012:10) wys op 'n belangrike eienskap in eietydse natuurgesentreerde skryfwerk: “It is [...] the subtle, probing analysis of both the natural world itself and the human person within that world that characterizes the best nature writing.” Hulle beklemtoon dat daar in natuurgerigte skryfwerk na getrouheid gestreef word ten opsigte van die wetenskaplike waarheid – “scientific names, data, and explanations are routinely provided as comments to the immediate observations or natural phenomena” (Tuur & Reitalu 2012:10) – terwyl die waarnemer se subjektiewe teenwoordigheid en interpretasie sentraal staan in die uitbeelding van die onderlinge verbintenis van alles in die geskape werklikheid.

<sup>11</sup> Ongeveer 16 gepubliseerde artikels sien sedert 2006 die lig. My mees onlangse navorsingsresultate is dié in 2015 gepubliseer onder die volgende titels: “Die allesomvattende materiële dimensie van ons bestaan: aspekte van die nuwe materialisme in *Vuurklip* (Marié Heese)” (*LitNet Akademies* 12(2):69–89), en “'n Alternatiewe beskouing van die natuur se andersheid in *Halfkrone vir die Nagmaal* (E. Kotze)” (*Tydskrif vir Letterkunde*, 52(2):102–116. In 2014 het ook verskyn: “'Ons is mense. My kinders hét gesigte.’ Die natuurlike omgewing en die konseptualisering van die self in *Karretjiemense* (Carol Campbell)” (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(3):675–692), en “Ingeplaaste skryf as vergestaltung van ekokritiese ingesteldheid in die verhaalkuns van Petra Muller (*Literator*; 35 (2):1–12).

<sup>12</sup> Coetzee se artikel is in 2015 gepubliseer onder die titel “Huisies aan die Rand: Ekokritiek en in die besonder stedelike ekokritiek as lens vir die lees van sewe gedigte met Johannesburg as agtergrond”, in *LitNet Akademies* 12(3): 1–50.

Laasgenoemde aspek is van groot belang. Burton-Christie (1993:161) verduidelik dat “nature writers seek to [...] reveal subtle and complex patterns found in relationships among various species, [...] patterns (that) ultimately radiate outward to include the human observer.” Uit die bewustheid van hierdie patrone sou ’n groter morele gevoeligheid en dieper vlakke van ekologiese verantwoordelikheid kon kom, “an attempt to find a moral, dignified, decent way of living in the world with regard to other peoples and species”, redeneer Burton-Christie (1993:162).

Natuurgesentreerde skryfwerk is dus ’n kombinasie van wetenskaplike verslaggewing en artistieke uitdrukking, ’n poging om met ’n wetenskaplike oog te kyk en met literêre effek te skryf (Lilley 2013; Stephenson 1995:171). Dit sluit verskillende tekstipes in: onder andere essays, memoires, reisbeskrywings, verhale en romans – werke waar die subjektiewe toon en eerstepersoonsbeleving persoonlike kleur aan die feitelike komponent daarin gee (Cowley 2008:10; Stephenson 1995:170).

Oor die afgelope vyftien jaar het ’n opwelling van belangstelling in hierdie soort skryfwerk in Brittanje, soortgelyk aan wat in Noord-Amerika plaasgevind het in die 1970’s en 80’s, tot die term “new nature writing” gelei (Macfarlane 2013:166; Moran 2014:49). Hierdie sogenaamd nuwe literêre vorm is toegespits op “finding meaning not in the rare and exotic but in our common, unremarkable encounters with the natural world, and in combining both scientific, scholarly observation of nature with carefully drafted, discursive writing” (Moran 2014:49). Stenning en Gifford (2015:1) merk tereg op dat daar oënskynlik nie veel nuuts te vind is in hierdie literêre vorm nie – die gemengde toonaard wat spruit uit die kombinasie van die poëtiese, die wetenskaplike en die analitiese is reeds bekend vir lesers wat vertrou is met die Amerikaanse tradisie van natuurgesentreerde skryfwerk in die twintigste eeu. In Brittanje en Ierland was egter vroeër ’n andersoortige fokus in hierdie literêre tradisie – “less spiritual and more concerned with natural history, perhaps less internally and more externally focused” – wat vir Stenning en Gifford (2015:1) die term “new nature writing” ten dele verklaar.

## **Modelle en metodes van beskrywing**

As voorloper van natuurgesentreerde skryfwerk soos dit vandag beoefen word, geniet Henry David Thoreau wyd erkenning (Burton-Christie 1993:157; Stephenson 1995:170). Thoreau het ’n groot rol gespeel in die gedaanteverwisseling wat natuurgeskiedskrywing ondergaan het om die hedendaagse gestalte van natuurgesentreerde skryfwerk te vertoon, deurdat hy natuurbeskrywing met elemente van die outobiografie, omgewingsgeskiedenis en met etiese aspekte verbandhoudend met die natuuromgewing gekombineer het (Burton-Christie 1993:157). Thomas Lyon steun sterk op Thoreau se nalatenskap wanneer hy tot ’n meer volledige omskrywing van natuurgesentreerde skryfwerk probeer kom deur ’n taksonomie van die verskillende tipes natuurgerigte skryfwerk saam te stel en só groter begrip vir die diversiteit en reikwydte van die genre probeer daarstel. Lyon stel ’n variasie op Thoreau se tentatiewe saam-ordening van elemente voor en ontwerp sewe kategorieë, geplaas op ’n spektrum tussen twee pole: aan die een punt werk hoofsaaklik toegespits op inligting oor die natuurwêreld en aan die ander punt werk wat hoofsaaklik persoonlike reaksies op die natuur en filosofiese interpretasies daarvan uitbeeld (Lyon 1989:3).

Lyon (1989:4) waarsku egter dat daar in die pogings om werke te klassifiseer, rekening gehou moet word met die feit dat natuurgerigte skryfwerk nie ’n presiese en ordelike veld is nie, dus kan tekste nie altyd netjies in kategorieë geplaas word nie, “texts often blur and merge across boundaries”. Die relatiewe gewig van ’n spesifieke aspek in die teks sal die kategorisering

daarvan bepaal. Die doel van hierdie taksoniemodel is, volgens Lyon (1989:4), nie foutlose klassifisering nie, maar “to show the breadth of the spectrum of nature writing and to help indicate some of the special powers each type within the genre may possess”.

Hoewel Lyon se klassifikasiesisteem aanspraak maak op die beginsels van eenvoud en logiese ordening, is die beperkings daarvan ook duidelik. Mark Tredinnick (2003:36) merk byvoorbeeld op dat Lyon ’n belangrike dimensie van natuurgesentreerde skryfwerk oor die hoof sien. Hy argumenteer dat dit deur die poëtiese of liriese aspek van natuurgerigte skryfwerk is, oftewel die literêre dimensie daarvan, dat sulke werk “attempts the hardest of its work, which is its listening, its singing with, its witnessing of places”. Tredinnick se kommentaar kan as waardevol beskou word in die opsig dat dit die vraag ter sprake bring of Lyon se sisteem nie die aard van natuurgesentreerde werke, as kombinasie van wetenskaplike waarneming en artistieke uitdrukking, in gedrang bring nie. Sou suiwer feitelike tekste, soos plant- en voëlgidse, ’n plek hê binne hierdie genre, soos Lyon se sisteem suggereer?

Patrick Murphy ontwerp tien jaar later ’n taksonomie wat ’n uitbreiding op Lyon se sisteem van rangskikking behels. Murphy onderskei tussen natuurgerigte skryfwerk (“nature writing”) en natuurgerigte skryfwerk van letterkundige aard (“nature literature”), maar sluit aan by Lyon se spektrum van ordening tussen die pole van werk wat hoofsaaklik natuurfeite bied en dié wat persoonlike reaksie op die natuuumgewing weerspieël. Sy onderskeid tussen skryfwerk (“writing”) en letterkunde (“literature”) berus op die reenasie dat letterkunde hoofsaaklik onderskei word op grond van narratiewe en estetiese elemente, terwyl retoriese strategieë in ander skryfwerk oorheers, selfs al is daar narratiewe tegnieke en estetiese effekte teenwoordig (Murphy 2000:5).

Krities beskou, is die onderskeid wat Murphy tussen die kategorieë van letterkunde en nieliterêre tekste tref, nie juis en noukeurig genoeg geformuleer om ’n betroubare indeling te verseker nie. In gesaghebbende bronne word die konsep van literariteit meer genuanseerd omskryf. Grové (1992:256–258) onderskei drie kenmerke van literêre werke en noem dit fundamentele eienskappe, naas die besondere eienskappe van individuele werke. Soos Murphy beklemtoon Grové die estetiese waarde van literêre tekste en stel dit duidelik dat sulke tekste talle waardes en funksies vir die leser het – polities, religieus, moreel, ensovoorts – maar dit moet aan bepaalde literêre artistieke kriteria voldoen.

Dis eerstens in die aard van die literêre werk dat dit multivalent is; dat dit – anders as enige ander teks – deur meervoudige elemente kommunikeer, sodat geen enkele leser ooit ’n totale begrip van die literêre werk kan hê nie (Grové 1992:257).<sup>13</sup> Tweedens bring Grové (1992:258) die kwessie van taalelemente ter sprake. Betekenis, klank, ritme en sintaksis het in literêre werke ’n ander funksie en organisasie as in ’n werk van nieliterêre aard. In die literêre teks is elke taalkomponent multikommunikatief en deur die proses van taalorganisasie word hulle in bepaalde patrone georganiseer (Grové 1992:258).<sup>14</sup> Met die derde fundamentele

<sup>13</sup> Viljoen (1998:50) noem hierdie eienskap *heteronomie*: die teks is afhanklik van lesers wat in dialoog daarmee tree; ten spyte van die grense van die teks is dit oop vir ’n groot aantal interpretasies – op grond van die leser se eie metodes van interpretasie, voorkennis en die bril van eie historisiteit, norme en beskouings.

<sup>14</sup> Viljoen (1998:50) verwys na taalintensiteit en -kompleksiteit, die wyse waarop literêre skrywers taalelemente so ver as moontlik “uitbuit” om doelbewus iets kunstigs te produseer. Literêre taal is, volgens hom, heg gestruktureer, vol ekwivalensie, woordspelings ensovoorts; “taalgebruik en vormgewing [wat] in die literêre werk tot nuwe ervarings lei, kan vervreem en in ’n nuwe lig stel” (Viljoen 1998:50).

eienskap van letterkunde, wat Grové (1992:258) *konseptuele* elemente noem en waarmee verwys word na karakter of persoon, plot, tyd, ruimte en perspektief – soos teenwoordig in prosa sowel as poësie – beklemtoon hy weereens hierdie elemente se kommunikatiewe funksie.

Hoewel daar in Murphy se voorstel omtrent ’n onderskeid tussen literêre en ander skryfwerk in sy klassifikasie-model dus leemtes bestaan, in die sin dat literariteit nie goed en deeglik gedefinieer word nie, is die insluiting van literêre werk in sy taksonomie ’n duidelike erkenning van die waarde wat die literêre dimensie aan natuurgerigte skryfwerk kan verleen.

Burton-Christie (1993:159) is van mening dat taksonomieë nuttig is in die beskrywing van natuurgesentreerde skryfwerk, omdat dit die verskeidenheid van genres en subtipies, van onderwerpe en ook die verskeidenheid van reaksies op die natuur beklemtoon. Verder bied dit ’n teenwig wanneer natuurgerigte skryfwerk gekritiseer word as naïef, simplisties, oppervlakkig of sentimenteel. Ook Barnhill (2010:278) erken dat taksonomieë die ryk verskeidenheid in hierdie genre beklemtoon, maar beskou die klassifikasie van werk in duidelik gedifferensieerde afdelings ook as ’n nadeel. Hy meen dat sisteme van klassifikasie geen erkenning verleen aan die interne kompleksiteit en diversiteit van individuele werke nie, aangesien alle werke in ’n spesifieke kategorie as ongeveer eenders beskou word. Verder word met sisteme van rangskikking geïmpliseer dat werke in een kategorie wesenlik en volkome verskil van werke in ’n ander kategorie (Barnhill 2010:278).

Hieruit spruit vir Barnhill die uitdaging om te verbeter op bestaande taksonomieë. Sy doel is om ’n manier te vind om natuurgesentreerde tekste te beskryf op ’n wyse wat ook die diversiteit in ’n spesifieke werk erken, en ’n bepaalde werk se onderlinge verband met ander tekste uitlig en onderstreep.

### **Barnhill se benadering: natuurgesentreerde skryfwerk as ekosisteem**

Barnhill (2010:279) stel voor dat die natuurgerigte teks beskou word as ’n ekosisteem. Hy verduidelik dat kenmerkende elemente nie behoort te dien as riglyne om die woordwerk te klassifiseer nie, maar dat hierdie elemente beskou moet word waar hulle binne die individuele teks saam- of op mekaar inwerk, dus wedersyds invloed uitoefen, soos die organismes in ’n ekosisteem. Barnhill wil dus eerder die verskeidenheid binne-in die individuele werk ondersoek as die diversiteit wat in die groot kategorieë van werke gevind kan word.

Vervolgens onderskei Barnhill (2010:279–282) ’n aantal elemente wat kenmerkend is van natuurgerigte skryfwerk: natuurbeskrywing en -verslag, persoonlike ervaring van die natuur, sosiale ervarings binne natuuromgewings, filosofiese beskouings van die natuur, spiritualiteit in die natuurbeleving, ekologiese bewustheid en -ingesteldheid, taal as uitdrukkingsmiddel vir natuurbesonderhede en -beleving, en ekososiale politiek.

Terwyl Lyon (1989:7) dit as die belangrikste doel van natuurgesentreerde skryfwerk beskou dat ons aandag uitwaarts gerig word, “to the activity of nature”, meen Barnhill dat die genre ’n veel breër doel dien. Hy stem saam met Slovic (1992:3,18) dat werke met ’n fokus op die natuur ook ons aandag behoort te vestig op die binnewêreld van die gees: op ons bewustheid van en reaksie op die natuur, op innerlike refleksie ten opsigte van die omgewingskade wat op die mens se rekening staan asook op positiewe alternatiewe in terme van persoonlike waardes en sosiale strukture (Barnhill 2010:284).

’n Soektog na gebruike of besprekings van Barnhill se model sedert die publikasie van sy artikel lewer baie min op. Pladus (2016) verwys in ’n artikel slegs met behulp van ’n voetnota na natuurgesentreerde skryfwerk (“nature writing”) en na Barnhill se artikel as voorbeeld van die benadering tot hierdie genre. Noelene Kelly kyk meer krities na Barnhill se teorie in haar

Ph.D.-studie. Sy oordeel dat met Barnhill se benaderingswyse nouer aansluiting gevind kan word by die interne struktuur van natuurgesentreerde skryfwerk as wat met taksonomiebenaderings moontlik is; die teks self is die uitgangspunt in die bestudering daarvan, en nie 'n abstrakte klassifikasieraamwerk nie (Kelly 2013:216). Kelly sien dus as die dubbele wins van Barnhill se benadering dat die interne kompleksiteit van spesifieke tekste geïdentifiseer word, terwyl dié bestuderingwyse ook lei tot die vergelyking van tekste waardeur ooreenkomste sowel as verskille beklemtoon word (Kelly 2013:216). Kelly meen ook dat Barnhill se model baie akkommoderend is ten opsigte van die ontwikkeling in natuurgesentreerde skryfwerk wat die afgelope tyd al meer soos die samesmelting van 'n verskeidenheid van vorms en elemente vertoon, in reaksie op die komplekse en genuanseerde aspekte van die wêreld as fenomeen.

Beoordeel uit 'n eie, kritiese oogpunt, is 'n verdere uitstaande aspek van Barnhill se model die moontlikhede wat dit bied om die kulturele relevansie en betekenis van natuurgesentreerde skryfwerk in te skerp, deur die aandag te vestig op die psigologiese, sosiale, politieke en spirituele dimensies van die genre. Barnhill (2010:284) meen dat dit hieraan toe te skryf is dat natuurgesentreerde skryfwerk, en dan veral die groot werke binne die genre, so boeiend maar ook op sosiale vlak so betekenisvol vir ons tyd en situasie is.

Wanneer 'n natuurgesentreerde teks benader word as 'n ekosisteem, is die doel om vas te stel watter van die kenmerkende elemente teenwoordig is in die spesifieke teksinhoud, op watter wyse hierdie elemente ontwikkel en geïntegreer word asook hoe die onderlinge verbande en wisselwerking tussen elemente beklemtoon word. Hierdie proses word in Deel 2 van die studie aangepak as strategie om *Boomkastele* te analiseer en te beskryf. Wat hierdie benadering ons bied, is "a vocabulary to analyze what is going on *at the inside* of nature writing" (Barnhill 2010:276).

Die toepassing van ekokritiese teorie op Afrikaanse tekste is 'n uitdaging waarvoor nog baie ruimte bestaan. Smith (2015) verwys na die verskynsel dat selfs internasionale ekokritici hulle veel meer geredelik met teorie besig hou as met toepassingsmoontlikhede daarvan binne die literatuur. Op die plaaslike toneel is dit eweneens die bewustelike ontginning en aanwending van ekokritiese wetenskapsbeginsels in literatuurbeskouing en teksanalise wat grootliks ontbreek. Deel 2 van hierdie ondersoek, waarin die teoretiese beginsels van Barnhill se benadering van toepassing gemaak word op *Boomkastele*, kan dus verruimend inwerk op die huidige, relatief stagnante literatuurteoretiese klimaat in die Afrikaanse letterkunde

## BIBLIOGRAFIE

- Barnhill, D.L. 2010. Surveying the Landscape: A New Approach to Nature Writing. *Interdisciplinary Studies in Literature and Environment*, 17(2):273–290.
- Bennet, M. 2001. From wide open spaces to metropolitan places: the urban challenge to ecocriticism. *Interdisciplinary Studies in Literature and Environment*, 8(1):31–52.
- Bennet, M. & Teague, D.W. 1999. *The Nature of Cities: Ecocriticism and Urban Environments*. Tucson: The University of Arizona Press.
- Berghaller, H. 2014. What is ecocriticism? <http://www.easlce.eu/about-us/what-is-ecocriticism> [2 November 2015].
- Buell, L. 2005. *The Future of Environmental Criticism: Environmental Crisis and the Literary Imagination*. Malden, Oxford, Victoria: Blackwell Publishing.
- Burton-Christie, D. 1993. 'A feeling for the natural world': spirituality and contemporary nature writing. *Continuum*, 2(2-3):154–180.
- Childs, P. & Fowler, R. 2009. *The Routledge Dictionary of Literary Terms*. Londen, New York: Routledge.
- Cowley, J. 2008. The new nature writing. *Granta: The Magazine of New Writing*, 102:7–13.
- Finch, R. 1991. Being at Two with Nature. *The Georgia Review*, 55(1):97–104.

- Fourie, R. 2011. A postcolonial and ecocritical reading of Marlene van Niekerk's modern plaasroman *Agaat*. (Dissertation – MA) 93 p.  
[http://lib.ugent.be/fulltxt/RUG01/001/786/761/RUG01-001786761\\_2012\\_0001\\_AC.pdf](http://lib.ugent.be/fulltxt/RUG01/001/786/761/RUG01-001786761_2012_0001_AC.pdf) [20 September 2016]
- Fourie, R. 2013. Is ekokritiek die moeite werd? *LitNet Webseminare*. <<http://www.litnet.co.za/Article/is-ekokritiek-die-moeite-werd/>>. [10 Februarie 2016].
- Glotfelty, C. 1996. Introduction. In Glotfelty, C & Fromm, H. (eds). *The Ecocriticism Reader: Landmarks in Literary Ecology*. Athens, London: The University of Georgia Press, pp. xv–xxxvii.
- Grové, A.P. Literatuur. In Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 256–260.
- Iovino, S. 2015. Editorial: Creative Writing and Arts. *Ecozon@*, 6(1):167–169.
- Kelly, N.J. 2013. *Shoulder to the Wind*. A Lyrical ecocation of the Bogong High Plains. Melbourne: Victoria University Press. (Thesis – PhD). 294 p.
- Keuris, M. 2007. An ecocritical reading of Pieter Fourie's *Die koggelaar*. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 23(4):417–431.
- Lyon, T.J. 1989. *This Incomparable Land: A Book of American Nature Writing*. Boston: Houghton Mifflin.
- Lilley, D. 2013. Recovering Nostalgia in Nature Writing. *Alluvium*, <https://www.alluvium-journal.org/2013/05/13/recovering-nostalgia-in-nature-writing/> [23 Oktober 2015]
- Macfarlane, R. 2013. New words on the wild: Robert Macfarlane reflects on the recent resurgence in nature writing. *Nature*, 498(7453):166–167.
- Marland, P. 2013. Ecocriticism. *Literature Compass*, 10(11):846–868.
- Moran, J. 2014. A Cultural History of the New Nature Writing. *Literature & History*, 23(1):49–63.
- Murphy, P.D. 2000. *Farther Afield in the Study of Nature-oriented Literature*. Charlottesville: University Press of Virginia.
- Odendal, F.F. & Gouws, R.H. (reds.). 2005. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. 5de uit. Kaapstad: Pearson Education.
- Oppermann, S. 2011. “Istanbul is like a Judas tree”: Urban ecocriticism and fictions of Istanbul. The Seventh International Congress for Turkish Culture: Istanbul in Turkish and World Literature Proceedings. [www.academia.edu/2165056/Istanbul\\_is\\_like\\_a\\_Judas\\_Tree\\_Urban\\_Ecology\\_and\\_Fictions\\_of\\_Istanbul](http://www.academia.edu/2165056/Istanbul_is_like_a_Judas_Tree_Urban_Ecology_and_Fictions_of_Istanbul) [2 November 2013].
- Oppermann, S. 2013. Feminist ecocriticism: The new ecofeminist settlement. *Feminismo/s*, 22:65–88.
- Pladus, M. 2016 Gender Constructivism and Strategic Essentialism in *Reguge*. *Interdisciplinary Studies in Literature and Environment*, 23(2). <http://isle.oxfordjournals.org/content/early/2016/06/23/isle.isw040.extract> [13 September 2016].
- Roos, H. 1998. Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu. In Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. Band 1*. Pretoria: Van Schaik, pp. 21–117.
- Roos, H. 2011. “The war of the worlds”: Relocating the boundaries between the human and the non-human. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 27(4):50–70.
- Tredinnick, M. 2003. *A Place on Earth: an Anthology of Nature Writing from Australië and North America*. Sydney: UNSW Press.
- Tuur, K & Reitalu, T. 2012. Botanical nature writing: an ecocritical analysis. *Estonian Journal of Ecology*, 61(1):9–19.
- Schoombie, S. 2015. *Boomkastele: 'n sprokie vir 'n stadsmens*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Slovic, S. 1992. *Seeking Awareness in American Nature Writing: Henry Thoreau, Annie Dillard, Edward Abbey, Wendell Berry, Barry Lopez*. Salt Lake City: University of Utah Press.
- Steenkamp, E. 2013. Ekokritiek: In gesprek met Susan Smith. *LitNet Akademies*. <http://www.litnet.co.za/ekokritiek-in-gesprek-met-susan-smith/> [11 September 2016].
- Smith, S. 2014. Die tasbaarheid en die on(aan)tasbaarheid van literatuurteorie: ekokritiek en die nuwe materialisme. *LitNet Akademies*. <http://www.litnet.co.za/poolshoogte-die-tasbaarheid-en-die-onaantastbaarheid-van-literatuurteorie-ekokritiek/> [11 September 2016].
- Smith, S. 2015. Ekokritiek. By die sien: kennisname en kenniskepping. Versindaba. <http://versindaba.co.za/tag/ekokritiek/> [15 September 2016].

- Smit-Marais, S & Wenzel, M. 2006. Subverting the pastoral: the transcendence of space and place in J.M. Coetzee's *Disgrace*. *Literator*, 27(7):23–38.
- Stenning, A. & Gifford, T. 2015. Editorial: Twentieth-century nature writing in Britain and Ireland. *Green Letters: Studies in Ecocriticism*, 17(1):1–4.
- Stephenson, W.C. 1995. A new type of nature writing? *The Midwest Quarterly*, 36(2):170–177.
- Viljoen, H. 1998. Literatuur, sy aard en sy funksies. In Van der Merwe, C.N. & Viljoen, H. (reds.). *Alkant olifant: 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap*. Pretoria: J.L. van Schaik, pp. 23–54.
- Vital, A. 2008. Toward an African Ecocriticism: Postcolonialism, Ecology and *Life and Times of Michael K*. *Research in African Literatures*, 39(1):88–94.
- Wylie, D. 2007. //Kabbo's challenge: Transculturation and the question of a South African ecocriticism. *Journal of Literary Studies*, 23(3):252–70.

## KREATIEWE WERKE

- Bakkes, C. 1998. *Die lang pad van Stoffel Mathysen*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Bakkes, C. 2000. *Stoffel in die wildernis*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Bakkes, C. 2002. *Skuilplek*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Bakkes, C. 2004. *Stoffel by die afdraaipad*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Bakkes, C. 2007. *Stoffel se veldnotas*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Bakkes, C. 2010. *Stoffel in Afrika*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Barnard, C. 1999. *Boendoe*. Kaapstad: Tafelberg.
- Botes, A. 2007. *Sabbatsreis*. Kaapstad: Tafelberg.
- Campbell, C. 2013. *Karretjiemense*. Kaapstad: Umuzi.
- Coetzee, C. 2003. *Toewaaissand*. Pretoria: Pretoria Boekhuis.
- Du Plessis, H. 2009. *Verbrande paradys*. Pretoria: Lapa.
- Heese, M. 2014. *Vuurklip*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Kotze, E. 1986. *Halfkroon vir die nagmaal*. Pretoria: Academica.
- Kotzé, W.D. 2003. *Kalahari-kind*. Pretoria: Pretoria Boekhuis.
- Kotzé, W.D. 2006. *Kalahari-joernaal*. Pretoria: Pretoria Boekhuis.
- Marais, E. 1938. *Burgers van die berge*. Pretoria: Van Schaik.
- Marais, E. 1938. *Die siel van die mier*. Pretoria: Van Schaik.
- Mathee, D. 1984. *Kringe in 'n bos*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Mathee, D. 1987. *Moerbeibos*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Mathee, D. 2003. *Toorbos*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Muller, P. 2007. *Desemblers*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Pieterse, P. 2005. *Manaka, plek van die horings*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Stockenström, W. 2004. *Die kremetartekspedisie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Strachan, A. 2010. *Dwaalpoort*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Van der Vyver. *Stiltetyd*. 2006. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Van Heerden, E. 2006. *Die swye van Mario Salviati*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Van Rooyen, N. 2007. *Chinchilla*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Van Rooyen, P. 1994. *Die spoorsnyer*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Van Rooyen, P. 1995. *Agter 'n eland aan*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Van Rooyen, P. 1997. *Die olifantjagters*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Van Rooyen, P. 2001. *Gif*. Pretoria: Pretoria Boekhuis.

# “Landskapverinniging” as sentrale motief in die gedig “tesis in gestapelde sillabe-versteuring oor ingebedheid” in die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog

*Landscape endearment as central motive in the poem “tesis in gestapelde sillabe-versteuring oor ingebedheid” in Mede-wete (2014) by Antjie Krog*

SUSAN SMITH

Department of Afrikaans  
University of Fort Hare  
East London campus  
E-pos: ssmith@ufh.ac.za



Susan Smith

SUSAN SMITH woon en werk in Oos-Londen waar sy professor in Afrikaans is aan die Universiteit van Fort Hare (UFH). Sy tree voltyds toe tot die akademiese in 2005 en speel in daardie jaar ’n deurslaggewende rol in die tot stand bring van ’n Afrikaans departement op die Oos-Londen-kampus ná die sluiting van die departement op die Alice-kampus. Die departement floreer sedertdien en lewer ’n belangrike bydrae tot Afrikaans in ’n oorwegend Engelse omgewing.

Susan is ten nouste betrokke by die herskryf van die taalbeleid (2012) by UFH waarin Afrikaans, naas Engels en IsiXhosa, as amptelike taal aanvaar en erken word, wat ’n platform skep vir ’n multitalige universiteit.

Die navorsingsterrein wat Susan verken, is ekokritiek en ekopoësie. Dit is veral die ondersoek na *plek* en *ingeplaasheid* waarmee sy ’n bydrae lewer. Sy is ook ’n digter: in 2012 verskyn haar debuutbundel, *In die afwesigheid van sin* en in Oktober 2016 *Die aarde is ’n eierblou ark*, beide van Protea Boekhuis. Susan is onlangs verkies tot sekondus van die Letterkundekommissie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

SUSAN SMITH lives and works in East London where she is a professor at the University of Fort Hare (UFH). She joins academia fulltime in 2005 and in that year she is instrumental in establishing an Afrikaans department at the East London campus after the closure of the Afrikaans department at the university’s Alice campus. Since then the department has flourished and continues to play an important role in contributing to Afrikaans in a predominantly English environment.

Susan has been intensely involved in the rewriting of the language policy at UFH (2012), a policy in which Afrikaans, in addition to English and IsiXhosa, is recognised and adopted as an official language of the university, thereby paving the way for a multilingual university.

Susan’s research fields of interest are ecocriticism and eco-poetics. In particular, her contribution to the discourse on ecocriticism and eco-poetics is realised in her investigation of *place* and *emplacement* in literature. She is also a poet: in 2012 her first volume of poetry, *In die afwesigheid van sin* is published, followed in October 2016 by *Die aarde is ’n eierblou ark*, both from Protea Boekhuis. Susan has recently been elected as secundus to the Literature Commission of the SA Academy of Science and Arts.

**ABSTRACT*****Landscape endearment as central motive in the poem “tesis in gestapelde sillabe-versteuring oor ingebedheid” in Mede-wete (2014) by Antjie Krog***

*This article investigates the way in which the closing poem, “tesis in gestapelde sillabe-versteurings oor ingebedheid” in the volume of poetry, Mede-wete (2014) by Antjie Krog becomes central to both the ecopoetic theme and the methodology of emplacement which permeates the text.*

*The central themes of co-humanity, sharing, co-connectivity and co-existence (medemenslikheid, mede-deelsaamheid and medemens-wees) which are activated by the title, have been the focus of a number of previous investigations (Taljard 2014, Van Vuuren 2014, Hambidge 2014 and Jacobs 2015). The title allows a multi-referential interpretation which includes the nonhuman environment (as indicated by Visagie 2015:229), an aspect which specifically resonates in the last section of the text and in the closing poem. Visagie comments on the multiplicity of synapses, or connections and junctures which are central to the text, also indicating how the translated title of the text, Synapse (2014) emphasises the ideas of conjunction and bridging between two objects. The Other, who is implicitly activated by the title of the Afrikaans text, also includes nonhuman beings and non-living things. This article explores how in the selected text and poem, Krog suspends boundaries between human and nonhuman bodies through an inter- and intra-active modus operandi through which transcorporeality and exchange and interchangeability of roles occur.*

*The obvious meta-textual nature of this section and the intense involvement with language becomes a modus operandi to create “verinniging” (closeness, endearment), not only in the knowing/knowledge of a fellow human being, but also by means of co-being and co-existence within the landscape and natural environment.*

*The long title of the poem includes the word “ingebedheid” (embeddedness, emplacement), in which aspects of co-corporeality and trans-corporeality are already implicated. It closely relates to the theory of emplacement (Buell 2005:65; Smith 2012b:901), described in the Oxford Dictionary as “a structure on or in which something is firmly placed” and in ecocritical terms defined as being immersed in the physical materiality of place which requires a sensory, emotive and intellectual consciousness from the poet, a so called in-the-body experience (Smith 2012b:902). It also requires attachment to place and alliance to place with the poet.*

*The theoretical framework for the discussion of the poem is ecocriticism and ecopoetics. By using a number of central ecocritical concepts, entanglement, transcorporeality, the strange stranger and estrangement, emplacement, participating imagination and diffraction, the article focuses on the co-nature and co-environment and the way in which these key concepts function in the final poem.*

**KEY CONCEPTS:** Afrikaans poetry, Antjie Krog, *Mede-wete*, ecocriticism, ecopoetry, emplacement, entanglement, participating imagination, diffraction, transcorporeality, materiality, strange stranger

**TREFWOORDE:** Antjie Krog, *Mede-wete*, *Synapse*, ekokritiek, ekopoësie, ingeplaasheid, vervlegting, deelnemende verbeelding, diffraksie, transliggaamlikheid, materialiteit, vreemde vreemdeling

## OPSOMMING

In hierdie artikel word daar ondersoek ingestel na die wyse waarop die slotgedig van die bundel, “tesis in gestapelde sillabe-versteuring oor ingebedheid” in die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog, sentraal staan tot die ekopoëtiese tematiek en werkwyse van ingeplaasheid wat deurlopend in die bundel na vore kom. Daar word ook na enkele ander verbandhoudende gedigte in die bundel verwys.

Benewens die ooglopende sentrale tema van mede-menslikheid, mede-deelsaamheid en medemens-wees wat deur die bundeltitel geaktiveer word en waarop resensies (Taljard 2014, Van Vuuren 2014, Hambidge 2014 en Jacobs 2015) van die teks oorwegend gefokus het, tref Visagie (2015:229) in sy resensie-artikel onderskeid tussen die veelvuldige sinapse, oftewel “verbindings” of “samevoegings” wat ten grondslag van die bundel lê, waaronder ook verbindings met die niemenslike omgewing. Die Ander, wat implisiet deur die bundeltitel geaktiveer word, is ook die aarde en dié wat van die aarde is. Daar sal aangetoon word dat Krog ook in hierdie gedig en bundel die grense ophef tussen die menslike en die niemenslike en dat die gedig voorspraak maak vir ’n verinning in verhoudings tussen alle materialiteite, beide menslik en niemenslik.

Die teoretiese raamwerk waarbinne ek hierdie gedig ondersoek, is dié van die ekokritiek en ekopoësie waarin daar na die verhouding en interaksie tussen die mens en sy omgewing gekyk word. Aan die hand van ’n aantal kernbegrippe van die ekokritiek, naamlik *vervlegting*, *transliggaamlikheid*, die *vreemde vreemdeling* en *vreemdmaking*, *ingeplaasheid*, *deelnemende verbeelding* en *diffraksie*, word daar gefokus op mede-natuur en mede-omgewing en die wyse waarop dit in die slotvers funksioneer.

## INLEIDING

Die slotgedig in die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog, “tesis in gestapelde sillabe-versteuring oor ingebedheid”, vorm deel van ’n afdeling met die titel, “vier pogings in linguïstiese sinaps-opsporing” (opgedra aan Jakes Gerwel). Tereg noem Andries Visagie hierdie gedigreëks “manjifieke slotverse” (2015:232) weens die reikwydte en allesomvattende tematiek en maak melding van Krog se “verbluffende omgang met taal” (2015:233). Die bespreking van die slotgedig kan bykans as ’n vertrekpunt gesien word vir die besinning oor verwante kwessies in die res van die bundel. Die gedigafdeling vorm in velerlei opsigte ’n grondslag vir die lees van die bundel, soos ook gesuggereer word deur die bundeltitel van die vertaalde teks, *Synapse* (2014, vertaal deur Karen Press). Dit veronderstel ’n poging tot sinapsvorming, oftewel samebinding en die opsporing van samebindende faktore deur die digter met die ander/Ander wat buite die self teenwoordig is. Die woord *sinapse* verwys na die “sensuselbrug”, oftewel die aansluitingspunt tussen sensuselle (*Pharos Afrikaans-Engels Woordeboek* 2005:1416), ’n minimale gaping waartussen impulse en boodskappe deur middel van neurooordrag moet spring. Sinapse is dus die plekke van kontak en oordrag van sensuboodskappe, wat die emotiewe en liggaamlike broosheid van oordrag beklemtoon.

Krog skryf vervolgens vier gedigte in hierdie reeks, “in gebreke bly binne-aars”, “sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas”, “ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS*” en “tesis in gestapelde sillabe-versteuring oor ingebedheid”.

Die motto-gedig van hierdie gedigreëks kan gelees word as ’n werkskode om die daaropvolgende gedigte in die slotafdeling te interpreteer:

*die oopboor van verstopte sillabes die verstelling  
van 'n uitgebrande tweeklank die afsaag  
van medeklinkers 'n volgehoue plaakafbeiting  
van klinkers sodat erbarmlose verstokte woorde gedaag  
word skielik kan lug instroom 'n nuwe geluid  
benader vreemd sal die nuwe taal moet lê uitasem  
en omgee omgewend apartwees dood begin sê  
in die haat wat so bloedgrondritmies dawer (111)*

In die motto-gedig stel Krog 'n vernuwende werkwyse in die vooruitsig: sy wil die “verstopte sillabes” “oopboor”, 'n “verstelling maak aan “'n uitgebrande tweeklank” en medeklinkers “afsaag”. Die opdrag van die afdeling kan in hierdie verband saamgelees word en aktiveer die meertalige en polifoniese aard van die gedigreëks, waardeur die lewe en werk van Jakes Gerwel in herinnering geroep word. Benewens die feit dat Gerwel 'n bekende anti-apartheidsaktivis was, was hy ook 'n gerespekteerde akademikus wat homself veral met die konsep van meertaligheid bemoei het. Taalfokus en -variasie, vertaling en uiteindelikheid “mede-taligheid” word die voertuig waardeur mede-belewing en mede-bestaan uitgedruk word.

Krog is met kragtige, aktiewe, alles-insluitende taalvernuwing besig. Dit sal 'n taal wees wat “omgee omgewend apartwees dood begin sê” (111). Die woord “omgewend” in hierdie gedig dui eerstens op kwessies rondom menswees en medemenswees, dit dui op begrip en “omgee” vir mekaar, vir die Ander – dus, om deur die bemiddeling van taal 'n mens te wees wat “omgewend” word, nie apart van die ander nie, tussen ander, ook in die omgewing van ander. Hierdie aspek sluit aan by een van die sterkste deurlopende motiewe in Krog se oeuvre, naamlik die verhouding tussen mens en mens, kleurkwessies, die gevolge van apartheid en saam- en medebestaan in hierdie land. Mede-bestaan en mede-menslikheid word alreeds in die bundeltitel veronderstel. Dit plaas 'n soeklig op die gebrek aan “wete” van mekaar, die insig in of gebrek daaraan wat ons van mekaar se wêreld het, ons saambestaan op dieselfde plek, en ons mede-deelsaamheid al dan nie.

Soos Jacomien van Niekerk (2014) tereg in haar resensie opmerk, aktiveer die meerduidige bundeltitel ook die woord “gewete”, waardeur die introspeksie en aandadigheid van die Afrikaner binne die breë sosiale konteks onder oë geneem word. Terselfdertyd word van die veronderstelling uitgegaan dat die mens ook 'n “gewete” behoort te openbaar teenoor die niemenslike omgewing en wesens waarin die mens hom bevind. 'n Verdere aktivering is die woord “weet” of “wete” – om kennis te dra van.

Daar is egter 'n tweede betekenis in die woord “omgewend” wat in die bundel geaktiveer (en 'n sinaps wat opgespoor) word, naamlik dié van “omgewing” – met inbegrip van plek en grond (as 'n uitgebreide bundeltema) – waarop hierdie artikel wil fokus, en wel hoe dit in die geselekteerde gedig aan bod kom. Die fokus op die mede-natuur en mede-omgewing word gedoen aan die hand van 'n aantal kernbegrippe in die teoretiese raamwerk van die ekokritiek, waaronder *vervlegting* en *transliggaamlikheid*, die *vreemde vreemdeling* en *vreemdmaking*, *ingeplaasheid*, *deelnemende verbeelding* en *diffraksie*. Hierdie terme lê ten grondslag van die ekokritiese diskoers waarin die kultuurprodukte, in hierdie geval die literêre tekste, ondersoek word aan die hand van die wyse waarop dit die verhouding tussen die mens en al die organismes van die natuurlike wêreld wat hom omring, uitdruk.

In 'n vorige artikel (Smith 2012a:512) definieer ek ekopoësie onder andere as “die beweging wat spruit uit die spanning waar die verhouding tussen mens en natuur 'n kruispunt bereik” en daar gepoog word om “die sistematiese samehang en ordening van die geheel uit te druk,

dikwels deur die destabilisering van die gedig”. Die destabilisering van die gedig hou direk verband met die tegniek van sillabeerversteuring wat Krog in die slotgedig aanwend. Sillabeerversteuring kan dus inherent as destabiliseringstegniek gesien word, wat daarin slaag om die leser op ’n nuwe manier na die gedig en die omgewing te laat kyk en vooropgestelde idees oor *schoonheid* en *natuur* omverwerp deur nuwe verbande te skep, ook deur die opheffing van grense tussen schoonheid en nieschoonheid, en tussen natuur en kultuur. Die ekogedig fokus op die menslike kreatiewe skryfaksie waarin die fisiese omgewing van die mens en sy verhouding met alles wat hom omring, ondersoek word. Ekopoësie is uiteindelik konneksie: dit is ’n manier om met die omringende wêreld in verbinding/verbintenis te tree deur middel van taal.

Om die sinapse of verbindings wat in die bundel en in die slotgedig gevorm word te ondersoek, neem ons ’n tree terug en werp eerstens ’n blik op die visuele aanbod van die buiteblad.

## DIE VISUELE SINAPS VAN DIE BUITEBLAD

Die leser word deur die kunswerk van Otobong Nkanga met die titel “Social Consequences” op die buiteblad (versprei oor die voor- en agterplat) paratekstueel voorberei op die belangrike rol wat plek, aarde, grond en grondbesit in sosiale verband en dan ook in die bundel speel. Paratekstualiteit, kortliks, is ’n term wat gemunt is deur Gérard Genette in sy teks, *Paratexts: thresholds of interpretation* (1997:1–2), waarmee bedoel word die addisionele inligting, insluitende die buiteblad, wat die teks omring en wat bydra tot die interpretasie van die teks. In die geval van Krog, wat benewens digter ook ’n bekende openbare figuur is, speel die parateks dus ’n bydraende rol tot die interpretasie van die teks. Die kunswerk beeld twee pertinent manlike figure uit (met ’n prominente uitbeelding van die geslag) wat besig is om twee stukkie aarde te manipuleer. Die manlike figure, wat bykans spieëlbeelde van mekaar is, is koploos (by implikasie sonder rede) en beskik elk oor verskeie pare arms wat die werk moet doen. Die uitoefening van krag deur die veelvuldige arms word die enigste rede en logika: dit vervang die logika van helder denke en deurdagte optrede en dui op brutale, instinktiewe krag. Daar word tougetrek, wat ’n sug na mag en oorheersing en besitterskap oor die aarde/grond/land suggereer. Die stukke aarde pas in ’n brose web van tou (nog ’n sinaps-beeld) en kan op enige oomblik kantel, of soos ’n woer-woer gespin word, terwyl die rooi tou steeds die brose verbondenheid en gebondenheid tussen die twee figure maar ook tussen die figure en die aarde bevestig. As opponente is hulle egter onherroeplik spieëlbeelde van mekaar.

Die leser word in die tersaaklike slotgedig, “tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid” gekonfronteer met hierdie lang titel wat aansluit by die bykans akademiese benadering wat reeds sigbaar is in die titel van die gedigreëks, wat voortgesit word in die derde gedig, “ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS*” en in die tersaaklike gedig ’n hoogtepunt bereik. Drie kernterme bied hulself in die titel aan: “tesis”, “gestapelde sillabeerversteuring” en “ingebedheid”.

## “GESTAPELDE SILLABEVERSTEURING”

Die opstapelning van ’n lang lys van taalvariante, samestelling, nuutskeppings en afwykings word deur die digter ingespan as ’n manier om die “verstoppe sillabes” “oop te boor” (111) en die grense van taalstrukture uit te daag. Dit dien as ’n sinapsopsparing – ’n wyse om morfologies en semanties nuwe verbintenisse op te spoor en te aktiveer, terwyl die opstapelningstegniek letterlik die herhalende, immer bewegende en voortstuwende aard van beide taalkonstruksie en betekenisverruiming beklemtoon. Interessant genoeg tree die kragdadige “oop [ ] boor”

van “sillabes” intertekstueel in gesprek met Loftus Marais se lugdrukboorbeeld uit die gedig “Die digter as rockstar” in *Staan in die algemeen nader aan vensters* (Marais 2009:40), waarin korte mette gemaak word met Van Wyk Louw se “beiteltjie” in die gedig “Die beiteljtjie” (Brink 2009:161).

Die woord “sillabeerversteuring” veronderstel bepaalde veranderinge of versteuringe wat doelbewus ingespan word om wyer betekenismoontlikhede of -afwykings tot stand te bring. Die sillabeerversteurings, vervormings, klankomwisselings en samevoegings dui op *deelnemende betekenisgeving* en *deelnemende verbeelding* in die Krog-gedig. Dit dui op die proses waardeur die digter die “vibrerende” moontlikhede van die konkrete taal (taal as materie) op so ’n wyse benut dat dit afwyk van die norm. In die bundel vind verskeie toespelings op Paul Celan (bekend vir sy kreatiewe en onortodokse taalaanwending) plaas, waaronder dan ook die verset teen gesag, die bemoeienis met die Ander en eksperimentering met taal. Die eerste gedig in die afdeling begin juis met ’n aanhaling deur Celan waarin sy eie spel met taal en sillabewisseling voorkom, waardeur die aanvanklike betekenis van “estrane” verruim en selfs omvergewerp word om die teenoorgestelde van die oorspronklike betekenis in te sluit, bedoelende dat die kennis jou te *binne* moet gaan – ’n bewustelike proses van inname en binnetoe-wending, selfs ingebedheid, wat terselfdertyd vervreemding teweegbring:

*In strange yourself, /deeper.* (112)

Die fokus op ingang binne die self, en daarmee gepaardgaande vervreemding, word deurlopend in die bundel aangetref:

om te ver-jy (112, r46–47)

So ook veral die volgende:

as jou gesig begin sterrefiseer

bomefiseer

halmkleurig leeu-fiseer (112, r49)

Hierdie kragtige werkwoord-nuutskappings dui op meer as ’n uitreik na die natuurlike wêreld; dit dui op ’n wordingsproses en op materiële uitruil. Dit wys op eenwording en transliggaamlikheid waardeur normale liggaamlike grense getransendeer word; dus liggaamlike transformasie deur middel van taaltransformasie – ster *word*, boom *word*, leeu *word*. Dit vorm sinapse regdeur die bundel, tot in die slotgedigreeks: “vergras vermier verwolk verswartwitpens // Kabbo landskapverinniging enkelmensvel-opgee-end“ (117).

Taalversteurings en -vreemdmaking is deel van ’n groter konsep van vervreemding en vreemdelingskap van die self wat nie net in die slotgedig nie, maar deurlopend in die bundel plaasvind. Dit gaan gepaard met ’n toenemend ander/Ander-wordende en allesinsluitende ervaring van die digter. Sy stel die “metodologie” daartoe voor, naamlik dat sy die ander – haar “verbonde verbande” – “moet [...] bly pla” om te “ontsnap uit die enkele mond van w(a) onde”; sy moet dus voortdurend bemoeienis maak met alles en almal waarmee sy verbind is, om die wonde en mure wat afsondering, enkeltaligheid en enkel-benoeming (“enkele mond”) teweegbring, te ontsnap. Waarop gehoop word, is ’n “vrymakende kantelduik” (119, r33), “die salige sillabe opstygend vanuit enkel ha(o)ltes”, die “vrymaak-verslinding na veelvoud” waardeur die digter tot “uiteindelijke kwalitatiewe diskoers” “aflosbaar” word – beide oplosbaar in en omruilbaar met die materie wat haar omring. Veelvoudigheid en veeltaligheid word as doelwit gestel; daardeur bereik die digter ’n staat van betrokkenheid en *vervlegting*; dus die daarstelling van ’n elementêre opposisie van enkel teenoor mede-; en van een- teenoor veelheid.

## VERVLEGTING

Verwikkeling en vervlegting van lettergrepe en sillabes bring vervlegting met die omgewing mee. Karen Barad praat van “entanglement” as “[m]atter and meaning [that] are not separate elements” (Barad 2007:3) as gevolg van hul vervlegte intra-verhouding (Barad 2007:ix) en die herdefiniëring van realisme, waardeur die Cartesiese subjek/objek-onderskeiding uitgedaag word. Om te “sterrefiseer”, te “bomefiseer” of te “leeuefiseer” fokus op die materialiteit van beide menslike en niemenslike liggame en die bewussyn van die liggzaamlikheid van alle materie. Die agentskap van realisme is uiteindelik nie die teenwoordigheid van onafhanklike realiteite nie, maar die gevolge, ingrypings en kreatiewe moontlikhede van intra-aksie daarvan in die wêreld. Die vervlegting waarvan Barad praat, vind weerklank in Stacey Alaimo se konsep van *transliggaamlikheid* (Alaimo 2008:238), wat gedefinieer kan word as die kartering van die vloeï van materie en diskoers regoor menslike en niemenslike liggame. Grense tussen die materiële liggame word hierdeur geherdefinieer. Dit lei tot vrae soos: waar eindig die mens? Waar begin die boom? Hoe is ons deel van mekaar? Die “mede-lug” en die “asemhaalmekaar” (2014:57) wat die digter aan bod stel, dui op die verskuiwing en opsegging van tradisionele grense. Die digter voel haar bewus van die skeidslyne wat al dunner word – die “aflosbaar”-heid (119, r55) van alle dinge (oplosbaar en vervangbaar, omruilbaar), die “dun danheid” (r54) (wesenskap) van “eweningspunt en newel-aar”, die punt of skeidslyn waar die ewewig van dinge na enige kant kan kantel. Op soortgelyke wyse word die grense van taal as kommunikasie-middel uitgedaag deur die digter:

... ek praat leeu [ ] ek  
 sneeu ek [ ] hoor die boom teen die saag skreeu – onverleë  
 die einde van liedletsels en die begin van getweë  
 asem (r42–45)

Die digter bewerk transliggaamlikheid deur die vermoë om in die taal van die dier te kommunikeer (leeuefisering), om tot sneeu te transformeer en die aksie daarvan uit te voer, om die boom te hoor (bomefisering). Die asem van die digter word getwyn, dus, soos drade ineengevleg, met die asem van alle ander dinge – ’n vervlegte transliggaamlike interaksie tussen alle menslike en niemenslike liggame en materiële uitruil van elemente, om alles en almal tot “soomloses te vernu” (r51) en letsels te heel.

Die materialiteit van liggame, beide menslik en niemenslik, lewend en nielewend, wat in die gedig op die voorgrond gestel word, is ’n meervlakkige konsep. Dit veronderstel “’n dig verstregelde en meervoudige weefsel wat sowel sosiolinguistiese konstruksies en kulturele verteenwoordiging (die diskursiewe praktyke) as die materialiteit van ekologiese verhoudings en ervaring insluit. Materie veronderstel ’n terrein van kennis en aksie waar materiële formasies ontstaan; dus, menslike en niemenslike liggame wat in samehang en vervlegting met mekaar optree” (Smith 2014:755).

Die fokus op materialiteit is deel van ’n internasionale teoretiese beweging wat die nuwe materialisme en die objekgeoriënteerde ontologie insluit, laasgenoemde veral bekend gemaak deur die werk van Timothy Morton, waaronder *Ecology without nature* (2007) en *The ecological thought* (2010). In ’n vorige artikel som ek die nuwe materialisme soos volg op:

Nuwe materialisme as teoretiese raamwerk sien die natuur nie as ’n passiewe sosiale konstruksie nie, maar eerder as ’n bemiddelende krag wat interaksie met en verandering van ander elemente teweegbring, insluitende die mens. (Smith 2012b:892)

Materie kan gesien word as 'n meervlakkige konsep wat die materialiteit van sowel die menslike as die niemenslike en nielewende liggame insluit. Dit bring 'n klemverskuiwing mee vanaf 'n passiewe geobjektiveerde beskouing van die niemenslike wêreld na 'n beskouing wat fokus op 'n lewende, vitale materialiteit waarby die mens interaktief betrokke is en waarvan hy deel is.

Die waarde van teorieë oor materialiteit en objekgeoriënteerde ontologie lê vir die ekokritiek daarin dat die antroposentriese posisie van die mens bevraagteken en omvergewerp word. Grense van materialiteit, insluitende die menslike materiële liggaam, word geherdefinieer.

## **DIFFRAKSIE EN DEELNEMENDE BETEKENISSKEPPING / DEELNEMENDE VERBEELDING**

Diffraksie word deur twee ekokritici, Karen Barad en Donna Haraway ondersoek en beide beskryf diffraksie as 'n lees- en skryfmetodiek wat op fisiese fenomene gebaseer is, 'n *deelnemende breuk* of skeuring in die lineariteit van individuele elemente se eienskappe (Barad 2003:803). Barad sien diffraksie as die teenoorgestelde van refleksie; volgens haar is laasgenoemde slegs 'n herhaling op 'n ander plek, terwyl diffraksie elemente op 'n nuwe wyse in patrone (Haraway 1997: 33) kombineer wat nuwe eksperimentele voorwaardes tot stand bring. Deelname geskied intra-materieel: materie-betekenis en dus materie-diskoers, wat die mens insluit, word geproduseer. Om te weet, is volgens Barad om op direkte wyse met materie betrokke te raak, om te besef dat subjekte en objekte verweef is met mekaar en dat objektiwiteit ook te make het met 'n verantwoordelikheid teenoor die verweefdhede waarvan ons deel is. Diffraksie is dus op 'n manier om die representasie van die werklikheid te hanteer: die verwagte lineariteit van oorsaak en gevolg word omvergewerp deur nuwe patrone wat interaksie, ingryping en bevestiging opteken.

In die gedig ter sake kan diffraksie waargeneem word wanneer 'n breuk in die verwagte lineariteit van die gedig plaasvind wanneer bestaande perspektiewe opgehef word. Taal, as 'n stel vooropgestelde konsepte wat ons benadering tot die werklikheid beïnvloed, word deur ingryping (van die digter) verander en verruim, waardeur die verwagte lineariteite opgehef word. Deur te "leueufiseer", te "bomefiseer" en te "sterrefiseer" word die taal/woord as blote representasie van die werklikheid gebuig om interaksie, intra-aksie en 'n nuwe materie-diskoers tot stand te bring. 'n Nuwe "allesherstellende begrip / van boomwees" (r21–22) kom tot stand. Die onderlinge verweefdhede van materie word in berekening gebring en deelnemende kenniskepping, wat nuwe ervaringsmoontlikhede inhou, is die gevolg.

Die *deelnemende en aandaggewende aard* van die mens se bestaan, soos veral verwoord deur David Abram se seminale teks, *Becoming Animal* (2010), sluit by bogenoemde aan. Abrams lê klem op die sensuele realiteit van die aarde, "the directly sensed world [which] is still explained by reference to realms hidden beyond our immediate experience" (Abram 2010:5). Hy verwys veral na die domein van dendriete, neurongeleiers en sinapse, tot by die mees verborge subatomiese ruimtes van kwarke, daardie komponente van atomiese nuklei en fundamentele boustene van alle materie, wat hy sien as "the deepest source and truth of the apparent world" (2010:5). Die aarde, "earth", behoort volgens Abram eerder "eairth" te wees, waarin die woord "air" ingebed is – "i" of "I", vir "self", want lug is geheel deel van aarde, net soos die *self*, wat ten volle ingebed is in die vloeibare element *lug* (2010:101). Hiermee bedoel Abram dat aarde en lug deel uitmaak van die geheel wat die mens omring, en waarvan die mens ook deel is. Die liggaam van die mens is veel minder self-ingeslote en -afgeslote as wat dit 'n ruim is waarin diverse materie op subatomiese vlak konvergeer: "[t]he body is a

place where clouds, earthworms, guitars, clucking hens, and clear-cut hillsides converge, forging alliances, mergers, and metamorphoses” (Abram 2010:229):

opwarrelend ontmoet ek dele van myself  
in wolke waar ek lankal reeds duikel as asem (102)

Die metamorfiese aard van die menslike liggaam (soos ook alle ander dinge) word op die voorpunt gestel – “shapeshifting” genoem deur Abram (2010:229) – deur te “bomefiseer”, te “leeuefiseer” en te “sterrefiseer”; deur “landskapverinnigend” te “vergras vermier verwolk verswartwitpens”, en daardeur die “verbonde verbande” van “veelwees” ervaar. ’n Bykomende vooropstellingstegniek, die v-alliterasie, versterk die verbandlegging tussen die nuutskeppings, waardeur die mens uiteindelik deelnemend word, deur middel van deelnemende verbeelding:

die inverbeel in ’n bosbakermat die heilig nooit-  
gehoorde te beskryf nuwe woorde moet download (92)

om woordondeurswerfbare bome te tolk (92)

Hierdie frase sluit aan by die poging tot begrip wat deurgaans in die gedig op die voorgrond gestel word. Om “bome te tolk” suggereer iets van die spreker se drang, nie net om bome te verstaan nie, maar ook uit te lê wat die bome, as “ander”, sê.

## **DIE VREEMDE VREEMDELING**

In die prosas van taaltransformasie en sillabeerversteurings word beide taal en mens al vreemder. Vreemdmaking sluit ten nouste aan by die *vreemde vreemdeling*-konsep van Timothy Morton. Morton sê:

*Strange stranger* names an uncanny, radically unpredictable quality of life-forms. Life-forms recede into strangeness the more we think about them, and whenever they encounter one another – the strangeness is irreducible. Ecological philosophy that does not attend to this strangeness is not thinking coexistence deeply enough. (Morton 2011:165)

Die *vreemde vreemdeling* is volgens Morton die dier waarvan die vreemdheid sodanig is dat die dier nie deur die mens verabsoluteer en gedefinieer kan word nie; die mens kan nie die dier van ’n etiket voorsien nie want die mens kan nooit die dier ten volle begryp nie. Net so met ander vorme van niemenslike dinge: as die digter praat van “bomefiseer” (49), is sy besig om die “allesherstellende begrip / van boomwees molmneutige mosbassig” (118, r22) aan te gryp, om haar “boomlinggeliefde” en die “bloedgreep wat tussen sy wortels begrawe / lê” “aflosbaar” (dus, oplosbaar/vervangbaar) met haarself te sien. Die grense en beperkinge, die etikettering van wat boomwees beteken, word oplosbaar en vervangbaar; dit word uitruilbaar met die digter terwyl die digter algaande self die *vreemde vreemdeling* word. Sy *is* nie meer haarself nie; algaande *word* sy die vreemde Ander. Hoewel daar geargumenteer kan word dat die digter se strategie van “bomefiseer” en haarself “aflosbaar” van/met die natuur sien, juis kennis, innigheid en liefde en dus minder vreemdheid bewerkstellig, moet daarop gewys word dat die *vreemde vreemdeling*-konsep van Morton juis ook die bekende insluit wat toenemend onbekend word.

Die sillabeerversteurende aard van die gedig en die volgehoue spel daarmee in die bundel is ’n sleutel wat nie net taalverruiming en transformasie deur taalvervreemding uitdruk nie, maar op ’n verdere vlak veral werk met die uitdaging van konsepte van enkelheid teenoor mede-bestaan, van Self teenoor Ander, van lewend teenoor nielewend en van menslik teenoor niemenslik. Uiteindelik daag dit ook die grense van materialiteit uit.

Die tweede kernterm in die slotgedig is “tesis”.

## DIE GEDIG AS TESIS

Die slotgedig neem die vorm aan van ’n tesis met inspelings op die navorsingsvoorstel wat voorgelê word deur ’n voornemende nagraadse student by die aanvang van sy of haar studies. Die gedig bied die onderafdelings van ’n navorsingsvoorstel aan deur die subtitels (in skuinsdruk en hakies) van die onderskeie strofes. Daar word onder andere aandag gegee aan die tipe navorsing wat gedoen moet word (kwalitatief of kwantitatief) (“*die onkwantifiseerbare*”, (r1)), die navorsingsvraag (“*die kritieke vraag*”, (r8)), definiëring van kernbegrippe (“*definiërings van onderlinge verbinding*”, (r19)), metodologie (“*vraag oor metodologie*”, (r29)), die navorsingstelling (“*’n verontrustende postulaat*”, (r32)) en die teoretiese begroning (“*teorie anderkant die sogenaamde aard van denke*”, (r41)). Die digter neem die proses verder deur voorsiening te maak (in die twee laaste subtitels) vir die verwagte diskoers (“*uiteindelike kwalitatiewe diskoers*”, (r52)) en moontlike interpretasie (“*voorspraakmakende interpretasie*”, (r59)) wat op die navorsing volg. In alle gevalle word die subtitels in hakies geplaas, wat wys op ’n voorlopige aard van die waarnemings en neerpen van die “*tesis*”. Dit sluit ten nouste aan by die idee dat die woord *tesis* die betekenis dra van ’n voorlopige postulaat, ’n stelling wat reg of verkeerd bewys moet word deur die navorser.

Dit word vir die leser duidelik dat hierdie gedig as ’n raamwerk gelees kan word vir die hele bundel en dat die kerntemas van die bundel hier aangespreek word. In die eerste strofe wil die digter ’n filosofiese agtergrond daarstel, naamlik “die ontologie van ansigbaarheid” (r2). In die woord “ansigbaarheid” skuil die verwysing na Kant se siening van “das Ding an sich”, oftewel die ding/fenomeen in die natuurlike wêreld soos dit op sigself bestaan en die feit dat dit nie ten volle deur menslike sensasie geken kan word nie (Kant 2007). Deur sillabeversteuring word die woord *onsigbaarheid* in “ansigbaarheid” omskep, wat eweneens kan sinspeel op *aansig* en *sigbaarheid*, en daardeur beide *sigbaarheid* en *onsigbaarheid* aktiveer, wat spanning tussen die kenbaarheid al dan nie, van die omringende werklikheid bewerkstellig. Voorts betrek die woord ook die kyker, vir wie dit moontlik word om te kyk en te probeer ken en herken. Die digter leer geleidelik om die ontologie (wordingsleer, wysgerige leer oor die syn) van onsigbaarheid te lees en om daardeur “onsekerheid” (r4) en “allenighede” (r5) en selfs “die gryp van mortaliteit” (r6) te ontwyk. Dit doen sy deur “heelhei(l)dswordende vibrasies” (r4) en “op(p)erlug” (r5). Die eensaamheid en onsigbaarheid van die mens (en sy “wees”) word die hoof gebied (tot “onfinaliteit” (r7) gemaak) deur lug – wat nie net oop is nie, maar ook die opperheerser is – en vibrasies wat beide heelmakend en heilsaam is. Die werkwoorde “wordende” en “wees” plaas die gegewe binne die ontologiese konteks wat in die eerste strofe veronderstel word en word verder gevoer in “midde-syn” (r10), “worddeurwarde” (r13–14), “wesenheid” (r25), “veelwees” (r26), “wesende gewordendes” (r27), “*is*” (r42) – al die taalpermutasies van *wees*. Ook hier dra die alliterasie by tot die trefkrag van onkonvensionele taalgebruik.

Wat gesuggereer (en onkwantifiseerbaar) is in die eerste twee strofes, word in die derde strofe by die naam genoem: die verbintenis van die mens aan die natuur, naamlik “berg” (r9), bome (r20–22, 43, 56), “leeu” (r42), “sneeu” (r43), “jasmyn” (r45), “wimpelvlerknaguile” (r49), “koedoe” (r55), “ster” (r58) en “duiwe” (r64). Die digter sê:

:die berg strik die kleur van gestoofde pienkgeprikte kweper  
in ons midde-syn (118, r8–9)

Die digter bevraagteken uiteindelik, in die strofes met die subtitel, “(die kritieke vraag)”, (wat inspeel op die navorsingsvraag van die tesis), haar emosionele reaksie (“onkodeerbare

pyn”(r10)), haar vervoering met en behoefte tot uitreik en deelname en deel ’n skrams hou uit na die “inhomse filosowe”, waardeur beide die plaaslike (inheemse) sowel as manlike geïmpliseer word.

In die volgende strofe, met die subtitel, “(definiërings van onderlinge verbinding)”, bou die digter voort op die akademiese formaat van die gedig. Die toonaard is egter nou emosioneel gelade en onakademies. Sy breek weg van die formele teoreties-wetenskaplike gegewe van die eerste twee strofes deur hierdie uiters liriese beskrywing van plek. Die blik verskuif na die persoonlike vlak van die digter as die *self* deur die herhaling van “my”, waardeur sy haar sterk persoonlike verbintenis tot die natuurgegewe bevestig. En daarmee word die tema van *ingeplaastheid* betrek, met die fokus op gedeelde besit/belewing, geaktiveer deur “ons middesyn”. As “definisie” oorskry hierdie strofe die formele en feitelike van definiëring; dit word ’n loflied aan bome en klip en sterre:

    jirre my takkerasie   my boomlinggeliefdeste –  
     hoe sjarmantogig waak jou allesherstellende begrip  
     van boomwees       molmneutig               mosbassig (118, r20–22)

Ook in die opvolgende reëls word die sterk eenheidsbelewenis van beide “ek” en “jy” met die omgewing as teenvoeter vir “allenighede” belig, en die digter voel die “wesenheid” (bestaanswese) van haarself en die mense om haar ingeslote, ingebed, “in” die natuur, moontlik as fragment of splinter (splint = “skerp afgesplitste stukkie hout”, Odendal en Gouws 2005:1080):

    en iets wat voorlopig bloedbeeks splint  
     ek is daar in  
  
     én jy   jy’s opgeraap tot die radiogolwe van wesenheid  
     ook besig om veelwees te huidig om heelsaamheid  
     van al ons wesende gewordes   [...] (118, r23–26)

Die woord “huidig” as ’n volgende sillabeerversteuring (met die betekenislae van “huldig” en “huidig”) veronderstel ’n omarming en viering van die “veelwees”, in die huidige moment. Die digter speel ook in op die woord “huid” as vel (van menslike en niemenslike wesens), wat eweneens kan dui op oppervlak of begrensing, wat die leser bewus maak van die arbitrêre aard van hierdie grens. Die ingeslotenheid (ingebedheid) van almal saam in die natuur, lei tot “heelsaamheid” (heelheid/heelwording, heilsaamheid en samesyn) van die “ons”.

Vervolgens word ’n werkwyse daargestel in “(vraag oor metodologie)”: die digter dui aan dat sy die omringende wêreld sal “bly pla” – ’n werkwyse wat dui op herhaalde bevragektekening van die bestaande orde. Dit bring haar by ’n “verontrustende postulaat”, naamlik die hoop op vrywording (“vrymakende kantelduik”, “snikstase / van die vrymaak-verslinding”) en ’n wonderwerk (“mirakelmakendheid”) wat “hoop” (herhaling in reël 33 en 39) en verbinding moet bring. Dat dit verontrustend is, bevrageteken nogeens die hoop op ’n positiewe uitkoms.

In die volgende afdeling, “(teorie anderkant die sogenaamde aard van denke)” rig die digter haar opnuut tot konsepte van samesyn, van mede-wesenheid en soomloosheid tussen materiële liggame. Die deelnemende materiële verbeelding van die digter skep ’n mede-wete met die lewelose en niemenslike dinge wat haar omgewe. Dit plaas prosesse van voortdurende verskuivende verhoudings tussen *wees* en *fisiese konteks* op die voorgrond, hetsy die fisiese materialiteit van mense, plek of lewende en nielewende liggame waardeur die digter uiteindelik toetree tot die “kwalitatiewe diskoers” (subtitel) tussen wesens.

Die slotafdeling van die gedig, “(voorspraakmakende interpretasie)” skets egter ’n realiteit wat “wegstammel” (stamel, strompel, van die stam wegbeweeg) van die hoopvolle verbeeldingsscenario’s wat tevore deur die digter tot stand gebring is. Dit keer terug na die werklikheid van mense wat “ontkannend” en “botmakend” is, wat “haatdorwend” en net op die self aangewese, vol “handgooiende hatery” – wat die hoop op mede-wesenheid ontken. Die slot is ’n bykans wanhopige oproep of voorspraak tot mede-wetendheid, tot mede-lewing en mede-wees met alle mense en met alle lewende en nielewende liggame waarmee die mens omgewe is.

### **“INGEBEDHEID”, “LANDSKAPVERINNIGING” EN INGEPLAASTHEID**

Die woord “landskapverinniging” word gevind in die voorlaaste gedig van die siklus (117). Hierdie samestelling tussen landskap+verinniging suggereer ’n emotiewe verbintenis (sinapsvorming) tussen mens en landskap/natuur, terwyl die woord “ingebedheid” sinoniem is met *ingeplaastheid* en die hele teoretiese agtergrond van ingeplaastheid oproep.

Die term *ingeplaastheid* word gedefinieer in terme van die fisieke materialiteit van plek wat ’n sensoriese, emotiewe en intellektuele bewussyn van die digter verg, ’n sogenaamde *binne-die-liggaam ervaring* (Smith 2012b:902). Dit vra eweneens om ’n bepaalde plekverbondenheid en plekgehegtheid van die digter. Ingeplaastheid aktiveer al drie die dimensies wat Lawrence Buell (2005:63) aan plek toeken, naamlik die materiële, fisiese ingeplaastheid van die digter (en uiteindelik ook die leser) in ’n spesifieke plek; tweedens suggereer dit die verband en persoonlike kontak van die digter met plek en derdens maak die term ook voorsiening vir ’n “taalbewuste skryfaksie, waardeur taal as sosiale waarnemings- en konstruksie-instrument ingespan word” en waardeur die sosiale dimensie van taal geaktiveer word (Smith 2012b: 902). Ingeplaaste skryf behels ’n aktiewe en sensoriese bewussyn van die digter vir die plek waar sy haar bevind; ’n bewussyn van die plek wat die liggaam fisies in beslag neem, die spesie-spesifiteite van die materiële liggame wat haar omring.

Buell noem plek ’n “spatial container” (2005:63) waardeur die suggestie van behouering uitgedruk word. Eweneens het ingeplaastheid, en daarmee saam “ingebedheid”, ook te make met hoe die digter taal as raamwerkskeppende instrument inspan om ingeplaastheid te bewerkstellig. Sowel materiële as linguistiese, sosiale en persoonlike ingeplaastheid vorm die agtergrond waarvan die digter haarself nie kan losmaak nie, ’n ingeplaastheid wat opnuut erkenning gee aan die materialiteit en sentraliteit van die menslike liggaam binne die totaliteit van sy omgewing. Want die konteks van plek sluit ook in die menslike konteks en liggaam, die sosiale en kulturele kontekste van plek (die komplekse Suid-Afrikaanse landskap, almal wat daarin woon en hul verhoudings met mekaar) en die taal-spesifieke kontekste, waarbinne die taalverruimende aanbod van die digter werksaam is.

Wat Buell pleksensitiwiteit noem (Buell 2005:66) en wat vra om ’n bewussyn van die fisiese plek, is ewenseens van toepassing op plek- en omgewingsensitiwiteit ten opsigte van die verbeelde plek, die omgewing van die bewussyn. Wanneer die digter bewustelike verbindings en vervlegting, uitruil en interaksie skep tussen haarself en die materiële liggame waaruit plek bestaan, soos bome en sterre en uile, vind dit plaas *ingebed* in die groter konteks van behorende tot, omsluit in, omring van, maar ook manifesteer dit uiteindelik as verbeelde plek, ’n deelnemende materiële verbeelding, “iets méér as invoelende verbeelding méér as erbarming” (r35) wat uitreik en aanhits en voorspraak maak vir ’n soomlose vernuwing van denke en optrede, tussen mense, en veral ook tussen spesies en tussen alle materiële liggame.

## SLOT

'n Bewussyn en verwoording van die interaksie en selfs die hunkering na eenwording tussen die mens en sy omgewing is reeds in vorige bundels van Krog merkbaar, soos byvoorbeeld uitgewys in ontledings (Smith 2015:1-24) van die gedigte “Vier seisoenale waarnemings van Tafelberg” en “rondeau in vier dele” in *Verweerskrif* (2006), waarin die fokus op die materialiteit van alle dinge, menslik en niemenslik, en materiële uitruil ter sprake was. Met die bundel *Mede-wete* bevestig Krog haar omvattende blik op die omringende werklikheid en die samehang van alle dinge. Die relasionaliteit tussen menslike subjek en omgewing kan egter nie sonder meer tot eendimensionele eenheidsbegeerte gereduseer word nie. Die onderliggende spanning tussen *verskil* en die hunkering na omvattende en samehangende *gehele*, tussen mens en mens, en tussen mens en omgewing, is deurgaans sigbaar.

Mede-wete strek soveel verder as net die konteks van mede-menswees. Dit omsluit al die liggaamlike dimensies van plek, naamlik die fisiese, die sosiale en die taalkundige. In die gedig “tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid” lewer die digter kommentaar op die verweefde intra-aktiewe, transliggaamlike wêreld waarin die mens leef – een materiële liggaam in samehang en vervleg met al die materiële liggame wat ons omring en bied sy 'n raamwerk of postulaat waarbinne daar na die werklikheid gekyk kan word. 'n Ideologie van apart-wees en selfs antroposentries in-die-middel-wees, maak plek vir 'n voorgestelde ideologie van wisselwerking, insluiting, vervlegting en mede-afhanklikheid – van mede-bestaan en mede-wete. Die digter bied 'n alternatief wat vernuwing kan bewerkstellig, 'n verinnigende verhouding met alle materiële liggame wat die mens omring en waarvan hy deel is.

## BIBLIOGRAFIE

- Abram, D. 2010. *Becoming Animal. An Earthly Cosmology*. New York: Pantheon.
- Alaimo, S. 2008. Introduction: Emerging models of materiality in feminist theory. In Alaimo & Hekman (eds). 2008:1–22.
- Alaimo, S. & S. Hekman (eds). 2008. *Material feminisms*. Bloomington: Indiana University Press.
- Barad, K. 2003. Posthumanist Performativity: Towards an Understanding of How Matter Comes to Matter. *SIGNS*, 28(3):801–831.
- Barad, K. 2007. *Meeting the Universe Halfway: Quantum Physics and the Entanglement of Matter and Meaning*. Durham, N.C.: Duke University Press.
- Brink, André P. (red.). 2008. *Groot Verseboek Deel 1*. Kaapstad: Tafelberg.
- Buell, L. 2005. *The Future of Environmental Criticism. Environmental Crisis and Literary Imagination*. Oxford & Malden: Blackwell Publishing.
- Genette, G. 1997. *Paratext: Thresholds of Interpretation*. Translated by J.E. Lewin. Cambridge: Cambridge University Press.
- Hambidge, J. 2014. *Mede-wete* (Antjie Krog). *Woorde wat weeg*. Internet: <http://joanhambidge.blogspot.co.za/2014/11/antjie-krog-mede-wete-2014.html> [13 Julie 2016].
- Haraway, D. 1997. *Modest Witness@Second Millenium: FemalMan Meets OncoMouse: Feminism and Technoscience*. New York & London: Routledge.
- Jacobs, I. 2015. Resensie: *Mede-wete* (Antjie Krog). *Tydskrif vir Letterkunde*, 52(2):235–237.
- Kant, I. 2007 [1781]. *Critique of Pure Reason*. Translated by M. Weigelt. London: Penguin Books Ltd.
- Krog, A. 2014. *Mede-wete*. Kaapstad: Human&Rousseau.
- Krog, A. 2014. *Synapse*. Translated from Afrikaans by Karen Press. Cape Town: Human&Rousseau.
- Marais, L. 2009. *Staan in die algemeen nader aan vensters*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Morton, T. 2007. *Ecology without nature*. Cambridge, Massachusetts & London: Harvard University Press.
- Morton, T. 2010. *The ecological thought*. Cambridge, Massachusetts & London: Harvard University Press.

- Morton, T. 2011. Here comes everything. The promise of object-oriented ontology. *Qui Parle*, 19(2):163–190.
- Odendal, F.F. & Gouws, R.H. (reds.). 2005. *HAT*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Oxford Dictionaries*. 2016. Oxford University Press. <http://www.oxforddictionaries.com/definition/english/emplacement>[16 Junie 2016].
- Pharos Afrikaans-Engels Woordeboek English-Afrikaans Dictionary*. 2005. Kaapstad: NB Uitgewers.
- Smith, S. 2012a. Die aard van ekopoësie teen die agtergrond van die ekokritiese teorie met verwysing na enkele gedigte van Martjie Bosman. *LitNet Akademies*, 9(2):500–523.
- Smith, S. 2012b. Plek en ingeplaaste skryf. 'n Teoretiese ondersoek na ingeplaaste skryf as ekopoëtiese skryfpraktyk. *LitNet Akademies*, 9(3):887–928.
- Smith, S. 2014. Ekokritiek en die nuwe materialisme: 'n Ondersoek na die nuwe materialisme in enkele gedigte van Johann Lodewyk Marais uit die bundel *In die bloute* (2012). *LitNet Akademies*, 11(2):740–774.
- Smith, S. 2015. Liggaam as plek en plek as liggaam: Tendense van die Nuwe Materialisme en interaksie tussen mens en plek in enkele tekste uit *Verweerskrif* (2006) van Antjie Krog. *LitNet Akademies*, 12(2):1–24.
- Taljard, M. 2014. Resensie: *Mede-wete* (Antjie Krog). *Versindaba*. <http://versindaba.co.za/2014/12/08/resensie-mede-wete-antjie-krog/>[13 Julie 2016].
- Van der Tuin, I. 2010. A Different Starting Point, a Different Metaphysics: Reading Bergson and Barad Diffractionally. *Hypatia*, 26(1):22–42.
- Van Niekerk, J. 2014. <http://www.netwerk24.com/vermaak/2014-12-07-lewe-sonder-wete-van-ander>Lewe sonder wete van ander. *Media24*. [https://www.academia.edu/9686508/Lewe\\_sonder\\_wete\\_van\\_ander\\_-\\_Resensie\\_van\\_Mede-wete\\_deur\\_Antjie\\_Krog](https://www.academia.edu/9686508/Lewe_sonder_wete_van_ander_-_Resensie_van_Mede-wete_deur_Antjie_Krog)[14 Julie 2016].
- Van Vuuren, H. 2014. LitNet Akademies Resensie-essay: *Mede-wete* deur Antjie Krog. <http://www.litnet.co.za/litnet-akademies-resensie-essay-mede-wete-deur-antjie-krog/> [13 Julie 2016].
- Van Wyk Louw, N.P. 2009. Die beiteljtjie. In Brink, A.P. (red.). 2009:161.
- Visagie, A. 2015. Sinaps-opsporing tussen self en ander in Antjie Krog se *Mede-wete* (2014). *Tydskrif vir Letterkunde*, 52(2):225–234.

# Leerbenaderings en akademiese prestasie van EBW-onderwysstudente

*Learning approaches and academic achievement among EMS-education students*

**LOUIS VAN STADEN**

Ondernemingsbestuur

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus

E-pos: louis.vanstaden@nwu.ac.za



Louis van Staden



Carisma Nel

**CARISMA NEL**

Skool vir Geesteswetenskappe, Fakulteit Opvoedkunde

Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus

E-pos: Carisma.Nel@nwu.ac.za

**LOUIS VAN STADEN** is 'n lektor in Ondernemingsbestuur aan die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. Hy het in 2006 die graad MED in Onderwysreg en in 2012 'n PhD in Onderrig en Leer aan die Noordwes-Universiteit behaal. Vanaf 1991 tot 2006 was hy 'n Ondernemingsbestuur-onderwyser aan verskeie sekondêre skole. Sedert 2007 doseer hy verskeie modules in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappevakrigting. Sy navorsingsbelangstelling lê hoofsaaklik in die onderrig van Ondernemingsbestuur asook Logistieke Bestuur. Hy het reeds verskeie kongresse, plaaslik en internasionaal, in dié vakrigting bygewoon en ook voordragte gelewer.

**LOUIS VAN STADEN** is a lecturer in Business Management at the Faculty of Economic and Management Sciences, North-West University, Potchefstroom. He obtained his MED in Education Law in 2006 and also his PhD in Teaching and Learning at the North-West University in 2012. From 1991 to 2006, he taught Business Management at several secondary schools. Since 2007, he has lectured various modules in Economic and Management Sciences. His research interests lie mainly in teaching Business Management and Logistics Management. He has attended several conferences, both locally and internationally, in this field of study and has also presented papers.

**CARISMA NEL** is 'n navorsingsprofessor in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Sy is 'n opvoedkundige taalspesialis wat in die leesgeletterdheid van die grondslagfase tot die hoëronderrigsektor spesialiseer. Haar navorsingsbelangstellings sluit leesgeletterdheids-assessering en intervensie, fonologiese bewustheid, klanke, vlotheid, woordeskat, leesbegrip, en voor- en in-diens opleiding van onderwysers in leesgeletterdheid in.

**CARISMA NEL** is a research professor in the Faculty of Education Sciences at the North-West University (Potchefstroom Campus). She is an Educational Linguist specialising in reading literacy from the foundation phase through to the higher education sector. Her research interests include reading literacy assessment and interventions, phonological awareness, phonics, fluency, vocabulary, reading comprehension, and pre- and in-service teacher training in reading literacy.

**ABSTRACT*****Learning approaches and academic achievement among EMS-education students***

*Irrespective of the 19 years of democracy in South Africa, which provided equal educational opportunities for school children of all races and genders, the throughput rate of students who are taken in at Higher Education Institutions is not satisfactory, due to certain problems such as lack of preparedness of students and staff, the nature of teaching and learning, the appropriateness of content, assessment methods, and the lack of professionalism of academic staff which students experience before and during their studies. A recent study by the Council on Higher Education (CHE) revealed that approximately 55% of the first-year students who enrol will never graduate (CHE 2013:15). One of the most prominent factors mentioned in the literature that may play a role in their poor academic performance is students' learning approach, determined by their learning motives and learning strategies. The broad aim of this study was to compare the deep and surface learning approaches of first-, second-, third- and fourth-year Economic and Management Sciences (EMS) education students with one another as well as among the various year groups, and also to the students' academic performance in the first to fourth year. The validated Revised Study Process Questionnaire (RSPQ) compiled by Biggs, Kember and Leung (2001:148) was used to determine the learning approaches. The questionnaire was validated for this specific study population by investigating validity through content and construct validity, applying a confirmatory factor analysis, while reliability was assessed by computing Cronbach's alpha coefficients. The study population consisted of the total number of students enrolled for Economic and Management Sciences in the Faculty of Education at the North-West University (NWU) Potchefstroom Campus. These included first-year- ( $n = 62$ ), second-year- ( $n = 79$ ), third-year- ( $n = 57$ ) and fourth-year- ( $n = 62$ ) EMS education students.*

*The following data analyses were performed: Frequency analysis of all the data collected by means of the RSPQ questionnaire; means and standard deviations; validity and reliability of the measuring instrument. Empirical results included statistical differences between deep and surface learning approaches for different year groups, determined by ANOVA's with  $p \leq 0.1$  as the criterion for statistical significance and Cohen's effect sizes ( $d$ -values) to establish practical differences, statistical differences between learning approaches for different year groups, determined by  $t$ -tests with  $p \leq 0.1$  as the criterion for statistical significance and Cohen's effect sizes ( $d$  values) to determine the practical significance of the differences. The Spearman Rank Order Test (correlation coefficient  $r_s$ ) was computed to determine the statistical correlation between academic achievement and learning approaches. The  $p$ -value ( $p < 0.1$ ) was used as the criterion for statistical significance, while Cohen's effect size ( $r$ -value) was computed to assess the practical significance of the correlation between the two variables.*

*Regarding the empirical results of this study, the psychometric properties of the RSPQ were addressed first. To investigate construct validity, a confirmatory factor analysis (CFA) was performed. Upon application of the CFA the two-factor model yielded a Minimum Sample Discrepancy divided by Degrees of Freedom (CMIN/DF) value of 1.80. A relatively low Comparative Fit Index (CFI) of 0.71 was found for the two-factor model while a Root Mean Square Error of Approximation (RMSEA) value of 0.07 with a 90% confidence interval of [0.06; 0.08] was obtained. The two-factor model satisfied the Goodness of Fit Statistics – CMIN/DF and RMSEA – consequently the questionnaire can be deemed construct valid. To pledge content validity, the researchers made sure that all the items in the RSPQ-questionnaire measured the two variables, namely deep and surface learning approach, and that these two variables were represented by a sufficient number of items. Three experts in the field of learning*

approaches were requested to participate in the evaluation of the content validity of the questionnaire. Other researchers also used this questionnaire with good results, which further indicates that the content is suitable for the purpose. Reliability was investigated by computing Cronbach's alpha coefficients. For the deep and surface learning approaches  $\alpha = 0.77$  and  $0.72$  respectively were found, which was an indication of a reliable measuring instrument.

The results with reference to students' learning approaches indicated that the average for the deep learning approach was slightly higher than for the surface learning approach for the first- to fourth-year EMS education students. The differences between the two approaches for the first, second and third years were statistically and practically significant, but for the fourth years no statistically or practically significant differences were found.

The differences between the different year groups indicated that the deep learning approach increased from the first to the second year, but decreased in the third and even more in the fourth year. The difference between second and fourth year students was statistically and practically significant ( $p < 0.001$ ;  $d = 0.80$ ). The surface learning approach increased from the first to the fourth year, but these differences were not statistically or practically significant. A possible reason for this increase in surface learning approach could be that as the students neared the end of their studies, they were motivated to reach the end-goal in a quick and effective way that could be achieved by using a surface approach to learning.

With regard to the correlation between academic performance and learning approach only the second-year students' academic performance correlated statistically and practically significantly in terms of deep learning approach. The surface learning approach correlated statistically and practically significantly but negatively with academic performance in the second year. Consequently, the higher the academic performance of the second-year students the less they used the surface learning approach. This confirms that the more the students understand concerning the modules, the more motivated they are to use the deep learning approach. Recommendations are made regarding academic support that needs to be provided by tertiary academic institutions.

**KEY CONCEPTS:** Higher Education Institutions, Economic and Management Science education students, year groups, throughput rate, deep learning approach, surface learning approach, prior knowledge, integration, networks, academic performance, Revised Study Process Questionnaire

**TREFWOORDE:** Hoëronderwysinstellings, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-onderwysstudente, jaargroepe, deurvloeyisyfer, diepleer-benadering, oppervlakkigeleer-benadering, voorkennis, integrasie, netwerke, akademiese prestasie, Hersiene Studie Proses Vraelys

## OPSOMMING

Een van die groot probleme in die hoëronderwysstelsel is dat die deurvloeyisyfers nie na wense is nie. 'n Groot aantal studente skryf in vir 'n graad maar voltooi dit nie binne die voorgeskrewe tydperk nie. Een van die mees prominente faktore waaraan hierdie probleem volgens navorsers toegeskryf kan word, is studente se leerbenadering, wat weer bepaal word deur hulle leermotiewe en leerstrategieë. Die doelstelling vir hierdie studie was om die leerbenaderings van EBW-onderwysstudente te bepaal. Die gevalideerde Hersiene Studie Proses Vraelys soos opgestel deur Biggs et al. (2001:148) is gebruik om die leerbenaderings te bepaal. Daar is bevind dat die diepleer-benadering in al vier jare meer gebruik word as die oppervlakkigeleer-benadering en dat die diepleer-benadering tussen die eerste en die tweede jaar toeneem, maar

in die derde en vierde jaar afneem, moontlik omdat studente nader aan die einde van hulle studie poog om op 'n vinnige en effektiewe wyse te studeer. Rakende korrelasies tussen akademiese prestasie en leerbenaderings is bevind dat dit slegs by tweedejaars statisties en prakties betekenisvol was. Hoe hoër hulle akademiese prestasie hoe minder het hulle van die oppervlakkigeleer-benadering gebruik gemaak. Die navorsers is van mening dat studente reeds van hulle eerste jaar af deur die gebruik van verskeie onderrigmetodes aangemoedig moet word om van die diepleer-benadering gebruik te maak.

## 1. INLEIDING

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) het die grondslag vir die transformasie in onderwys en die ontwikkeling van die huidige kurrikulum in skole in Suid-Afrika verskaf (Departement van Onderwys 2001:1). Ongeag hierdie grondslag en negentien jaar van demokrasie wat gelyke onderriggeleenthede vir skoolgaande kinders van alle rasse en geslagte tot stand gebring het, is Scott, Yeld, en Hendry (2007:2) van mening dat die toename in die aantal studente wat tot hoëronderrysinstellings toegelaat word, nie aan die aanvanklike verwagtings voldoen nie en ook dat die hoëronderrysstelsel as geheel se deurvloeiwyse nie na wense is nie. Hulle impliseer verder dat die vraagstuk van studente wat by hoëronderrysinstellings inskryf, maar nie hulle graad voltooi nie, toegeskryf kan word aan sekere probleme soos onvoldoende voorbereidheid van studente en personeel, die aard van onderrig en leer, die geskiktheid van assesseringsmetodes en die professionaliteit van akademiese personeel wat studente voor en tydens hulle studietydperk ondervind. Die probleem van swak studentedeurvloei is volgens Scott et al. (2007:2) nie 'n eenvoudige saak nie en hierdie komplekse vraagstuk word veroorsaak deur heelwat faktore wat van instansie tot instansie kan verskil. Verskeie outeurs (Scott et al. 2007:2; Jones, Coetzee, Bailey & Wickham 2008:42; Goodall 1996:7) noem uiteenlopende redes wat moontlik 'n invloed op hierdie vraagstuk kan hê. Allan en Clarke (2007:1) wys op die noodsaaklikheid van hernude aanmoediging vir die ondersteuning van leerontwikkeling by studente. Gevolglik behoort hoëronderrysinstellings die probleemfaktore te ondersoek en veel meer aandag te skenk aan akademiese ondersteuningsprogramme om studente in hulle studietydperk by te staan, ten einde seker te maak dat meer studente hulle studies suksesvol voltooi.

## 2. PROBLEEMSTELLING


Moeketsie en Maile (2008:1) wys in hulle verslag daarop dat slegs 15% van Suid-Afrikaanse studente hulle graadkursusse suksesvol voltooi; die laagste slaagsyfer in hierdie verband ter wêreld. 'n Meer onlangse studie deur die Raad vir Hoër Onderwys het aan die lig gebring dat slegs een uit elke vier studente by kontakuniversiteite binne die spertyd sal gradueer. Slegs 35% van die totale inname en 48% van kontakstudente gradueer binne vyf jaar en daar word beraam dat ongeveer 55% van die inname nooit sal gradueer nie (CHE 2013:15). Betreffende onderrysstudente het interne statistiese rekords vir die laaste drie jaar aan die Noordwes-Universiteit (NWU) aan die lig gebring dat slegs 59% van hierdie studente hulle kursus binne die voorgeskrewe tydperk voltooi het, wat bevestig dat die deurvloeiwyse ook hier sorgwekkend laag is. Met betrekking tot EBW-onderrysstudente spesifiek was die onbevredigende deurvloeiwyse die afgelope vyf jaar 56%, wat aantoon dat die probleem hier selfs effens groter is as vir die gemiddelde onderrysstudent. Redes vir hierdie probleem moet dringend ondersoek word.

Die voormalige Minister van Onderwys het met reg opgemerk dat die lewering van gegradueerdes deur die hoërondewyssektor nie aan die nasionale behoeftes in die twee sleutelareas van ekonomiese groei en sosiale samehorigheid voldoen nie (Pandor 2005). Dit wek kommer dat die aflewering van gegradueerdes vanuit die hoërondewysinstellings nie na wense is nie, terwyl dit die unieke verantwoordelikheid van hierdie sektor is (Van Dyk, Cillie, Coetzee, Ross & Zybrands 2011:487).

Een van die faktore wat in die literatuur genoem word wat moontlik 'n rol kan speel by die swak akademiese prestasie van studente aan hoërondewysinstellings, is studente se leerbenadering, wat weer bepaal word deur hulle motiewe en strategieë (Harputlu 2011:42). Die vraag ontstaan dus of leerondersteuning hierdie probleem kan ondervang.

### 3. DIE KONSEPTUELE RAAMWERK

Ten einde die probleemstelling onder die loep te kan neem en die navorsingsdoelwitte te kan ondersoek is 'n konseptuele raamwerk (Figuur 1) saamgestel om die verloop van die empiriese ondersoek te bepaal. Die raamwerk is hoofsaaklik gebaseer op navorsingswerk wat oorspronklik deur Biggs (1987) op hierdie gebied gedoen is. Die leerbenadering word volgens Biggs bepaal deur die somtotaal van die motief en strategie van die betrokke benadering. Gevolglik kan die diepleer-benadering bepaal word deur die diepleer-motief en diepleer-strategie te ondersoek, terwyl die oppervlakkige-leerbenadering bepaal kan word deur die oppervlakkigeleer-motief en die oppervlakkigeleer-strategie te ondersoek. Motiveringsfaktore soos die waardekomponent, verwagtingskomponent, affektiewe komponent, kognitiewe komponent en hulpbronsbestuurskomponent speel 'n belangrike rol by studente se akademiese prestasie en beïnvloed ook hul leerbenaderings (Pintrich, Smith, & McKeachie 1991:5), maar vir die doel van hierdie artikel word die motiveringsfaktore (geskakeerde veranderlikes in die konseptuele raamwerk) nie verder bespreek nie. Die voorgestelde konseptuele raamwerk vir hierdie studie word in figuur 1 aangebied.



**Figuur 1:** Konseptuele raamwerk

#### 4. DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die doelstelling vir hierdie studie was om die leerbenaderings van EBW-onderwysstudente te bepaal.

Die doelwitte vir hierdie studie was om:

- die diep- en oppervlakkigeleer-benaderings van eerste-, tweede-, derde- en vierdejaar-EBW-onderwysstudente met mekaar en ook onderling tussen die verskillende jaargroepe te vergelyk;
- die leerbenaderings van eerste-, tweede-, derde- en vierdejaar-EBW-onderwysstudente met hulle akademiese prestasie te vergelyk; en
- aanbevelings aan die onderskeie belanghebbende rolspelers te maak ten opsigte van akademiese ondersteuning.

#### 5. LITERATUUROORSIG

In die verslag van die Raad op Hoër Onderwys word die kommer uitgespreek oor die swak deurvloeiisifer in die hoëronderwysstelsel. Dit voorsien nie in die nasionale behoeftes van Suid-Afrika nie en benodig dringende aandag (CHE 2013:15). Swak akademiese prestasie kan onder andere die gevolg wees van 'n student se leerbenaderings.

##### 5.1 Leerbenaderings

Biggs, wat omvattende navorsing (1978–2011) gedoen het oor die verskillende leerbenaderings, glo dat elke student 'n vooropgestelde leerbenadering het, en dat hierdie benadering afhanklik is van die persepsie van die leeromgewing en die betekenis wat die studente aan die verskillende aspekte van die leeromgewing heg (Gurpinar, Kulac, Tetik, Akdogan & Mamakli 2013:85). Hierdie studie is gebaseer op twee konstrunkte, naamlik diepleer- en oppervlakkigeleer-benaderings (Biggs1987:7) wat deur studente gevolg en vervolgens bespreek word.

##### 5.1.1 Diepleer-benadering

Van Breda en Agherdien (2012:130) noem dat diepleer 'n meer holistiese benadering is wat nie uitsluitlik op die inhoud en feite fokus nie. Die bedoeling van 'n diepleer-benadering is om persoonlike betekenis uit die leermateriaal te onttrek en om dit aktief te prosesseer. Die leerders daag alle idees en argumente van leer uit en probeer dit integreer in die wyer konteks van hulle persoonlike ervarings en vorige kennis (Edwards, Hanson & Raggatt 2013:140). In wese herkonstrueer die leerders hulle persoonlike raamwerke of skedules in die lig van nuwe inligting. Dit is 'n voortdurende proses wat gevolg word om nuwe inligting in 'n betekenisvol gekoppelde netwerk te vestig. Hierdie studente toon 'n intrinsieke belangstelling in hulle werk en doen ook 'n kritiese analise van nuwe idees (Vos, Van der Meijden & Denessen 2011:128). Hulle ondersoek ook onderliggende betekenis of verwantskappe in die inhoud wat hulle bestudeer (Wilson 2014:132). Die gevoel wat konstant met diepleer geassosieer word, is 'n vereenselwiging met die leerervaring (Biggs 1987:11).

Diepleer-benadering is prominent wanneer studente betrokke is by uitdagende take en onderwerpe wat hulle interesseer. Daar sal ook binne dieselfde betrokke omgewing verskillende leerbenaderings deur verskillende individue gevolg word (Kember, Leung & Mcnaught 2008:48). Hulle noem ook dat 'n student in 'n bepaalde module kan begin deur 'n diepleer-benadering te volg en dan na mate die module vorder, oorsakel na 'n oppervlakkigeleer-benadering en

andersom. Navorsing deur Byrne, Flood, en Willis (2002:38) toon dat die eerstejaar-studente in Rekeningkunde wat getoets is, geen voorkeur vir 'n spesifieke leerbenadering getoon het nie. Die leerbenadering van studente kan dus verander ooreenkomstig hulle persepsie van die leeromgewing (Ramsden 1997:202). Studente se persepsie van veral assessering het 'n diepgaande invloed op die leerbenadering wat hulle gaan volg, afhangende van die eise wat die assessering stel (Lizzio & Wilson 2013:3).

Van Staden (2011:26) is van mening dat as dosente die ontwikkeling van gehalteleer wat onder andere aspekte soos diepleer, onafhanklike leer en probleemoplossing insluit by hulle studente wil ontwikkel, hulle 'n omgewing moet skep wat oppervlakkige leer ontmoedig en die benadering tot diepleer aanmoedig. Om diepleer aan te moedig moet die inhoud van die module op sodanige vlak wees dat dit studente tot kritiese denke sal uitdaag. Lesings moet onderliggende teorie en 'n verskeidenheid komplekse probleme insluit (Phillips & Graeff 2014:242). Diepleer by studente word versterk deur hulle intensie om die kursusmateriaal te verstaan deur onder meer die gebruik van verskillende strategieë soos om wyer te lees, 'n wye verskeidenheid bronne te gebruik en by vakgerigte besprekings betrokke te raak. Studente moet in die proses van diepleer bygestaan word om hulle sukses te verseker. Goed georganiseerde akademiese ondersteuningstrukture kan bystand aan studente bied wat die diepleer-proses volg.

Studente wat 'n diepleer-benadering volg kan basiese asook gevorderde begrippe en inligting oor enige onderwerp in hul langtermyn-geheue stoor. Hulle kan verder ook nuwe inligting met vorige kennis integreer, kan nuwe betekenis en idees ontwikkel, en leer gewoonlik selfstandig. Hierdie studente bereik dikwels hoër vlakke van akademiese sukses en ervaar ook 'n groter mate van tevredenheid met die leerproses (Biggs 1984:116).

### 5.1.2 *Oppervlakkigeleer-benadering*

Oppervlakkige leer sluit die gebruik van metodes soos papegaai-leer in om studievereistes te bereik. Oppervlakkige leer is 'n proses wat *leer* sien as 'n middel tot 'n doel (Biggs 1987:15). Volgens Entwistle (1991:201) fokus leerders wat die oppervlakkigeleer-benadering volg, op die leermateriaal wat geprosesseer moet word. Hulle streef daarna om alle feite en idees woord vir woord te kan weergee, met ander woorde om die inhoud net te kan reproduseer (Baeten, Kyndt, Struyven & Dochy 2010:244). Die taak word beskou as verwyderd van die leerder met geen impak op die wyer konteks nie. Hulle is meer besorg oor die voltooiing van die taak as oor die verbetering van hulle vaardighede en kennis (Cope 2006:37).

Donnison en Penn-Edwards (2012:10-11) is van mening dat studente wat 'n oppervlakkigeleer-benadering volg, geneig is om aan kursusvereistes te voldoen deur minimale studiepogings aan te wend en kortpaaie te volg deur passiewe inname van eksterne kennis soos verskaf deur dosente en handboeke. Die oppervlakkigeleer-benadering spruit voort uit die bedoeling om die taak uit die weg te ruim met die minste moeilikheid om die modulevereistes te bereik en lae-orde- kognitiewe vaardighede word gewoonlik hier toegepas (Biggs & Tang 2011:24). Die hoofdoel van hierdie studente is om aan die minimum vereistes te voldoen en ook om die minimum vlak van moeite te doen wat nodig is om suksesvol te wees, sonder die verkryging van bykomstige inligting uit ander bronne om die leerproses te versterk, wat dus lei tot leer van 'n lae gehalte. Oppervlakkige leer weerspieël ook dat studente geneig is om die kortste en vinnigste maniere te kies om 'n doel te bereik. 'n Oppervlakkigeleer-benadering sal gewoonlik gevolg word as die studente nie van die onderrig- en leeromgewing hou nie. Studente wat oppervlakkig leer is geneig om nuwe inligting wat geleer is binne 'n kort tydperk weer te vergeet (Sezgin, Çalişkan & Erol 2007:31). Iemand wie se dryfveer

“oppervlakkig” is, se persoonlike belangstelling in die betrokke vakgebied is van geen belang nie.

Waar daar van studente verwag word om groot hoeveelhede inligting binne ’n beperkte tydperk te leer is hulle geneig om oor die algemeen oppervlakkig te leer deur die memorisering van feite sonder die koppeling aan of integrasie met voorkennis om dit ten volle te verstaan en dit word byna altyd deur studente verkies as hulle probeer om bloot aan die vereistes te voldoen om die eksamens te slaag (Gurpinar et al., 2013:85).

Die leerbenadering in verskillende vakdissiplines raak die onderrigstyl. As lesings blote herhaling van feite is en toetse die weergee van hierdie feite verg, sal studente die oppervlakkigeleer-benadering kies (Cope & Staehr 2005:182).

## **6. NAVORSINGSMETODOLOGIE**

### **6.1 Navorsingsontwerp**

Hierdie studie was kwantitatief, verkennend en beskrywend van aard, met die doel om die leerbenaderings (verkry uit die somtotaal van twee sub-skale, naamlik leermotiewe en leerstrategieë) van EBW-onderwysstudente te bepaal. Die doelwitte was om die leerbenaderings van eerste-, tweede-, derde- en vierdejaar- EBW-onderwysstudente met mekaar, en onderling tussen die onderskeie jaargroepe, asook met die studente se akademiese prestasie te vergelyk. Daar is van die gevalideerde Hersiene Studie Proses vraelys (RSPQ) soos opgestel deur Biggs et al. (2001:148) gebruik gemaak om die leerbenaderings van die studente te bepaal.

### **6.2 Studiepopulasie**

Die studiepulasie het bestaan uit die totale studentepulasie wat tydens hierdie studie vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit (NWU) se Potchefstroom-kampus geregistreer was. Die steekproef het uit ’n totaal van 260 EBW-onderwysstudente van eerste tot vierde jaar bestaan wat voldoende was vir hierdie verkennende studie. Die vraelyste is op ’n voorafbepaalde dag aan studente van die verskillende modules uitgedeel om in te vul. Daar is van ’n gerieflikheidssteekproef van studente wat op die bepaalde dag in die klas was, gebruik gemaak.

### **6.3 Etiese aspekte**

Die volgende riglyne rakende die etiese aspekte, soos uiteengesit deur Leedy en Ormrod (2005:102), is gevolg:

- Elke deelnemer is volledig ingelig oor wat die doel van die studie is en ook hoe hulle betrokkeheid ’n bydrae sal lewer.
- Skriftelike instemming tot deelname is van elke student verkry.
- Elke deelnemer is die versekering gegee dat alle inligting streng vertroulik hanteer sal word en dat daar geen identifikasie van enige deelnemer of sy/haar mening(s) sal plaasvind nie. Henning (2004:73) beskou dit as belangrik om aan die deelnemers die versekering te gee dat hulle privaatheid beskerm sal word en ook om aan hulle te verduidelik hoe die betrokke inligting gebruik word.
- Elke deelnemer is die versekering gegee dat die deelname vrywillig is en dat hulle hulle in enige stadium aan die ondersoek mag onttrek.

- Daar is toestemming by die Dekaan van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die NWU se Potchefstroom-kampus verkry om die navorsing onder die betrokke studente te kan doen.
- Niks rakende die navorsing het ingemeng met enige deelnemer se werks- of klastyd nie.

Voorgeskrewe prosedures van die NWU se Etiekkomitee (NWU-00069-09-A2) is volgens beleid en vereistes nagekom, ten einde 'n amptelike navorsingsetiek-nommer te verkry. Die nakoming van die NWU-etiekregulasies verseker die nakom van alle nodige etiekvoorsorg-maatreëls. Hierdie navorsing het aan al die voorgeskrewe vereistes voldoen.

#### 6.4 Meetinstrument

Die RSPQ-vraelys (Cronbach alpha waarde = 0.73 vir die diepleer-benadering en 0.64 vir die oppervlakkigeleer-benadering) toets die studente se leerbenaderings en die manier waarop hulle normaalweg studeer (Biggs et al., 2001:19,20). Die doel van die studie is op die dekblad aan die respondente duidelik uitgespel. Daar is 20 items in die vraelys wat die student aangaande hom-/haarself moet evalueer. Die 20 vrae evalueer vier subskale, naamlik diep-strategie, diep-motief, oppervlakkige strategie en oppervlakkige motief wat gesamentlik die leerbenadering aantoon. Elkeen van die afdelings bestaan uit vyf vrae. 'n Vyf-punt Likert-skaal is gebruik, waar A = 1 (item is nooit of selde waar), B = 2 (item is soms waar), C = 3 (item is helfte van die kere waar), D = 4 (item is gereeld waar) en E = 5 (item is altyd of bykans altyd waar). 'n Telling vir die diepleer-benadering word verkry deur die totale van die subskale, diep-strategie en diep-motief (maksimum telling 25 elk) bymekaar te tel en die oppervlakkigeleer-benadering deur die subskale, oppervlakkige strategie en oppervlakkige motief (maksimum telling 25 elk) bymekaar te tel. Vir 'n diepleer- en oppervlakkigeleer-benadering kan die student 'n gemiddelde telling van tussen 10 en 50 respektiewelik behaal. 'n Telling van ongeveer 30 toon dat die student van beide benaderings gebruik maak. Volgens die assesseringsriglyne van die handleiding (Biggs et al. 2001:148) dui 'n hoër telling 'n groter geneigdheid tot 'n spesifieke benadering aan, terwyl 'n laer telling 'n kleiner geneigdheid tot die spesifieke benadering aandui. Betroubaarheidsvlakke vir die vraelys in hierdie studie gebruik was die volgende: Diepleer-benadering,  $\alpha = 0.77$  en Oppervlakkigeleer-benadering,  $\alpha = 0.72$ , wat goeie betroubaarheid aandui.

#### 6.5 Data-insameling

Die navorsers het self na elke klas gegaan vir die invul van die vraelyste. Na 'n inleidende sessie is die vraelyste uitgedeel en ingevul. Die navorsers het self die vraelyste weer terugontvang. Hierdie vraelyste is nie tydens klastyd ingevul nie, maar in die sessies tussen die studente se klasse. Die totale terugvoerkoers van die bruikbare vraelyste was 62%. Daar bestaan geen wetenskaplik bewese minimum aanvaarbare terugvoerkoers nie, maar volgens Johnson en Wilsmar (2012:1805) is 60% aanvaarbaar.

#### 6.6 Data-analise

Die data is ontleed deur die Statistiese Konsultasiediens van die NWU (Potchefstroom-kampus) en die SPSS statistiese pakket is vir die data-ontleding gebruik.

Die volgende data-analise is uitgevoer:

- Frekwensie-analises van al die data wat deur die RSPQ-vraelys verkry is. Gemiddeldes en standaardafwykings word in Tabelle 1 en 2 gegee.
- Die geldigheid van die meetinstrument is ondersoek deur:
  - Konstruktiewe geldigheid aan die hand van bevestigende faktorontleding;
  - Inhoudsgeldigheid.
- Betroubaarheid is bepaal deur Cronbach alpha-koëffisiënte te bereken.
- Statistiese verskille tussen die diepleer- en die oppervlakkigeleer-benadering vir verskillende jaargroepe is deur middel van ANOVA's bepaal, met  $p \leq 0.1$  as kriterium vir statistiese betekenisvolheid.
- Statistiese verskille tussen leerbenaderings onderling vir verskillende jaargroepe is deur middel van afhanklike *t*-toetse bepaal, met  $p \leq 0.1$  as kriterium vir statistiese betekenisvolheid.
- Cohen (1977:77-81) se effekgrootte (*d*-waarde) is gebruik om die praktiese betekenisvolheid van die verskille te bereken. Riglynwaardes vir die effekgrootte (*d*-waarde) word soos volg deur Cohen (1977:77-81) geklassifiseer:
  - $d = 0.2$  klein effek
  - $d = 0.5$  medium effek
  - $d = 0.8$  groot effek
- Cohen waarsku egter dat die terme “klein”, “medium” en “groot” relatief is, nie alleen tot mekaar nie, maar ook tot die navorsingsveld (Steyn 2005:21). Steyn (2005:21) beveel aan dat die waardes 0,2 vir “klein”, 0,5 vir “medium” en 0,8 vir “groot” nie te streng toegepas moet word nie.
- Die Spearman Rangordetoets (korrelasiekoëffisiënt  $r_s$ ) is gebruik om die statistiese verband tussen akademiese prestasie en leerbenaderings te bepaal. Die *p*-waarde ( $p < 0.1$ ) is gebruik as kriterium vir statistiese betekenisvolheid.
- Cohen (1977:77-81) se effekgrootte (*r*-waarde) is gebruik om die praktiese betekenisvolheid van korrelasie tussen twee veranderlikes te bereken. Riglynwaardes vir die effekgrootte (*r*-waarde) word soos volg deur Cohen (1977:77-81) geklassifiseer:
  - $r = 0.1$ : klein effek
  - $r = 0.3$ : medium effek
  - $r = 0.5$ : groot effek en praktiese betekenisvolheid

## 6.7 Psigometriese eienskappe van die meetinstrument

### 6.7.1 Geldigheid

Konstruktiewe geldigheid by wyse van faktoranalise asook inhoudsgeldigheid van die meetinstrument is ondersoek. Aangesien daar van die RSPQ-vraelys (ontwikkel en gevalideer deur Biggs et al., 2001:148) gebruik gemaak is, is slegs bevestigende faktoranalise uitgevoer om die geskiktheid van die meetinstrument vir hierdie spesifieke studiepopulasie te bepaal. Die bevestigende faktoranalise het swak passingsmaatstawwe vir die vier konstruksies gewys. Daar is dus besluit om net op die twee hoof-faktore, naamlik diepleer- en oppervlakkigeleer-benadering te konsentreer en ook te rapporteer. Die uitkoms van die bevestigende konstruktiewe geldigheidsondersoek word in par. 7.1.1.1 bespreek.

Inhoudsgeldigheid is aan die hand van riglyne (soos voorgestel deur Murphy en Davidshofer 2005:156) en deur Babbie en Mouton (2001:147) geëvalueer. Volgens hierdie outeurs verwys inhoudsgeldigheid na die mate waarin 'n groep items verteenwoordigend is

van die konsep wat gemeet word, in hierdie geval die leerbenadering, wat op sy beurt verkry word deur die leermotief en die leerstrategie te bepaal. 'n Inhoudsdoein verteenwoordig die totale omvang van terrein van die veranderlike wat ondersoek word en het grense wat eerbiedig moet word. As 'n inhoudsdoein uitvoerig vooraf beskryf word, kan die navorser seker maak dat al die items in die meetinstrument binne die grense van die inhoudsdoein val (Murphy & Davidshofer 2005:158). In hierdie studie het die navorsers seker gemaak dat die items in die RSPQ-vraelys die vier veranderlikes, naamlik diepleer- en oppervlakkigeleer-motief en diep en oppervlakkige leerstrategie meet en dat die subskale 'n genoegsame aantal items bevat om die onderskeie konsepte te verteenwoordig. Drie kundiges op die gebied van leerbenaderings is versoek om aan die beoordeling van die inhoudsgeldigheid van die meetinstrument deel te neem. Verder het ander navorsers (Phan & Deo 2007; Baeten et al., 2010; Vos, van der Meijden & Denessen 2011) ook van hierdie vraelys gebruik gemaak met goeie gevolge wat 'n aanduiding is dat die inhoud geskik is vir hierdie doel.

### 6.7.2 *Betroubaarheid*

Betroubaarheid van 'n meetinstrument verteenwoordig interne konsekwentheid, wat verwys na die neiging van spesifieke items in die vraelys om dieselfde respons by herhaaldelike aanwending van die instrument te ontlok (Babbie & Mouton 2001:143). Cronbach se alfa-koëffisiënt is 'n toepaslike metode om betroubaarheid te bereken vir toetse met veelvuldige responskategorieë vir elke item. Hierdie koëffisiënt is bereken vir elk van die twee benaderings. Die resultate word in paragraaf 7.1.2 bespreek.

## 7. RESULTATE EN BESPREKING

Die doel van die studie was om leerbenaderings van EBW-onderwysstudente aan die NWU te ondersoek. Die RSPQ-meetinstrument is vir die doel aangewend en die geskiktheid van die vraelys vir hierdie spesifieke studiepopulasie is nagegaan.

### 7.1 **Psigometriese eienskappe van die meetinstrument**

Die geldigheid en betroubaarheid van die meetinstrument met verwysing na die spesifieke studiepopulasie vir hierdie studie is ondersoek.

#### 7.1.1 *Geldigheid*

Die passing van die data op die teoretiese model word soos volg geëvalueer. Konstruktorgeldigheid is aan die hand van bevestigende faktoranalise bepaal en inhoudsgeldigheid is deur drie kundiges op die gebied van leerbenaderings geëvalueer.

##### 7.1.1.1 *Konstruktorgeldigheid*

Die Chi-kwadraat-toets word deur sommige as 'n té streng aanduiding van modelpassing beskou, gegewe sy vermoë om selfs onbeduidende afwykings van die voorgestelde model op te spoor (Hancock & Mueller 2010). Mueller (1996) het voorgestel dat die Chi-kwadraat-toetswaarde gedeel moet word deur die vryheidsgrade. Die tweefaktor-model het 'n waarde van 1,80 gelever. Dit is verkry deur die minimum steekproef diskrepansie te deel deur die

Vryheidsgraad- (CMIN/DF). Interpretasie van die grootte van die waarde hang in 'n groot mate af van die beskouing van die navorser, maar in die praktyk interpreteer sommige verhoudings so hoog as 3, 4 of selfs 5 as steeds verteenwoordigend van 'n goeie modelpassing (Mueller 1996). Dit word egter as goeie praktyk beskou om veelvuldige passingsindekse te rapporteer, tipies van drie breë klasse (Hancock & Mueller 2010). Mueller (1996) het waardes van bo 0,9 as 'n aanduiding van 'n goeie algehele passing vir 'n Vergelykende Passingsindeks beskryf. 'n Relatief lae Vergelykende Passingsindeks (CFI) van 0,71 is bereken vir die tweefaktor-model, terwyl 'n vierkantswortel van gemiddelde kwadraat foutberaming- (RMSEA) waarde van 0,07 met 'n 90% vertrouensinterval van [0,06; 0,08] gevind is. Blunch (2008) konstateer dat modelle met RMSEA-waardes van 0,10 en groter nie aanvaarbaar is nie. Die tweefaktor-model het dus die aanvaarbaarheid van twee van die drie passingsmaatstawwe – CMIN/DF en RMSEA – bevredig; dus kan die meetinstrument as konstruktief beskou word.

### 7.1.1.2 Inhoudsgeldigheid

Die drie kundiges wat die vraelys met betrekking tot inhoudsgeldigheid beoordeel het, het al drie bevind dat al die items in elk van die vier subskale binne die grense van die inhoudsdomein van elke subskaal val en dat die items in elke subskaal die konsep genoegsaam verteenwoordig. Die meetinstrument is dus inhoudsgeldig bevind.

### 7.1.2 Betroubaarheid

Cronbach-alpha koëffisiënte is vir die twee leerbenaderings bereken. Vir die Diepleerbenadering is  $\alpha = 0.77$  en vir die oppervlakkigeleerbenadering is  $\alpha = 0.72$  bevind. Volgens Cohen, Manion, en Morrison (2007:506) is  $\alpha \geq 0.7$  'n aanduiding van 'n betroubare meetinstrument.

## 7.2 Resultate van empiriese ondersoek

Die resultate van hierdie kwantitatiewe studie word in ooreenstemming met die spesifieke doelwitte aangebied.

### 7.2.1 Leerbenaderings

Die eerste doelwit was om die diepleer- en die oppervlakkigeleerbenadering (verkry deur die somtotaal van leermotiewe en leerstrategieë) van eerste-, tweede-, derde- en vierdejaar-EBW-onderwysstudente met mekaar en ook onderling tussen die verskillende jaargroepe te vergelyk. Die resultate word in Tabel 1 weergegee.

**TABEL 1:** Die diepleer- en die oppervlakkigeleer-benadering vir eerste- tot vierdejaar-EBW-onderwysstudente

JAARGROEP	Diepleer-benadering			Oppervlakkigeleer-benadering				
	n	$\bar{x}$	SA	n	$\bar{x}$	SA	p	d
Eerste jaar	42	31.60 <sup>ab</sup> <sub>x</sub>	5.84	42	24.79 <sup>ab</sup> <sub>y</sub>	5.61	<0.001	1.17†
Tweede jaar	46	33.94 <sup>a</sup> <sub>x</sub>	5.30	46	25.41 <sup>ab</sup> <sub>y</sub>	4.67	<0.001	1.61†
Derde jaar	40	30.93 <sup>ab</sup> <sub>x</sub>	5.36	40	25.53 <sup>ab</sup> <sub>y</sub>	5.75	<0.001	0.94†
Vierde jaar	32	29.13 <sup>b</sup> <sub>xy</sub>	6.00	32	27.19 <sup>ab</sup> <sub>xy</sub>	5.80	> 0.001	0.32

*Vir kolomme:*  $\bar{x}$  met verskillende superskrifte verskil statisties betekenisvol ( $p < 0.05$ ) tussen die jaargroepe.

*Vir rye:*  $\bar{x}$  met verskillende subskrifte verskil statisties betekenisvol ( $p < 0.05$ ) binne die betrokke jaargroepe. † = prakties betekenisvol ( $d > 0.8$ , groot effek).

*Prakties betekenisvolle verskille tussen jare onderling:*  $d = 0.8$  (groot effek) tussen tweedejaar- en vierdejaar-studente vir diepleer en  $d = 0.30$  (klein effek) tussen tweedejaar- en vierdejaar-studente vir oppervlakkige leer.

Volgens die resultate (vgl. Tabel 1) is die gemiddeld vir die eerste- tot vierdejaar-EBW-onderwysstudente hoër vir die diepleer-benadering ( $\bar{x} = 29.13$  tot  $\bar{x} = 33.94$ ) as vir die oppervlakkigeleer-benadering ( $\bar{x} = 24.79$  tot  $\bar{x} = 27.19$ ). Die verskille by die eerste-, tweede- en derdejaars is statisties sowel as prakties betekenisvol, maar by die vierdejaars kom geen statisties of prakties betekenisvolle verskille voor nie. Oor die algemeen pas die studente dus prakties betekenisvol meer die diepleer- as oppervlakkigeleer-benadering toe tot op derdejaarsvlak. Volgens Biggs et al. (2001:148) dui 'n telling van ongeveer 30 daarop dat 'n student nie 'n spesifieke leerbenadering volg nie. In 'n studie deur Turner & Baskerville (2013:589) is daar bevind dat Rekeningkunde studente van 'n oppervlakkige (sigwaarde) na 'n diepleerbenadering (soeke na verstaan) beweeg. Navorsing deur Golightly en Raath (2014:59) met onderwysstudente het bevind dat daar verskeie faktore is wat die keuse van leerbenadering van hierdie studente beïnvloed. Dit vergelyk positief met die resultate van die huidige studie waar die eerstejaar- tot vierdejaarstudente insgelyks nie 'n oorheersende voorkeur vir 'n spesifieke leerbenadering getoon het nie, maar waarskynlik hulle leerbenadering aangepas het by die situasie, module of leerinhoud wat bemeester moes word. Golightly en Raath (2014:59) bevestig dat daar 'n duidelike verband is tussen die verskillende leeromgewings en die leerbenadering wat aangeneem word. Hulle noem verder dat aspekte soos onderrigstrategieë, leeromgewings, motivering om te leer, onderrigkwaliteit en die student se persepsie van die leersituasie 'n invloed sal uitoefen op watter leerbenadering gevolg sal word. Studente se persepsie van veral assessering het 'n besonder sterk invloed op die leerbenadering wat hulle gaan volg, afhangende van die eise wat die assessering stel (Lizzio & Wilson 2013:3).

Wanneer tellings vir diepleer en oppervlakkige leer vir die verskillende jare bestudeer word, kan bemark word dat alhoewel nie statisties betekenisvol nie, die diepleer-benadering

toeneem tussen die eerste en die tweede jaar ( $\bar{x} = 31.60$  tot  $\bar{x} = 33.94$ ) maar in die derde jaar neem dit af na  $\bar{x} = 30.93$  en in die vierde jaar verder af na  $\bar{x} = 29.13$ . Die verskil tussen tweede- en vierdejaars is statisties asook prakties betekenisvol ( $p < 0.001$ ;  $d = 0.80$ ).

Volgens Tabel 1 neem die oppervlakkigeleer-benadering toe van die eerste jaar af tot die vierde jaar, maar hierdie verskille is nie statisties of prakties betekenisvol nie. 'n Moontlike rede vir toename in die oppervlakkigeleer-benadering kan wees dat hulle namate hulle nader aan die einde van hulle studie vorder, hulle aangespoor word om die eindpaal op 'n vinnige en effektiewe wyse te bereik, wat makliker deur 'n meer oppervlakkigeleer-benadering bereik kan word. 'n Verdere rede kan wees dat die eerste drie jaar vakspesifieke leerstof behels, terwyl die vierde jaar meer praktykgerigte metodieke insluit waarvoor 'n meer oppervlakkigeleer-benadering waarskynlik voldoende is.

### 7.2.2 Die verband tussen akademiese prestasie en leerbenaderings.

Die tweede doelwit was om die leerbenaderings van eerste-, tweede-, derde- en vierdejaar-EBW-onderwysstudente met hulle akademiese prestasie te vergelyk. Spearman se rangorde-toetse is uitgevoer om die korrelasies tussen bogenoemde veranderlikes te bepaal. Die resultate word in Tabel 2 weergegee.

**TABEL 2:** Korrelasies tussen akademiese prestasie en leerbenaderings.

	<b>Totale groep</b>	<b>Eerste jaar</b>	<b>Tweede jaar</b>	<b>Derde jaar</b>	<b>Vierde jaar</b>
<b>Gemiddelde akademiese punt</b>	63.6 <small>r s</small>	62.9 <small>r s</small>	61.8 <small>r s</small>	61.6 <small>r s</small>	69.4 <small>r s</small>
<b>Diepleer-benadering</b>	0.06	0.13	0.27*	0.11	-0.09
<b>Oppervlakkigeleer-benadering</b>	-0.07	-0.00	-0.39*	0.17	-0.13

\* Statisties sowel as prakties betekenisvolle verband ( $p < 0.1$ ;  $r = 0.3$ , medium effek)

In Tabel 2 word sowel die akademiese punte as die korrelasies van laasgenoemde met die onderskeie leerbenaderings weergegee. Betreffende die akademiese punt is die vierdejaars se punt duidelik heelwat hoër as vir die eerste drie jaar. Dit kan waarskynlik toegeskryf word daaraan dat die vierdejaar hoofsaaklik metodieke van hulle hoofvakke behels. Hierdie studente is in hierdie stadium hoogs gemotiveerd om vir hulle loopbaan voor te berei en dus hulle einddoel te realiseer. Hierdie betrokke jaar behels ook 'n groot praktiese en praktykgerigte komponent wat hoër punte moontlik maak maar nie noodwendig diepleer verg of bevorder nie.

Betreffende die korrelasies (Tabel 2) is slegs die tweedejaars se akademiese prestasie statisties en prakties betekenisvol ten opsigte van albei die veranderlikes rakende leerbenadering. Samevattend kan gesê word dat hoe hoër die akademiese prestasie van die tweedejaars hoe minder het hulle van die oppervlakkigeleer-benadering en meer van die diepleer-benadering gebruik gemaak. Dit bevestig vorige argumente dat tweedejaars meer begrip het van wat die modules behels, meer gemotiveerd is asook 'n verskeidenheid strategieë toepas om beter te presteer.

Tarabashkina en Lietz (2011:227) noem dat dit lyk asof studente wat oor die algemeen van die diepleer-benadering gebruik maak, se prestasie meestal beter is as die van studente wat 'n oppervlakkigeleer-benadering volg. Die studente wat 'n diepleer-benadering volg daag alle idees en argumente van leer uit en probeer dit integreer in die wyer konteks van hulle persoonlike ervarings en vorige kennis (Edwards, Hanson & Raggatt 2013:140).

## 8. GEVOLGTREKING

Die meetinstrument is geskik vir hierdie spesifieke studiepopulasie aangesien konstrueelheid deur bevestigende faktorontleding, inhoudsgeldigheid en betroubaarheid deur Cronbach alpha-koëffisiënte bevredigend was.

Resultate van die empiriese studie is aan die hand van die doelwitte bespreek. 'n Vergelyking tussen die diep- en die oppervlakkigeleer-benadering van eerste-, tweede-, derde- en vierdejaar-EBW-onderwysstudente het aan die lig gebring dat die volg van die diepleer-benadering vir al vier jaargroepe effens hoër is as die volg van die oppervlakkigeleer-benadering. Wanneer die verskillende jaargroepe onderling met mekaar vergelyk word, is bevind dat die diepleer-benadering tussen die eerste en die tweede jaar toeneem, moontlik as gevolg van die feit dat die eerstejaars op hierdie stadium hulle angste vir universiteitstudie oorkom het en in die tweede jaar sonder vrees op hulle studie kan fokus. In die derde en vierde jaar neem diepleer egter weer af, waarskynlik toe te skryf aan die studente se bekendheid met praktiese leer en hul gedreweheid om hulle studie vinniger en meer effektief af te handel namate hulle die einde van hulle kursusse nader. Diepleer bevorder langtermyn retensie van kennis wat nie noodwendig in die vierde jaar vereis word nie, aangesien hulle dan hoofsaaklik op metodieke fokus wat kreatiwiteit en oorspronklikheid verg. Vir laasgenoemde vaardighede is diepleer nie noodsaaklik nie aangesien maklik met oppervlakkige leer aan hierdie vereistes voldoen kan word.

'n Ondersoek na die akademiese prestasie van eerste-, tweede-, derde- en vierdejaar-EBW-onderwysstudente het getoon dat die vierdejaars duidelik heelwat beter presteer as in die eerste drie jaar en dit te midde van 'n toename in oppervlakkige leerbenadering tussen die studiejare, hoewel laasgenoemde benadering nog steeds in mindere mate as diepleer benadering aangewend is. Hierdie bevinding onderskryf die beginsel dat studente in hierdie studie waarskynlik 'n keuse gemaak het tussen die twee leerbenaderings ooreenkomstig die spesifieke situasie. 'n Moontlike situasie wat hier ter sprake kan wees, is dat die vierde onderwysjaar 'n groot praktiese komponent insluit wat 'n substansiële bydrae tot hulle finale punt maak en minder insig maar meer ervaring vereis, wat beter prestasie sonder uitermatige inspanning van diepleer moontlik maak. 'n Verdere moontlike situasie is dat hulle in die lig van die naderende eindpunt van hulle studie gedrewe is om hierdie finale doelwit so vinnig en effektief moontlik te bereik. In albei genoemde situasies kan die oppervlakkige leerbenadering waarskynlik meer effektief aangewend word. Rakende korrelasies tussen akademiese prestasie en leerbenaderings is bevind dat dit slegs by tweedejaars statisties asook prakties (met 'n medium effek) betekenisvol was.

## 9. AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings word gemaak:

- die meetinstrument moet gevalideer en aangepas word vir spesifieke studiepopulasies wat van mekaar mag verskil, aangesien die RSPQ-vraelys vir gebruik deur buitelandse opvoedkundige instansies ontwerp is.

- hierdie navorsing moet nasionaal met groter steekproewe herhaal word, sodat veralgemenings ten opsigte van Suid-Afrika gemaak kan word.
- aangesien inligting uit die literatuur aan die lig gebring het dat akademiese prestasie verbeter na gelang van die toenemende gebruik van die diepleer-benadering, moet akademiese ondersteuningstrukture met betrekking tot die gebruik van die diepleer-benadering ontwikkel en toegepas word.
- hoewel die akademiese prestasie in hierdie studie in die vierde jaar merkwaardig toegeneem het te midde van 'n toename in oppervlakkige leerbenadering moet in gedagte gehou word dat oppervlakkige leer nie langtermyn retensie van inligting en dus ook nie gehalteleer bevorder nie, gevolglik moet diepleer ook in die vierde jaar aangemoedig word. Die dosent kan meer betrokke raak by werkgeïntegreerde leer en nie bloot net die lesse van die student gaan evalueer nie. Hier kan probleemgebaseerde leer, ondersoekende leer en korporatiewe leer 'n groot bydrae lewer. Dosente kan projekte aan die studente gee wat hulle noodsaak om dieper in al die aspekte van onderwys te gaan delf, eerder as bloot net om klas te gee.
- akademiese ondersteuning by Hoëronderwysinstellings moet nie generies van aard wees nie, maar vakspesifiek.
- Onderrigstrategieë moet aangepas word om uitdagend, probleemoplossend en stimulerend te wees om diepleer aan te moedig. Onderrigstrategieë wat probleemgebaseerde leer, ondersoekende leer en korporatiewe leer aanmoedig moet deur die dosent gebruik word. Volgens Van Wyk (2012:188) het korporatiewe leer die potensiaal om 'n positiewe bydrae te lewer tot akademiese prestasie, sosiale vaardighede en selfbeeld van die student. Aktiewe betrokkenheid van die studente is hier baie noodsaaklik. Rolspel, speletjies, debatte, en so meer kan hier 'n groot bydrae tot die aanmoediging van diepleer lewer. 'n Student gesentreerde leeromgewing moet deur die dosent geskep word waar hy as fasiliteerder optree. Aspekte soos aktiewe deelname, bou op vorige kennis en verbindings tussen idees eerder as onafhanklike feite wat aangemoedig moet word.
- Hoëronderwysinstellings moet betrokkenes sterk aanmoedig om die diepleer-benadering te ontwikkel en te implementeer.

## BIBLIOGRAFIE

- Allan, J. & Clarke, K. 2007. Nurturing supportive learning environments in higher education through the teaching of study skills: to embed or not to embed? *International Journal of Teaching and Learning in Higher Education*, 19(1):64-76.
- Babbie, E. & Mouton, J. 2001. *The practice of human research*. Oxford: Oxford University Press.
- Baeten, M., Kyndt, E., Struyven, K. & Dochy, F. 2010. Using student-centred learning environments to stimulate deep approaches to learning: Factors encouraging or discouraging their effectiveness. *Educational Research Review*, 5: 243–260.
- Biggs, J. 1984. Learning strategies, student motivation patterns and subjectively perceived success. In: *Cognitive strategies and educational performance*, edited by Kirby JR. Orlando, FL: Academic, pp. 111–134.
- Biggs, J. 1987. *Student approaches to learning and studying*. Hawthorn, Victoria: Australian Council for Educational Research.
- Biggs, J. 1989. Approaches to enhancement of tertiary teaching. *Higher Education Research and Development*, 8(1):7-25.
- Biggs, J. & Tang, C. 2011. *Teaching for quality learning at university*. 4 th Edition. Mc Graw-Hill.
- Biggs, J. & Telfer, R. 1987. *The process of learning*. Sydney, Australia: Prentice Hall.

- Biggs, J., Kember, D. & Leung, D.Y.P. 2001. The revised two factor Study Process Questionnaire: R-SPQ-2F. *British Journal of Educational Psychology*, 71: 133-149.
- Blunch, N.J. 2008. *Introduction to structural equation modelling using SPSS and AMOS*. London: Sage.
- Byrne, M., Flood, B. & Willis, P. 2002. The relationship between learning approaches and learning outcomes: a study of Irish accounting students. *Accounting Education*, 11(1):27-42.
- Cohen, J. 1977. *Statistical power analysis for the behavioral sciences* (revised edition). New York: Academic Press.
- Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. 2007. *Research methods in education*. 6th ed. London: Routledge.
- Cope, C. 2006. Beneath the surface: *The experience of learning about information systems*. Santa Rosa, CA: Informing Science Press.
- Cope, C., & Staehr, L. 2005. Improving students' learning approaches through intervention in an information systems learning environment. *Studies in Higher Education*, 30(2): 181-198.
- Council on Higher Education. 2013. *Vital Stats: Public higher education 2010*. Pretoria: Council on Higher Education.
- Department of Education. 2001. Education in South Africa: achievements since 1994. Pretoria.
- Donnison, S & Penn-Edwards, S. 2012. Focusing on first year assessment: surface or deep approaches to learning? *The International Journal of the First Year in Higher Education*, 3(2):9-20.
- Edwards, R., Hanson, A. & Raggatt, P. 2013. *Boundaries of adult learning*. Routledge.
- Entwistle, N.J. 1991. Approaches to learning and perceptions of the learning environment. *Higher Education*, 22(3):201-204.
- Golightly, A. & Raath, S. 2014. Problem-Based Learning to Foster Deep Learning in Preservice Geography Teacher Education. *Journal of Geography*, 114(2):58-68.
- Goodall, D. 1996. Academic franchising: some pointers for improving practice. *Library Management*, 17(4):4-9.
- Grondwet **kyk** Suid-Afrika.
- Gurpinar, E., Kulac, E., Tetik, C., Akdogan, I. & Mamakli, S. 2013. Do learning approaches of medical students affect their satisfaction with problem-based learning? *Advance in Physiology Education*, 37(1): 85–88.
- Hancock, G.R. & Mueller, R.O. 2010. *The reviewer's guide to quantitative methods in the social sciences*. New York, NY: Routledge.
- Harputlu, L. 2011. Approaches to learning and academic performance of Turkish university students. *Mevlana International Journal of Education (MIJE)*, 1(2):35-43.
- Henning, E. 2004. *Finding your way in qualitative research*. Pretoria: Van Schaik.
- Johnson, T.P. & Wilsmar, J.S. 2012. Response rates and nonresponse errors in surveys. *The Journal of the American Medical Association*, 307(17):1805-1806.
- Jones, B., Coetzee, G., Bailey, T. & Wickham, S. 2008. *Factors that facilitate success for disadvantaged higher education students*. Athlone: Rural Education Access Program (REAP).
- Kember, D., Leung, D.Y.P. & Mcnaught, C. 2008. A workshop activity to demonstrate that approaches to learning are influenced by the teaching and learning environment. *Active Learning in Higher Education*, 9(1):43-56.
- Laird, T., Shoup, R., Kuh, G., & Schwarz, M. 2008. The effects of discipline on deep approaches to student learning and college outcomes. *Research in Higher Education*, 49: 469-494.
- Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2005. *Practical research: planning and design*. 8th ed. Upper Saddle River, New Jersey: Pearson Merrill Prentice Hall.
- Lizzio, A. & Wilson, K. 2013. First-Year Students' appraisal of assessment tasks: implications for efficacy, engagement and performance. *Assessment and Evaluation in Higher Education*, 38(4):1-32.
- Marton, F. & Saljo, R. 1976. On qualitative differences in learning: 1- Outcome & process. *British Journal of Educational Psychology*, 46(1):4-11.
- Moeketsie, L. & Maile, S. 2008. High university drop-out rates: a threat to South Africa's future. *HSRC policy brief*, Mar. <http://www.hsra.ac.za/Document-2717.phtml> Date of access: 3 Oct 2015.
- Mueller, R.O. 1996. *Basic principles of structural equation modelling: an introduction to LISREL and EQS*. New York, NY: Springer.
- Murphy, K.R. & Davidshofer, C.O. 2005. *Psychological testing: principles and applications*. 6th ed. Upper Saddle River, N.J: Prentice Hall.

- Pandor, N. 2005. Education key to improving economic growth and promoting social cohesion: edited extracts from address by Minister of Education, Naledi Pandor. *Cape Times*: 15, 7 Sep.
- Phan, H.P. & Deo, B. 2007. The revised learning process questionnaire: a validation of a Western model of students' study approaches to the South Pacific context using confirmatory factor analysis. *British Journal of Educational Psychology*, 77(3): 719–739.
- Phillips, M. E., & Graeff, T. 2014. Using an in-class simulation in the first accounting class: moving from surface to deep learning. *Journal of Education for Business*, 89: 241-247.
- Pintrich, P.R., Smith, D.A.F. & Mckeachie, W.J. 1991. *A manual for the use of the Motivated Strategies for Learning Questionnaire*. Ann Arbor, MI: Universiteit van Michigan.
- Prosser, M. & Trigwell, K. 1999. *Understanding learning and teaching: the experience of higher education*. Buckingham, UK: Society for Research into Higher Education & Open University Press.
- Ramsden, P. 1997. The context of learning in academic departments. (In Marton, F., Hounsell, D. & Entwistle, N., eds. *The experience of learning: implications for teaching and studying in higher education*. 2nd ed. Edinburgh: Scottish Academic Press, pp. 198-216).
- Schmeck, R.R. 1988. Learning styles of college students. (In Dillon, R. & Schmeck, R.R. eds. *Individual differences in cognition*. New York, NY: Academic Press, pp. 233-279).
- Scott, I.R., Yeld, N. & Hendry, J. 2007. *A case for improving teaching and learning in South African higher education*. Pretoria: Council on Higher Education. (Higher Education Monitor, No. 6.).
- Sezgin, G., Çalışkan, S. & Erol, M. 2007. Evaluation of learning approaches for prospective physics teachers'. *Journal of Gazi Education Faculty*, 27(2): 25-41.
- Steyn, H.S., Jr. 2005. *Handleiding vir bepaling van effekgrootte-indekse en praktiese betekenisvolheid*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. <http://www.puk.ac.za/fakulteite/natuur/skd/index.html> Datum van gebruik: 24 Feb. 2015.
- Suid-Afrika. 1996. *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Tarabashkina, L. & Lietz, P. 2011. The impact of values and learning approaches on student achievement: Gender and academic discipline influences. *Educational Research*, 21(2):210 – 231.
- Turner, M. & Baskerville, R. 2013. The Experience of Deep Learning by Accounting Students. *Accounting Education: An International Journal*, 22(6):582–604.
- Van Breda, A.D. & Agherdien, N. 2012. Promoting deep learning through personal reflective e-journaling: a case study. *Social Work*, 48(2):126-141.
- Van Dyk, T., Cillié, K., Coetzee, M., Ross S. & Zybrands, H. 2011. 'n Ondersoek na die impak van 'n akademiese intervensie op eerstejaarstudente se akademiese taalvermoë. *LitnetAkademies*, 8(3):487-506.
- Van Staden, L.J. 2011. *'n Akademiese steunraamwerk vir EBW-onderwysstudente*. Potchefstroom: NWU, Potchefstroom-kampus. (Proefskrif - D.Phil.)
- Van Wyk, M.M. 2012. Teacher Efficacy: The use of Cooperative Learning techniques in Economics education: An Exploratory Study. *International Journal of Educational Studies*, 4(3),187-195.
- Vos, N., van der Meijden, H. & Denessen, E. 2011. Effects of constructing versus playing an educational game on student motivation and deep learning strategy use. *Computers & Education*, 56:127–137.
- Wilson, R.M.S. 2014. *Accounting education research: prize-winning contributions*. Londen: Routledge.

## Redakteursnota

Die debat oor politieke, regsfilosofiese en gemeenskapsaspekte van die moderne staat word in hierdie rubriek voortgesit.

In die Junie 2016-nommer van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* het Andries Raath, in 'n diskoers met Danie Goosen en Koos Malan, die politieke en regsfilosofiese implikasies van politieke kommunitarisme van nader bekyk.

In die September 2016-nommer tree Danie Strauss toe tot die debat deur aan te voer dat die tekortkominge van sowel individualistiese (atomistiese) as universalistiese (holistiese) benaderings ondervang kan word “indien erns gemaak word met die ontiese beginsels van *soewereiniteit-in-eie-kring* en *universaliteit-in-eie-kring*”.

In hierdie uitgawe lewer sowel Danie Goosen as Koos Malan repliek op die vorige twee standpunte, soos verwoord deur Andries Raath (Junie 2016) en Danie Strauss (September 2016) onderskeidelik.

Alle lesers van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word weer eens hartlik uitgenooi om deel te neem aan die debat. Beperk u debatsbydraes tot hoogstens 2 000 woorde. Indien u sou verkies om liever uitvoeriger by wyse van 'n navorsingsartikel te reageer, sal dergelike bydraes aan die gewone keuringsprosedure onderhewig wees.

**INA WOLFAARDT-GRÄBE**

Oktober 2016

# Hermeneutiek, sisteme en state

*Hermeneutics, systems, and states*

DANIE GOOSEN

## ABSTRACT

*Hermeneutics, systems, and states*

*In this short response to academics from the so-called Dooyeweerd school of thought, it is argued that their hermeneutical approach is marred by an ahistorical and essentialist reading of the philosophical tradition; due to the aprioristic and formalistic nature of their system they are prevented from responding fully to the crises of the contemporary state; and that the very same system, more specifically, prevents them from providing the grounds for a democratically based politics of community self-reliance (selfstandingheid).*

## OPSOMMING

In hierdie bondige antwoord aan akademici vanuit die sogenaamde Dooyeweerdse skool van denke word aangevoer dat hulle hermeneutiese benadering deur 'n onhistoriese en essensialistiese vertolking van die filosofiese tradisie aan bande gelê word; dat die aprioristiese en formalistiese aard van hul denksisteme hulle daarvan weerhou om ten volle op die krisis van die huidige staatlke bedeling te antwoord; en dat hulle denksisteme in die besonder nie in staat is om gronde vir 'n demokratiese politiek van gemeenskapsselfstandingheid aan te bied nie.

Om werklik grondig op die Dooyeweerdse kommentaar van Andries Raath en Danie Strauss op my en Koos Malan se sogenaamde “politokratiese kommunitarisme” te kon antwoord, moes na regte by hulle denksisteme met sy omvattende aansprake stilgestaan kon gewees het. Hul nadenke oor die staat kan immers kwalik daarvan losgemaak word. Tegelyk verdien hul denksisteme ook ons aandag, omdat 'n sin vir die geheel van dit wat is dikwels in die eietydse denke verlore gaan. Vanweë beperkte ruimte word egter net na enkele sake verwys, te wete die hermeneutiese benadering wat uit hulle antwoorde blyk, asook enkele aspekte van hul politieke denke. Ondanks die voortrefflike aard van hul denksisteme is hulle politieke denke tegelyk te formalisties, aprioristies en teoreties selfgenoegsaam om as 'n antwoord op die uitdagings van ons tyd te dien.

1. Die eerste punt hou met die hermeneutiek van die Dooyeweerdse denkers verband. Laasgenoemde is uiteraard korrek as hulle daarop wys dat enkele belangrike hoofstroom-denkers uit die filosofiese tradisie ten grondslag van die gemeenskapsgedagte in 'n werk soos *Oor gemeenskap en plek. Anderkant die onbehae* (Pretoria: FAK, 2016) lê. Sonder 'n aanknoping by figure soos Plato, Aristoteles, Aquinas, Hegel en MacIntyre (en die wenke wat in hul werk opgesluit lê) maak dié werk kwalik sin. Saam met enkele ander denkers verteenwoordig hulle die belangrikste stamme uit die gemeenskapstradisie waarby graag aangesluit word.

Nou, uiteraard is dit nie 'n probleem om gunsteling-skyrwers te hê (of tegelyk 'n groter distansie teenoor andere te handhaaf nie). Ons Dooyeweerdse denkers het immers ook 'n gunsteling (en verskeie waarteenoor hulle graag 'n distansie handhaaf). Wat egter problematies is, is hoe stellig hulle oor dié denkers kan oordeel waarmee hulle verskil – ook genoemde denkers uit die filosofiese tradisie. Grondliggend aan wat nie anders as 'n onhermeneutiese hermeneutiek beskryf kan word nie, lê die gedagte dat daar slegs één Plato, slegs één Aristoteles, één Aquinas of slegs één Hegel is, naamlik hul eie Dooyeweerdse vertolking. Die moontlikheid dat genoemde denkers ook anders vertolk kan word, word kwalik oorweeg.

In hierdie verband is dit bykans onnodig om te sê dat Dooyeweerd se vertolking van genoemde denkers, ’n vertolking wat uit die eerste helfte van die twintigste eeu stam, as hul ontwyfelbare verwysingsbron dien. Implisiet aan hulle aansluiting by Dooyeweerd is ’n ontkenning van die feit dat laasgenoemde self deur die filosofiese strominge van sy eie tyd (die neo-Kantianisme, Husserl en die fenomenologie, ensovoorts) beïnvloed is. In plaas daarvan om die onvermybare historiese aard van sy denke te erken, word Dooyeweerd eerder op ’n soort tydlose podium staangemaak vanwaar hy aan ons voorskryf hoe die tradisionele denke eintlik (ten diepste, wesenlik) aanmekeer getimmer is. Vanuit hierdie onhistoriese werkswyse is dit ook verstaanbaar waarom die magdom van andersoortige vertolkings wat tydens die afgelope dekades vanuit verskillende oorde ontwikkel is, eenvoudig geïgnoreer word.

’n Sprekende voorbeeld hiervan is hul hantering van Aquinas. (Alhoewel Plato, Aquinas en Hegel ewegod as voorbeelde kan dien). Dooyeweerd se vertolking van Aquinas is kennelik deur die neo-Thomistiese vertolking van Aquinas uit die moderne era beïnvloed. Laasgenoemde is ook dié vertolking wat tydens die eerste helfte van die twintigste eeu ’n buitengewoon prominent (en bygesê, versmorende) rol in die Aquinas-resepsie gespeel het. Dooyeweerd het dié moderne vertolking tot standaard-vertolking verhef – en dit tegelyk ook afgeskiet. In plaas daarvan dat ons eie Dooyeweerdse denkers op ’n grondige wyse kennis geneem het van byvoorbeeld die enorme verskuiwing wat tydens die afgelope dekades met betrekking tot ons verstaan van Aquinas ingetree het, word Dooyeweerd se vertolking eenvoudig as dié vertolking toegêien. Is hulle hermeneuties in ’n tydskapsule vasgevang?

As hulle werklik die moeite sou gedoen het om die spore van my eie hermeneutiese verhouding met die tradisie en in die besonder met bogenoemde denkers na te loop, sou hulle raakgesien het dat ek nie een van genoemde figure, ondanks die gunstelingstatus wat hulle geniet, as ’n verteenwoordiger van dié waarheid beskou nie. Hulle word eerder as wenke hanteer waarby vandag steeds in die onafgeslote en steeds uitbreidende gesprek wat die tradisie is, aangesluit word. As wenke verteenwoordig hulle bakens waarlangs die denke vandag kan reis, maar nie finale gesagsbronne waarvoor die denke moet neerbuig nie.

2. As ons Dooyeweerdse respondente die tersaaklike tekste grondig gelees het (en dit nie oorhaastig vanuit hul vooropgestelde denksisteme gekategoriseer en veroordeel het nie), sou hulle raakgesien het dat die begrip “gemeenskap” nie in my werk eensydig en ten koste van die “individu” bedink word nie. Inteendeel, uit talle tekste moes dit duidelik gewees het dat daar telkens na ’n wederkerigheid tussen individu en gemeenskap gesoek word. Net soos wat gemeenskappe nie sonder die eg individuele kan bestaan nie (daarsonder dreig gemeenskappe onder meer om te verstar en geslote groothede te word), net so kan die individu ook nie sonder ’n veelheid van gemeenskappe wees nie (sonder gemeenskappe vereensaam die individu tot ’n vryswewende agent wat slegs op sy eie belange afgestem is). Hulle poging om anderkant die teenoorstelling tussen die atomistiese individu en die holistiese (geslote) gemeenskap te dink, verteenwoordig ’n besondere raakpunt met my eie gemeenskapsdenke. Nogtans is dit teleurstellend dat hulle vooropgestelde raamwerk hul kennelik verhoed om hierdie gemeenskaplike punt raak te sien. Is dit tekenend van geslote denksisteme – die paraatheid om grense te polisieer eerder as om gemeenskaplike gronde op te soek? Hieraan knoop ’n verwante punt.

As die Dooyeweerdse denkers die moeite gedoen het om die tersaaklike tekste te lees, sou hulle ook ontdek het dat dit bykans tot vervelens toe beklemtoon word dat dit nie moontlik is om sonder meer na die Klassieke *polis* (met al sy glorie én gebreke) terug te keer nie. Eweneens sou hulle ontdek het dat daar ook nie sonder meer van die moderne staat (met al sy glorie én gebreke) afskeid geneem word nie.

Bogenoemde “logika van die wenk” is ook hier van toepassing. Dwarsdeur my eie werk tree die verwysings na die Klassieke *polis* en die politieke denke van iemand soos Aristoteles, die grootste eksponent van die *polis*-gedagte, as wenke op met behulp waarvan ’n kritiese gesprek met die moderne staat aangeknop kan word. In die besonder sou hulle ontdek het dat daar met behulp van ’n beroep op onder meer die *polis*-gedagte ’n kritiek ontwikkel word op die neiging van moderne state om mag by wyse van dinge soos kartografiese en optiese beheer, standaardisering, gelykskakeling, eentaligheid, meerderheidsdominansie, die miskiening van gemeenskappe en hul instellings, ensovoorts, te sentraliseer. (In vele opsigte sluit ons hier by moderne denkers soos Edmund Burke en Alexis de Tocqueville aan, wat teen die sentralistiese en selfs sagte totalitêre kante van die moderne liberale demokrasieë gewaarsku het). Daarmee word op geen wyse voorgegee, om die punt te herhaal, dat daar na die *polis* teruggekeer kan word nie. Die oogmerk daarmee is eerder om die moderne staat so aan sy grense te herinner.

Maar hier is nog ’n meer wesenlike kwessie ter sake. Met behulp van ’n beroep op die *polis*-gedagte word die moderne staat telkens in my werk aan ’n ander moderne moontlikheid herinner, naamlik die federatiewe tradisie soos wat dit onder meer deur die Calvinistiese denker, Althusius, aan die begin van die sewentiende eeu ontwikkel is. (Althusius se denke kontinueer nie net op ’n moderne wyse die tradisionele politieke denke nie, maar ontwikkel *avant la lettre* ’n kritiek op die moderne apologete van die sentralistiese staat). Volgens die federatiewe gedagte soos wat dit by Althusius aangetref word, behoort gemeenskappe oor dié institusionele ruimtes te beskik waarbinne hulle so ’n groot as moontlike inspraak in dié sake het waarvoor hulself inderdaad verantwoordelikheid kan aanvaar. Gemeenskappe word so nie net van die neerdrukkende gevolge van staatsentralisme vrygestel nie, maar die gedagte van demokratiese deelname kom ook eers so tot haar reg. Want, en dit is ’n sentrale tema, die demokratiese gedagte lewe daar waar gemeenskappe op ’n deelnemende grondslag inspraak in dié openbare sake verwerf wat vir hulle van betekenis is.

Hoe pas die herinnering aan die *polis* hierby in? As die *polis* hierin ’n bepaalde rol speel, is dit nie bedoel om ’n blote herhaling daarvan te wees nie. (Soos met enige herhaling binne ’n ander konteks gaan die herhaling van die *polis*-gedagte in die moderne en hedendaagse konteks onvermydelik met wysigings aan die sogenaamde oorspronklike Aristoteliese betekenis daarvan gepaard). Nee, aan die *polis*-gedagte, naamlik dat gemeenskappe ’n deelnemende inspraak in hul eie wêreld behoort te hê, word kontinuïteit op ’n nuwe wyse gegee. Ons kan sê dat die *polis*-gedagte in en deur die moderne federatiewe tradisie voortlewe. As sodanig verskil dit grondig van die Klassieke *polis*. Daarom ook die hedendaagse belangrikheid daarvan.

Kortom, geen terugkeer na dit wat was is moontlik nie. Indien daar van ’n terugkeer sprake is, is dit ’n terugkeer na iets wat nou tegelyk anders is.

Hoekom mis die Dooyeweerd-duo hierdie punt? Hou die antwoord nogmaals met hul onhistoriese vertrekpunte verband? Sodra die begrip *polis* raakgesien word, word dit nie as deel van ’n lewende tradisie verstaan wat op ’n dialogiese wyse ’n bepaalde (en andersoortige) voortgang in die moderne wêreld en in die besonder in die moderne federatiewe tradisie kan vind nie. Nee, hulle sien die *polis* as iets wat resloos binne sy essensie vasgevang is – ’n essensie waaraan geen nuwe betekenis toegeken kan word nie. Die onderliggende uitgangspunt hiervan is dat die groot tradisie van politieke denke én historiese voorbeelde bykans van alle betekenis gestroop word. Aristoteles en kie behoort ten ene male tot die verlede. Ironies hiervan is dat die Dooyeweerdse denkers, ondanks hul kritiek op die modernisme, met dié afskeid van die tradisie juis kontinuïteit aan die modernisme verleen. Dit is immers in die modernisme dat die afskeid van die tradisie op tou gesit is (en wat in die postmoderne era met nog groter intensiteit deurgevoer word).

'n Betekenisvolle komplement van dié onhistoriese werkswyse is die wyse waarop die moderne territoriale state hanteer word. In plaas daarvan om laasgenoemde as die gevolg van 'n veelheid van moderne historiese kragte te hanteer, word 'n tydlose status daaraan toegeken. Anders as met die *polis* word die territoriale staat egter nie afgewys nie, maar eerder voor sy gesag neergebuig. So asof die ware politieke orde tot en met die moderne era en in die besonder tot en met Dooyeweerd moes wag om aan ons geopenbaar te word. (Dit terwyl die eeue-oue Klassieke én Christelike tradisie tot en met die moderne era eerder by die *polis* en die federatiewe ryksgedagte aansluiting gesoek het).

Ook hier is bogenoemde ironie vlak onder die oppervlakte aanwesig. Ondanks die dikwels boeiende kritiek wat die Dooyeweerdse denke op die liberale modernisme ontwikkel, gee hulle voorspraak vir die moderne territoriale staat – een van die belangrikste instrumente van die liberale modernisme – juis kontinuïteit aan laasgenoemde. In plaas daarvan om ook die moderne territoriale staat, soos met die *polis*, aan 'n omvattende kritiek te onderwerp, word eerder by sy uitgangspunte neergelê. Ons keer weer hierna toe terug.

3. Die gemeenskapsdenke waarop ons Dooyeweerdse respondente hulself geroepe voel om te antwoord, word in 'n “era van krisis” ontwikkel. Ten diepste poog dié gemeenskapsdenke om die omvattende godsdienstige, filosofiese, politieke, sosiale en ekonomiese krisis van ons tyd te verstaan. En antwoorde daarop te soek. Maar watter era? Met die era van krisis word eerstens verwys na dié wêreld waarbinne die dominante neo-liberale en radikale sekulêre globalisme die pas aangee (en waarin ou tradisies van alle betekenis gestroop, gemeenskappe verwoes, ons menswees in hiper-individualistiese en selfgesentreerde terme herdefinieer en Europa apaties en selfs onverskillig teenoor sy eie geestelike erfenis staan).

Met genoemde era van krisis word egter ook na die Suid-Afrikaanse werklikhede verwys. Die gemeenskapsdenke wat die Dooyeweerdse denkers se kommentaar ontlok, speel af binne (en moet ook verstaan word vanuit) dié konteks waarin die Suid-Afrikaanse territoriale staat deur ernstige gebreke gekenmerk word. Laasgenoemde is 'n staat wat toenemend aan die rampokkery van selfverrykende elites, gebrek aan leierskap, onbekwaamheid op alle staatsvlakke, 'n falende onderwysbedeling, druk op die regsorde, stygende sosio-ekonomiese verwagtinge en die miskenning van die veelheid van taal- en kulturele erfenisse uitgelewer is. Grondliggend aan dié struikelende orde is die neiging om die skuld vir die eie onbekwaamheid na andere (die koloniale verlede, apartheid, Afrikaners, ensovoorts) te verplaas. In plaas daarvan om 'n etos van selfverantwoordelikheid dwarsdeur die politieke, sosiale en ekonomiese ordes aan te wakker, dreig die soeke na sondebokke voortdurend onder die oppervlakte.

Maar dit bring my terug by die opmerkings van ons respondente. Kenmerkend daarvan is dat dit bykans in totale isolasie van die globale en staatlike krisis afspeel waarna hierbo in veels te bondige terme verwys is. So asof hulle sisteem genoeg aan homself en sy eie voortrefflike interne samehang het, en dat die historiese omstandighede (in 'n gekwalifiseerde sin altyd die vertrekpunt van die denke) hom eintlik ongestoord laat.

Nou, uiteraard is dié oordeel effens onbillik. Hulle maak immers erns met die staat. Trouens, hulle neem juis die staatlike gedagte in beskerming nie net téén die gemeenskapsdenke nie, maar (meestal by implikasie) ook teen die verwerping, uitputting en verswakking wat kenmerkend van die Suid-Afrikaanse staatlike orde geword het. Hieraan is nogtans 'n wesenlike probleem verbonde. Dit hou juis met die sisteem-gedagte verband. Hul nadenke oor die staat word meestal deur 'n sterk abstrakte tendens gekenmerk, en by name deur 'n tendens ingevolge waarvan op 'n afstand van die verwikkelde historiese werklikheid gestaan en hul staatsopvatting

aprioristies of “van bo af” daarop neergelê word. Ingevolge hierdie neiging is dit kennelik belangriker om ’n apologie vir die teoretiese koherensie van hul eie staatsopvatting aan te teken as om met werkbare politieke antwoorde vorendag te kom.

Ingevolge die Aristoteliëse opvatting van die politieke speel laasgenoemde by uitstek af binne die wêreld van die “praktiese”, dit wil sê binne dié wêreld wat deur verandering, kontingensie en die voorlopigheid van die eie antwoorde gekenmerk word. In die strewende na geregtigheid moet daarom ook telkens weer na die eie aard van die historiese konteks gevra word; na wyses waarop verstandhoudinge en kompromieë tussen verskillende kragte gesluit kan word; ensovoorts. Volgens die tradisie geskied die praktiese wêreld van die politieke ten beste wanneer dit deur die aanwesigheid van die goeie oordeel gekenmerk word. As sodanig verskil dit van die wêreld van die “teoretiese”, wat nie met die kontingente wêreld handel nie, maar op die tydlose afgestem is. Indien daar van die politieke verwag word om inderdaad sigself aan die gesag van die teoretiese te onderwerp, word dit in sy eie wese verwring. Die politieke werklikheid kom ten ene male nie tereg met behulp van teoretiese bloudrukke nie, maar eerder daar waar met die verstandigheid van die goeie oordeel gehandel word.

Kenmerkend van sisteem-bouers soos die Dooyeweerdse denkers is dat hulle met die politieke as sodanig wegdoen. In die plek van die politieke sin vir die praktiese, vir kompromie en die goeie oordeel tree eerder ’n vertroue in die wêreld van die teoretiese, wat apories geformuleer en apodikties van buite afgedwing word. Dit blyk veral uit die wyse waarop die openbare lewe in juridiese terme herskryf word, in so ’n mate dat daar selfs van die juridifisering van die politieke gepraat kan word.

Dit bring ons terug by bogenoemde krisis. Wanneer die Dooyeweerdse denkers daarop antwoord, word telkens op die formele reg en die veelheid van regsinstrumente teruggeval (eerder as om óók met sinvolle prakties-politieke oplossings te antwoord). Stel jou verwagtinge op die wet, die howe, die kultuur van regte en die korrekte staatlake prosedures, lui die boodskap. Grens jouself tegelyk af van die politieke oproep op gemeenskappe om (in aansluiting by die federaal-demokratiese beginsel van subsidiariteit) so ver as moontlik vir hulself verantwoordelikheid te aanvaar. Laasgenoemde respekteer immer nie die feit dat die openbare lewe uitsluitlik in juridiese terme ervaar moet word nie.

Ook rondom hierdie saak tref ons bogenoemde ironie raak. Terwyl die Dooyeweerdse denkers telkens voorgee om op ’n kritiese afstand teenoor die liberale modernisme te staan, omhels hulle belangrike aspekte daarvan. Tekenend daarvan is hulle beroep op sommige van die belangrikste hedendaagse vertolkers van die liberale modernisme soos Rawls en Habermas. Laasgenoemde denkers is daarvoor bekend dat hulle die politieke (ook die politiek van gemeenskapsselfstandigheid) met sy tipiese soeke na antwoorde binne die wêreld van die praktiese met ’n teoretiese vertroue in die juridiese vervang. Vanuit ’n gemeenskapsperspektief word dikwels geoordeel dat denkers soos Rawls en Habermas met dié klem verdere stimulus aan die globale tendens gee om tradisies en gemeenskappe aan prosesse van onmag, verwerping en selfs vernietiging uit te lewer. In die mate waarin die Dooyeweerdse denkers deur ’n soortgelyke wil tot juridifisering gekenmerk word, ondersteun hulle genoemde tendense.

Alhoewel daarmee geensins te kenne gegee word dat ’n beroep op die reg, die howe, die kultuur van regte en behoorlike openbare prosedures onbelangrik is nie, is dit vanuit ’n gemeenskapsperspektief ten diepste onverantwoordelik om dit daarby te laat. Saam met die klem op die juridiese moet tegelyk ’n demokratiese politiek van selfstandigheid en deelname beoefen word. Dít is ’n politiek ingevolge waarvan gemeenskappe in staat gestel word om hul gemeenskaplike goed, hul gemeenskaplike belange, die versterking van hul eie magsbasisse en ’n effektiewe politiek van bedinging en kompromie met ander betekenisvolle politieke

kragte na te jaag. In die mate waarin 'n sinvolle politiek van gemeenskapsselfstandigheid beoefen word, kan dit juis die beroep op die juridiese ondersteun. Maar in die mate waarin die regsorde toenemend aan politieke druk onderwerp word, in daardie mate sal so 'n politiek van selfstandige handeling des te belangriker word.

Diegene wat dit ontken, loop die risiko om gemeenskappe aan 'n magtelose toestand uit te lewer. Tensy sorg vir die teoretiese koherensie van jou sisteem belangriker geag moet word, is dit ten diepste onverantwoordelik.

# Anderkant verstaatlikte konstitusionalisme

KOOS MALAN

Publiekreg

Universiteit van Pretoria

E-pos: Koos.Malan@up.ac.za

## 1. INLEIDING

Openbare regeringsgesag, wat binne 'n konstitusionele orde uitgeoefen word, is 'n deurlopende essensie van die politiek en die konstitusionele reg. Die huidige territoriale staat, waarin ons ons tans bevind, is bloot een van verskeie verskyningsvorme waarbinne openbare gesag uitgeoefen word.<sup>1</sup> Dit is nie permanent nie. Ingelui deur Engeland en Frankryk het die territoriale staat 'n duidelik aanduibare ontstaan gedurende die sestiende en sewentiende eeue beleef en as historiese verskynsel is dit onvermydelik bestem om ook tot 'n einde te kom. Diegene wat met die territoriale staat omgaan asof dit bykans a-histories en tydloos is, kan hulself gerus daaraan herinner dat selfs Thomas Hobbes wat die magtige Leviatan in goddelike terme beskryf het, darem begryp het dat dié god oplaas 'n tydelike – sterflike – god is.

In *Politokrasie: Die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop* (2011)<sup>2</sup> is die aanloop tot en vestiging van die territoriaalstaatlike orde uiteengesit. Daar is ook verduidelik hoe daar 'n staatlike paradigma in nadenke oor die politiek en die konstitusionele reg tot stand gekom het, wat tans nog teoretisering oor hierdie gebiede oorheers (Malan 2011: hoofstuk 3–5). Ofskoon die territoriale staat oor die afgelope dekades vanweë die druk van globalisering van die een kant en die aansprake van gemeenskappe aan die ander kant, begin besgee en die staatlike paradigma gepaardgaande daarmee krake begin toon, is dit steeds toonaangewend. Die paradigma baken 'n intellektuele *heelal* af van dit wat denkbaar en doenbaar is. Hierdie *heelal* is natuurlik gewaan want dit is allermins verteenwoordigend van wat oor die politiek en die konstitusionele reg te bedink is. Trouens, dit neig om oplaas 'n blote doktrine te wees, wat so eng afgegrens is dat dit in 'n intellektuele kerker ontaard. Daar in die kerker kan onderskrywers van die paradigma moontlik vaagweg bewus wees van 'n groter wêreld daar buite, dog steeds die verengde bestaan in die muur maar bekende noutes van die kerker vertroetel.

Kragtens die staatlike paradigma is al die sleutelkonsepte van die politiek en die konstitusionele reg verstaatlik. In bepaalde gevalle is nuwe denkbearde binne die riglyne van die paradigma geskep en in ander gevalle is aan reeds bestaande konsepte nuwe betekenis verleen, wat territoriaal staatlik gekondisioneer is en die territoriaalstaatlike orde teen uitdagings wat dié orde mag ontwig, probeer beskerm. Die konsepte van nasieskap, demokrasie, individuele regte, nasieskap en dergelike ander, soos wat hulle tans verstaan word, is almal aan die hand van die staatlike paradigma ge(her)konseptualiseer om as verstaatlikte konsepte ten behoeve van die ongeskonde handhawing van die huidige staatlike orde diensbaar gestel te word (kyk Malan 2011: hoofstukke 6, 7 en 8 onderskeidelik).

<sup>1</sup> Dit word onder andere gedemonstreer deur die feit dat die begrip, *staat* met die betekenis wat dit tans het eers aan die begin van die sewentiende eeu op die voorgrond getree het. Vgl Skinner (1989:120-121).

<sup>2</sup> Die Engelse weergawe *Politocracy – An assessment of the coercive logic of the territorial state and ideas around a response to it* is in 2012 deur dieselfde uitgewers gepubliseer.

Sowel Andries Raath as Danie Strauss bevind hulle oplaas binne die mure van die staatlke paradigma en tree op as pleitbesorgers vir die ongeskonde instandhouding van die territoriaal-staatlke orde. Hulle ongemak met my en Danie Goosen spruit klaarblyklik hieruit voort. Hulle staan binne daardie paradigma terwyl ek dit versmorend vind en dit uitdaag. Dis klaarblyklik die rede waarom ons bymekaar verby skryf. Spesifiek Raath se artikel gee met respek nie werklike blyke dat hy *Politokrasie* of Goosen se *Gemeenskap en Plek* (2015) werklik onder oë gehad het nie. Strauss weer werk met 'n abstrakte, soms esoteriese skema, wat eweneens nie werklik poog om in debat met my of Goosen te tree nie. Vanweë hierdie abstraktheid is dit bowendien fataal uit voeling met die dinamika van die eietydse politiek en konstitusionele teorie. Meer nog, hulle toon 'n onthutsende argeloosheid teenoor territoriaalstaatlik geïnspireerde sentralisering en homogenisering se verwoesting van partikuliere gemeenskappe, meer bepaald kultuur- en taalgemeenskappe. In die lig hiervan loon dit nie die moeite om in besonderhede met hulle in debat te tree nie aangesien dit die aandag aflei van die belangriker kwessies wat, onder andere, in *Politokrasie* beredeneer is. Gevolglik benut ek hierdie geleentheid eerder om 'n verdere aspek van denke kragtens die staatlke paradigma naamlik die konsep van konstitusionalisme toe te lig. Die konsep van konstitusionalisme is naamlik ook tot staatlke konstitusionalisme verarm. En vra as't ware om aan die hand van 'n politokratiese sienswyse herstel te word.

## 2. KONSTITUSIONALISME

Kragtens die dissipline van die staatlke paradigma is die denkbeeld van konstitusionalisme verstaatlik sodat dit vandag 'n verengde verstaatlikte konstitusionalisme geword het. Verstaatlikte konstitusionalisme slaag nie daarin om die wesenlike doelwitte van konstitusionalisme te verwesenlik nie. Dit smoor meer verantwoordbare beskouings van konstitusionalisme wat bowendien die strewe na geregtigheid kortwiek. Die huidige toonaangewende staatlke konstitusionalisme is allermins 'n allesomvattende outentieke konstitusionalisme, maar wel 'n verengde staatlke denkbeeld wat daarop bereken is om die territoriaalstaatlke orde in stand te hou, teen kritiek te probeer verweer en teen verandering te verskans.

Hier volg nou eers 'n bondige samevatting van die denkbeeld van konstitusionalisme. Daarna word staatlke konstitusionalisme, dit wil sê, konstitusionalisme kragtens die staatlke paradigma, weergegee. Daaruit is dit duidelik hoe staatlke konstitusionalisme in die algemeen, met inbegrip van die Suid-Afrikaanse weergawe daarvan, ernstig tekortsiet en om verbetering vra, naamlik ingevolge 'n politokratiese sienswyse wat beter toegerus is om aan die konstitusionele idee uitdrukking te gee.

## 3. DIE PIT VAN DIE KONSTITUSIONELE IDEE

Konstitusionalisme het 'n vierledige essensie.

1. Dit is verbind tot die verwesenliking van geregtigheid;
2. Dit versinnebeeld die gedagte van fundamentele oftewel hoër reg;
3. Dit weerspieël die idee van regsoppergesag, wat kommunitêr gebaseer is, dit wil sê, van reg waaroor daar algemene gemeenskapseenstemmigheid heers en wat gevolglik vrywillig en gewoontelik nagekom word;
4. Dit funksioneer op die grondslag van die instandhouding van 'n veelvoud van gemeenskaps-begronde magsbassis, magsverdeling en magsewewig.

Die eerste en vierde aspekte van konstitusionalisme is hier besonder ter sake en kry daarom verdere aandag.

### 3.1 Konstitusionalisme impliseer 'n strewe na geregtigheid.

Dit spruit voort uit die onlosmaaklike verbintenis van reg en geregtigheid – *ius* en *iustitia* – soos wat reg aan die begin van die *Digesta* van die beroemde *Corpus Iuris Civilis* van Justinianus met verwysing na die klassieke juris, Celsus, verklaar is (Mommensen & Krueger et al. 1985).

Geregtigheid en konstitusionalisme is net so heg verbind soos reg en geregtigheid.<sup>3</sup> Net soos reg is konstitusionalisme ook tot die verwesenliking van geregtigheid verbind. Konstitusionalisme veronderstel meer bepaald die strewe na geregtigheid op 'n omvattende skaal, dit wil sê, vir die geheel van politieke gemeenskap – vir die geheel van alle individue en gemeenskappe in die politieke gemeenskap. Ek vermy uitdruklik die woord, (territoriale) staat, en verkies die begrip, *politieke gemeenskap*, aangesien *staat* slegs een van verskeie soorte politiek-konstitusionele ordeninge verteenwoordig. Voorts word melding gemaak van geregtigheid teenoor alle individue én gemeenskappe, ten einde te beklemtoon dat die geregtigheid nie (soos kragtens die staatlike paradigma) tot individue beperk mag word nie. Presies wat geregtigheid behoort te behels, is natuurlik omstrede en nie binne die volledige bereik van (feilbare) mense nie. Juis daarom bly die strewe na geregtigheid onophoudelik die doelwit van konstitusionalisme.

### 3.2 Magsverdeling en magsewewig

Dit is die verantwoordelikheid van regerings – die openbare ampsbekleërs van die politieke gemeenskap – om geregtigheid te bewerkstellig deur tot die voordeel van die geheel te regeer. Wanneer slegs in die belang van 'n (kleiner of groter) deel in plaas van die geheel regeer word, word die doel van konstitusionalisme verydel naamlik om geregtigheid vir die geheel – en vir almal – te probeer bewerkstellig. Om dit te verhoed, moet die strewe na geregtigheid met die nodige magsapparaat gestut word. Dit behels dat politieke mag nooit op slegs een plek moet sentreer nie. Inteendeel, politieke mag moet versprei word en dus in 'n veelvoud van sentra

<sup>3</sup> Die klassieke politieke denke was gevolglik gemik op die verwesenliking van geregtigheid. Michael Oakeshott merk op dat geregtigheid die vroedvrou van die polis was. Oakeshott verklaar: “No Greek, then, could fail to think first that the ‘image’ of ‘justice’ and ‘injustice’ was most profitably to be looked for in the structure of the polis.” (2006: 149). “Large tracts of Plato’s *Republic* concern the question of the polis as the way of answering the question of ‘What is justice?’” (2006: 149-150).

Politieke gesagsuitoefening is voorts vir baie lank vereenselwig met regspraak eerder as met regskepping (wetgewing). Naas die Middeleeuse vors se plig om die gemeenskap te beskerm, was sy funksies hoofsaaklik regsprekend van aard. Sy funksie was die van *ius dicere* op grond van bestaande gewoontereg van die gemeenskap, en nie van regskepping (*ius facere*) of die vervul van uitvoerende funksies nie. Sien hieroor verder Friedrich (1974: 122) en Friedrich (1963: hoofstuk 24). Middeleeuse en vroegmoderne (soos parlemente en cortes) was ook regsprekend van aard, eerder as regskeppend. Die Engelse parlement, wat tans volkome met die wetgewende funksie verbind word, was vroeër eerder as 'n regsprekende as 'n wetgewende liggaam, wat bestaande gemeneereg in bepaalde individuele gevalle toegepas het. Sien hieroor McIlwain (1910: 51, 70, 86, 94) sowel as die gedetailleerde bespreking op 109-256). Vir Edward Coke, verduidelik McIlwain (1910: 94) was die hoofverantwoordelikheid van die parlement en die koning (“the king in parliament”) judisieel- *ius dicere* en nie *ius dare* nie.

setel. Dit moet ook nie slegs verdeel word nie. Meer bepaald moet dit ook wedersyds gekontroleer en beperk word, ten einde absolutisme – konstitusionalisme se teenpool – te verhoed.<sup>4</sup> Wedersydse kontrole en beperking van mag, het betrekking op dit wat ons vandag dikwels remme en teenwigte (*checks & balances*) noem. Die implikasie hiervan is dat die konstitusie soos wat dit volgens 'n lang tradisie in die politieke denke gestel is, *gemeng* en *in ewewig* moet wees.<sup>5</sup> John Adams het die idee van magsverdeling, -balans en wedersydse kontrole as wesenlike element van konstitusionalisme soos volg treffend saamgevat: “Power must be opposed to power, force to force, strength to strength, interest to interest, as well as reason to reason” (2007:57).

#### 4. KONSTITUSIONALISME KRAGTENS DIE STAATLIKE PARADIGMA

Die bedding van huidige verstaatlikte konstitusionalisme is gelyktydig met die verrysing van die territoriale staat voorberei. Dit het gebeur aan die hand van die werk van die grondleggende denkers van die staatlike paradigma, soos onder andere Jean Bodin, Thomas Hobbes en John Locke (kyk Malan 2011: hoofstuk 4). Wat ons tans as staatlike konstitusionalisme ken, het egter eers gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu met die Franse en Amerikaanse rewolusies stewig gevestig geraak. Staatlike konstitusionalisme is heg met die lotgevalle van die territoriale staat verweef (Preuss 2007:23) en gemoeid met die beskerming van die territoriale staat. Die staatlike paradigma het sedertdien sy greep op die huidige diskoers oor die politiek en die konstitusionele reg der mate gemonopoliseer dat konstitusionele reg met die *reg van die staat* gelyk gestel word soos wat dit trouens uit die vakbenamings vir die konstitusionele reg in byvoorbeeld *Staatsrecht*, *staatsregt* en *staatsreg* in verskeie tale, meer bepaald ook in onderskeidelik Duits, Nederlands en Afrikaans blyk. My eie voorkeur met betrekking tot die benaming vanuit 'n perspektief buite die beperkings van die staatlike paradigma is *konstitusionele reg* aangesien dit die denkbeeld van konstitusionalisme buite die engtes van die territoriale staat moontlik maak. Buitendien is die denkbeeld van konstitusionalisme baie ouer as dié van territoriale staat.<sup>6</sup>

Vir die doeleindes van die huidige bespreking word twee wesenlike eienskappe van staatlike konstitusionalisme uitgesonder.

##### 4.1 Die territoriale staat en die individu – ondeelbare staatlike soewereiniteit en individuele regte

In die doktrinêre heelal van staatlike konstitusionalisme word slegs twee entiteite erken: enersyds die territoriale staat beklee met onverdeelde soewereiniteit en andersyds, die individu.<sup>7</sup> Die staat is 'n monistiese instelling wat alle politieke gesag monopoliseer. Die individu is

<sup>4</sup> Juis om hierdie rede merk Vincent (1987: 4,5 en 79) op dat die konstitusionele teorie van regering daarop gemik was om absolutisme teen te staan.

<sup>5</sup> Soos dikwels in die klassieke, Middeleeuse, en premoderne politieke denke bepleit is Sabine (1971: 77, 112-115 by Aristoteles; 154 by en Polybius; 155 en 163 by Cicero; 323 in Konsilie beweging; 521 by lord Halifax; 535 by Locke en verskeie ander).

<sup>6</sup> Dienooreenkomstig merk Berman ((1983: 214) soos volg op met verwysing na die verdeling tussen wêreldlike en kerklike gesag sedert die afloop van die Investituurstyd in 1075: “The very separation of ecclesiastical and secular authority was a constitutional principle of the first magnitude, which permeated the entire system of canon law.”

<sup>7</sup> En natuurlik regsperseone soos maatskappy aan die hand van die voorbeeld van die individu.

abstrak en universalisties en wesenlik dieselfde as alle ander individue en beklee met *ingebore, onvervreembare individuele* (mense)regte, gewoonlik vervat in 'n handves van individuele regte. Hierdie individuele menseregte is staatlke konstitusionalisme se beliggaming van die idee van geregtigheid.

Martin Loughlin het volkome gelyk wanneer hy verduidelik dat huidige prosesse van konstitusionalisering (volgens die resep van staatlke konstitusionalisme) juis nie met desentralisering, verskeidenheid en die spanning tussen mededingende politieke waardes te doen het nie. Inteendeel:

Constitutionalism expresses a centralising philosophy: it both proclaims basic rights as trump card in the political game and maintained that the nature, scope and status of these rights must be determined by a small cadre of judges either in the rarefied atmosphere of supreme courts or, in the international arena, through a variety of tribunals of uncertain status. (Loughlin 2007:61)

Regte het aan die hand van die staatlke paradigma staatsgewaarborgde menseregte geword. Menseregte verwek die skyn van individue wat danksy 'n omvattende pakket van sogenaamde gewaarborgde individuele regte volledig beskerm en bemagtig is. Dit is 'n wesenlike wanvoorstelling aangesien die teenoorgestelde eerder waar is. Dit is dat menseregte individue nie bemagtig het nie, maar hulle kwesbare afhanklikheid teenoor die onmisbare staat bevestig. Ontdoen van die geborgenheid voortspruitend uit lidmaatskap van partikuliere gemeenskappe, verkeer individue met menseregte in 'n toestand van hiper-afhanklikheid teenoor die staat. Hulle het alleen maar die hoop dat die staat by magte en gewillig is om sy beloftes, uitgedruk in terme van menseregte, na te kom. Menseregte getuig derhalwe nie werklik van die bemagtigde individu nie. Inteendeel, dit spreek van twee ander dinge. Eerstens getuig dit van mense se onmag en afhanklikheid van die staat. Tweedens maak dit van die staat 'n allesomvattende onmisbaarheid in mense se lewens. Dit maak van die staat die minsame sterflike god, wat aan al mense se behoeftes, uitgedruk as menseregte, voldoen. As treffende uitdrukking van denke kragtens die staatlke paradigma is menseregte derhalwe 'n strategie van sowel die beliggaming van afhanklikheid met gepaardgaande onmisbaarheid as verskansing van die staat (Sien veral Malan 2011: hoofstuk 8 meer bepaald pp. 235-238).

Ofskoon monisties (en sentralisties) gee staatlke konstitusionalisme tog ook voor om vir die verdeling van gesag voorsiening te maak naamlik aan die hand van die drieledige verdeling van regeringsgesag tussen die wetgewer, uitvoerende gesag en die howe, dit wil sê, die leerstuk van die *trias politica*.<sup>8</sup> Hieraan word 'n aantal ander sogenaamde onafhanklike en onpartydige staatsorgane, soos die openbare beskermer, menseregtekommissie, ouditeur-generaal en etlike ander staatsorgane toegevoeg.<sup>9</sup>

<sup>8</sup> Nogtans het Montesquieu allermins soveel waarde aan die trias politica en meer bepaald die onafhanklike regbank toegedig as wat algemeen aan hom toegeskryf word. So verklaar Montesquieu (2002:156) "Of these three powers above mentioned the judiciary is in some measure next to nothing".

Vgl. oor die swakheid van die regbank in vergelyking met die wetgewer en die uitvoerende gesag ook die bekende opmerking van Alexander Hamilton in die 78ste Federalist Paper: Hamilton (1961: 465): "The judiciary, on the contrary, has no influence over either the sword or the purse; no direction either of the strength or of the wealth of the society; and can take no active resolution whatever. It may truly be said to have neither FORCE nor WILL, but merely judgment; and must ultimately depend upon the aid of the executive arm for the efficacy of its judgments."

<sup>9</sup> Soos byvoorbeeld kragtens hoofstuk 9 van die Suid-Afrikaanse grondwet.

Aan die howe, meer bepaald die hoogste hof, word 'n besonder magtige en verhewe status toegeken. Die lotgevalle van die konstitusie en die uitoefening van regte word grootliks as 'n funksie van die howe beskou, waaruit almal die gerusstelling kan put dat na alle belange omgesien en alle regte – individuele regte – gewaarborg is. Dit is so in weerwil van die feit dat die howe, soos deur sowel politieke wetenskaplikes (Fukuyama 2011:282) as juriste (Bickel 1962:252) uitgewys word, oplaas oor geen werklike mag beskik nie.

#### 4.2 Die staat is anti-kommunitêr en anti-pluralisties

In pas met die uitsluitlike verknogtheid met die soewereine territoriale staat en die abstrakte individu, is staatlike konstitusionalisme skerp antagonisties teenoor gemeenskappe, meer bepaald, kultuurgemeenskappe, en afkeurend teenoor politieke pluralisme. Kultuurgemeenskappe is omvattende gehele van mense, wat daartoe in staat is om hulself oor geslagte heen voort te sit en hul geërfde onderskeidende kultuurbates na volgende geslagte oor te dra. Juis daarom vind die staatlike konstitusionalisme hulle aanstootlik en gevaarlik aangesien hulle die pad na sentralisering, onverdeelde staatsoewereiniteit versper. Juis daarom is daar geen plek vir sodanige gemeenskappe in die raamwerk van staatlike konstitusionalisme nie. Volgens staatlike konstitusionalisme is gemeenskappe blote skyn en fiksies wat nie werklik bestaan nie<sup>10</sup> of andersins word gemeenskappe as juridies en konstitusioneel irrelevant verklaar.<sup>11</sup>

Carl Friedrich (1963:547-548) het verduidelik dat die territoriale staat die aktiewe agent in die politiek is. Die staat het die nasie voorafgegaan. Die Hobbesiaanse staatlike Leviatan – die sterflike god – het geen nasie gehad nie, dog alleen maar slegs 'n klomp wedersyds antagonistiese individuele onderdane tussen wie vrede herstel en gehandhaaf moes word. Die territoriale staat was dus 'n gebied met 'n permanente regerende regspersoon wat nie oor 'n nasie regeer het nie maar oor 'n klomp individue.<sup>12</sup> Presies dit is een van die redes waarom die benaming nasiestaat onvanpas is en territoriale staat die aangewese beskrywing is.<sup>13</sup> Dit is in territorialiteit wat die wese van die staat lê; juis nie 'n gemeenskap of gemeenskappe gekenmerk deur bepaalde kulturele en dergelike gemeenskaplikhede nie.

Vir hierdie staat sonder nasie – sterflike god sonder kudde – moes 'n nasie geskep word. Dit is in hierdie konteks dat nasiebou op die voorgrond tree. Dienooreenkomstig word die

<sup>10</sup> Dit gaan terug na Hobbes se welbekende radikale individualisme. Juis in 1789 het Jeremy Bentham wat bekend is vir sy groot staatlik gesentraliseerde programme die bestaan van gemeenskap onomwonde verwerp. Hy antwoord soos volg op die vraag wat 'n gemeenskap is: “The community is a fictitious body, composed of the individual persons who are considered as constituting as it were its members. The interest of the community then – is what? The sum of the several interests of the members who composed it.” (Bentham 1967: 792).

<sup>11</sup> Daar is selfs daarop aanspraak gemaak dat gemeenskappe vanuit 'n sogenaamde “regswetenskaplike” en “regsfilosofiese” oop punt onbestaanbaar is. So het Lourens Du Plessis in “'n Regsteoreties-regsfilosofiese peiling van die menseregte handves-debat in Suid-Afrika” (1987:133), wat ietwat later ook soos volg in Du Plessis (1988: 17) weerklink het, waar Du Plessis aangevoer het: “Omdat 'n etniese groep of volk 'n maatskap en daarom juridies ondefinieerbaar is, bestaan daar ook nie so iets soos regtens beskermenswaardige etniese groepe of regsbelange nie.” Du Plessis het klaarblyklik nie begryp dat sy standpunt bloot 'n beperkte (eng-liberale) doktrine binne die groter diskoers is nie.

<sup>12</sup> “Any number of men” soos Locke (1992:para 89) gesê het.

<sup>13</sup> Wat ook die keuse is van talle ander wat hierdie kwessie na behore bedink het. Vgl. Malan (2011: 9, voetnoot 38).

konstitusionele orde nie ingerig na gelang van die voorkeure van die (gedifferensieerde) publiek – van onderskeie gemeenskappe nie – maar juis ooreenkomstig die dwingende wil van die staat, dikwels verpak as die *Algemene Wil* van die verpersoonlikte staat.<sup>14</sup> In konkrete terme is dit na die wil van die dominante politieke kragte in die staat, wat gewoonlik die politiek-georganiseerde meerderheid is. Op die keper beskou, behels hierdie programme nie nasiebou nie maar twee teenoorgesteldes: Eerstens behels dit *staatsbou*, aangesien dit nie 'n nasie is wat gebou word nie maar die staat; Tweedens behels dit eerder nasieverwoesting, aangesien nasies – kultuurgemeenskappe (volkere) – nie deur hierdie oënskynlike *bouprojekte* gebou word nie maar juis op grond van gedwonge projekte van assimilasië verplig word om hulself in 'n groter staatsnasies op te los<sup>15</sup> en sodoende hulle eie bestaan te beëindig.

Staatsbou en gepaardgaande nasieverwoesting is nie beperk tot 'n enkele ideologiese stroming nie. Inteendeel, dit strek oor 'n breë ideologiese spektrum en sluit talle prominente ideologiese kragte van die afgelope meer as twee eeue, so uiteenlopend soos strominge in die Marxisme, (staats)nasionalisme, Fascisme en (Brits en Amerikaanse) liberalisme in. Al hierdie strominge het dit gemeen dat hulle staatsbou-projekte geloods het, wat kultuur- en taalgemeenskappe vernietig het deurdat dié gemeenskappe tot assimilasië in 'n staatlike identiteit gedwing is. Die gemeenskaplike faktor wat al hierdie strominge van heel regs tot heel links aan mekaar bind, is hulle verankering in staatlikheid en denke ooreenkomstig die staatlike paradigma (Vergelyk Malan 2014:462-480). Hierdie verskynsel voltrek homself ook hier te lande aan die hand van strategieë genaamd transformasië en verteenwoordigendheid ('representivity') (Malan 2010:427-449), synde die huidige Suid-Afrikaanse weergawe van staatsbou (of dan nasiebou volgens die onvanpaste bynaam).

Staatlike konstitusionalisme blyk in die lig hiervan nie net 'n doktrine van sentralisering te wees nie, maar ook een van gemeenskapsvyandigheid en homogenisering.

## 5. STAATLIKE KONSTITUSIONALISME SE TWEE DODELIKE KWALE

Hierbo is verduidelik dat konstitusionalisme twee doelwitte voor oë het. Eerstens moet dit geregtigheid probeer bewerkstellig. Tweedens moet dit in die strewe na geregtigheid voorsiening maak vir regering in die belang van die geheel, in plaas van slegs vir sekere dele, vir welke doel mag verdeel, beperk en gebalanseer moet word. Staatlike konstitusionalisme is nie na behore vir die bereiking van enige van die twee doelwitte toegerus nie. Die hoofrede hiervoor is staatlike konstitusionalisme se uitsluitlike beheptheid met die individuele regte (naas die staat) en die voortspruitende weersinnigheid in gemeenskappe, meer bepaald kultuurgemeenskappe.

### 5.1 Die geregtigheidstekortkoming

Staatlike konstitusionalisme sien nie in dat individuele regte onbestaanbaar is as dit nie 'n gemeenskapsbasis het nie. Wanneer dit wat gewoonlik as individuele regte beskryf word, na behore oorweeg word, kom dit spoedig aan die lig dat daar inderdaad nie werklik iets soos 'n uitsluitlik individuele reg bestaan nie. Regte op die beoefening van kultuur en die gebruik van taal (byvoorbeeld moedertaal), kan nie suiwer individueel wees nie. Sonder die bestaan van

<sup>14</sup> Soos oorspronklik deur Jean Jacques Rousseau bepleit is. Vgl bv. Rousseau (1968: veral 64-76).

<sup>15</sup> Vgl die bespreking van Connor ((1971: 319-355).

'n taal- en kultuurgemeenskap kan die regte nie bestaan nie. Wanneer dié regte uitgeoefen word, word dit saam met ander soortgelyk geplaaste mense van dieselfde taal en kultuur uitgeoefen en wanneer daar op die regte inbreuk gemaak word, word nie slegs 'n enkele individu nie, maar 'n aantal soortgelyk geplaaste persone van dieselfde gemeenskap benadeel.<sup>16</sup> Dieselfde geld vir regte wat dikwels as suiwer individuele regte beskou word soos die reg op vryheid van assosiasie en die reg op vryheid van uitdrukking.

Wanneer die reg op vryheid van assosiasie as 'n abstrakte universele individuele reg bedink word, word assosiasie beskou as die afgeleide van individuele keuse-uitoefening (kontraktering). Natuurlik is daar sodanige keuse-uitoefening. Dit gee egter 'n gebrekkige insig in wat assosiasie behels. Mense oefen nie 'n vrye keuse uit om met hulle families, kultuur-, taal-, godsdiens- en dergelike gemeenskappe te assosieer nie. Hulle word in daardie gemeenskappe gebore. Ofskoon hulle mettertyd mag disassosieer, bly hulle gewoonlik in daardie gemeenskappe en ervaar hulle gewoonlik die gemeenskappe as plekke van geborgenheid en bronne van singewing en voorwaardes vir geluk. Assosiasie is derhalwe allermins bloot 'n saak van individuele keuse. Veel eerder is dit 'n voortgesette vereenselwiging binne reeds bestaande gemeenskappe. Bestaande gemeenskappe is derhalwe 'n voorvereiste vir assosiasie. Wanneer die gemeenskap ontwig word, byvoorbeeld vanweë staatsbouprojekte, verval die voorwaarde vir assosiasie. Die instandhouding van die reg op vrye assosiasie impliseer derhalwe nie bloot die erkenning van vrye individuele keuse nie. Meer bepaald beteken dit dat gemeenskappe in stand gehou word en dat daar gevolglik geen ontwigting van gemeenskappe mag voorkom nie. Die reg op vrye assosiasie gaan derhalwe in die eerste plek oor die integriteit van gemeenskappe.<sup>17</sup>

Die reg op vryheid van uitdrukking kan ook nie realisties as 'n uitsluitlik individuele reg beskou word nie. As 'n individu hom- of haarself betuig (uitdruk), is die betuiging noodwendig gerig aan 'n gemeenskap van soortgelyk geplaaste mense, wat die uitdrukking begryp en daarop kan reageer. Dit is kommunikatief en gerig op interaksie. In die afwesigheid van sodanige gemeenskap is die uitdrukking sinneloos. Wanneer 'n persoon verhoed word om sy reg op vryheid van uitdrukking uit te oefen, is hy/sy ook nie die enigste benadeelde nie. Inteendeel, die potensieel geadresseerdes word insgelyks deur die inbreuk getref.<sup>18</sup> Wanneer die reg wel uitgeoefen word, word die persoon wat hom/haarself betuig ook nie alleen bevoordeel nie. Die geadresseerdes word ook bevoordeel. Die reg op vryheid van uitdrukking is by behoorlike oorweging derhalwe nie werklik individueel nie. Dis 'n gemeenskapsreg.<sup>19</sup> Dit word saam deur 'n soortgelyk geplaaste gemeenskap van mense uitgeoefen en wanneer dit geskend word, ly 'n gemeenskap van soortgelyk geplaaste persone daaronder.

Hierdie en talle ander regte is derhalwe in 'n gemeenskap geanker. Sonder gemeenskappe word die uitoefening van hierdie regte verarm of heeltemal uit die weg geruim. Dit bring aan die lig dat gemeenskappe wat die voorwaarde vir die sinvolle bestaan en uitoefening van hierdie regte is, beskerm moet word. Dit geskied wesenlik op twee wyses, naamlik die wyses soos deur 'n politokratiese denkbeeld van konstitusionalisme in die vooruitsig gestel.

Eerstens moet gemeenskappe instellings hê, byvoorbeeld skole, universiteite, radiostasies, televisiekanale en dergelike kommunikasiemiddele, teaters, biblioteke, monumente, uitgewerye, en meer omvattend, ook stede en dergelike ander gemeenskaplike bates, wat die sinvolle lewe

<sup>16</sup> Vgl. Malan (2008: 423-425). Vgl. verder Réaume (1988:R 1-27); Stavenhagen (1995: 63-77).

<sup>17</sup> Vgl. Malan (2008: 423-424) en die verwysings wat daarin verskyn.

<sup>18</sup> Vgl. Malan (2008: 423-424) en die verwysings wat daarin verskyn.

<sup>19</sup> Of ten minste 'n hibriede reg soos wat Currie en De Waal (2013:626) dit beskryf.

van gemeenskappe bestendig en die voortspruitende uitoefening van regte deur die lede van daardie gemeenskappe moontlik maak.

Tweedens, moet gemeenskappe seggenskap oor sodanige instellings uitoefen. Hulle moet oor die materiële middele beskik om die instellings in stand te hou, en die seggenskap om die instellings na goeie bestuur te bestuur. Hulle moet dus self oor die gemeenskapsinstellings kan beskik.

Hierdie ding is die noodsaaklike voorwaarde om die gemeenskappe te stabiliseer asook om die uitoefening van regte deur die lede van die gemeenskappe moontlik te maak. Individuele regte alleen is nie daartoe in staat nie. Die verwoestende uitwerking van nasiebouprojekte het dit herhaaldelik grafies gedemonstreer. Gemeenskappe is telkens deur sodanige projekte vernietig in weerwil van die feit dat die lede van sodanige gemeenskappe wel oor individuele regte beskik het. Die regte was onvoldoende om die nadelige uitwerking van hierdie projekte af te weer en kan nie geregtigheid bewerkstellig nie. Die juridiese akkommodering van gemeenskappe by wyse van outonome instellings is die noodsaaklike voorwaarde vir geregtigheid. Individuele regte alleen is nie daartoe opgewasse nie. Tans is ons ook in Suid-Afrika getuie daarvan. Die benadeling van minderhede is nie te wyte aan die feit dat daar nie individuele regte bestaan nie. Intendeel, daar bestaan wel 'n omvattende stel individuele regte. Dit is egter onvoldoende om beskerming te verleen en dus geregtigheid te verseker. Daarvoor – vir beskerming en geregtigheid – is individuele regte alleen nie opgewasse nie. Gemeenskappe moet beskerm word. Binne die denkwêreld van die staatlke konstitusionalisme met sy eensydige beheptheid met die individu (en die staat) en die ontkenning van gemeenskappe, is daar egter nie plek daarvoor nie.

## 5.2 Gesagsverdeling en -ewewig

Soos gemeld, maak staatlke konstitusionalisme daarop aanspraak om owerheidsgesag tussen verskeie sentra te verdeel en vir wedersydse remme en teenwigte voorsiening te maak ten einde sodoende oormatige magkonsentrasie en magsmisbruik te verhoed. Dit word aan die hand van die *trias politica* – drieledige verdeling van regeringsgesag tussen die wetgewer, uitvoerende gesag en die howe – gedoen. Hierdie verdeling is noodsaaklik, maar onvoldoende om mag te beperk en te kontroleer. In 'n eenparty-dominante opset soos dié in Suid-Afrika is die ontoereikendheid van die *trias politica* nog meer pertinent opvallend.

Die drieledige verdeling behels 'n verdeling van funksies en personeel. Dit is egter waar die verdeling ophou, want die drie vertakkinge maak gewoonlik deel uit van een en dieselfde regerende elite. Dié elite word, behalwe vir kort oorgangstydperke saamgebind deur 'n stel basiese ideologiese vetrekpunte en politieke doelwitte. Dit deel 'n gemeenskaplike vertolking van die geskiedenis en gemeenskaplike toekomsvisie. Meer bepaald is die regbank – veral die hoogste hof – ook 'n integrale deel van dié van die regerende elite, wat as deel van die breër regeringstruktuur die gespesialiseerde funksie naamlik dié van regspleging vervul.<sup>20</sup>

<sup>20</sup> Vgl. Dahl (1957:279-293), wat soos volg op 293 verklaar: “Except for short-lived transitional periods when the old alliance is disintegrating and the new one is struggling to take control of political institutions, the Supreme Court is inevitably a part of the dominant national alliance. As an element of the political leadership of the dominant alliance, the court of course supports the major policies of the alliance.”

Die Suid-Afrikaanse ervaring dien as bevestiging hiervan. Die Regterlike Dienskommissie (RDK)<sup>21</sup> gee geruimte tyd reeds voorkeur aan *transformasie-kandidate* vir die aanstelling van regters,<sup>22</sup> dit wil sê aan aspirant regters wat die basiese uitgangspunte van die huidige regerende party deel. Die huidige hoofregter en *ex officio* voorsitter van die RDK, Mogoeng Mogoeng, het trouens verklaar dat die aanstelling van regters nie net deur meriete bepaal moet word nie, dat transformasie net so belangrik is en dat volgens sy lees van die Grondwet daar nie vereis word dat die *best of the best* noodwendig aangestel moet word nie.<sup>23</sup>

Die howe – veral die hoogste hof – se rol ten behoeve van die regerende elite kan ook nie ontken word nie. Dit tree veral skerp op die voorgrond wanneer die basiese uitgangspunte van die regerende elite in die gedaante van wetgewing of ’n uitvoerende handeling van buite die elite in regsgedinge uitgedaag word. Die hoogste hof beslis in sodanige geskille wesenlik ten gunste van die dominante elite. Sodoende verleen die hof deur sy uitsprake juridiese regverdiging aan die politieke uitgangspunte en doelwitte van die regerende elite, waardeur die magposisie van die elite beskut en verstewig word. Hierdie waarheid is oor die afgelope paar jaar grafies gedemonstreer aangesien die Konstitusionele Hof klokslag ten gunste van die uitgangspunte van die regering beslis het naamlik in *Agri South Africa v Minister for Minerals and Energy (Afriforum and others as amici curiae)*<sup>24</sup> met betrekking tot die ontneming van mineraalregte; in *South African Police Service v Solidarity abo Barnard*<sup>25</sup> met betrekking tot die beginsel van vereteenwoordigheid; in *FEDSAS v MEC for Education, Gauteng and Another (Equal Education as amicus curiae)*<sup>26</sup> (die sogenaamde *Lesufi*-uitspraak) oor die bevoegdheid van die lid van die provinsiale uitvoerende komitee belas met onderwys met betrekking tot die plasing van leerlinge in Gautengse skole; en in *City of Tshwane Metropolitan Municipality v Afriforum and Another*<sup>27</sup> die straatnaam-uitspraak oor die herbenoeming van straatname in Pretoria.

Daar is natuurlik talle uitsprake waarin daar wetgewende en uitvoerende handeling ongrondwetlik verklaar word. Dis egter belangrik om nie daardeur mislei te word nie.<sup>28</sup> Sodanige uitsprake betrek nie die ideologiese uitgangspunte van die regerende elite nie.<sup>29</sup> Die uitsprake ten gunste van die regerende elite in kwessies wat die elite se uitgangspunte betrek,

<sup>21</sup> Kragtens artikel 178 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 speel die RDK ’n wesenlike rol met betrekking tot die aanstelling van regters.

<sup>22</sup> Vgl die bespreking in Malan (2014:1965-2040, op 1974:1981).

<sup>23</sup> “Appointing judges not about merit alone – Mogoeng” *City Press* 9 April 2013. In die lig van die bewoording van die tersaaklike grondwetlike bepaling, naamlik artikel 174(1) en (2) is dit heeltemal onbegryplik hoe Mogoeng hierdie sienswyses kan huldig. Die bepalinge lui:

(1) Enige toepaslik gekwalifiseerde vrou of man wat ’n geskikte en gepaste persoon is, kan as ’n regterlike beampte aangestel word. Iemand wat in die Konstitusionele Hof aangestel staan te word moet daarbenewens ’n Suid-Afrikaanse burger wees.

(2) Die behoefte dat die regbank in die breë die rasse- en geslagsamestelling van Suid-Afrika weerspieël, moet in aanmerking geneem word wanneer regterlike beamptes aangestel word.

<sup>24</sup> 2013 (7) BCLR 727 (KH).

<sup>25</sup> 2014 (1) BCLR 1195 (KH).

<sup>26</sup> 2016 (8) BCLR 1050 (KH).

<sup>27</sup> 2016 (9) BCLR 1133 (KH)

<sup>28</sup> Vgl verder die bespreking van Malan (2016) ook beskikbaar by <http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/die-hof-se-visie-is-dieselfde-as-die-anc-20160501>

<sup>29</sup> Die uitspraak in *Economic Freedom Fighters v Speaker of the National Assembly and Others; Democratic Alliance v Speaker of the National Assembly and Others* 2016 (5) BCLR 618 (CC) (die sg Nkandla-uitspraak) is so ’n geval.

toon grafies aan dat die verdeling van regeringsgesag 'n ontoereikende middel vir die beperking van gesag is. In sodanige gevalle, is die daar in werklikheid nie 'n verdeling nie, maar 'n hegte eenheid van gesagsuitoefening waarby elkeen van die vertakking eenstemmig betrokke is.<sup>30</sup> Bowendien is hierdie verskynsel nie beperk tot die huidige Suid-Afrika nie. Dit geld deurlopend ook in ander state, meer bepaald ook in die VSA, wat as dié voorbeeld van 'n kragtige stelsel van judisiële kontrole beskou word.<sup>31</sup>

Net soos wat staatlike konstitusionalisme faal in die verwesenliking van geregtigheid, is dit dus ook nie in staat om 'n behoorlike stelsel van magsverdeling en magsewewig te bewerkstellig nie. Die slotsom is dat staatlike konstitusionalisme wesenlik gebrekkig is om aan die vereistes van konstitusionalisme te voldoen.

## 6. POLITOKRATIESE KONSTITUSIONALISME

In hoofstuk 10 van *Politokrasie* is die grondslae van politokratiese konstitusionalisme uiteengesit. Hier kan uiteraard slegs kortliks daarna verwys word. Die wegwysers na politokratiese konstitusionalisme kom uit talle oorde. Johannes Althusius wie se *Politica*,<sup>32</sup> wat vir die eerste keer in 1603 verskyn, het byvoorbeeld al byvoorbaat – voor die finale vestiging van die territoriale staat – die bakens vir 'n uitweg uit die ontoereikendheid van staatlike konstitusionalisme opgerig. 'n Tradisie van denke onder die breë sambreel van die politieke pluralisme,<sup>33</sup> met inbegrip van federalisme, het intussen die lig gesien, wat ook aandui hoe daar van die swakhede van die staatlike konstitusionalisme ontkom en 'n meer verantwoordbare inhoud aan konstitusionalisme verleen kan word. Politokratiese konstitusionalisme sluit hierby aan. Dit behels 'n omvattende politiek-konstitusionele orde – veelsferige regering deur die burgers (*politai*) van elke politieke gemeenskap oor die besondere *res publica* – die gemenebes – van die betrokke gemeenskap (Malan 2011:276). Politokratiese konstitusionalisme verleen daadwerklik erkenning aan gemeenskappe en maak voorsiening vir selfregering vir gemeenskappe. Die bestaan en integriteit van gemeenskappe is die hoeksteen van die politokratiese konstitusionalisme. Politokrasie verwerp die uitgangspunt dat daar 'n radikale afwesigheid van gemeenskap is as 'n fundamenteel foutiewe vertolking van die menslike toestand en lewenswyse. Individuele bestaan, identiteit, waardes en prestasies is alles in gemeenskappe geanker. Individuele bestaan sonder gemeenskappe is onmoontlik. Politokrasie is dus op 'n kommunitêre uitgangspunt gebou (Malan 2011:280). Dit beteken nie dat dit koud staan teenoor individuele regte nie. Inteendeel, dit erken en verreken die individuele vryhede en immuniteite wat modern-liberale opvattinge die afgelope eeue toenemend opgelewer het as 'n kosbare wins (Malan 2011:277-278). Soos hierbo geargumenteer, is staatlike konstitusionalisme egter juis onagsaam teenoor individuele regte aangesien dit nie die gemeenskapsbasis van individuele regte erken en beskerm nie.

<sup>30</sup> Vgl. Malan ( *PER/LJ 2014:965-2040* op 1984-2007). Sien verder die insiggewende bespreking van Theunis Roux (2009: 106-138) oor die howe se sogenaamde pragmatiese uitsprake ten gunste van die regering in plaas van prinsipiële uitsprake wat moontlik teen die regering sou gewees het.

<sup>31</sup> Vgl met betrekking tot die posisie in die VSA die insiggewende bespreking van Peretti (2002:103-133) asook van Dahl (1957:279-293).

<sup>32</sup> Althusius Johannes 1994 *Politica: politics methodically set forth and illustrated with sacred and profane examples* edited and translated from Latin with an introduction by Frederick S Carney, forward by Daniel J Elazar Liberty Fund Indianapolis.

<sup>33</sup> Sien in die algemeen Vincent (1987:183-217).

Die tuistelike gemeenskappe (habitative communities) is vir politokratiese konstitusionisme van besondere belang. Dit is gemeenskappe van beperkte geografiese en demografiese omvang waarin daar gemeenskaplike bande van 'n kulturele of dergelike aard tussen mense bestaan.

So 'n tuistelike gemeenskap kan tegelyk plaaslik en kultureel wees, dit wil sê, 'n homogene kultuurgemeenskap wat terselfdertyd op dieselfde plek gekonsentreer is. Dit is 'n *plaaslike kultuurgemeenskap*. Hierdie soort gemeenskap het die mees omvattende *res publicae* – gemenebes – waaroor 'n gemeenskap kan beskik en waaroor regeer kan word.<sup>34</sup>

Tweedens kan 'n tuistelike gemeenskap 'n *plaaslike gemeenskap* wees waar 'n kultureel heterogene gemeenskap wat dieselfde grondgebied deel in weerwil van hulle kulturele heterogeniteit deur ander – plaaslike – bande heg verbind word.

Derdens kan 'n tuistelike gemeenskap 'n kultureel homogene gemeenskap wees, wat anders as die eerste een, nie plaaslike gekonsentreer is nie, maar hegte kulturele bande het in weerwil van die feit dat hulle nie op dieselfde plek saamgetrek is nie.<sup>35</sup>

Politokratiese konstitusionisme ken maksimale selfregering, dog nie soewereinitiet nie,<sup>36</sup> aan tuistelike gemeenskappe toe. Per slot van sake is ons nie slegs deel van tuistelike gemeenskappe nie, maar ook van veel meer, asook omvattender gemeenskappe – geografies, demografies en kultureel. Dit is gemeenskappe wat gebind word deur gemeenskaplike openbare belange en kwessies, anders as dit wat tuistelike gemeenskappe bind. Die meer omvattende gemeenskappe beskik na gelang van hul aard elk oor sy eie *res publicae*. In die laaste instansie is daar ook 'n globale gemeenskap, want daar is sake wat inderdaad globaal is en wat nie slegs tuistelik hanteer kan word nie. Ons openbare identiteit behoort bepaal te word deur die feit dat ons gelyktydig tot al hierdie gemeenskappe behoort en regeringsgesag – bindende besluitneming en die uitvoering van besluite – behoort, afhange van die soort kwessie wat ter sake is, in al hierdie vlakke te setel (Malan 2011:284-285).

Politokratiese konstitusionisme verleen erkenning aan hierdie meervoudige identiteite, meervoudige gemeenskappe vanaf die tuistelike gemeenskappe tot die mees omvattende gemeenskappe. Meer bepaald gee dit ook konstitusionele uitdrukking aan die veelvoud van gemeenskappe deur regeringsgesag aan hierdie gemeenskappe toe te deel oor die besondere *res publica* van die betrokke gemeenskappe. Politokrasie is dus nie *unitêr* nie, maar volskaals *politêr* (Malan 2011:277). (Die klem op veelvoudigheid weerklink in die *poli* in *poli*-tokrasie.)

Politokrasie doen weg met staatlike konstitusionisme se onverdeelde soewereiniteit. Danksy die verspreiding van regeringsgesag waarvoor dit voorsiening maak, verbeter dit wesenlik op die oppervlakkige, soms fiktiewe, gesagsverdeling remme en teenwigte van staatlike konstitusionisme waarop hierbo gewys is.

Ten slotte maak politokratiese konstitusionisme erns met die twee wesenlike eise van die konstitusionele idee: eerstens met die strewe na geregtigheid vir individue en gemeenskappe; en tweedens die verdeling van regeringsgesag, gepaard met net doeltreffende meganismes van remme en teenwigte vir die balansering en beperking daarvan.

<sup>34</sup> Hierby inbegrepe is dinge soos grondgebied, gemeenskaplike taal, gemeenskap en openbare instellings soos in Malan (2011:293-302) verduidelik.

<sup>35</sup> Daar is ook beduidende konkrete ontwikkeling in hierdie verband in die konstitusionele reg. Vgl bv die kommentaar van De Villiers (2012:170-183).

<sup>36</sup> Die dinamika hiervan is aan die hand van die beginsels van subsidiariteit en korreksie verduidelik. Vgl Malan (2011:285-290).

## BIBLIOGRAFIE

- Althusius, Johannes. 1994. *Politica: politics methodically set forth and illustrated with sacred and profane examples* vanuit Latyn vertaal en geredigeer deur Frederick S Carney, voorwoord deur Daniel J Elazar. Indianapolis: Liberty Fund.
- Berman, H.J. 1983. *Law and revolution: The formation of the Western legal tradition*. Massachusetts, Cambridge: Harvard University Press.
- Bickel, A.M. 1962. *The Least Dangerous Branch: The Supreme Court at the Bar of Politics*. Indianapolis: Bobbs-Meril.
- Burtt, E.A. 1967. *The English philosophers from Bentham to Mill*. New York: Modern Library.
- Connor, W. 1971-2. Nation-building or nations-destroying 24 *World Politics*, 319-355.
- Currie, I. & De Waal, J. 2013. *The Bill of Rights Handbook* Kaapstad: Juta
- Dahl, R. 1957. "Decision-making in a Democracy: The Supreme Court as a National Policymaker". *JPL*, 279-293.
- De Villiers, B. 2012. "Protecting Minorities on a Non-Territorial Basis – Recent International Developments". *Beijing Law Review*, 170-183.
- Du Plessis, L.M. 1987. "'n Regsteoreties-regspolitiese peiling van die menseregte handves-debat in Suid-Afrika". *Tydskrif vir Regswetenskap (TRW)*:124-144
- Du Plessis, L.M. 1988. "Filosofiese perspektief op 'n menseregtehandves in Suid-Afrika" in Van der Westhuizen, J.V. & Viljoen, H. *A bill of rights for South Africa @*. Durban: Butterworths, pp. 8-27.
- Friedrich, C.J. 1963. *Man and his government: An empirical theory of politics*. New York: Mc Graw-Hill Inc.
- Friedrich, Carl J. 1974. *Limited government – a comparison*. New Jersey: Englewood Cliffs.
- Fukuyama, F. 2011. *The Origins of Political Order from Prehuman Times to the French Revolution* Londen: Profile books.
- Goosen, D. 2015. *Oor gemeenskap en plek: anderkant die onbehae*. Pretoria: FAK.
- Hamilton, A., Madison, J. & Jay, J. 1961. *The Federalist Papers*. New York: Menor Books.
- Locke, J. 1992. *Of civil government (second treatise)*. South Bend Indiana: Regnery/Gateway Inc.
- Loughlin, M. 2007. "What is constitutionalism?" in Dobner P & Loughlin, M. *The twilight of constitutionalism*. Oxford: Oxford University Press, pp. 46-69.
- Malan, K. 2008. The deficiency of individual rights and the quest for community protection. (71) *THRHR*: 415-437.
- Malan, K. 2010. Observations on representivity, democracy and homogenization. (3) *TSAR*: 427-449.
- Malan, K. 2011. *Politokrasie: Die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop*. Pretoria: Pretoria Universiteit Regsers.
- Malan, K. 2014. Taalverval met besondere verwysing na die ideologieë en praktyke van verstaatliking. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54: 462-480.
- Malan, K. 2014a. Reassessment of judicial independence and impartiality against the backdrop judicial appointments in South Africa. *Potchefstroom Electronic Journal (PER/J)* 17: 1965-2040).
- McIlwain, C.H. 1910. *The High Court of Parliament and its supremacy*. New Haven: Yale University Press.
- Mommsen, T. & Krueger, P. et al. 1985. *The Digest of Justinian*. deur Allan Watson vanuit Latyn in Engels vertaal en geredigeer.
- Montesquieu, C.L. de, S. Baron de. 2002. *The Spirit of Laws* (vertaler vanuit Frans in Engels nie aangedui) New York: Prometheus Books.
- Oakeshott, M. 2006. *Lectures in the history of political thought*. Imprint Academic Exeter.
- Peretti, T.J. 2002. "Does Judicial Independence Exist? The Lessons of Social Science Research" in Burbank, S.B. et al. (eds). *Judicial Independence at the Crossroads: An Interdisciplinary Approach*. Sage: Thousand Oaks, pp.103-133.
- Preuss, U.K. 2007. "Disconnecting constitutions from statehood: is global constitutionalism a viable concept?" in Dobner, P. & Loughlin, M. *The twilight of constitutionalism*. Oxford: Oxford University Press, pp. 23-46.
- Réaume, D. 1988. "Individuals, groups and rights to public goods". *Univ Toronto LR* 1-27.

- Rousseau, Jean Jacques. 1968. *The Social Contract* (Engelse vertaling en inleiding deur M Cranston). Londen: Penguin Books.
- Roux, T. 2009. Principle and Pragmatism on the Constitutional Court of South Africa. *ICON*: 106-138.
- Sabine, G.H. 1971. *History of political theory* Londen: George Harrap.
- Stavenhagen, R. 1995. "Cultural rights and universal human rights" in Eide et al. (eds). *Economic, social and cultural rights: A textbook*, pp. 63-77. Dordrecht: Marthinus Nijhoff.
- Skinner, Q. 1989. 'The state' in Ball, T. et al. (eds). *Political Innovation and Conceptual Change*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 90-131.
- Vincent, A. 1987. *Theories of the state*. Oxford: Blackwell.

## REGSPRAAK

- Agri South Africa v Minister for Minerals and Energy (Afriforum and others as amici curiae)* 2013 (7) BCLR 727 (KH).
- City of Tshwane Metropolitan Municipality v Afriforum and Another* 2016 (9) BCLR 1133 (KH).
- Economic Freedom Fighters v Speaker of the National Assembly and Others; Democratic Alliance v Speaker of the National Assembly and Others* 2016 (5) BCLR 618 (KH).
- FEDSAS v MEC for Education, Gauteng and Another (Equal Education as amicus curiae)* 2016 (8) BCLR 1050 (KH).
- South African Police Service v Solidarity abo Barnard* 2014 (1) BCLR 1195 (KH).

## GRONDWET

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

## KOERANTBERIGTE EN –ARTIKELS

"Appointing judges not about merit alone – Mogoeng" *City Press* 9 April 2013.

Malan, K. "Dié Hof se visie is dieselfde as die ANC" in *Rapport Weekliks* 1 Mei 2016 ook beskikbaar by <http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/die-hof-se-visie-is-dieselfde-as-die-anc-20160501>

**Outeur:** Hans Heese  
**Titel:** *Amsterdam tot Zeeland: Slawestand tot Middestand? 'n Stellenbosse slawegeskiedenis, 1679–1834* (2016)  
**Uitgewer:** SUN Press  
**Bladsy:** 196  
**ISBN:** 978-1-928357-09-4  
**Sagteband:** ISBN: 978-1-928357-09-4  
**Prys:** R225-00  
**E-boek:** ISBN: 978-1-928357-10-0  
**Prys:** R180-00

Soos hierdie resensent in 'n resensie van hierdie boek wat op 6 September in *Die Burger* gepubliseer is genoem het, het dr. Hans Heese in die algemene volksbewussyn met sy opspraakwekkende boek *Groep sonder grense: Die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap, 1652–1795* (eerste uitgawe 1984) sy merk gemaak. Ook sy baanbrekers-navorsing wat die mees gemarginaliseerde groep in ons geskiedenis, die slagoffers van slawerny blootstelling gee – soos in *Reg en Onreg: Kaapse Regspraak in die Agtiende Eeu* – word waardeur. Nou het hy nogmaals 'n belangrike toevoeging tot die gepubliseerde werke oor slawegeskiedenis met *Amsterdam tot Zeeland: Slawestand tot Middestand? 'n Stellenbosse slawegeskiedenis, 1679–1834* gemaak.

Oor die titel sê die skrywer by 'n bekendstelling van die boek by Erfurthuis, Stellenbosch op 28 Julie 2016: “Die boek handel oor Stellenbosch, maar in 1834 het die distrik ook Paarl, Wellington, Franschhoek en Hottentotsholland ingesluit. ‘Amsterdam’ en ‘Zeeland’ het betrekking op die name van slawe en die slawefamilies wat hierdie vanne dra. So 'n week of wat gelede is daar 'n mnr. Amsterdam in die Boland dood. ‘Zeeland’ is ook 'n algemene bruin familienaam wat uit die tyd van slawerny stam.” Hy het bygevoeg dat sy eerste kennismaking met die woord “slaaf” in die 1950s was met 'n familiebesoek op die plaas Tussenbeide op Caledon. Toe is hy vertel van 'n ou swart man met die naam Masala, wat daar op die plaas gewoon het. Masala was glo 'n kind van Mosambiekse slawe en omdat die ou man vir die skrywer nes 'n afbeelding van 'n slaaf in een van sy laerskool leesboeke gelyk het, het die ontmoeting 'n blywende indruk op hom gemaak.

Verdere inligting oor slawe aan die Kaap het hom geboei – hy het geleer dat slawe reeds vroeg in die bestaan van die Kaapse besetting ingevoer is om 'n arbeidstekort te verlig, dat slawerny daar in 1834 afgeskaf is en dat dit een van die vernaamste redes vir die Groot Trek was. Later het sy ervarings as Geskiedenisonderwyser in Malawi gedurende die 1960s hom verder onder die indruk van die impak van slawerny gebring, en sedertdien het hy besef dat die herinnering aan slawerny steeds groot pyn onder swart mense veroorsaak.

Hierdie relatief onlangse geskiedenis van ontheemding en verontmensliking van die bedryf van slawerny lê inderdaad so vlak in die kollektiewe geheue van talle kultuurgroepe dat daar nie sommer daarvoor gepraat word nie. Vir wit mense is dit skaars moontlik om hiermee te empatiseer, aangesien dit eeue gelede was wat dieselfde lot Kaukasiërs getref het – sou die ontvoering en misbruik van vroue van alle rassegroepe wat steeds in onder andere die Midde-Ooste voorkom buite rekening gelaat word. Dit is egter juis die rasse-dinamika van Suid-Afrika wat die persepsie van slawerny as meganisme van onderdrukking voorstel, en daarom is deeglike navorsing daarvan, soos in hierdie boek, belangrik.

Wat Stellenbosch en omstreke van 1679 tot 1834 betref, gaan dit daaroor dat wyn en graan hoofsaaklik daar verbou is. Dus het die arbeidsbehoefte daar verskil van dié in die binneland, waar die fokus op veeboerdery was en min van slawe-arbeid gebruik gemaak is. Die bruin nakomelinge in die wynbougebied vandag is hoofsaaklik van slawe-afkoms (uit Afrika en Asië) en die Khoi het hier ’n mindere rol gespeel, aldus Heese. Dít op sigself, kan grondeise vandag nogal kompliseer, ook volgens die skrywer, wat heelwat ondervinding van navorsing in verband met daardie aktiwiteite het.

Hoewel *Amsterdam tot Zeeland* uit akademiese navorsing gebore is, word dit toeganklik aangebied; die teks is maklik leesbaar (nie in ’n tipies akademiese register geskryf nie) vir selfs diegene vir wie die onderwerp dalk nog relatief onbekend is, want Dr. Heese skets die agtergrond van slawerny aan die Kaap deur te verduidelik hoe en wanneer dit tot stand gekom het en beweeg dan aan na die fokuspunt, nl. die Stellenbosch-omgewing. Vandaar ook die subtitel ’n *Stellenbosse slawegeskiedenis, 1697–1834*. Terloops, die datum 1697 dui op die ontstaan van die dorp en 1834 verwys (soos genoem) na die amptelike beëindiging van slawerny in Suid-Afrika.

Heese bespreek die invloed van die kerk, regstatus, kriminaliteit, die vryswartes as afsonderlike klas, met spesiale nadruk op landbou en die destydse arbeiderstekort, en hoe die situasie verander het toe die Britte by die Nederlanders oorgeneem het. Nie baie mense besef dat nie-rassigheid teen 1700 in die uitgebreide Stellenbosse distrik geheers het (die grense van dié distrik het heelwat verander tussen die jare 1679 tot 1979; eers uitgebrei en toe weer ingekrimp, soos met kaarte in die boek aangedui word). Vryswartes het ook plase in daardie omgewing besit.

Die kwessie van identiteit is ’n interessante aspek van die boek – ras was eers nie ’n twispunt nie, maar stand (en religie), soos die slawestand wat uiteraard die laagste stand was, hier en oorsee, oor eeue heen. Rassediskriminasie sou later deur wetgewing “gestalte vind” (ook in die V.S.A. en Australasië). Hier het dit ná 1948 gegroei tot apartheid die hele maatskaplike sfeer oorheers het. Sekere bruin mense wou hulle status na “wit” verander, sodat families uitmekaar geskeur is – en swart mense wou “bruin” word om hulle nie pasboeke hoef te dra nie.

Heese vermeld dat soos die historikus W.M. Macmillan in sy boek *The Cape Colour Question* (1927) uiteensit, die nageslag van slawe langtermynverloorders is – soos ook die Khoi se nasate – het hulle ’n “buitengewone agterstand” gehad omdat hulle grondloos was en geen of weinig skoolopleiding gehad het nie. Hierdie agterstand word inderdaad vandag onder die term “agtergeblewenes” in die breë geskiedenis as regverdiging vir aksies soos B.E.E., wat nogmaals omstredenheid genereer.

Oor die nalatenskap van slawerny en kolonialisme het Heese gekonstateer dat die Victoriaans-Brits koloniale mentaliteit die lae status van die gewese slawe onnodig lank laat voortduur het – hoewel daar veel gemaak word van die Britte se rol in die beëindiging van slawerny. In die V.S.A., sê Heese, is daar vanaf 1800 nie meer ’n koloniale erfenis nie, maar steeds is daar vooroordele. Die letsels is daar nog net-net sigbaar, terwyl die pyn hier nog vlak onder die oppervlak lê. Om ’n wond wat nog sweer te laat genees, moet dit oopgemaak word. En om dit te vermag, moet dit op ’n eerlike en gebalanseerde wyse gedoen word – en deeglike navorsing is die grondslag vir so ’n proses. Ook moet dié werk deur erkende navorsers gedoen word, ter wille van geloofwaardigheid.

Geskiedskrywing in Suid-Afrika gaan deur fases, soos oral in die wêreld, en tans is dit die geval dat daar ’n sterk behoefte aan “debunking” (bevraagtekening en herskrywing) bestaan. Ook is daar reaksie en teenreaksie in hierdie verband en die aandag wat historiese romans geniet (dink aan *Ester*, *Buys*, *Brandwaterkom* en *1795*). Daarom beklemtoon hierdie resensent die noodsaaklikheid van primêre navorsing, waarvoor Heese bekend is, in teenstelling met ander

skrywers wat veel meer boeke publiseer, maar meestal sekondêre bronne gebruik en in die proses maklik foute kan herhaal en ’n mate van oppervlakkigheid openbaar (dog steeds ’n belangrike bydrae maak). Heese het ’n verskeidenheid bronne geraadpleeg, maar ekstensief van primêre bronne uit die Kaapse Argiefbewaarplek, die Algemeen Rijksargief in Den Haag en die N.G. Kerkargief op Stellenbosch gebruik gemaak.

Soos genoem in die resensie in *Die Burger*: diegene wat meer wil weet oor hoe die huidige Suid-Afrikaanse samelewing tot stand gekom het, kan gerus Heese se boeke lees. In sy Inleiding gee Heese ook erkenning aan ander historici wat tot die “slawe-oeuvre” bygedra het, soos Clinton Crais, Nigel Penn, Nigel Worden, John Mason, Laura Mitchell, Wayne Dooling en Gerald Groenewald, asook Robert Shell, Diko van Zyl, Hermann Giliomee en die argivaris Victor de Kock.

Die aantal groot name hierbo vermeld ten spyte, is die oeuvre van “slawepublikasies”, soos *Amsterdam tot Zeeland*, nog beperk, soos helaas reeds ook die geval is met kenners van Heese se kaliber. Afrikaanse lesers is boonop gelukkig om steeds sulke boeke in hulle moedertaal te kan lees. *Amsterdam tot Zeeland* is Africana weens die unieke aard daarvan en is boonop uiters insiggewende – en relevante – leesstof.


By die slapbandboek ingesluit is daar ’n CD waarop heelwat ekonomiese gegewens vasgelê is, en biografiese gegewens, bv. die doop- en trouerekords van die Pniël, naby Stellenbosch.

Befondsing vir die boek is verskaf deur Het Jan Marais Nationale Fonds.

**FRANCOIS VERSTER**

E-pos: [Francois.Verster@media24.com](mailto:Francois.Verster@media24.com)

**Skrywer:** Bettina Wyngaardt  
**Titel:** *Slaafs*  
**Uitgewer:** Umuzi  
**Jaartal:** 2016  
**Bladsye:** 292  
**Prys:** R206.00



### *Slaafs – ’n verhaal van menslike handel*

Die skrywer van *Troos vir die gebrokenes* (wenner van die Jan Rabie *Rapport*-prys) en die misdaadroman *Vuilspel* raak in hierdie werk – haar tweede misdaadroman – ’n paar baie belangrike temas aan, sommige nog nie vantevore deur enige ander skrywer aangedurf nie.

Soos Deon Meyer bekendheid verwerf het met sy misdaadromans met baaspeurder Bennie Griesel, so is Wyngaardt besig om ’n nuwe baaspeurder as ’n huishoudelike naam in die Suid-Afrikaanse letterkunde te vestig; die verskil is dat Wyngaardt ’n vroulike baaspeurder gebruik om die onderwêreld te infiltrer. Kaptein Nicci de Wee, of “ounooi” soos haar kollega en boesemvriend Blackie Swart haar noem, werk in die polisie-stasie van Kayalitsha, ’n terrein waar menige man dit nooit sal waag nie, laat staan nog om daar te werk.

In *Slaafs* val die fokus op daardie vroulike slagoffers wat so sonder naam op die staatspatoloog se outopsietafel beland. En terwyl die pataloëse mediese kennis weinig antwoorde bring, probeer kaptein Nicci die raaiselagtige moorde vanuit ’n polisie-stasie in een van die misdadigste woonbuurte op die Kaapse Vlakte ontleed. Maar Wyngaardt betree nog ’n nuwe terrein waar sy baanbrekerswerk doen: die heldin in hierdie spanningsvolle verhaal, is betrokke in ’n gay-verhouding met ’n ewe beginselvaste en indrukwekkende priester-vriendin: Sally.

Op ’n vreemde dog geloofwaardige wyse vul die speurder en die priester mekaar aan, is hulle eintlik perfekte sielsgenote vir mekaar. Nicci soek haar antwoorde deur die lens van ’n *policefile*. Sally benader die probleem vanuit ’n religieuse oogpunt en probeer sin maak van die sinlose moorde deur die samelewing in terme van die alomteenwoordige God te verklaar. En dis juis die feit dat hulle met dieselfde probleme worstel – weliswaar vanuit verskillende perspektiewe – wat diepte aan hul verhouding gee.

Ironies genoeg is hul eerste stryery oor ’n man, as dit vir Sally lyk asof Nicci meer vir Blackie omgee as wat sy wil erken (75). Blackie was die eerste van haar kollegas met wie sy openlik oor haar seksualiteit gepraat het (29). Dis nie altyd maklik in hierdie land nie. Sy weet nie hoe ander mense sal reageer op haar gay-status nie. Sommige mense se leefwêreld is klein (20).

Die deernis en liefdevolheid waarmee die skryfster die uiters sensitiewe onderwerp hanteer, maak die verhouding en dus ook die verhaal nie net geloofwaardig nie, dit is vir hierdie leser ook ’n aanduiding dat die skrywer baie naby aan ’n gay-paartjie beweeg het. Nooit voel die leser dat ’n bepaalde lewensuitkyk aan jou opgedwing word nie.

Wyngaardt hanteer ook ’n derde belangrike tema: die universele tendens van mensehandel in die volksmond bekend as *human trafficking*. Sy hanteer die uiters omstrede onderwerp met soveel kundigheid, dat dit vir die ingeligte leser baie gou duidelik word dat sy haar huiswerk deeglik gedoen het. Sy praat met ’n mate van gesag hoe jong meisies onder valse voorwendsels van hul ouerhuise weggeelok word om as *seksslawe* (85) in ander lande verkoop te word. In die proses maak sy vriende met Gigi, ’n feminis wat haar beywer vir ’n organisasie *Freedom from Trafficking Now* (FFTN). Hulle help vroue en kinders wat die slagoffers van mensehandel is, om ’n nuwe lewe in Suid-Afrika te begin (34) en deel gereeld pamflette oor mensehandel uit (45).

Soos in haar vorige romans, maak Wyngaardt ook weer 'n broodnodige bydrae op die gebied van die taal en die woordeskat. In die alledaagse lewe van 'n polisievrou word hulle Afrikaanse woordeskat met Engelse woorde gegeur – byna soos 'n vrou se parfuim. Maar anders as in so baie ander werke (gedrukte en elektroniese media) kry die leser nooit die gevoel dat die skywer Engels aan die Afrikaanse leser wil opdwing nie. Die gebruik van Engels is so spontaan en normaal dat die meeste lesers dit nie eens sal agterkom nie, dalk juis omdat Wyngaardt so na aan die moderne dialek van Afrikaanssprekendes beweeg. Hiervan is daar talle voorbeelde waarvan ek slegs enkele aanhaal:

Ek het gedink dis sommer *straightforward* (27); die patoloog hanteer die saak dikwels verkeerdelik as *accidental overdose*; dikwels word die slagoffer net *gedump* (Kaapse Afrikaans) in 'n *druggie hang out* (30); 'n groot deel van Gigi se werk is *advocay* rondom *trafficking* (35); Gigi het Blackie *provoke* (74); Sy is eintlik heel *oraait* as sy net wil *relax* (78); Ek is jammer *Babes* (79); *Great!* Dan hoef ek nie al die pad te stap nie (81); die meisies kry *obviously* nie geld vir hulle werk nie (85); Kan jy enigiets wys word uit die *paper trail?*(267); *Okay*, ek sal probeer (268); Nicci is 'n meisiekind met *guts* (270) en Gys lê in die ICU (171).

Die leser sal saamstem dat nie een enkele term vir die moderne Suid-Afrikaner vreemd is nie. Die skryfster het hierdie tegniek tot 'n fyn kuns bemeester –iets wat min ander haar nog kon nadoen.

Ook die taal van die wêreld van die slawesindikaat hanteer Wyngaardt met gesag en outentieke aanslag wat die leser opnuut laat voel dat sy weet waarvan sy praat bv.: “Dis die Heckler en Koch MP5. Die magasyn kan veertig rondes vat”(284).

Sy gebruik met gemak die woord “boks” soos in 'n *boks vol dokumente* – iets wat ons almal wil doen maar ons word deur die een of ander taalreël gedwing om die woord “doos” te gebruik. Verdere bewys dat sy deeglike navorsing gedoen het, is:

*“Met die regte toerusting kan die beeld verhelder, dikwels word video's met 'n goedkoper selfoon geskiet en die pixels van die foon is nie dieselfde as dié van die kamera van 'n smartphone nie; iets wat jy sommer by die Comms-agentskap kan leen...(50)”*.

Die gedetailleerde beskrywing van die polisiekantoor en sy ameublement (kyk bl.51) en ook die absolute presisie waarmee sy beskryf hoe die polisie 'n kar wat hulle agtervolg, afskud (176), is 'n aanduiding dat die skryfster lang ure in 'n polisiekantoor gespandeer en fyn waargeneem het.

Daar is oulike vars uitdrukkings waarmee sy die leser vergas soos haar beskrywing van 'n selfoon: “Die knoppiedrukkery doen nie die ding vir my nie“ (60). Ook: “Vrouens en kinders word onder ons neuse verkoop soos meubelstukke” (63). Maar alles is darem nie net goed nie: soms maak die skryfster gebruik van 'n paar clichés: “Hy is so opgewonde soos 'n kind met 'n nuwe speelding” (53) en “Hy is oud en lelik genoeg om dit self te doen” (77).

Wyngaardt skryf goed, baie goed, maar sy is ook maar net mens.

Die verhaal skets die bedrywighede van 'n *slawesindikaat* en beklemtoon opnuut dat die skurke van hierdie duistere wêreld hulself soos *gentlemen* vermom. Dit is juis hierdie goedversorgde, besgeklede mans met hul gladde bekke waarvoor ouers moet uitkyk, want dis hulle wat onskuldige dogters herhaaldelik verkrag en so aan die onderwêreld bekendstel (275).

Dis 'n wêreld waar die enigste taal dié is van Amerikaanse dollars; waar wagte omgekoop word (275). Dikwels skuil daar baie meer agter 'n “dood weens 'n ooglopende oordosis pille” (28). Tekens waarvoor uitgekyk moet word, is meisies met seksueel oordraagbare siektes, abortsies, en 'n brandmerk (45) in die vorm van 'n ketting-en-roos-tattoo (46). Die meisies praat dikwels nie Engels nie, en word gereeld na 'n kliniek in Groenpunt in die Kaap gebring. Meestal

word hulle vergesel van 'n ouer man (vergelyk bv. die verhaal van *Baby* deur EKM Dido).

Die meisies is almal verslaaf aan dwelms en moet hulself gereeld met heroïen inspuit want dis 'n manier om hulle beheerbaar en afhanklik te maak van die slawebaas (279). Om te verhoed dat hulle die omgewing leer ken, word hulle geblinddoek as hulle vervoer word (280). Die meeste eindig in 'n vlak grafêrens in die bosse. Diegene wat so gelukkig is om aan hierdie hel te ontsnap, se wonde aan hul liggaam mag dalk genees, maar daar is ander wonde wat baie dieper sit, wat nooit sal genees nie (269). Juis daarom moet diegene wat met hierdie slagoffers werk, dit met soveel oordeel doen, mag jy nooit valse hoop vir hulle gee nie. Hulle is al deur soveel pyn, dat dit hulle heeltemal sal breek as jy hulle iets belowe wat jy nie kan hou nie (273).

Die woord *slaafs* het ook ander betekenis in hierdie verhaal. Dis ook die verhaal van menige polisieoffisier wat onder moeilike omstandighede soos slawe moet werk. Dikwels is die polisiestase karig toegerus (25) maar steeds kry die manne in uniform die werk gedaan. Nie almal word bevoordeel deur regstellende aksie nie (24) soos Julies wat een van die eerste bruin polisiemanne is wat tot kolonel bevorder is en dit dubbel en dwars verdien het. Maar ook hulle “raak gatvol van die eise wat elke dag” aan hulle gestel word (61).

Te laat besef begaafde polisieoffisiere hoe broos die lewe eintlik is en hoe vining dit weggevat kan word. Dat pistole nie altyd jou veiligheid kan waarborg nie. Die geharde polisieman slaag daarin om een van die grootste misdade van ons tyd op te los. Hy kon egter nie sy huwelik red nie. Blackie se woorde aan Nicci is dus baie betekenisvol in die konteks van hierdie verhaal: “Moenie wag tot jou verhouding *ook* aan flarde is nie” (292).

Uiteindelik eis hierdie lewe ook sy tol: Blackie se vrou Nina spandeer later meer tyd by haar ouers. Die buurman word later 'n steunpilaar, iemand met wie gepraat kan word as Blackie skurke *slaafs* najaag.

“Want vir elkeen wat ons toesluit, skiet twee nuwes op” (293).

Uiteindelik begin Nina (en talle ander vroue soos sy) 'n lewe sonder hom (71) en al wat oorbly, is 'n verbitterde *poliesman* (72).

#### **MICHAEL LE CORDEUR**

Departement Kurrikulumstudies

Universiteit Stellenbosch

E-pos: mlecorde@sun.ac.za

**Outeur:** Karel Schoeman  
**Titel:** *Swanesang. Die einde van die Kompanjiestyd aan die Kaap, 1771–1795*  
**Uitgewer:** Protea Boekhuis  
**Bladsye:** 624  
**Prys:** R350

Hierdie boek is die agste en laaste deel van die reeks *Kolonie aan die Kaap*, geskryf deur Karel Schoeman. Die boek dek die tydperk vanaf die dood van Rijk Tulbagh in 1771 tot en met die eerste Britse besetting van die Kaap in 1795. Die boek volg naatloos op sy voorganger *Hoogty: die opbloei van 'n koloniale kultuur aan die Kaap, 1751–1779*. Die drie goewerneurs van die laaste tydperk van die VOC was die aanvanklik waarnemende goewerneur J.A. van Plettenberg (1771–1785), C.J. van de Graaff (1785–1791) en A.J. Sluysken (1793–1795). Schoeman skryf:

In die betragting van die verlede is dit moeilik om die gelyktydigheid van gebeure te besef, aangesien hulle oorsigtelikheidshalwe grotendeels in afsondering van mekaar moet beskryf en ondersoek word. So is dit nie altyd maklik om te besef dat die bewind van Goewerneur Van de Graaff, die algemene misnoeë oor die opeenvolgende fiskaals, die Europese oorlog met die langdurige aanwesigheid van buitelandse regimente wat daardeur nodig gemaak is ... die oprigting van elegante woonhuise, die besoekende skepe met slawe en bandiete ... alles deel van die werklikheid uitgemaak het, en dat hierdie onderskeie gebeure nie van mekaar losgemaak kan word of in isolasie beskou behoort te word nie (p. 303).

Die inhoud is dus nie streng kronologies gerangskik nie, maar soos in Hoofstuk 7 en 8 wat oor enkele families gaan, eerder tematies.

Aanvanklik is Pieter, baron Van Rheede van Oudtshoorn wat alreeds 25 jaar aan die Kaap diens gedoen het, as Tulbagh se opvolger benoem. Van Oudtshoorn het inderdaad met die skip *Azië* na die Kaap vertrek, maar toe die skip in die Kaap aankom, is verneem dat hy aan boord ná 'n siekte van negentien dae oorlede is en dat daar 'n verdere 62 dooies en dertig siekes aan boord was! J.A. van Plettenberg word in sy plek aangestel as goewerneur, 'n relatief jong man van slegs 35 jaar oud wat glo as geheel nie korrup op administratiewe vlak was nie! Die nuwe goewerneurspaar het volgens besoekers aan die Kaap in dié tyd 'n luukse leefstyl gehandhaaf en was albei nogal geset en selfingenome. Juis die feit dat Schoeman, benewens al die toepaslike argivale bronne, ook gebruik maak van die tekste van besoekers aan die Kaap in genoemde tydperk, skep 'n lewendige beeld van die goewerneurs, ander amptenare in diens van die VOC en die inwoners aan die Kaap.

In die dekade ná Tulbagh se dood is die binneland deur 'n aantal buitelandse reisigers verken en dié togte is goed gedokumenteer in welbekende publikasies. Die reisigers het twee plantkundiges, naamlik Anders Sparrman en C.P. Thunberg ingesluit, asook die Skot William Patterson en die Fransman François de Valliant en nog andere wat in Hoofstuk 2 bespreek word. Schoeman wy Hoofstuk 3 aan die Patriote en ander bewegings en noem die hoofstuk *Die wêreld van idees*. Schoeman het hierin nie net die standaardwerk van C.F. Beyers oor die Patriote-beweging gebruik nie, maar ook baie ander meer gebalanseerde bronne bygewerk sodat dit 'n besonder interessante hoofstuk is.

Van Plettenberg is in 1785 terug na Nederland en C.J. van de Graaff was die volgende goewerneur. Hy was 'n kundige militaris wat onmiddellik aandag gegee het aan die verdedigingstelsel aan die Kaap en dit opgeknip het. Hy het ook in kartografie belanggestel en

het dus behoorlike militêre kaart vervaardig (Hoofstuk 4). Hoofstuk 5 heet dan ook *Die tyd van die regimente (1781–1788)*. Omdat Engeland en Nederland van 1780 af in ’n staat van oorlog was en Frankryk ’n bondgenootskap met Nederland gesluit het, was daar vir korter en langer tydperke Franse regimente aan die Kaap wat met die verdediging moes help. Dit het ’n groot invloed op die samelewing gehad, sodat die Kaapse kerk hom oor die “wêreldsheid” van die inwoners bekla het. Veral die geskiedenis van die Wurtemberg-regiment wat in 1788 ná die vertrek van die Franse regiment na die Kaap gekom het, word onderhoudend en interessant beskryf.

In Hoofstuk 7 en 8 word die lewens van drie amptenaarfamilies beskryf, naamlik die van Westpalm, Möller en Heijning, asook die burgerfamilie Van Reenen. Die familie Möller was meer uitgebrei en in verhouding beter gedokumenteer as die nakomelinge van Michiel Westpalm en het ook sterker verbintnisse met die Kaap gehad. Dit was veral hul luukse lewenswyse en oorvloed aan aardse besittings wat opval. Hierdie is ’n heerlike stukkie familiegeskiedenis. Een van die afstammelingen van die Nederlandse immigrant Nicolaas Heijning was met ’n Möller getroud. Die familiegeskiedenis van die Van Reenens lees soos een van Schoeman se romans. Daar word vertel van ’n poging tot vergiftiging asook van ’n swaar straf teen Jacob van Reenen omdat hy te ver gegaan het met “domestieke koreksie” van die slaaf wat hy van die vergiftiging verdink het. Dit gee ’n goeie beeld van die gewone mense in die breër Kaapse samelewing.

Maar die wêreld het verander, ook in Europa en Nederland. Dit is dan ook die opskrif van Hoofstuk 9 waarin Schoeman beskryf wat van 1783 tot 1792 gebeur het. In Frankryk het die Franse Revolusie plaasgevind en dit sowel as ander politieke veranderinge het Nederland verswak en tot die oorname van die Kaap deur die Britte gelei. Ná die sogenaamde Revolusionêre Oorlog van 1792 teen Frankryk het die 43-jarige Duitse digter Goethe, wat sy werkgewer die hertog van Sakse-Weimar-Eisenach as amptenaar op die veldtog vergesel het, teenoor sy metgeselle opgemerk:

Vanaf hier en vandag begin daar ’n nuwe tydperk in die wêreldgeskiedenis, en julle kan sê dat julle daarby was (p. 404).

Inderdaad was dit die einde van die era van die VOC se beheer oor die Kaap en ’n nuwe tydperk het begin. Die VOC sou in 1798 finaal onder ’n berg van skuld vergaan. Daar was ook korrupsie – in die laaste jare is spottenderwys na die VOC verwys as **Vergaan Onder Corruptie!**

Die laaste vier hoofstukke in die boek (pp. 332-469) gaan oor die belangrike jaar 1795. Dit is ook die titel van Dan Sleight se pasverskene roman *1795* (2016). Hoe het die Kaap gelyk toe die Engelse dit oorgeneem het? Schoeman begin deur ’n fisiese beskrywing van Kaapstad te gee en dan beskryf hy aan die hand van ’n aantal boedelinventarisse hoe die huise van binne daar moes uitgesien het. Hy volg dit op met ’n beskrywing van die agterland van die Tafelvallei, weer eens deur boedelinventarisse te raadpleeg.

Die verowering van die Kaap is ’n geskiedenis op sy eie wat Schoeman in twee hoofstukke saamvat. Hy verlig dié droewe geskiedenis deur aan te haal uit ’n satiriese gedig van daardie tyd, naamlik *Historie van de Kaap zeer krachtig* (pp. 417, 429, 447, 449, 453). Die laaste aanhaling van die anonieme skrywer van die gedig is sy wrange kommentaar op die selfmoord van kolonel Gordon.

Daarmee is die swanesang van die VOC se laaste jare aan die Kaap afgehandel. Die ou “Hollandse” Kaap het moontlik nog tot die middel van die negentiende eeu bestaan, totdat die laaste bejaarde Kapenaars wat die VOC-bewind meegemaak het en kon onthou algaande uitgesterf het.

*Swanesang* is in 'n stewige hardeband gebind met 'n tydgenootlike skildery van 'n waardige egpaar op die skutblad. Elke hoofstuk is ruim van endnote voorsien wat op sigself interessante inligting bevat. Verder is daar 'n omvattende bronnelys en 'n register van name en plekke.


Die lees van hierdie boek is 'n genot. Dit is 'n mengsel van geskiedenis en kultuurgeskiedenis, deurvleg met menslike verhale oor die inwoners aan die Kaap. Dit dek 'n uiters belangrike tyd van die geskiedenis van Suid-Afrika. Die boek word aanbeveel aan alle lesers wat in die geskiedenis belangstel.

**LINDA ZÖLLNER**

Pretoria

E-pos: [lindazoll@vodamail.co.za](mailto:lindazoll@vodamail.co.za)

**Samesteller:** Wilhelm J. Verwoerd  
**Titel:** *Verwoerd: Só onthou ons hom* (Hersiene uitgawe)  
**Uitgewer:** Pretoria: Protea Boekhuis  
**Bladsye:** 320  
**ISBN:** 978-1-4853-0609-2  
**Prys:** R250.00 (BTW ingesluit)



Op 6 September 2016 was dit presies vyftig jaar gelede dat Demitrio Tsafendas tydens 'n Volksraadsitting met vier dolksteke 'n einde aan dr. H.F. Verwoerd se lewe gemaak het. Dit was dus gepas dat *Verwoerd: Só onthou ons hom*, wat in 2001 by geleentheid van die honderdste herdenking van dr. Verwoerd se geboortedag, 8 September 1901, verskyn het, 'n bygewerkte heruitgawe beleef het. In dieselfde week waarin ek hierdie resensie-eksemplaar ontvang het, het ek ook in my posbus 'n eksemplaar van Stephen M. Goodson se *Hendrik Frensch Verwoerd: South Africa's Greatest Prime Minister* (Selfuitgawe, 2016 – verkrygbaar by abolishhusury@sonicmail.co.za) gevind. Die saamlees van hierdie twee publikasies was 'n verrykende ervaring.

Soos die samesteller, prof. Wilhelm J. Verwoerd, die eersgeborene van die Verwoerd-egpaar, dit in die voorwoord tot die 2016-uitgawe stel: “Hierdie is nie 'n verdediging of ontleding van dr. Verwoerd se politieke rol of prestasies nie. Dit is bedoel as persoonlike indrukke deur mense wat hom geken het, al was nie almal geesdriftige ondersteuners nie.” Ter wille van balans sou meer bydraes van laasgenoemdes dalk nie onvanpas gewees het nie, maar dan is dit ook duidelik dat hierdie publikasie beslis 'n soort huldebundel is. In die samesteller se voorwoord tot die 2001-uitgawe het hy tereg gemeld: “Alhoewel dr. Verwoerd se lewe en persoonlikheid van verskillende kante belig word, was dit nie moontlik om alle aspekte van so 'n komplekse onderwerp aan te raak nie.”

Die boek begin met 'n briljante biografiese skets van dr. Verwoerd deur dr. H.O. Terblanche, 'n historikus wat aan die destydse Universiteit van Port Elizabeth verbonde was. Aan die einde van die lewenskets het Terblanche hierdie belangrike paragraaf ingevoeg: “Verwoerd was, soos ander historiese figure, 'n kind van sy tyd. Mense en gebeure moet in konteks van hulle tyd verstaan word. Die verlede mag daarom nie beoordeel word deur die toepassing van vandag se maatstawwe nie. Die verlede kan nie vanuit die hede beoordeel word nie. Dit is veral die geval wanneer omstrede politieke figure soos Verwoerd onder die historiese vergrootglas geplaas word.”

Die bydraes tot die bundel is in vier sinvolle afdelings verdeel. Wat hierna volg, is enkele feite en menings uit die onderskeie bydraes wat die resensient by die lees van die boek opgeval en bygebly het en maak dus nie aanspraak op objektiwiteit nie, maar is eerder 'n weergawe van dit wat vir my nuut was en my 'n nuwe blik op die persoonlikheid, lewe en werk van dr. Verwoerd gegee het.

Deel I handel oor die familiekring en bevat bydraes van dr. Verwoerd se naverwante, diegene wat die naaste aan hom was: sy suster, sy eggenote, sy kinders, 'n skoonogter en 'n skoonseun. Sy suster, Lucie Cloete (née Verwoerd), meld dat hulle vader gou Afrikaans leer praat het, maar dat haar moeder moeiliker in Suid-Afrika aangepas het en tot haar dood in 1940 'n Hollandse huisvrou gebly het wat haar met haar eie dinge besig gehou het.

Uit mev. Betsie Verwoerd (née Schoombée) se bydrae verneem die leser dat die Verwoerds op Stellenbosch blanke diensmeisies gehad het om te help kook en kinders op te pas en dat sy

en dr. Verwoerd besluit het dat 'n moeder se eerste plig by haar huisgesin lê en dat sy dus nooit na haar troue 'n voltydse werk sou beoefen nie. Mev. Verwoerd beskryf ook die minder bekende insident toe lede van die Ossewa-Brandwag in die nag van 22 Oktober 1940 'n mislukte aanval op dr. Verwoerd geloods het omdat hulle hom as een van hulle vernaamste teenstanders beskou het. In 'n slotparagraaf tipeer mev. Verwoerd haar man soos volg: "Hendrik was by uitstek 'n idealis. As ek gevra sou word waar sy idealisme vandaan gekom het, dan sou ek dit in die eerste plek terugvoer na sy ouerhuis. Hy het grootgeword in 'n atmosfeer van roepingsbewustheid. Dit is ongetwyfeld versterk deur die invloede van sy jeugjare toe hy die strewe van die agtergeblewe Afrikaanse gemeenskap sy eie gemaak het. Vir hom was nasionalisme iets edels en onselfsugtiges wat die beste in die mens na vore kon bring. Vir my was hy 'n lewensmaat."

Uit die sewe Verwoerd-kindere se bydraes kry die leser 'n goeie indruk van watter soort vader dr. Verwoerd was, maar ook veel meer, soos die volgende aantoon. Wilhelm het aan sy pa gevra of apartheid moreel geregtig kan word: "Hierop het hy [dr. Verwoerd] gesê dat dit tipies van die liberaliste is om voor te gee dat hulle, en slegs hulle, 'n hoë moraliteit handhaaf. Hulle het egter nie die monopolie op moraliteit nie. Daar is dikwels moraliteit aan weerskante van 'n saak." Wilhelm meld ook dat sy pa, ten spyte van sy nederigheid, besonder gesteld op die waardigheid van sy amp as Eerste Minister was. Anna het geskryf dat volgens haar pa die sistematiese uitvoering van enige taak uit 'n goed geordende gedagte-wêreld moes voortvloei en dat deeglike beplanning met betrekking tot tyd en geld vir hom belangrik was. Spaarsaamheid was vir hom 'n deug. Sy sin vir ordening en beplanning, wat ook sy latere staatsmanskap gekenmerk het, was volgens Anna haar vader se vernaamste karaktertrek. Daniël onthou sy pa vir sy onkreukbare eerlikheid en afkeer van enigiets wat na korrupsie kon lyk, beginselvastheid, dryfkrag, vreesloosheid, toewyding en sy vermoë om visie met realisme te kombineer. Elsabet het haar vader as 'n regte gesinsman beskryf wat ten spyte van sy bedrywige lewe altyd oop en toeganklik vir sy kinders was. Vir Hendrik was dit vreemd dat sy pa nooit op 'n kerkraad gedien of aan gemeentelike aktiwiteite deelgeneem het nie. Hulle het ook nie daaglikse huisgodsdien gehou nie. Hendrik het dus daaraan getwyfel of sy pa in sy diepste wese gelowig was. Christiaan het onthou hoe sy pa so dikwels as wat hy kon oor naweke na sy plaas uitgery het en hom daar totaal van die stremming van die week se werksaamhede losgemaak het. Volgens Wynand is hulle as kinders nie op enige manier deur dr. Verwoerd se posisie bevoorreg nie.

Daar is twee bydraes oor dr. Verwoerd as skoonvader. Een van Elise Verwoerd (née Smit), eggenote van Wilhelm Verwoerd, se sterkste herinneringe aan haar skoonpa was dat hy altyd beskikbaar was indien 'n kind 'n probleem gehad het of hom wou raadpleeg. Prof. Carel Boshoff, eggenoot van Anna Verwoerd, het dr. Verwoerd as sy mentor beskou. Volgens Boshoff het dr. Verwoerd nie 'n tradisionele of emosionele benadering tot nasionalisme gehad nie, maar was rasioneel, modern en toekomsgerig. Verder het sy werk- en redeneervermoë sy skoonseun geweldig beïndruk.

Tog jammer dat die samesteller van die bundel nie ook aan sommige van die kleinkinders van dr. Verwoerd die geleentheid gegee het om hulle herinneringe aan of siening van hulle oupa op skrif te stel nie, want onder hulle is daar vaardige woordvoerders en selfstandige denkers.

Deel II dek dr. Verwoerd se Johannesburg-periode en handel hoofsaaklik oor sy redakteurskap van *Die Transvaler*, en sy samewerking met adv. J.G. Strijdom en hulle gemeenskaplike republikeinse ideaal. Die persone wat oor hierdie periode gerapporteer het, was almal persone wat dr. Verwoerd goed geken of redaksielede van *Die Transvaler* was.

Dr. Albert Hertzog, destyds kampvegter vir die regte van blanke Afrikaanse myn-

werkers, het lojaliteit as een van dr. Verwoerd se beste karaktertrekke uitgesonder. Volgens Hertzog het dr. Verwoerd nie die politieke voordele van emosie na waarde geskat nie en daaraan toegevoeg dat Verwoerd vir baie mense te intellektueel en te hard in sy oordeel was. Volgens Carl Basson, 'n lid van die eerste redaksie van *Die Transvaler*, was dit nie altyd maklik om met dr. Verwoerd klaar te kom nie, want hy was 'n koppige baas wat hom nie maklik laat oorreed het nie. Bowendien was hy 'n man met ambisie en doelgerigheid gepaard met 'n verstommende werkywer. Maar tog was hy met 'n sjarme en 'n glimlag bedeed wat hom onder mense geliefd gemaak het. 'n Ander lid van die eerste redaksie van *Die Transvaler* was Gus Cluver. Volgens hom het dr. Verwoerd altyd vir sy personeel opgekom en vir hulle as 'n skild teen die buitewêreld gedien wanneer hulle van buite gekritiseer en aangeval is. Cluver is van mening dat dr. Verwoerd in die eerste plek 'n kampvegter vir die Nasionale Party was en slegs in die tweede plek 'n koerantman. As sodanig het Cluver Verwoerd as die eintlike krag agter Strijdom beskou. Hans Abraham, wat later die eerste kommissaris-generaal van die Xhosa-volkseenheid sou word, was in 1939 een van die "Jong Turke" van die Ossewa-Brandwag. Volgens hom was dr. Verwoerd aanvanklik simpatiek gesind teenoor die beweging, maar nadat dr. Hans van Rensburg die O.B. in 'n nasionaal-sosialistiese rigting gestuur het, het die verhouding versuur. Volgens Abraham was dr. Verwoerd se toesprake lank, maar nie vervelig nie en het van sy onaantasbare logika getuig. Later voeg hy daaraan toe: "Hy was 'n idealis, nie 'n ideoloog nie." M.D.C. de Wet Nel, die latere Minister van Bantoe-administrasie en Ontwikkeling, meld dat hyself en adv. J.G. Strijdom aanvanklik nie ten gunste van die aanstelling van dr. Verwoerd as redakteur van *Die Transvaler* was nie, maar dat hulle siening later verander het toe hulle uitgevind het dat dr. Verwoerd, soos hulle, met die republikeinse ideaal besied was. Dr. Cas Bakkes, 'n lid van die redaksie van *Die Transvaler* en later direkteur van die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die R.G.N., het dr. Verwoerd onthou as 'n man van matelose energie met 'n fenomenale kennis van enige onderwerp onder die son. Bakkes het wel die idee gehad dat dr. Verwoerd nie altyd geslaag het in sy oordeel oor persone en hulle vermoëns nie. Hy het gevoel dat as dr. Verwoerd foute sou maak dit nie oordeelsfoute sou wees ten opsigte van beleid nie, maar oordeelsfoute oor persone wat hy aanwys om hom te help met die uitvoering van sy taak. Dr. G.D. Scholtz, Afrikaanse historikus en latere redakteur van *Die Transvaler*, verwys ook na dr. Verwoerd se botsing met die Ossewa-Brandwag terwyl Hans van Rensburg die kommandant-generaal van die organisasie was. Scholtz wys ook daarop dat Verwoerd en Strijdom albei vurige republikeine was, maar dat hulle verskil het oor wanneer die Republiek 'n werklikheid moes word. Scholtz sluit sy bydrae af met: "Ek beskou die tweejarige seuntjie, Hendrik Frensch Verwoerd, as die grootste gawe wat Suid-Afrika ooit uit die hand van 'n stamland ontvang het."

Deel III handel oor die politieke arena waarin dr. Verwoerd hom bevind het en belig diverse aangeleenthede, soos die Wêreldhof in Den Haag, binnelandse veiligheid, Bantoe-onderwys en die Loskopdam-toespraak.

In sy bydrae skryf Fanie Botha, later veral bekend as Minister van Waterwese en Bosbou, dat dr. Verwoerd beslis 'n aanvoeling vir die dramatiese gehad het, soos toe hy in die Parlement die referendum vir Republiekwording aangekondig het. Louis Botha, sekretaris in die Departement van die Eerste Minister, het dr. Verwoerd leer ken as 'n nederige persoon wat nie aan valse beskeidenheid gely het nie. Volgens Botha is dr. en mev. Verwoerd deur mense op 'n verhewe vlak geplaas, maar hulle het hulself nie verhef nie. Vir hom het hulle die adel van die Afrikanervolk verpersoonlik. Dr. Brand Fourie, onder meer Suid-Afrika se ambassadeur by die Verenigde Nasies en later sekretaris van Buitelandse Sake, gee 'n boeiende beskrywing

van Dag Hammarskjöld, sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, se besoek aan Suid-Afrika en die goeie verstandhouding wat daar tussen hom en dr. Verwoerd bestaan het. Fourie haal ook hierdie betekenisvolle woorde van dr. Verwoerd aan: “Eventueel sal die kleurling sy politieke toekoms saam met die blanke moet vind. Maar die tyd is nog nie reg nie.” Adv. “Lang” David de Villiers, leier van die Suid-Afrikaanse regspan by die Wêreldhof in Den Haag, skryf dat dr. Verwoerd niks van die woord “apartheid” gehou het nie, maar aan “afsonderlike ontwikkeling” voorkeur gegee het. Dr. Verwoerd se verbasende vlugheid van begrip en besondere intellektuele vermoëns het De Villiers beïndruk en wat dit betref, het hy hom op dieselfde peil as ’n Jan Smuts of ’n Jannie Hofmeyr geplaas. Bowendien was Verwoerd volgens hom die toonbeeld van hoffikheid en het hy nooit sy humeur verloor of rusie gemaak nie. Adv. Flip Coetzer, direkteur-generaal van die Departement van Justisie, skryf dat dr. Verwoerd ’n reuse-aandeel gehad het in die beplanning van die strategie wat deur die Suid-Afrikaanse regspan by die Wêreldhof in Den Haag gevolg is. Volgens Johan Mills, opsteller van die Transkeise grondwet van 1963, is dr. Verwoerd se premierskap gekenmerk deur streng en uiters effektiewe finansiële bestuur en was hy baie gesteld daarop dat die Minister van Finansies nie deur die kabinet oordonder word nie. Gilles van der Wall, ’n voormalige landboukundige by die Departement Naturellesake, het dr. Verwoerd en dr. W.W.M. Eiselen as die twee groot mentors in die Departement Naturellesake beskou. Van der Wall beweer dat die apartheid wat in 1948 gekom het nie regtig ’n nuwe ding was nie. Hy erken dat daar miskien binne die Departement paternalisties opgetree is, maar voeg daaraan toe dat dit ’n goedgesinde paternalisme was. In sy slotparagraaf skryf Van der Wall oor dr. Verwoerd: “Niemand het ’n groter bydrae gelewer om die swart bevolking op te hef as hy nie. Hy was ’n ware hervormer.” Joubert Rousseau, voormalige direkteur-generaal van die Departement Bantoe-onderwys, wys daarop dat die inheemse tale aanvanklik nêrens tot hulle reg gekom het nie en dat alles deur medium Engels geskied het. Soos deur die Eiselen-kommissie aanbeveel, is die erkende beginsel van moedertaalonderrig van substanderd A tot standerd VI ingestel. Tonie Viljoen, wat aan die kantoor van die Staatsdienskommissie verbonde was, was in 1965 die ondervoor-sitter van die Transvaalse Nasionale Jeugbond toe dr. Verwoerd sy toespraak voor die kongres van dié jeugbeweging op 4 September 1965 by die Loskopdam-vakansieoord gelewer het. In sy rede het dr. Verwoerd hom onder meer oor gemengde sportspanne uitgelaat, wat heel gepas woordeliks in Viljoen se bydrae aangehaal word. Prof. Willem Kleynhans, dosent in Staatsleer aan die Universiteit van Suid-Afrika en latere kritikus van dr. Verwoerd, verwys na dr. Anton Rupert, ekonoom en nyweraar van wêreldformaat, wat vroeg reeds sekere basiese gebreke in die apartheidbeleid raakgesien en dit met dr. Verwoerd gaan bespreek het en voorstelle tot verbetering daarvan gemaak het. Rupert was ten gunste van vennootskap, maar Verwoerd was daarteen gekant omdat hy gevrees het dat die wit man swartes in gebiede soos die Transkei sou uitbuit. Kleynhans sluit sy bydrae so af: “Hy is weggeruk voordat hy sy lewenstaak, soos hy dit gesien het, kon voltooi. Sy standbeelde kan verwyder word en sy politieke strukture afgetakel word, maar sy naam sal in die geskiedenis van Suid-Afrika opgeteken bly.”

Deel IV bestaan uit ’n sestal bydraes waarin dr. Verwoerd se optrede in ’n wyer kring ter sprake kom en die politiek ’n ondergeskikte plek inneem.

Die eerste bydrae in hierdie afdeling is dié van prof. Carl van Heerden, voormalige hoof van die Amanzimtoti Zoeloe-Opleidingskool (die ou Adams Mission), en sy eggenote Rita. Mev. Van Heerden se bydrae vertel van die noue band wat daar tussen die twee gesinne bestaan het, terwyl prof. Van Heerden vertel van sy jare in Bantoe-onderwys en gesprekke wat hy met dr. Verwoerd gevoer het. Hy het dr. Verwoerd geken as ’n man van groot integriteit en ’n

menslike leier met wie jy letterlik oor enigiets kon praat. Mimi Coertse, Suid-Afrika se voorste operasangeres en twee dekades lank verbonde aan die Weense Staatsopera, se bydrae is beslis een van die boeiendste in hierdie bundel. Haar beskrywing van haar verbasings en uitgesprokenheid oor die feit dat dr. Verwoerd nie ’n tafelgebed voor ete gedoen het nie, is kostelik. Sy meld dat dr. Verwoerd goeie musiek kon waardeer. Sy begin haar slotparagraaf met die eenvoudige, maar veelseggende woorde: “Ek was regtig baie na aan dr. Verwoerd.” Dr. James Howell, dr. en mev. Verwoerd se tandarts, onthou dat Verwoerd groot waardering vir die optrede van sir Robert Menzies van Australië tydens die geskiedkundige Statebondskonferensie van 1961 gehad het en dat hy koningin Elizabeth II simpatiek gevind het. Howell verklap ook die geheim [?] dat toe dr. Verwoerd na die eerste aanslag op sy lewe in 1960 in die Pretoriase Algemene Hospitaal behandel is, hulle so bedag op ’n verdere sluipmoordpoging was dat hulle van die dienste van ’n apteker gebruik gemaak het om elke tablet wat voorgeskryf is, uit te ken voordat dr. Verwoerd dit ingeneem het en elke inspuiting ook aan die strengste kontrole onderwerp is. Willie Dyason, destyds hoof van die huishouding by die premierswonings Groote Schuur in Kaapstad en Libertas in Pretoria, se bydrae is, wat hierdie resensent betref, verreweg die beste in hierdie bundel. Vir Dyason was dr. en mev. Verwoerd se nederigheid en bedagsaamheid teenoor die personeel opvallend. Dr. Verwoerd het respek afgedwing omdat hy respek betoon het. Dr. Verwoerd het self bepaal wie na formele onthale genooi sou word en het ook die sitplekke van die nooit meer as 32 gaste op tafelmanne aangedui. Dyason gee ons ’n treffende kykie in die intiem huislike lewe van die Verwoerds. Dr. Verwoerd was skynbaar nie suinig nie, maar spanbadelheid kon hy nie veel nie. Dyason beskryf sy jare saam met die Verwoerds as “die goue jare van my lewe”. Die voorlaaste bydrae is dié van Annatjie Boshoff, privaat sekretaresse van mev. Verwoerd en suster van prof. Carel Boshoff. In haar *Sekretaresse vir die Verwoerds* (Kaapstad, 1974) en *Betsie Verwoerd, die vrou* (Orania, 1993) het Annatjie Boshoff reeds breedvoerig oor haar verbintenis met die Verwoerds gerapporteer, maar hier het sy dit kernagtig saamgevat. Wat in haar bydrae opval, is die feit dat die Verwoerd-kinders geleer is om selfstandig te wees en verantwoordelikheid te aanvaar. Die Verwoerd-egpaar het geen erg aan luuksheid gehad nie en spaarsaamheid is as ’n deug beskou. Die laaste bydrae is dié van Fred Barnard wat van 1952 tot 1965 die privaat sekretaris van dr. Verwoerd was. In sy inleidingsparagraaf skryf Barnard oor dr. Verwoerd dat dit veral die klein dingetjies is wat bo alles uittoon: “Sy innemende glimlag, sy reguit manier van dinge sê en doen, sy regverdigheid teenoor almal om hom heen, en ook sy sin vir eerlikheid. In alles wat hierdie man verrig het, was daar ’n ouwêreldse korrektheid—iets wat vandag blykbaar oudmodies geraak het.”

Die bydraes in *Verwoerd: Só onthou ons hom* is vanselfsprekend van wisselende gehalte, maar die samesteller het daarin geslaag om ’n bundel saam te stel wat vriend en vyand van dr. Verwoerd, vakman en leek ure van louter leesgenot sal verskaf. Hierdie bygewerkte uitgawe deur Protea Boekhuis is keurig uitgegee, bevat ’n dertigtal toepaslike foto’s, ’n geselekteerde bibliografie en ’n deeglike bladwyser en word van harte aanbeveel.

**O.J.O. FERREIRA**

Knysna

E-pos: ojof@lantic.net

## Oor die skryfwyse van Afrikaans I

Die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* – algemeen bekend as die *AWS* – gee sedert 1917 die toon aan vir die spelling van Standaardafrikaans. Die *AWS* maak 'n onderskeid tussen **spelling** en **skryfwyse**. Spelling behels watter letters in 'n woord gebruik word en hoe, en 'n mens kan dus sê dat *onmiddellik* met twee d's en twee l'e gespel word. Daarenteen het skryfwyse dit oor die vraag of bepaalde kombinasies vas aan mekaar of los van mekaar geskryf word. Afrikaans, soos baie van sy stamgenote in die Germaanse taalfamilie, volg 'n stelsel waarin samestellings vas geskryf word, d.w.s. een woord uitmaak. (Ongelukkig is daar heeltemal te veel adverteerders wat graag Afrikaanssprekendes se klandisie wil bekom, maar hulle skynbaar nie steur aan hierdie eienskap van Standaardafrikaans nie.)

'n Mens sien natuurlik in skriftelike Afrikaans spelfoute, soos *\*finansieël* (kyk *AWS*<sup>1</sup> reëls 5.1, 5.2), *\*onmiddelik* of *\*lewensstyl* (*AWS* rr. 11.30, 17.16), maar verreweg die meeste foute is skryfwysefoute, d.w.s. goed word los geskryf wat vas moet wees en vas geskryf wat los moet wees. Wat ons spelreëls betref, is dit vir my baie duidelik dat skryfwyse losweg die grootste probleme vir Afrikaansskrywendes oplewer. Hierdie indruk blyk ook uit die opeenvolgende uitgawes van die *AWS*, wat algaande al hoe meer ruimte aan die kwessie afgestaan het.

Ongelukkig sal 'n mens hierdie aspek van ons spelreëls beswaarlik onder die knie kan kry as jy nie 'n basiese kennis van woordsoorte het nie. Jy moet darem basies weet wat selfstandige naamwoorde (s.nw.), byvoeglike naamwoorde (b.nw.), voornaamwoorde (vnw.), bywoorde (bw.), werkwoorde (ww.), voegwoorde (voegw.), voorsetsels (voors.), lidwoorde (lidw.) en telwoorde (telw.) is. Of mense nog hierdie kennis het en of skoliere en studente dit nog geleer word, is 'n ope vraag.

Bowendien leef ons in noue kontak met Engels, waarin die skryfwyse van “samestellings” uiters onvas is. Soms groei sulke Engelse samestellings vas, ander word weer met koppeltekens verbind en dikwels kan stringe woorde eenvoudig ná mekaar ingeryg word (al is dit nie altyd goeie styl nie). Bowendien verskil Engelse bronne dikwels oor die skryfwyse van samestellings. Ek is oortuig daarvan dat dié eienskap van Engels deur analogiewerking na Afrikaans deursyfer.

In die eerste *AWS* (1917) is die kern van Afrikaans se skryfwysestelsel kort en kragtig soos volg saamgevat: “Wanneer die een of ander woordsoort – behalwe 'n bijvoeglike naamwoord – 'n selfstandige naamwoord nader bepaal, word die twee aaneengeskrjwe: **noordpool**, **seewater**, **môreson**, **uitspanplek**.” 'n Mens moet hierby ook onthou dat 'n koppelteken in 'n samestelling net 'n ander manier van vas skryf is; die naam *koppelteken* sê immers dat goed gekoppel of verbind word.

Dit is nie altyd so eenvoudig nie, en in die volgende taalrubriek of twee gaan ek 'n paar spesiale gevalle bespreek. Kom ons kyk egter – onder meer aan die hand van die jongste *AWS* – na enkele voorbeelde van hoe hierdie basiese reël in Afrikaans verwesenlik word (*AWS*r. 14.3).

<sup>1</sup> Verwysings is na die tiende uitgawe van die *AWS*, 2009.

**TABEL 1:** Voorbeelde van verskillende soorte samestellings

Bepaler		Kern (“grondwoord”)		Resultaat (samestelling)	
Woord	Woord-soort	Woord	Woord-soort	Woord	Woord-soort
drank lensie	s.nw.	bottel sop	s.nw.	drankbottel lensiesop	s.nw.
gebruiker hitte	s.nw.	vriendelik bestand	b.nw.	gebruikersvriendelik hittebestand	b.nw.
brander voet	s.nw.	ry slaan	ww.	branderry voetslaan	ww.
ma Piet	s.nw.	hulle	vnw.	ma-hulle Piet-hulle	s.nw.
bank	s.nw.	vas	bw.	bankvas	bw.
ek	vnw.	verteller	s.nw.	ek-verteller	s.nw.
eet verjaar	ww.	kamer dag	s.nw.	eetkamer verjaar(s)dag	s.nw.
kraak brand	ww.	vars arm	b.nw.	kraakvars brandarm	b.nw.
af by	bw.	dak kos	s.nw.	afdak bykos	s.nw.
af agter	bw.	brand volg	ww.	afbrand agtervolg	ww.
vyf tien	telw.	hoek kamp	s.nw.	vyfhoek tienkamp	s.nw.
bo onder	voors. (setsel)	op deur	voorsetsel	bo-op onderdeur	voors., bw.
voor aan	voors.	wiel lyn	s.nw.	voorwiel aanlyn	s.nw. b.nw., bw.

Hierdie paar voorbeelde illustreer bloot hoe allerhande woordsoorte ander woordsoorte kan bepaal (“nader beskryf”, “meer sê oor”), maar alle samestellings is natuurlik hoegenaamd nie so eenvoudig of net tweeledig nie. Die kernwoord van die samestelling kan uit meerdere woorde (na regte, stamme) bestaan of kan deur meerdere woorde van verskillende woordsoorte bepaal word.

Almal ken “gemaakte” lang samestellings (*AWS* r. 12.5) soos

*makataankonfytkookkompetisiereëlingskomiteevoorsitster*

of

*kleinkalibermultipatroonmagasynagterlaaiergewere,*

maar sulke gedermtes kom selde natuurlikerwys voor, en dit kan selde as goeie styl beskou word. Dit is gewoonlik beter (hoewel nie noodwendig altyd maklik nie) om sulke lang samestellings eerder om te stel, bv. “reëlingskomiteevoorsitster van die makataankonfytkookkompetisie” of “voorsitster van die reëlingskomitee van die makataankonfytkookkompetisie” en “agterlaaier-gewere van klein kaliber met multipatroonmagasyn”. Oor die gebruik van koppeltekens in sulke lang samestellings, kyk *AWS* r. 12.5, asook opmm. (a) en (b) daarvan.

Soms kan ’n hele frase ook – volgens dieselfde basiese beginsel – as ’n bepaling optree, bv. iets soos “So ’n *kom-ons-wag-en-kyk-wat-gebeur-houding* bring niemand iets in die sak nie”.

Die belangrikste uitsondering op die kernbeginsel wat hier bo aangehaal is, is die gedeelte tussen aandagstrepe: “behalwe ’n byvoeglike naamwoord”. Hier is die verstekreël natuurlik dat b.nwe. gewoonlik of meestal los geskryf word van die s.nw. wat hulle bepaal. In die volgende rubriek kyk ons na enkele belangrike uitsonderings op hierdie die reël en op die vasskryfreël.

Lesers wat nie ’n *AWS* besit nie, kan gerus hierdie belangrike Akademie-publikasie aanskaf. Dit sal Afrikaansskrywendes beslis baat om ook die Spelreëls-afdeling daarvan minstens aandagtig deur te blaai sodat hulle kan kennis neem van wat daarin bereël word, en dan is die Woordelys- en die Afkortingslys-afdeling natuurlik nuttige kitsnaslaanbronne. Die *AWS* is heel toeganklik via die inhoudsopgawe, die indeks agterin, interne kruisverwysings, ’n termlys, en so meer.

**JD (Tom) McLACHLAN**

Vertaler en Taalversorger

tommcl@whalemail.co.za

## **Spesiale uitgawe van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe***

In 2017 herdenk die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die eeufees van die heel eerste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS)* van 1917.

Daar word beoog om ter herdenking van hierdie besondere gebeure 'n spesiale uitgawe van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* te laat verskyn. Omdat die Letterkundekommissie ook een van die heel oudstes is van die Akademie, sal hierdie spesiale uitgawe artikels oor beide die taal- en letterkunde bevat. Prof. H.P. van Coller (vir die letterkunde) en Dr. Nerina Bosman (vir die taalkunde) sal as gasredakteurs optree.

Die beoogde uitgawe sal die **Junie 2017**-nommer wees. Ons beoog tien tot twaalf artikels oor onderskeidelik die taal- en letterkunde; veral graag bydraes wat verband hou met die AWS of die werksaamhede van die twee kommissies.

Tree asseblief onmiddellik met die betrokke gasredakteur in verbinding, indien u 'n artikel wil voorlê:

### **LETTERKUNDE**

**H P VAN COLLER**

E-pos: [vcollerh@ufs.ac.za](mailto:vcollerh@ufs.ac.za)

### **TAALKUNDE**

**NERINA BOSMAN**

E-pos: [nerina.bosman@up.ac.za](mailto:nerina.bosman@up.ac.za)

# Huldigingsbundels: Afrikaanse skrywers/digters/dramaturge

Die Akademiesraad het 'n boekeprojek goedgekeur om erkenning te verleen aan Afrikaanse skrywers, digters en dramaturge. Hierdie projek word geborg deur die Trust vir Afrikaanse Onderwys (Dagbreek Trust).

R60 000 is begroot vir die samestelling van 'n huldigingsbundel; die bedrag sluit 'n honorarium vir gasredakteurs (R20 000) in en maak ook voorsiening vir die vergoeding van outeurs wat nie (meer) verbonde is aan 'n tersiële instansie nie.

'n Spesialiskomitee saamgestel uit letterkundiges op die redaksieraad van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, insluitend die voorsitter van die Letterkundekommissie asook 'n koördineerder van die projek, sal oorkoepelend verantwoordelik wees vir die identifisering van persone (voorlopig 'n keuse uit Hertzogpryswenner) wat gehuldig moet word, die aanwysing van gasredakteurs en gehaltekontrolle van die beplande publikasies.

As loodsprojek word die eerste twee bundels gewy aan

- Adam Small (gasredakteur, Jacques van der Elst) en
- Elsa Joubert (koördineerder, Martjie Bosman)

Die beoogde publikasie van hierdie 2 bundels is Junie en Desember 2017 onderskeidelik. Hiermee dan 'n vriendelike uitnodiging om

- 1) *skrywers/digters/dramaturge te identifiseer wat volgens u mening gehuldig behoort te word; en*
- 2) *as gasredakteur op te tree vir 'n skrywer/digter/dramaturg wat volgens u gehuldig behoort te word.*

Enige kommentaar oor die wenslikheid al dan nie van die projek, of die identifisering van persone wat gehuldig moet word, word verwelkom. Bydraes wat as oorspronklike navorsingsartikels aangebied word, sal aan die gebruiklike streng keuring onderwerp word en in aanmerking kom vir subsidie.

Rig asseblief alle navrae en/of kommentaar aan die redakteur.  
Ons sien uit na u samewerking.

**INA WOLFAARDT-GRÄBE**

E-pos: publikasies@akademie.co.za

## Keurders: November 2015 – Oktober 2016

- Me EM (Bettie) Basson, Statistiek, Universiteit van Pretoria  
 Prof JL (Johan) Beckmann, Onderwysbestuur en Beleidstudie, Universiteit van Pretoria  
 Dr SE (Suzanne) Bester, Opvoedkundige Sielkunde, Universiteit van Pretoria  
 Prof Anne-Marie Beukes, Linguistiek, Universiteit van Johannesburg  
 Prof HL (Herman) Beyer, Taal- en Literatuurstudie, Universiteit van Namibië, Windhoek  
 Mnr JWH (Johan) Blaauw, Taaldirekoraat, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom  
 Prof JJ (Johan) Booyse, Departement Opvoedkundige Grondslae, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria  
 Dr N (Nerina) Bosman, Afrikaanse Taalkunde, Universiteit van Pretoria  
 Prof Joubert Botha, Ekonomie, Pretoria  
 Prof Martin Botha, Filmkunde, Universiteit van Kaapstad  
 Dr WF (Willem) Botha, Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Stellenbosch  
 Prof AE (Arend) Carl, Opvoedkunde, Universiteit Stellenbosch  
 Prof WAM (Wannie) Carstens, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom  
 Dr J (Jeanne) Cilliers, Ekonomiese Geskiedenis, Lund University, Swede  
 Dr Nicoleen Coetzee, Sielkunde, Universiteit van Pretoria  
 Dr Tania Coetzee, Regeerkunde en Politieke Transformasie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein  
 Dr Timothy Colleman, Taalkunde, Universiteit Gent, België  
 Prof CJ (Jac) Conradie, Afrikaanse Taalkunde, Universiteit van Johannesburg  
 Prof Freek Cronjé, Sosiologie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom  
 Prof ML (Marius) Crous, Tale en Letterkunde, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth  
 Dr Mariana de Jager, Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville  
 Dr GC (Con) de Wet, Geskiedenis, Afgetrede argivaris in die Staatsargiefdiens  
 Prof NC (Corene) de Wet, Opvoedkunde, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein  
 Prof Lourens du Plessis, Regsfilosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom  
 Prof LT (Theodorus) du Plessis, Taalfasilitering en -bemagtiging, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein  
 Prof Heilna du Plooy, Tale en Literatuur, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom  
 Prof PNJ (Pieter) Duvenage, Filosofie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein  
 Prof André Duvenhage, Sosiale Transformasie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom  
 Prof Gideon Els, Finansies en Beleggingsbestuur, Universiteit van Johannesburg  
 Dr Alta Engelbrecht, Afrikaans, Geesteswetenskappe, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria  
 Prof AE (Ilse) Feinauer, Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch  
 Mnr R (Reinhardt) Fourie, Engelse Studies, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria  
 Prof M (Magda) Fourie-Malherbe, Sentrum vir Hoër en Volwassene Onderwys, Universiteit Stellenbosch  
 Prof Margaretha Geertsema-Sligh, Joernalistiek, Kritiese Kommunikasie en Mediastudies, Butler Universiteit, Indianapolis, VSA  
 Prof Deon Geldenhuys, Politiek, Universiteit van Johannesburg  
 Prof DP (Danie) Goosen, Godsdienswetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria  
 Prof Rufus Gouws, Afrikaanse Taalkunde, Universiteit van Stellenbosch

- Prof Sander Griffioen, Emeritus leraar, Wijsbegeerte, Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland
- Prof Jackie Grobler, Geskiedenis, Universiteit van Pretoria
- Prof A (Alfonso) Groenewald, Ou-Testamentiese Wetenskap, Universiteit van Pretoria
- Prof FS (Frank) Hendricks, Afrikaanse Taalkunde, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville
- Prof AG (Alida) Herbst, Psigososiale Gedragwetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof MF (Michael) Heyns, Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof AB (Benda) Hofmeyr, Departement Filosofie, Universiteit van Pretoria
- Dr D (Divan) Jagals, Natuurwetenskappe, Wiskunde, Kurrikulumstudies, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof HC (Chris) Janeke, Sielkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof JC (Ina) Joubert, Vroeë Kinderonderwys, Universiteit van Pretoria
- Prof GD (Gerrit) Kamper, Kurrikulumstudies, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof EPJ (Ewert) Kleynhans, Skool vir Ekonomie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof EF (Ernst) Kotzé, Taalkunde, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth
- Dr DC (Donovan) Lawrence, Tegnologie en die aanleer van Afrikaans, Universiteit van Johannesburg
- Prof Eleanor Lemmer, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof JJ (Koos) Malan, Publiekreg, Universiteit van Pretoria
- Prof CPH (Chris) Myburgh, Opvoedkundige Sielkunde, Universiteit van Johannesburg
- Mnr M (Francois) Naudé, Kinderopvoeding, Universiteit van Johannesburg
- Prof AW (Alida) Nienaber, Psigologie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof FJ (Jan) Nieuwenhuis, Onderwysbeleid, Universiteit van Pretoria
- Prof BJ (Bernard) Odendaal, Skryfkuns, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof Bert Olivier, Filosofie, Psigoanalise, Literatuurteorie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Prof Gerrit Olivier, Afrikaans en Nederlands, Kunstgeskiedenis, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg
- Prof JAK (Jako) Olivier, Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Dr JW (Cobus) Pienaar, Bedryfsielkunde, The Arbinger Institute
- Dr AM (Anmar) Pretorius, Ekonomie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof Frans-Johan Pretorius, Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Pretoria
- Prof L (Laurette) Pretorius, Rekenaarwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika
- Prof DJ (Danie) Prinsloo, Afrikatale, Universiteit van Pretoria
- Prof Johan Prinsloo, Kriminologie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof CE (Reineth) Prinsloo, Maatskaplike Werk en Kriminologie, Universiteit van Pretoria
- Prof Paul T Roberge, Linguistics, University of North Carolina, Chapel Hill, USA
- Prof Johann Rossouw, Filosofie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Dr Salome Schulze, Opvoedkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof dr GJ (Gerrit) Schutte, Geskiedenis, Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland
- Dr BA (Burgert) Senekal, Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Prof HF (Rika) Snyman, Polisiepraktyk, Skool vir Strafrechtspleging, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof GM (Trudie) Steyn, Onderwysleierskap en Bestuur, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof DFM (Danie) Strauss, Filosofie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Dr Marianne Strydom, Maatskaplike Werk, Universiteit Stellenbosch

- Prof Jan Swanepoel, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof PH (Piet) Swanepoel, Afrikaanse Taalkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Dr MJ (Marie) Ubbink, Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof HP (Hennie) van Coller, Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Dr M (Ria) van den Berg, Afrikaanse Taalkunde, Sociolinguistiek en Taalonderrig, Fakulteit Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof J (Jacques) van der Elst, Afrikaans en Nederlands, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof CHJ (Christo) van der Merwe, Antieke Studies, Universiteit Stellenbosch
- Prof Johan D van der Vyver, Regte, Emory University School of Law, Atlanta
- Prof G (Gerrit) van der Waldt, Regeerkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof IJ (Kobus) van der Walt, Filosofie van Natuurwetenskap en Ingenieurswese, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Dr JC (Judy) van Heerden, Vroeë Kinderonderwys en Wetenskap en Tegnologie in die Grondslagfase, Universiteit van Pretoria
- Prof GB (Gerhard) van Huyssteen, Sentrum vir Tekstegnologie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof AJ (Angelique) van Niekerk, Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Prof Louis J van Niekerk, Kollege van Opvoedkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof Christo van Rensburg, Navorsingsgenoot Taalkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof AJ (Bertus) van Rooy, Taalkunde, Noordwes-Universiteit, Vanderbijlpark
- Prof HF (Herrie) van Rooy, Ou Testament, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof PL (Phil) van Schalkwyk, Afrikaans en Nederlands, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof MM (Micheal) van Wyk, Ekonomiese Onderwys, Departement Kurrikulum- en Onderrigstudie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof AH (Anné) Verhoef, Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof AG (Andries) Visagie, Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch
- Dr Jan Visagie, Geskiedenis, Universiteit Stellenbosch
- Prof WP (Wessel) Visser, Geskiedenis, Universiteit Stellenbosch
- Dr JE (Elize) Vos, Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof HJ (Herman) Wasserman, Film en Media Studies, Universiteit van Kaapstad
- Mev U (Ulza) Wasserman, Fakulteit Inligting- en Kommunikasietegnologie, Tshwane University of Technology, Pretoria
- Dr A (Arnold) Wentzel, Ekonomie en Opvoedkunde, Universiteit van Johannesburg
- Prof A (André) Wessels, Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Prof DCJ (Dirk) Wessels, Wiskunde-Opvoeding, Universiteit Stellenbosch
- Prof CJ (Toy) White, Opvoedkunde, Tshwane Universiteit vir Tegnologie, Pretoria
- Prof Johan Zaيمان, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

**TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE**  
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**  
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**  
**Journal of Humanities**

*Jaargang 56 Nommer 4-1, Desember 2016 / Volume 56 Number 4-1, December 2016*

## **Inhoudsopgawe**

### **NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (1): SPESIALE TEMA: UNIVERSITEITE: IS DIE KANTELPUNT BEREIK?**

<b>ANDRÉ DUVENHAGE</b> Woord vooraf .....	885
<b>FLIP SMIT</b> Die aard, wese en rol van 'n universiteit in 'n ontwikkelende land / <i>The nature, essence and role of the South African universities in a developing country</i> .....	887
<b>ANDRÉ DUVENHAGE</b> Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing: strategiese perspektiewe vir universiteite / <i>The South African political environment: Strategic perspectives for universities</i> .....	905
<b>WYNAND GREFFRATH</b> Radikale postkolonialisme en die Suid-Afrikaanse universiteitswese / <i>Radical post-colonialism and universities in South Africa</i> .....	928
<b>FRANCOIS VENTER</b> Transformasie en die universiteitswese / <i>Transformation and the University Sector</i> .....	946
<b>MICHAEL HEYNS</b> Vryheid en idee: Beurtsang vir die universiteit / <i>Freedom and Idea: Antiphon for the university</i> .....	961
<b>DANIE GOOSEN</b> Wat is die universiteit? Gedagtes oor die gemeenskapsuniversiteit / <i>What is the university? Reflections on the community-based university</i> .....	980
<b>HENNIE VAN COLLER</b> Perspektiewe op Afrikaans as 'n taal vir universiteite / <i>Perspectives on Afrikaans as a university language</i> .....	998
<b>HANNES VAN DER WALT &amp; CHARL WOLHUTER</b> Eerste taal as onderrigmedium in hoër onderwys: 'n Internasionale perspektief / <i>First Language as Medium of Instruction in Higher Education: An International Perspective</i> .....	1016
<b>HANNES VAN DER WALT EN HENNIE STEYN</b> Afrikaans as taal van onderrig en leer in skole en ander onderwysinstansies: "Ou" wyn in nuwe sakke / <i>Afrikaans as language of teaching and learning in schools: A "new" approach to an "old" problem</i> .....	1034
<b>THEO DU PLESSIS</b> Taalbeleidshersiening aan die Universiteit van die Vrystaat, 2003–2015 / <i>The revision of language policy at the University of the Free State, 2003–2015</i> .....	1048

**SEAN MCCALLAGHAN EN MARITA HEYNS**

Die verhouding tussen vertrou en diversiteitsklimaat by 'n Suid-Afrikaanse universiteit /

*Investigating the relationship between trust and the diversity climate of a South**African tertiary institution* ..... 1071**Inhoudsopgawe:** Jaargang 56 Nommer 4-2, Desember 2016 / Volume 56 Number 4-2,

December 2016 ..... 1089

# Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademiekantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelede manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **ver kieslik 'n elektroniese kopie** aan [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za) – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100–200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:

1. **HOOFOPSKRIFTE** verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 **Opskrifte** is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

**Opskrifte** by tabelle lyk soos volg:

**TABEL 2:** Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

**Onderskrifte** by figure lyk soos volg:

**Figuur 3:** *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur.*

**Plaas asseblief tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.**

- **Aanhaling**s word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhalinge wat langer as **drie** reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakegebiede.

**Voorbeelde:**

**Boek:** Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

**Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

**Hoofstuk in 'n boek:** Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

**Internetbron:**

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

**OF IN AFRIKAANS:**

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

**Bronverwysings in die teks:**

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

**Bladgeld:** Die *Tydskrif* hef R200 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betref subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

**Kopiereg:** By aanvaarding van 'n bydrae vir publikasie word die kopiereg aan die Akademie oorgedra. 'n Skriftelike ooreenkoms moet in dié verband deur die outeur onderteken word.

**Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:**

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

# Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za) in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000** words.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100–200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately 10 – 20 key terms in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:

1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1.1 *Sub-headings* are in italics. Leave a space between the heading and the text.

Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

**Table headings:**

**TABLE 2:** Economic development according to demographic groups

**Captions** of figures:

*Figure 3: Systemic interdependence.*

**Please insert the illustration in the correct position within the text.**

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

**Examples:**

**Book:** Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

**Article from journal or magazine:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

**Chapter in a book:** Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

**Internet source:**

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

**OR IN AFRIKAANS:**

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

**References in the text:**

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

**1.1 Page fees:** There is a charge of R200 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

**1.2 Copyright:** On acceptance of an article the author gives copyright to the SA Akademie. A written agreement to this effect will be required of the author(s).

**Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:**

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.







# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen  
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften  
Journal of Humanities

## Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sferes te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

## Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

## Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.



Sedert Maart 2009 geïndekseer in  
die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:  
Engelenburghuis